# MACHADODORP TOT EN MET DORPSTIGTING IN 1904

deur

CECILIA PETRONELLA JOOSTE

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

MAGISTER HEREDITATIS CULTURAEQUE SCIENTIAE (GESKIEDENIS)

in die

**Fakulteit Geesteswetenskappe**
**Universiteit van Pretoria**
**Pretoria**
**2008**

Leier : Prof. K.L. Harris
Medeleier : Prof. J.S. Bergh

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hierdie verhandeling word opgedra aan my ouers,
wyle Stoffel en Stephansiena Janse van Rensburg
wat altyd in my geglo het,
en aan my kleinkinders
wat die hoop vir die toekoms is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## INHOUD

Bladsy

**DANKBETUIGING**

**OPSOMMING**

**SUMMARY**

**LYS VAN KAARTE, TABELLE, SKETSE, FOTO'S EN AFDRUKKE**

**LYS VAN AFKORTINGS**

**VOORWOORD** **i**

**1 PLAASLIKE GESKIEDENIS AS GENRE: 'N HISTORIOGRAFIESE OORSIG** **1**

Plaaslike geskiedenis as studieveld
Die begrip plaaslike geskiedenis
Plaaslike geskiedskrywing in die Weste
Plaaslike en streeksgeskiedenis in Suid-Afrika
Machadodorp en omliggende dorpe
Slot

**2 GEOGRAFIESE LIGGING, KLIMAAT EN BODEMGESTELDHEID** **49**

Geografiese ligging en fisiese gesteldheid van Machadodorp
Slot

**3 VOORGESKIEDENIS** **58**

Voorgeskiedenis: Vroeë swart nedersetters
Voorgeskiedenis: Aanvanklike wit nedersetting
Slot

**4 DIE BOU VAN DIE *OOSTERLIJN* 'N BEPALENDE FAKTOR** **98**

Agtergrond
Joaquim José Machado
Oprigting van die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche-Spoorweg-Maatschappij (NZASM)
Die bou en ontwikkeling van die *Oosterlijn* tot 1899
Die Takspoorlyne na Ermelo en Lydenburg
Slot

**5 MACHADODORP EN DIE LYDENBURG-CAROLINA-GRENSKWESSIE** **137**

Agtergrond
Die invloed van die Lydenburg-Carolina-grenskwessie op Machadodorp
Slot

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**6 MACHADODORP TYDENS DIE ANGLO-BOEREOORLOG 1899-1902** **150**

Machadodorp burgers as lede van die Lydenburg- en Carolina-kommando's
Machadodorp: halfwegstasie - ammunisiemagasyn en provianddepot
Machadodorp as tydelike regeringsetel
Machadodorp en omgewing as gevegsterrein
Britse besetting van Machadodorp tot die einde van die oorlog
Slot

**7 MACHADODORP WORD TOT DORP GEPROKLAMEER, 1904** **198**

Pogings tot en met 1899 om Machadodorp tot dorp te proklameer
Proklamasie 1902 -1904
Slotsom

**BRONNE** **213**

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


# DANKBETUIGING

Onder die bekwame leiding van professore K.L. Harris en J.S. Bergh is ek in staat gestel om hierdie verhandeling op 'n spesifieke wyse aan te pak en te voltooi. Hulle terugvoering was altyd positief en sinvol en het met aanmoediging en empatie gepaard gegaan. My opregte dank aan hulle, sowel as die ander lede van die Departement Historiese en Erfenisstudies van die Universiteit van Pretoria wat te alle tye behulpsaam, vriendelik en belangstellend was.

Sonder die bystand wat ek van die personeel van die Nasionale Argief in Pretoria en die Spoorweg Museum in Johannesburg gekry het, sou ek nooit in staat gewees het om my navorsing na behore af te handel nie. Aan hulle, die personeel van die Merensky biblioteek sowel as dié van die eertydse Vista Universiteitsbiblioteek 'n woord van dank en waardering vir hulle hulp met die beskikbaarstelling van bronnemateriaal. Graag wil ek Dr. Callie Eloff, Gerhard de Kamper, Joh Groenewald en Robert de Jong bedank vir spesifieke inligting wat hulle goedgunstiglik tot my beskikking gestel het.

Daar is 'n aantal persone wat ek spesiaal wil vermeld. Eerstens wil ek Hennah Larkins en Lynette Smith wat die taalversorging gedoen het, bedank vir hulle deeglikheid. Melanda Blom en Dioné Prinsloo het sorgvuldig en geduldig die een hoofstuk na die ander geproeflees, sonder hulle hulp en bystand sou ek nooit die verhandeling kon voltooi het nie. Aan Rolien van Noordwyk 'n besondere woord van dank vir haar hulp met die finalisering van die verhandeling. Baie dankie aan Justus van Wyk vir die finale proeflees. Baie dankie aan kollegas Julie Pridmore, Russel Viljoen en Alex Mouton vir hulle volgehoue belangstelling en aanmoediging.

Laastens alle eer aan my Hemelse Vader wat my met spesifieke talente en gawes toegerus het en my deur genade in staat gestel het om hierdie verhandeling te voltooi.

**Soli Deo Gloria**

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## OPSOMMING

Die verhandeling begin met 'n beknopte oorsig oor die plek en aard van plaaslike geskiedenis in Westerse en Suid-Afrikaanse historiografie. Machadodorp se geografiese ligging, sowel as fisiese faktore soos geografie en klimaat was bepalend tydens die vroeë vestigingsgeskiedenis. Uit argeologiese navorsing wat in die groter streek gedoen is, is vasgestel dat Steentydperkmense, Ystertydperkmense en swart gemeenskappe soos die Koni, Pedi en Swazi van die vroegste inwoners van die gebied was. Gedurende die laaste helfte van die negentiende eeu het die eerste wit setlaars die gebied binnegekom. Die bou van die hoofspoorlyn, die *Oosterlijn*, na die Portugese hawe Delagoabaai was belangrik vir die behoud van die politieke en ekonomiese onafhanklikheid van die ZAR. Die geskiedenis van die opmeet, bou en ontwikkeling van hierdie spoorlyn en die ontstaansgeskiedenis van Machadodorp is nou verweef. Aanvanklik was albei nedersettings, Machadodorp en Carolina, deel van die Lydenburg-landdrosdistrik. Toe Carolina in 1893 tot onafhanklike landdrosdistrik geproklameer is, moes die ZAR-regering uitsluitsel gee tot watter distrik Machadodorp sou hoort. Die uiteindelike besluit dat dit deel van die Lydenburg-landdrosdistrik moes bly, sou vir Machadodorp en omgewing langdurende administratiewe gevolge inhou. Die Anglo-Boereoorlog was die mees ingrypende gebeurtenis in Machadodorp se geskiedenis voor 1904. Nadat Pretoria, die hoofstad van die ZAR, deur die Britse magte beset is, het Machadodorp die tydelike regeringsetel van die ZAR geword (5 Junie 1900 tot 27 Augustus 1900). Die Britse troepe het Machadodorp op 28 Augustus 1900 beset en op 1 September 1900 het lord Roberts, die opperbevelhebber van die Britse troepe in suider-Afrika, die Transvaal as deel van die Britse ryk geproklameer. Britse troepe was op die dorp tot na die vredesluiting in 1902. Die verhandeling word afgesluit met 'n bespreking van die administratiewe proses waarvolgens Machadodorp tot dorp geproklameer is. Hierdie proses, wat deur die uitbreek van die oorlog onderbreek is, is tydens die koloniale tydperk voltooi. Op 30 Desember 1904 is Machadodorp tot dorp geproklameer en het die eerste fase in die dorp se ontwikkelingsgeskiedenis tot 'n einde gekom.

**KERNWOORDE**

**Plaaslike geskiedenis, Machadodorp, vestigingsgeskiedenis, *Oosterlijn*, Lydenburg-Carolina-grenskwessie, Anglo-Boereoorlog, Slag van Bergendal, dorpsproklamasie.**

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


## SUMMARY

The dissertation begins with a brief review of the nature and status of local history in Western and South African historiography. The geographic location of Machadodorp as well as physical factors, such as geology and climate, determined early settlement patterns. From archaeological research in the area it was determined that the earliest inhabitants of the greater Machadodorp area were Stone Age people, Iron Age people and black communities, such as the Koni, Pedi and Swazi. During the last half of the nineteenth century the first whites settled in the region of Machadodorp. To retain their political and economic independence the ZAR had to obtain a non-British route to the outside world. This idea could only be realized if a railway line, the *Oosterlijn*, was built to the Portuguese harbour of Delgoa Bay. There is a very close link between the surveying, planning, building and development of this railway line and the history of the establishment of Machadodorp. Initially, the two settlements, Machadodorp and Carolina were part of the Lydenburg magisterial district. When Carolina was proclaimed an independent magisterial district in 1893, the ZAR government had to make a decision regarding the district to which Machadodorp would belong. The eventual decision that Machadodorp should remain part of the Lydenburg magisterial district resulted in long term administrative consequences for the Machadodorp area. The Anglo Boer War was the most influential event in the history of Machadodorp prior to 1904. After Pretoria, the capital of the ZAR was occupied by the British forces Machadodorp became the temporary seat of the ZAR government (5 June 1900 – 27 August 1900). On 28 August 1900 the town was occupied by the British troops and on 1 September 1900 Lord Roberts, Commander-in-chief of the British troops in Southern Africa, proclaimed the Transvaal as part of the British Empire. The British troops remained in Machadodorp until after the peace negotiations in 1902. The dissertation concludes with a discussion of the process by which Machadodorp was proclaimed a town. This process which started before the outbreak of the war was disrupted by the war and was only completed after the war. On 30 December 1904 Machadodorp was proclaimed a town, whereby the first phase in Machadodorp's developmental history was concluded.



**KEY WORDS**

**Local history, Machadodorp, settlement history, *Oosterlijn*, Lydenburg-Carolina border issue, Anglo Boer War, Battle of Bergendal, town proclamation.**

# LYS VAN KAARTE,TABELLE, SKETSE, FOTOS EN AFDRUKKE

Bladsy

**Kaarte**

| | | |
|---|---|---|
| 1 | RGN historiese streeksindeling | 20 |
| 2 | Machadodorp se ligging binne die groter munisipale gebied en streek | 51 |
| 3 | Steentydperk: Fisiografiese streke in Suider-Afrika | 62 |
| 4 | Steentydperk: Rotsgravures en rotskildering in die Machadodorp-omgewing | 65 |
| 5 | Latere Ystertydperk nedersettings in die Machadodorp-omgewing | 69 |
| 6 | Die Slag van Bergendal | 188 |

**Tabel**

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Afstand per pad vanaf Machadodorp na omliggende dorpe en stede | 50 |

**Sketse**

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Sketse van klipruïnes in die Machadodorp-omgewing | 72 - 73 |
| 2 | Sketsplan Machadodorpstasie 1901 | 118 |

**Foto’s**

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Cornelis Potgieter | 93 |
| 2 | Generaal Joaquim José Machado | 107 |
| 3 | Ploegbaas met span arbeiders op Machadodorp | 119 |
| 4 | Regeringsetel gehuisves in treinwaens op Machadodorp | 168 |
| 5 | Die drukpers op Machadodorp | 175 |

**Afdrukke**

Voorbeelde van briefkaarte wat op Machadodorp gedruk is 178

# LYS VAN AFKORTINGS

| | |
|---|---|
| BB | British Blue Books |
| CS | Argief van die Colonial Secretary |
| KG | Argief van die Kommandant -Generaal (ZAR) |
| LA | Leyds Argief (ZAR) |
| Ned. Geref. Kerk | Nederduitse Gereformeerde Kerk |
| NZASM | Nederlandschse Zuid- Afrikaansche Spoorweg Maatschappij |
| NZM | Argief van die Nederlandsch Zuid-Afrikaansche Spoorweg Maatschappij (ZAR) |
| RGN | Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing ( tans HSRC Human Sciences Research Council of South Africa) |
| UNISA | Universiteit van Suid Afrika |
| OD | Argief van die Onderwys Departement (ZAR) |
| PC | Argief van die Proviand Kommissaris (ZAR) |
| PU vir CHO | Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (tans die Universiteit van Noordwes - Potchefstroom kampus) |
| RAK | Argief van die Registrateur van Aktes (ZAR) |
| RAU | Randse Afrikaanse Universiteit (tans die Universiteit van Johannesburg) |
| RCR | Argief van die Regeringskommissaris vir die Spoorweg (ZAR) |
| SP | Argief van die Staatspresident (ZAR) |
| SS | Argief van die Staatsekretaris (ZAR) |
| TAB | Transvaal Argief Bewaarplek |
| URB | Uitvoerende Raadsbesluit |
| VRB | Volksraad Besluite (ZAR) |
| ZAR | Zuid-Afrikaansche Republiek |
| ZAR | Argief van die Hoofd -comité van het Commissariaat (ZAR) (Argief verwysing) |

# HOOFSTUK 1

## PLAASLIKE GESKIEDENIS AS GENRE: 'N HISTORIOGRAFIESE OORSIG

Alvorens die geskiedenis van Machadodorp as 'n plaaslike geskiedenis nagevors en geskryf kan word, is dit nodig om die plek van plaaslike geskiedenis binne die breër raamwerk van die geskiedeniswetenskap te bepaal. Die begrip "plaaslike geskiedenis" moet omskryf word en daar moet gelet word op die andersoortige bronnemateriaal wat tot die beskikking van die navorser is. Die stand van plaaslike geskiedskrywing in die Westerse en Suid-Afrikaanse historiografie moet nagespeur word deur na voorbeelde te verwys. Publikasies oor Machadodorp en die groter streek moet onder die loep geneem en geëvalueer word om te bepaal of hierdie spesifieke plaaslike geskiedenis 'n sinvolle bydrae tot die breër Suid-Afrikaanse historiografie kan lewer.

### Plaaslike geskiedenis as studieveld

In die epiloog tot 'n werk oor Wes-Europese historiografie merk Regionale de Schryver op dat hy getref is deur die omvang en verskeidenheid van die dissipline, "geskiedenis," wat 'n weerspieëling van die veelsydigheid en ingewikkeldheid van die mens is.[1] Geskiedenis bestaan uit 'n menigte objekte wat aan die hand van verskeie metodes nagevors, geanaliseer en verwerk kan word. Volgens die Suid-Afrikaanse historikus F.A. van Jaarsveld, eertyds verbonde aan die Universiteit van Pretoria, berus geskiedenis op 'n pluriforme grondslag, wat aan die dissipline sy vele aangesigte gee.[2] Plaaslike en streeksgeskiedenis maak deel van hierdie veelheid en verskeidenheid uit.

Geskiedenis het aan die begin van die negentiende eeu sy beslag as onafhanklike geesteswetenskap gekry. In die Westerse geskiedskrywing het die klem, tot en met die twintigerjare van die twintigste eeu, in 'n groot mate op temas waarna Van Jaarsveld as "geskiedenis van bo" verwys het, geval. Dit was 'n geskiedbeskouing waarin die gewone mens se alledaagse doen en late nie prominent gefigureer het nie en die klem is hoofsaaklik op nasionale en

1 De Schryver, *Historiografie*, p. 365.

2 F.A. van Jaarsveld, *Moderne geskiedskrywing: Opstelle oor 'n nuwe benadering tot geskiedenis*. p. 1.

internasionale figure en gebeure geplaas. Die sosiale, ekonomiese, religieuse en kulturele verskynsels, wat kenmerkend van plaaslike geskiedenis is, is op die agtergrond geskuif.[3]

Die Duitse kultuurhistorikus, Eberhard Gotheim, het reeds in 1889 met *Die Aufgeben der Kulturgeschichte* die monopolistiese aansprake van politieke geskiedenis gekritiseer en betoog dat die staat slegs één van die vele fasette van 'n samelewing is en dat ander fasette, soos ekonomie, kultuur en godsdiens, ook bestudeer moes word.[4] In hierdie nuwe benadering moes die méns die hoofobjek van die studie van geskiedenis word en die ordinêre mens se gedrag en belewenisse moes verklaar word aan die hand van strukture waarbinne dit plaasgevind het. Die lewensomstandighede van die massa, die bowe-individuele, die anonieme sowel as die sosiale prosesse en strukture van 'n samelewing moes ontleed en bestudeer word.[5] Hierdie verwikkeling het aanleiding gegee tot die ontstaan van 'n geskiedskrywing waarna De Schryver as 'n *beschavingsgeskiedenis* verwys, wat die ekonomiese, sosiale, intellektuele en kulturele aspekte van 'n samelewing omvat. Die doel van hierdie geskiedbenadering is om via 'n "nie-politieke" geskiedenis by 'n "totale" of "integrale" geskiedenis uit te kom.[6]

Belangstelling in alle aspekte van die mens se geskiedenis is so oud soos die Westerse geskiedskrywing self. Al was die geskiedskrywing van die Verligting[7] in 'n groot mate kronologieë van politieke en militêre gebeurtenisse en al het hierdie skrywers eerder oor die geskiedenis gefilosofeer as om werklik geskiedskrywing te bedryf, het hulle nietemin probeer om die ekonomiese, sosiale en kulturele aspekte van die samelewing toe te lig.[8] In Wes-Europa het daar reeds voor die einde van die negentiende eeu geskiedskrywing verskyn, waarmee gepoog is om 'n geheelbeeld van 'n land of streek se geskiedenis weer te gee. Een so 'n poging is Thomas Babinton Macauley se *The History of England from the Ascension of James II*. Alhoewel De Schryver dit as retoriek

3 Ibid., p. 9.

4 Ibid., pp. 9 en 10.

5 Ibid., p. 14.

6 De Schryver, *Historiografie*, p. 353; Van Jaarsveld, *Moderne geskiedskrywing*, p. 5.

7 Geskiedskrywers van die Verligting: Historici soos Voltaire, Gibbon en Condoret van die agtiende eeu. Van Jaarsveld, *Moderne geskiedskrywing*, p. 5.

8 De Schryver, *Historiografie*, pp. 263, 276-278.

beskou wat aan bronneondersoek mank gaan,[9] was die hoofdoel van hierdie publikasie volgens die skrywer:

> *...to relate the history of the people as well as the history of the government, to trace the progress of useful and ornamental arts, to describe the rise of religious sects and the change of literary taste, to portray the manners of successive generations*.[10]

Die Duitse kultuurhistorikus, Karl Lamprecht, het 'n sterk afkeurende houding teenoor politieke geskiedenis ingeneem. Hy het hom onder andere op *Landeskunde* toegespits. Hiervolgens is die historiese, geografiese sowel as sosiale fasette van 'n bepaalde streek bestudeer.[11] In Duitsland, waar die politieke geskiedenis voorrang geniet het, het Lamprecht min steun gehad, maar elders in Europa is hy wel ondersteun, onder meer deur die Belg Henri Pirenne. De Schryver beskou Pirenne as die *"pionier van onze moderne stadsgeschiedenis*."[12] Daar was dus in Wes-Europa reeds voor die ontstaan van die Franse Annalesskool pogings om aan die oorheersing van die politieke geskiedskrywing te ontkom en om 'n bepaalde streek se "totale" geskiedenis te skryf.

Teen 1900 het vernuwing binne die Franse geskiedskrywing plaasgevind. Die voorlopers van hierdie nuwe rigting was Henri Berr en François Simiand. In 1920 het Berr die historiese reeks, *L'Evolutien de l'humanite*, geloods. Hierin is vele onderwerpe, maar veral die kulturele en maatskaplike bespreek. Sy ideaal was om 'n "totale" geskiedenis te skryf.[13] Vir die historici wat die ander aspekte van die menslike bestaan óók as bestuderingswaardig beskou het, was die politieke geskiedenis benouend. Die groot deurbraak het met die stigting van die Franse Annalesskool gekom. Die heerskappy van die politieke geskiedenis is deurbreek en soos L. Grundlingh, van die Randse Afrikaanse Universiteit (RAU)[14] dit gestel het, kon geskiedenis as 'n dissipline weer asemhaal.[15]

---

9 Ibid., p. 312.

10 Aangehaal deur De Schryver, *Historiografie*, p. 308.

11 Van Jaarsveld, *Moderne geskiedskrywing*, p. 11.

12 De Schryver, *Historiografie*, pp. 354 en 356.

13 Ibid., p. 359.

14 Sedert 2004 bekend as die Universiteit van Johannesburg.

15 L. Grundlingh, "Streeksgeskiedenis: 'n Ideale navorsingsgebied vir die amateur en professionele historikus," *Mousaion*, Jaargang 11, No 2, 1993, p. 85.

Lucien Febvre en Marc Bloch, wat deur van Jaarsveld as "die vaders van die groep die Annales" beskou is,[16] het geskiedenis as 'n geografiese, ekonomiese, sosiale, intellektuele, religieuse en psigologiese aangeleentheid beskou. Hulle het in 1929 'n eie tydskrif, *de Annales d' histoire économique et sociale*, tot stand gebring.[17] Hierdie tydskrif het 'n alternatiewe geskiedbeskouing as die hermeneutiek en die eensydige politiekgerigte nasionale geskiedenis gebied.[18] Na die Tweede Wêreldoorlog het Febvre *Vie Section* wat op die sosiale wetenskappe toegespits was, tot stand gebring. Hier het geskiedenis 'n prominente plek gehad, maar antropoloë, linguiste, ekonome, sosioloë en geograwe het ook bydraes gelewer. Dit het tot gevolg gehad dat die tydskrif 'n interdissiplinêre karakter gekry het. Febvre is deur Fernand Braudel opgevolg. Braudel het drie tydlae binne die geskiedskrywing onderskei: die byna onbeweeglike geskiedenis van die geologie en die geografie, die trae gang van die ekonomiese geskiedenis en die dag-tot-dag verloop van die militêre, politieke en diplomatieke geskiedenis.[19] Wanneer plaaslike geskiedenis geskryf word, sal aan al drie tydlae aandag gegee moet word, aangesien al drie uiteindelik 'n invloed op die ontstaans- en ontwikkelingsgeskiedenis van 'n spesifieke gemeenskap sal hê.

Die Franse Annales het die politieke geskiedenis tot 'n nie-dominerende plek teruggedwing en volgens hierdie benadering is die *kleine man* se geskiedenis ook nagevors en bestudeer.[20] Die ekonomiese, sosiale en kulturele fasette van die gemeenskap het deel geword van die plaaslike en nasionale geskiedskrywing. Die verhaal van gewone mense se prestasies en mislukkings binne 'n bepaalde geografiese gebied het 'n inherente deel van sosiaal-kulturele geskiedenis geword.[21] Plaaslike en streeksgeskiedenis word reeds vir 'n geruime tyd al deur professionele historici en amateurs in Westerse historiografie beoefen.

---

16 F.A. van Jaarsveld, *Westerse historiografie en geskiedenisfilosofie*, p. 72.

17 De Schryver, *Historiografie*, p. 360.

18 Van Jaarsveld, *Moderne geskiedskrywing*, p. 27.

19 De Schryver, *Historiografie*, p. 361.

20 Ibid., pp. 361 en 362.

21 C.C. Eloff, "Aspekte van plaaslike en streek-geskiedenis: Teorie en praktyk," *Contree*, 35, Junie 1994, p. 12.

**Die begrip plaaslike geskiedenis**

In die vaktaal en vakliteratuur word die term plaaslike en streeksgeskiedenis met 'n verskeidenheid begrippe soos plaaslike, lokale, stedelike, landelike, streeks-, en omgewingsgeskiedenis omskryf.[22] Die begrip "plaaslike geskiedenis" sal hoofsaaklik in hierdie bespreking gebruik word.

Die diverse en uiteenlopende aard van plaaslike geskiedenis bemoeilik 'n presiese definiëring van die begrip. In 'n insiggewende artikel getiteld "Aspekte van plaaslike- en streek-geskiedenis: teorie en praktyk", haal die Suid-Afrikaanse historikus, C.C. Eloff, 'n paar definisies ter omskrywing van die begrip aan. In die *Urban Yearbook* van 1974 word plaaslike geskiedenis omskryf as: *"...the study of man's past in relation to his locality, being determined by an individual's interests and experience."*[23] J.W. Kew, voorheen verbonde aan die Universiteit van Suid-Afrika (UNISA), omskryf die begrip soos volg:

> *Local history can be defined as the history of a town, district or any unity smaller than the nation-state, with clearly defined territorial limits or in which inhabitants are so far united in thought and action as to feel a sense of belonging together*.[24]

Carol Kammen, 'n Amerikaanse plaaslike historikus, beskryf nie net die aard van plaaslike geskiedenis nie, maar beklemtoon dat dit nie in isolasie geskryf moet word nie.

> *I see local history as the study of past events and of people or groups in a given geographical area - a study based on a wide variety of documentary evidence and placed in a comparative context that should be both regional and national*.[25]

Die erkende Engelse plaaslike historikus, W.G. Hoskins, omskryf die genre as die historiese studie van die ontstaan, ontwikkeling, stabilisering en [soms] disintegrasie van 'n gemeenskap binne 'n bepaalde geografiese gebied.[26] In 'n toespraak wat tydens die dertigjarige herdenking van die biblioteek in Penrith, Nieu-Suid-Wallis, Australië, gelewer is, gee R. Else-Mitchell die volgende raak beskrywing van streeksgeskiedenis:

---

22 Ibid., p. 11.

23 Ibid., p. 12.

24 Aangehaal deur Eloff, "Aspekte van plaaslike en streek-geskiedenis," pp. 11 en 12.

25 C. Kammen, *On doing local history: Reflections on what local historians do, why and what it means*, pp. 4 en 5.

26 Vry vertaal. W.G. Hoskins, *Local history in England*, p. 2.

> *The history of a colony or a State is, however, not simply a record of its political movements and influences, or its progress and change. The history of this continent, and each of the colonies and States, is also the history of the people who inhabited each of those colonies or States, their cities, towns and villages, and their common and individual activities - not organized on political lines but as families, community groups and individuals in a dynamic pluralistic society.*[27]

Daar kan dus tot die slotsom gekom word dat plaaslike geskiedenis 'n geïntegreerde weergawe van 'n bepaalde plek (lokaliteit) se geskiedenis is wat die sosiale, ekonomiese, kulturele en politieke aspekte van 'n bepaalde gemeenskap beskryf. Dit is, soos Eloff tereg opmerk, "wydgeskakeer, veelkantig, kaleidoskopies en kompleks".[28] Die invalshoek van plaaslike geskiedenis verskil van dié van 'n nasionale geskiedenis omdat dit juis geskiedenis is wat volgens Eloff op die "onderste vlak" toegespits is.[29] Die *Department of English Local History*, aan die Universiteit van Leicester, het 'n effens ander beklemtoning. Hulle huldig die mening dat plaaslike geskiedenis in eie reg erken moet word en nie as onderdeel van die nasionale geskiedenis gesien moet word nie.[30] Hulle standpunt lui soos volg:

> *...English Local History is far from being history from 'below' or even history from the 'side-lines', let alone history from the parish pump. In the last resort English Local History is concerned with nothing less than the entire English people, with the understanding of all the sorts and conditions of men and women, and above all, with the geographically and culturally differentiated ways in which they have lived associatively in separate corners of the land ... whilst yet remaining members of the same nation. It is therefore unashamedly societal history*.[31]

Suid-Afrikaanse historici soos C. Hummel, voorheen verbonde aan Rhodes Universiteit, Eloff en Grundlingh stem met Kammen saam dat plaaslike geskiedenis nooit in isolasie bestudeer, verklaar of geskryf mag word nie. Dit mag ook nie eng en kleinburgerlik (antikwaries) wees nie, maar moet binne die raamwerk van die nasionale, provinsiale en streeksgeskiedenis ontleed en geskryf word. Indien plaaslike geskiedenis nie binne die groter historiese

27 R. Else-Mitchell, "Preserving local history: The importance of local history collections and historical societies," A revision of an address given in the Penrith Public Library on 29 September 1978, in commemoration of the thirty years of library service, p. 4.

28 Eloff, "Aspekte van plaaslike en streek-geskiedenis," p. 13.

29 Ibid., p. 12.

30 A.G. Oberholster, "Streekgeskiedenis en die historikus," *Contree,* (6), Julie 1979, p. 31.

31 C. Phythian-Adams (ed.), *Societies, cultures and kinship 1580-1850*, Editoral foreword, pp. xi en xii.

raamwerk geplaas word nie, gaan sekere perspektiewe verlore en word die spesifieke geskiedbeeld skeefgetrek. Plaaslike geskiedenis kan wel as vertrekpunt vir 'n nasionale geskiedenis dien, aangesien die studie van die mikrokosmos, soos weerspieël in 'n plaaslike geskiedenis, en die rol van die gewone mens noodsaaklik is om die breër strukture en prosesse van die nasionale geskiedenis te verstaan.[32]

Die fokusgebied van plaaslike geskiedenis is meer onmiddellik as dié van 'n nasionale geskiedenis, maar is omvangryker as dié van biografieë en familiegeskiedenis.[33] Grundlingh maan dat plaaslike historici moet waak teen 'n antikwariese benadering wat tot gevolg kan hê dat 'n bepaalde plaaslike geskiedenis kan ontaard in 'n versameling anekdotes of bly vassteek by kronologieë en 'n blote weergawe van "die goeie ou dae" word. Só 'n geskiedenis sal eendimensioneel wees. Hy beveel aan dat aandag aan diversiteit ten opsigte van etnisiteit, ras, klas en kultuur binne 'n geografiese eenheid geskenk moet word en die rol van faktore, soos geslag en ouderdom, in die groei en ontwikkeling van 'n bepaalde gemeenskap bepaal word.[34]

Plaaslike geskiedenis het sosiale, kulturele en akademies-opvoedkundige waarde omdat dit gemeenskapsgerig is en identiteit, trots, lojaliteit, samehorigheid sowel as 'n historiese bewussyn by 'n bepaalde gemeenskap kan aanmoedig.[35] In die artikel "*Writers of small histories: Local historians in the United States and Britain*," verwys die Amerikaanse plaaslike geskiedskrywer, L. Bisceglia, na die waarde van plaaslike geskiedenis as "*the cohesive strands binding communities together.*"[36] Deur plaaslike geskiedenis kan 'n gemeenskap bewus gemaak word van sy spesifieke omstandighede sowel as sy spesifieke plek in die nasionale geskiedenis. Hierdie bewuswording kan begrip vir verandering en ontwikkeling van 'n bepaalde samelewing tot gevolg hê.[37] Dit verbreed en verryk nie net 'n spesifieke nasionale historiografie nie, maar

32 C. Hummel, "Some reflections on the history of Port Elizabeth in the aftermath of World War II," *Contree*, (35), Junie 1994, p. 1; Grundlingh, "Streeksgeskiedenis: 'n Ideale navorsingsgebied," p. 88; Eloff, "Aspekte van plaaslike en streekgeskiedenis," pp. 12 en 13.

33 Eloff, "Aspekte van plaaslike en streek-geskiedenis," p. 12.

34 Grundlingh, "Streeksgeskiedenis: 'n Ideale navorsingsgebied," pp. 87 en 88.

35 Eloff, "Aspekte van plaaslike en streekgeskiedenis," p. 12.

36 Aangehaal deur Eloff, "Aspekte van plaaslike en streekgeskiedenis," p. 12.

37 Grundlingh, "Streeksgeskiedenis: 'n Ideale navorsingsgebied," pp. 91 en 92.

ontwikkel ook 'n algemene historiese kennis en perspektief van 'n bepaalde plek of streek. Inligting wat in 'n plaaslike geskiedenis vervat word, kan met vrug deur besluitnemers, beplanners en die toeristebedryf, op albei plaaslike en nasionale vlak, gebruik word.[38]

In 'n artikel wat oor die geskiedenis van Port Alfred handel, stel Hummel die vraag: "Waarom behoort 'n plaaslike geskiedenis geskryf te word?" Soos die Franse historikus Braudel, kom Hummel tot die slotsom dat plaaslike en nasionale geskiedenis geïntegreer behoort te wees. Hy wys vervolgens daarop dat die nasionale geskiedenis verarm wanneer dit gekompartementeer word deur nasionale en plaaslike geskiedenis van mekaar te skei.[39] Grundlingh waarsku egter teen 'n ander vorm van kompartementering, naamlik om ekonomiese, sosiale, kulturele en godsdienstige fasette van 'n streek of samelewing as afsonderlike entiteite te hanteer. Hierdie fasette behoort liewer met mekaar sowel as in die nasionale, provinsiale en streeksgeskiedenis verweef te word.[40]

Plaaslike en streeksgeskiedenis kan ooreenkomste sowel as verskille hê. In 'n handleiding vir die skryf van plaaslike en streeksgeskiedenis wat in 1984 in Nederland verskyn het, word plaaslike geskiedenis (*"lokale"*) as die geskiedenis van 'n stad of dorp beskou, terwyl streeksgeskiedenis (*"regionale"*) die geskiedenis van 'n provinsie of 'n gedeelte van 'n provinsie is.[41] Daar kan egter nie altyd 'n definitiewe onderskeid tussen die twee getref word nie. Die omvang van 'n plaaslike geskiedenis kan wissel van dié van 'n gehuggie tot dié van 'n groter gebied. Daar bestaan ook 'n interafhanklikheid tussen plek en streek. Die doel van 'n bepaalde studie mag van so 'n aard wees dat dit as plaaslike sowel as streeksgeskiedenis geklassifiseer kan word. 'n Voorbeeld van so 'n geskiedenis is "Die geskiedenis van Middelburg Transvaal tot 1902".[42] Die skrywer, E.L. Green, verduidelik:

38 Eloff, “Aspekte van plaaslike en streek-geskiedenis,” pp. 12 en 13.

39 Hummel, “Some reflections on the history of Port Elizabeth,” p. 1.

40 Grundlingh, “Streeksgeskiedenis: 'n Ideale navorsingsgebied,” p. 90.

41 W.J. Alberts en A.G. van der Steur, *Handleiding voor de beoefening van lokale en regionale geschiedenis*, p. 9.

42 E.L. Green, “Die geskiedenis van Middelburg (TVL) tot 1902,” ongepubliseerde M.A.-verhandeling Universiteit Vista, 1986.

> Daar kan aangevoer word dat daar nie 'n verskil bestaan tussen streeksgeskiedenis, dorpsgeskiedenis en distrikgeskiedenis nie. In die geval van hierdie verhandeling is die begrippe 'streek' en 'dorp/distrik' ook nie onderskeibaar nie. Die verhandeling plaas die landdros-bestuurperiode in Middelburg onder die soeklig en die taak van die landdros, soos uitgespel deur die ZAR, was die beheer oor alle aktiwiteite van die streek waaroor hy jurisdiksie gehad het, naamlik die gemeenskap in die dorp en die distrik.[43]

In sy artikel "What of regional history? Towards a history of the Western Cape," dui die Suid-Afrikaanse historikus C. Saunders, van die Universiteit Kaapstad, sekere vereistes aan waaraan 'n plaaslike geskiedenis moet voldoen: "*A good regional history requires that an area have some geographical unity and have been subject to common historical process*."[44] In die redaksionele artikel, "Historiese perspektief op dinamiek in die gemeenskap," verwys Eloff na 'n verskeidenheid faktore teenwoordig binne 'n gemeenskap wat van belang is vir die skryf van plaaslike geskiedenis. Die faktore wat in ag geneem moet word, sluit klimaat, topografie, omgewings- en bodemgesteldheid in omdat hierdie faktore menslike vestiging kon beïnvloed het. Politieke faktore soos owerheidsmaatreëls sowel as die ekonomiese potensiaal van 'n streek is ook belangrik, want dit kon die ontwikkeling van 'n bepaalde gemeenskap beïnvloed het.[45]

Volgens erkende Suid-Afrikaanse historici, soos Saunders, Hummel, Grundlingh en Eloff is daar bepaalde vereistes waaraan plaaslike geskiedenis moet voldoen. Die volgende is belangrik: die bepaalde lokaliteit (plek) onder bespreking se geografiese grense moet duidelik aangedui word, omgewings-faktore soos klimaat en bodemgesteldheid moet in ag geneem word en daar moet 'n samebindende historiese gang wees. Die plaaslike geskiedenis mag nie in isolasie geskryf word nie, maar moet binne die breër historiese raamwerk van die streek, provinsie en staat geplaas word. Alle fasette van 'n gemeenskap, naamlik die ekonomiese, sosiale, kulturele, godsdienstige en politieke, moet nagevors en ontleed word. So 'n benadering sal tot gevolg hê dat 'n spesifieke geskiedenis, byvoorbeeld dié van Machadodorp, krities en analities ondersoek word en op 'n wetenskaplikverantwoordbare wyse weergegee word.

---

43 Ibid., pp. vii-viii.

44 Saunders, "What of regional history?," p. 132.

45 C.C. Eloff, "Historiese perspektief op dinamiek in die gemeenskap," *Contree*, (23), Maart 1988, p. 1.

'n Getroue en sinvolle rekonstruksie van 'n plaaslike geskiedenis kan slegs plaasvind indien daar voldoende bronnemateriaal beskikbaar is. Alvorens daar met die skryf van ’n plaaslike geskiedenis begin kan word, moet ondersoek ingestel word na die beskikbaarheid, toeganklikheid en bestuderenswaardigheid van die bronne. Indien die aanvanklike bronneverkenning gebrekkig is, sal dit 'n oppervlakkige of selfs skewe geskiedvoorstelling tot gevolg hê.[46] Omdat plaaslike geskiedenis 'n totale geskiedenis is, moet soveel moontlike primêre en sekondêre bronne gebruik word. Die aard van plaaslike geskiedenis leen homself tot 'n multi- en interdissiplinêre bronneverkenning en die inhoudsmateriaal van buurdissiplines, soos geografie, argeologie, antropologie en ekonomie, kan met vrug gebruik word.

Sekondêre bronne soos indekse, bibliografieë, onderwerpwoordeboeke, ensiklopedieë, atlasse, nasionale en algemene geskiedenisse bied raamwerke en riglyne waarbinne en waarvolgens plaaslike geskiedenis nagevors kan word. Jaarboeke, almanakke en tydlyne bevat inligting ten opsigte van die hoofstroom politieke, sosiale en ekonomiese ontwikkeling waarbinne 'n plaaslike geskiedenis ontvou.[47] Bruikbare, spesifieke inligting aangaande 'n plek en sy inwoners kan uit "historiesongewone" bronne soos streeks- en dorpskaarte, dorpsplanne, plaaslike telefoongidse, skoolanaleboeke en sensusverslae verkry word.[48] Vaktydskrifartikels, gedenkskrifte, familiegeskiedenisse en kommissie-verslae bevat gewoonlik relevante en interessante inligting.[49] Bestaande plaaslike en streeksgeskiedenis kan dien as voorbeelde van hoe 'n spesifieke plaaslike geskiedenis aangepak kan word, maar kan ook die slaggate uitwys waarop 'n voornemende plaaslike historikus bedag moet wees. Deur na al bogenoemde as potensiële bronnemateriaal te verwys, kan nuwe horisonne ontsluit word, temas kan vanuit verskillende invalshoeke ontleed word en uiteindelik kan dit 'n vollediger geskiedenis, 'n totale geskiedenis, tot gevolg hê.[50]

---

46 Eloff, “Aspekte van plaaslike en streek-geskiedenis,” p. 12.

47 G.M. Hibbins, C. Fahey, and M.R. Askew, *Local history: a handbook for enthusiasts*, pp. 5-7.

48 Kammen, *On doing local history*, p.43.

49 C.C. Eloff, Boekbespreking. M.M. Miller*, How to collect and write local history*, *Contree*, (3), 3 Januarie 1978, p. 31.

50 Grundlingh, “Streeksgeskiedenis: 'n Ideale navorsingsgebied,” pp. 92 en 93.

Ongeïnterpreteerde tabelle en statistiek is gewoonlik mensverwyderd, maar kry 'n nuwe aangesig sodra dit met die verloop van menselewens, binne hulle plaaslike milieu, in verband gebring word. Stuart Seelyn Sprague, van Morehead State Universiteit in Kentucky in die VSA, skryf die volgende aangaande hierdie spesifieke eienskap van plaaslike geskiedenis:

> *Local History has an immediacy that national history lacks. We can see it and interview people about it. For example, when we view the 1930's from the local level, the New Deal becomes human, concrete and understandable...*[51]

Primêre bronnenavorsing is onontbeerlik vir die skryf van plaaslike geskiedenis. Amptelike argivale dokumente is 'n goeie vertrekpunt. Ander argivalia soos dagboeke, joernale, hofverslae, akterekords, privaatversamelings en fotoalbums kan met groot vrug gebruik word.[52]

Die meeste plaaslike historici is dit eens dat mondelinge oorlewering 'n belangrike en ryk bron vir enige plaaslike geskiedenis is. Hoskins wys daarop dat persoonlike herinnering (*reminiscence*), as bron, nie gering geskat moet word nie. Hy waarsku egter terselfdertyd dat, die menslike geheue feilbaar is, daarom moet herinneringe teen bestaande geskrewe dokumentasie getoets word. Mondelinge getuienis moet altyd aan dieselfde streng eksterne en interne kritiek as enige geskrewe bron onderwerp word om die betroubaarheid en geloofwaardigheid daarvan te bepaal.[53] Wanneer die Suid-Afrikaanse voor-koloniale geskiedenis van 'n spesifieke plek nagevors word, is dit van groot belang dat die mondelinge oorlewering (*oral evidence*) van die vroeër inwoners (Steen- en Ystertydperkmense) as verwysingsraamwerk gebruik moet word.

Vir na-koloniale plaaslike geskiedenis is dorps-, stads- en kerkraadsnotules, sowel as dié van enige ander vereniging of sportorganisasie van die rykste bronne van inligting. 'n Bron soos kerkraadsnotules gee die navorser 'n blik op die sosiale kulturele en ekonomiese toestande van 'n sekere sektor van 'n bepaalde gemeenskap tydens 'n spesifieke tydvak. As dit byvoorbeeld ekonomies goed gaan met die wit lidmate van die Nederduits Gereformeerde

51 S. S. Sprague, "The many faces of local history," *The Historian: a journal of history*, (55), Summer 1993, p. 814.

52 Marwick, *Basic problems of writing history*, pp. 31 en 33.

53 Hoskins, *Local history in England*, p. 39.

Kerk word hierdie welvaart in die kerk se finansies weerspieël. Kry dieselfde groep egter geldelik swaar word dit weer in die kerk se finansies weerspieël.

Plaaslike publikasies, soos koerante en nuusbriewe, waarin daar op 'n daaglikse of weeklikse basis oor die sosiale, ekonomiese, kulturele en politieke fasette van 'n gemeenskap verslag gedoen word, tel onder van die rykste bronne van plaaslike geskiedenis. Hierdie publikasies berig oor die gewoontes en die lief en leed van 'n bepaalde samelewing. Die beriggewing oor plaaslike leier- en sportfigure is gewoonlik breedvoeriger as dié van nasionale koerante. Die ontwikkelingsgeskiedenis van 'n dorp of stad word in beriggewing oor die bou, verbetering en sloping van geboue en die ontwikkeling van infrastrukture vasgevang. Die geskiedenis van sentimentaanpassings van 'n gemeenskap lê verskuil in naamsveranderinge van strate, geboue en plekname.[54] Plaaslike advertensies bevat inligting wat lig kan werp op die ekonomiese, sosiale en kulturele omstandighede asook gebruike van 'n bepaalde gemeenskap.[55] Uit bogenoemde kan afgelei word dat plaaslike publikasies onontbeerlike bronne is vir die skryf van plaaslike geskiedenis.

Plaaslike geskiedenis se potensiële bronne is veelvuldig en divers. Dit gee aan die genre vele "aangesigte." In die artikel "The many faces of local history" beskryf Sprague hierdie eienskap soos volg: "*The subject range of local history is literally limited only by one's curiosity and imagination.*"[56] Die Suid-Afrikaanse historikus A. de V. Minnaar se siening, in die redaksionele artikel van *Contree* April 1989, stem ooreen met dié van Sprague wanneer dit by die veelkantigheid en uiteenlopendheid van die genre kom.[57] Sprague verwys na 'n aantal voorbeelde om die veelsydigheid te illustreer en verduidelik hoe navorsing oor 'n spesifieke plek of streek kan lei tot die ontsluiting van ander temas wat bestudeer kan word.[58] Plaaslike geskiedskrywing bied dus aan 'n historikus talle temas wat nagevors en geskryf kan word.

54 Eloff, "Aspekte van plaaslike en streek-geskiedenis," p. 13.

55 Eloff, Boekbespreking. Miller, *How to collect and write local history*, pp. 31 en 32.

56 Sprague, "The many faces of local history," p. 817.

57 A. de V. Minnaar, "Plaaslike geskiedenis: 'n veelkantige en uiteenlopende vakgebied," *Contree*, (25), April 1989, p. 4.

58 Sprague, "The many faces of local history," p. 818.

**Plaaslike geskiedskrywing in die Weste**

Anders as in Suid-Afrika, bestaan daar 'n lang en goed ontwikkelde plaaslike geskiedtradisie in die Westerse historiografie. In Engeland het plaaslike geskiedskrywing (*local history*) in die loop van vyfhonderdjaar ontwikkel van toponimie, of pleknaamkunde, waar Engeland as 'n enkele lokaliteit hanteer is, tot die skryf van *parish history*[59] wat oor die kleinste lokaliteite in Engeland handel.[60]

William van Worcester word as die grondlegger van Engelse toponimie beskou. Hy het noukeurig aantekeninge gemaak van reise wat hy tussen 1477 en 1480 onderneem het. Hierdie reisbeskrywings kan nie as "ware" geskiedskrywing beskou word nie, maar dit gee 'n merkwaardige beeld van hoe 'n Middeleeuse Engelse dorp daar uitgesien het. Tydens die tweede helfte van die sestiende eeu het Engelse plaaslike geskiedskrywing in alle erns begin en het dit tot 'n genre in eie reg, binne die groter raamwerk van die Engelse historiografie, ontwikkel.[61]

Christopher Saxton, 'n Tudor-kartograaf van die sestiende eeu, het in 1574 begin om individuele kaarte van Engelse en Walliese graafskappe op te trek. Die eerste nasionale atlas is in 1579 gepubliseer en word as 'n mylpaal in Engelse en Walliese kartografie beskou omdat dit die basis vir voor-negentiende eeuse kartografie gevorm het. 'n Faksimilee daarvan is in 1930 uitgegee en hierdie kaarte word steeds deur plaaslike historici gebruik omdat dit besondere detail oor die destydse Engeland en Wallis bevat.[62]

Die Engelse landheer, William Burton, se graafskapsgeskiedenis (*county history*) oor Leicester het in 1622 verskyn. Tussen 1622 en 1800 is sewe-en-twintig graafskappe se geskiedenisse geskryf. Die skrywers was hoofsaaklik lede van die Engelse landadel. Die omvang van hierdie geskiedenisse het van waarna Hoskins verwys as die monumentale geskiedenis van Wiltshire, tot minder opvallende publikasies, soos R. Polwhele se weergawe van Devon se

59 Die term *parish history* word gebruik omdat gemeentegeskiedenis nie dieselfde is nie en daar nie 'n gelykwaardige Afrikaanse term bestaan nie.

60 Oberholster, "Steekgeskiedenis en die historikus," p. 30.

61 Hoskins, *Local history in England*, p. 18.

62 E-pos, J. Eccles, Webmaster and ICT Oficer, Victoria County History - C.P. Jooste, 28 Maart 2003.

verlede, gewissel.[63] Polwhele se publikasie verdien vermelding omdat dit 'n nuwe era in Engelse plaaslike geskiedskrywing ingelui het. Hy was die eerste kerklike wat sy hand aan plaaslike geskiedskrywing gewaag het.[64]

Hierna het belangstelling in dorpsgeskiedenis gevolg. Die eerste dorpsgeskiedenis was John Stow se *Survey of London* wat in 1598 verskyn het. Publikasies oor ander Engelse dorpe het egter eers gedurende die negentiende eeu meer geredelik verskyn. Hierdie vroeë dorpsgeskiedenisse was eerder waardevolle dokumentêre en argeologiese versamelings as werklike geskiedskrywing. Dit het egter tot gevolg gehad dat 'n veelheid van moontlike studievelde en bronne ontsluit is.[65] Hierdie geskiedskrywing het aan dieselfde gebreke as die graafskapsgeskiedenis mank gegaan. Dit was eng, kleinburgerlik en 'n blote opstapeling van onvertolkte feitemateriaal. Die skrywers het ook nie van argivalia (primêre bronne) gebruik gemaak nie.[66]

Die *Victoria history of the counties of England* is 'n reeks wat oor Engelse plaaslike geskiedenis handel. Dit het in 1899 deur privaat inisiatief ontstaan en word sedert 1932 by die *Institute of Historical Research* aan die Universiteit van Londen gehuisves. Die aanvanklike doel van hierdie reeks was om Engelse graafskapsgeskiedenis op 'n wetenskaplike wyse te skryf of te herskryf. Met hierdie projek het die Engelse professionele historici tot plaaslike geskiedskrywing toegetree. Die eerste uitgawes se inhoud is in algemene en toponimiese afdelings ingedeel. Die ekonomiese en kerklike geskiedenis is onder "algemeen" geklassifiseer. Onder die afdeling "toponimie" is die geskiedenis van elke gehuggie (*village*), dorp en stad weergegee. Hierdie formaat is tot na die Tweede Wêreldoorlog gehandhaaf. Hierna is dit ingrypend verander. Bestaande afdelings wat oor natuurlike geskiedenis gehandel het, het verdwyn en nuwe afdelings oor plaaslike regering, kerklike gebruike, vervoer en primêre onderwys is bygevoeg. Meer aandag is aan illustrasies en kaarte geskenk. Mettertyd het hierdie projek tot 'n navorsingsbron van formaat

63 Richard Polwhele, *The history of Devonshire*, 1797, reproduced by Kohler and Coombes, Dorking (1977), http://www.cs.ncl.ac.uk/genuki/DEV/History.html, 29 Maart 2003.

64 Hoskins, *Local History in England*, p. 22.

65 Ibid., p. 23.

66 Ibid., p. 25.

ontwikkel.[67] Tans is die geskiedenis van Engelse graafskappe in verskillende stadiums van voltooiing.[68] Dit blyk dus asof daar, ten spyte van Engeland se lang plaaslike geskiedenistradisie, in die een-en-twintigste eeu steeds 'n behoefte bestaan vir die skryf van plaaslike geskiedenis.

Die beskikbare bronnemateriaal, wat nagevors kon word en die onderwerpe waaroor geskryf kon word, het verbreed toe Engelse sosiale en ekonomiese geskiedskrywing meer prominent geraak het. Een van die vertakkings was *parish histories* wat hoofsaaklik deur kerkamptenare geskryf is. Die klem is ongelukkig op beuselagtighede geplaas en relevante werklikhede van dorpsgeskiedenis is verwaarloos. Dit het ontaard in 'n blote opstapeling van feite en was antikwaries van aard.[69]

In Brittanje het plaaslike geskiedenis reeds in die negentiende eeu akademiese status verkry. Die talle publikasies wat verskyn het, sluit publikasies oor metodologie in. J.C. Cox se *How to write the history of the counties of England* het reeds in 1879 verskyn.[70] Mettertyd het die akademiese belangstelling in plaaslike geskiedenis gegroei en tydens die sewentigerjare van die twintigste eeu het talle nagraadse studente plaaslike en streeksgeskiedenisonderwerpe nagevors. Aan die Universiteit van Leicester is die outonome departement *English Local History* in 1948 gestig en staan tans as die *Centre for English Local History* bekend.[71] Die *Centre of Urban History* is in 1985 gestig.[72] Uit voorafgaande kan daar afgelei word dat plaaslike en streeksgeskiedenis na vyfhonderd jaar steeds aktief deur professionele- en amateur historici in Brittanje beoefen word.

In Frankryk geniet plaaslike en streeksgeskiedenis ook aandag. Volgens Saunders word Franse streeksgeskiedenis vanuit 'n sosiale en ekonomiese

---

67 R.B. Pugh, "The Victoria history of the counties of England," *Contree*, (2), Julie 1977, pp. 21 en 22.

68 Die graafskap Buckinghamshire se geskiedenis is tot op datum voltooi. Londen se geskiedenis word steeds aangevul om dit op datum te bring. Die skryf van Cumberland se geskiedenis is tydelik gestaak. Die laaste volume oor Nottinghamshire het in 1910 verskyn en oor Northumberland het nog niks verskyn nie. Guide to VCH Counties, http://www.Englandpast.net/counties.html, 6 Februarie 2003.

69 Hoskins, *Local history in England*, pp. 29 en 30.

70 Ibid., p. 30.

71 www.le.ac.uk/elh/info/elhist1. 10 Augustus 2006.

72 E-pos, dr. Sally Horrocks Centre for Urban History, Leicester University - CP Jooste, 10 Augustus 2006.

invalshoek geskryf. Hy beskou die publikasie van Pierre Goubert, een van die vooraanstaande hedendaagse Franse historici, oor die Franse burgerlike geskiedenis en dié van Ladurie as *"massive regional monographs*."[73]

Die Franse het veral op die gebied van die vertolking van plaaslike en streeksgeskiedenis 'n bydrae gelewer deur met behulp van kwantitatiewe metodes 'n strategie te ontwikkel om statistieke te ontleed. Emmanuel Le Roy Ladurie se publikasie *Les paysans du Languedoc* wat in 1966 verskyn het, word as 'n uitstaande historiese navorsingswerk beskou. Hierdie is ’n "totale" geskiedenis van die Middeleeuse Franse Provinsie Languedoc se kleinboergemeenskappe. Dit maak onder andere van verskeie statistiese bronne soos grondbelasting (*compoix)* en tiendes *(tithe)* gebruik om die evolusie binne die landbougeskiedenis te weerspieël.[74] In 1977 verskyn John Day se Engelse vertaling *The peasants of Languedoc*. Die vertaler het die totaliteit van dié geskiedenis soos volg beskryf: *"His [Ladurie] works combine elements of historical geography, demography, and history; and of psychohistory in a single construction, baptized a great agrarian cycle."* Volgens Day blaas Ladurie lewe in ekonomiese statistiek met talle verwysings na voorbeelde van spesifieke families. Hy is ook van mening dat die publikasies 'n besonderse bydrae tot die Franse historiografie gelewer het.[75]

In Nederland word plaaslike en streeksgeskiedskrywing sedert die begin van die twintigste eeu bedryf. Veral na 1980 het daar in verskeie provinsies 'n lewendige belangstelling ontstaan en plaaslike en streekgeskiedenis-verenigings (*bureaux*) is gestig. Een so 'n vereniging is die *Frykse Akademy.* Die *Vakgroep Regionale en Agronomisch-historishe studiën* wat sedert 1983 aan die Universiteit van Groningen werksaam is, bestudeer die taal, letterkunde en geskiedenis van die provinsies Friesland, Groningen, Drenthe en Overijssel. Aan Nederlandse universiteite soos Utrecht en Groningen het belangstelling in plaaslike en streeksgeskiedenis onder die doserende personeel sowel as studente ontwikkel. Die tydskrif, *Historish Tijdschrift Groniek*, word al vir meer as dertig jaar deur

73 Saunders, “What of regional history?,” p. 132.

74 Oorspronklike outeur en titel, E. Le Roy Ladurie, *Les paysans du Languedoc*, soos aangehaal deur Oberholster, “Streekgeskiedenis en die historikus,” p. 30.

75 J. Day, *Peasants of Languedoc*, Foreword, pp. ix en xii. http://mamaynooth.freeservers.com/peasantsforeword.htm, 29 Maart 2003.

studente van die Rijksuniversiteit van Groningen uitgegee.[76] Dit het van 'n inligtingsblaadjie tot 'n wetenskaplik-verantwoordbare kwartaalblad ontwikkel en is as een van die beste studenteblaaie in Nederland beskou.[77] Die departement geskiedenis van die *Vrije Leergangen/Vrije Universiteit Amsterdam* publiseer sedert 1983 die *Regionale geschiedenis van Nederland*.[78]

Tot 1876 is Amerikaanse geskiedskrywing hoofsaaklik as die werk van *"men of leisure"* beskou en is dit aan universiteite as buurwetenskap tot die letterkunde en die filosofie aangebied. Toe die vak teen die einde van die negentiende eeu tot sy eie reg gekom het, het dit sterk onder die invloed van die sogenaamde "Ranke model"[79] gestaan. 'n Meer progressiewe rigting is met J.H. Robinson se *The new history* ingeslaan.[80] Gaandeweg is die klem al meer op die sosio-ekonomiese aspekte van die samelewing geplaas en plaaslike geskiedenis het deel van die Amerikaanse historiografie geword. Die Amerikaanse plaaslike geskiedskrywers het van die toonaangewendste werke in dié genre gelewer. Dit is veral ten opsigte van koördinasie van navorsingsaktiwiteite en voorligting aan navorsers waar die VSA die res van die Westerse wêreld vooruit is. Deur middel van die *American Association for State and Local History* slaag hierdie geskiedskrywers daarin om individue, instansies en verenigings wat in die skryf van plaaslike geskiedenis belangstel, byeen te bring.[81]

Saunders is ook van mening dat die Kanadese van die beste streeksgeskiedenis skryf. Hy verwys in besonder na Gerald Friesen se *The Canadian Prairies,* omdat die streek geografies goed afgebaken is en daar gepoog is om 'n geïntegreerde beeld van die gebied se historiese ontwikkeling, binne die raamwerk van omliggende streke en die nasionale geskiedenis, te gee.[82] Hierdie geskiedenis voldoen aan een van die belangrikste vereistes wat

76 E-pos, K. Mast, Faculteit der Letteren Rijksuniversiteit Groningen - C.P. Jooste, 31 Maart 2003.

77 Http://hagen.let.rug.nl/˜groniek/wat.htm, 31 Maart 2003.

78 Alberts en V. d. Steur, *Handleiding voor de beoefening van lokale en regionale geschiedenis*, pp. 14, 16 en 17.

79 "Ranke model"- term wat deur van Jaarsveld gebruik word. Die term verwys na historici wat Von Ranke se temas en metodes, veral met betrekking tot nasionale en institusionele geskiedenis, navolg. Hulle plaas klem gelê op argivale bronnemateriaal and die skryf van geskiedenis van bo.

80 Van Jaarsveld, *Moderne geskiedskrywing*, pp. 16-19 en 31.

81 Saunders, "What of regional history?," p. 132.

82 Ibid., p 132.

aan plaaslike en streeksgeskiedskrywing gestel word, naamlik dat dit nie in isolasie geskryf mag word nie.

Erik Eklund van die Universiteit van Newcastle in Australië meen dat streeks-geskiedenis (*regional history*) gedurende die sestigerjare van die twintigste eeu in Australië inslag gevind het. Die formaat van die publikasies wissel van inligtings-brosjures tot akademiese proefskrifte en verhandelings. Dit wil voorkom asof daar in Australië nie 'n definitiewe onderskeid tussen lokale en streeksgeskiedenis getref word nie. Daar bestaan 'n aantal publikasies en seminaar-referate oor spesifieke Australiese plaaslike en streeksgeskiedenis.[83]

Uit bogaande bespreking is dit duidelik dat die genre, plaaslike en streeksgeskiedenis, al lank deel van die Westerse historiografie is. Engeland het die oudste plaaslike geskiedskryftradisie. Die Franse en Amerikaners het besonderse bydrae tot die ontwikkeling van hierdie genre gelewer. Dit blyk egter dat daar steeds in die Westerse historiografie van die een-en-twintigste eeu nog ruimte vir plaaslike geskiedenis is.

## Plaaslike en streeksgeskiedenis in Suid-Afrika

'n Insiggewende artikel wat in 1990 verskyn het, begin met 'n kort oorsig oor die stand van plaaslike en streeksgeskiedenis in die Westerse en Suid-Afrikaanse historiografie. In hierdie artikel kom Saunders tot die gevolgtrekking:

> *South African historiography has not yet been enriched by a series of substantial local histories. In this, it lags far behind the historiography of countries such as the United States, Canada and France. In Britain so much smaller in size, a strong tradition of local history developed*.[84]

Daar het tot en met die laat 1970's 'n groot leemte in die Suid-Afrikaanse historiografie ten opsigte van akademies-verantwoordbare plaaslike en streeksgeskiedskrywing bestaan. Hierdie leemte is reeds in 1970 deur C.M. Bakkes, die destydse direkteur van die Instituut vir Geskiedenisnavorsing van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN), geïdentifiseer. In Junie

---

83 E-pos, Erik Eklund, Universiteit van Newcastle Australië - C.P. Jooste, 19 Januarie 2000; E-pos, Ian Morris, National Library of Australia, - C.P. Jooste, 20 Januarie 2000.

84 Saunders, “What of regional history?,” p. 131.

1970, in 'n verslag oor die stand van geskiedenisnavorsing in Suid-Afrika, merk hy op dat daar 'n behoefte aan 'n "gesaghebbende werk van ensiklopediese omvang" oor die geskiedenis van Suid-Afrikaanse gehuggies, dorpe en stede bestaan.[85] Een van die vernaamste redes vir hierdie toedrag van sake was dat die politieke benadering tot geskiedskrywing voorrang geniet het. Selfs toe die sogenaamde *"people's history"* bedryf is, is klem steeds op politieke aspekte geplaas. Gedurende die 1980's het talle publikasies, wat as plaaslike of streeksgeskiedenis getipeer kon word, die lig gesien. P.H.R. Snyman, 'n historikus destyds verbonde aan die RGN, het na die resultate van 'n bestekopname oor die stand van streeksgeskiedenis in 1984/85 tot die slotsom gekom dat streeksgeskiedenis nie meer as 'n verwaarloosde terrein beskou hoef te word nie. Uit hierdie opname kon 39 uit 296 identifiseerbare geskiedenis navorsingsprojekte, dus 13%, in die kategorie streeksgeskiedenis val. Hy was egter nog bekommerd oor die leemte wat daar ten opsigte van landbou-, streeksadministrasie- en kommunikasiegeskiedenis bestaan het. In daardie stadium het daar nog geen publikasies oor die metodologie en teoretiese fasette van plaaslike geskiedskrywing verskyn nie.[86]


Die RGN se Instituut vir Geskiedenisnavorsing het in 1975 die Afdeling Streeksgeskiedenis gestig, met die doel om die leemtes in plaaslike en streeks-geskiedenis te identifiseer en aan te vul. Alvorens daar met die navorsing begin kon word, moes die Afdeling Streekgeskiedenis bepaalde "streke" binne die Suid-Afrikaanse konteks identifiseer. Die tradisionele historiese streke wat deur die loop van drie eeue beslag gekry het, was nie meer prakties bruikbaar nie. Die streke het met mekaar oorvleuel en het nie die totale oppervlakke van die Republiek gedek nie. Die oorspronklike historiese streke het ook nie meer met die amptelike grense van die destydse provinsies en landdrosdistrikte ooreengestem nie. Die Afdeling Streekgeskiedenis het Suid-Afrika in agt-en-twintig sogenaamde historiese streke ingedeel[87] (vergelyk. kaart 1).

---

85 Oberholster, "Streekgeskiedenis en die historikus," p. 29.

86 P.H.R. Snyman, "Die stand van stedelike en streekgeskiedenis in die RSA," *Contree*, (16), Julie 1984, pp. 30 en 31.

87 Die indeling was soos volg: dertien in die destydse Kaapprovinsie, sewe in die destydse Transvaal, vier in die destydse Oranje Vrystaat en vier in die destydse Natal.




KAART 1: RGN historiese streeksindeling

Gebaseer op kaart, *Contree*, (6), Julie 1976, p. 23

Hierdie indeling het op menslike vestigingspatrone, sosiale- en streekspatrone berus en is met inagneming van die destydse vier provinsiale grense en die landdrosdistriksgrense gedoen. Daar is swaar op die destydse Departement van Beplanning en Omgewing se Nasionale Fisiese Ontwikkelingsplan gesteun.[88] Saunders het, tereg, hierdie indeling later gekritiseer en daarop gewys dat dit in 'n groot mate kunsmatige grense tot gevolg gehad het. Volgens hom het daar tot 1990 nog geen beduidende historiese publikasies oor sommige van die afgebakende streke in die vaktydskrif, *Contree,* verskyn nie.[89] Na die totstandkoming van die huidige nege provinsies en die hersonering van landdrosdistrikte kan die streke, soos deur die Afdeling Streekgeskiedenis bepaal, glad nie meer doeltreffend gebruik word nie.

Om met die navorsingsprojek te kon voortgaan was dit ook nodig dat die Afdeling Streekgeskiedenis "werkbare riglyne" vir die skryf van plaaslike en streeksgeskiedenis moes opstel. Dit moes van nasionale geskiedenis verskil in dié sin dat die hoofdoel van hierdie navorsing die "lewensbedryf" van die gewone mens moes wees en nie dié van die staat nie. Die historikus moes "die gewone mens as't ware by sy adres, op sy voorstoep, of in sy huis ontmoet en hom as 'n wese van vlees en bloed leer ken en nie bloot as 'n pion op die nasionale skaakbord nie."[90] Dit moes ook 'n omvattende geskiedenis wees waarin soveel moontlik fasette van 'n bepaalde samelewing beskryf moes word.[91]

Die manuskripte, wat uit die inisiatief van die Instituut vir Geskiedenisnavorsing gespruit het, was egter nie die eerste werke wat as plaaslike of streeksgeskiedenis geklassifiseer kon word nie. Plaaslike geskiedskrywing is so oud soos die wit nedersetting in suider-Afrika. Al die publikasies voldoen egter nie aan die akademiese vereistes wat deur Saunders en ander Suid-Afrikaanse historici aan plaaslike geskiedenis gestel word nie. Baie van hierdie publikasies was, soos in die geval van die vroeë Westerse manuskripte, antikwaries en 'n blote opstapeling van feite. Die meeste Suid-Afrikaanse publikasies was

88 Oberholster, "Streekgeskiedenis en die historikus," pp. 30 en 31.

89 Saunders, "What of regional history?," p. 134.

90 Eloff, "Aspekte van plaaslike en streekgeskiedenis," p. 12.

91 Oberholster, "Streekgeskiedenis en die historikus," p. 31.

witsentries omdat die begin van 'n dorp se geskiedenis met die koms van die wit setlaars 'n aanvang geneem het.

'n Spesifieke tipe streeksgeskiedenis is gedenk- of geleentheidsgeskrifte. Hiervan het al baie publikasies in Afrikaans en Engels verskyn. Hierdie publikasies kan wissel van inligtingstukke tot opdragskrifte wat tydens die een of ander feesviering gepubliseer is.[92] Baie van hierdie publikasies is in 'n mate met 'n bepaalde leserspubliek voor oë geskryf en kan gevolglik eng wees. Hierdie geskrifte het egter 'n plek in die breë Suid-Afrikaanse geskiedskrywing. Hulle noodsaaklikheid binne die raamwerk van 'n bepaalde historiografie is soos volg deur Van Jaarsveld beskryf:

> Mense wil graag weet wie hulle is, hoe hulle op 'n plek gekom het en hoe dit ontstaan en gegroei het. Daar is belangstelling in die ontwikkeling, vooruitgang en modernisering van 'n gemeenskap vanaf moeilike tot voorspoedige tye. Mense wil graag weet hoe plaaslike bestuur, landbou, handel, kerk en skool gegroei het. By 'n eeufeesherdenking is 'n boek oor die ontstaan en vooruitgang van 'n dorp en sy omgewing uiters noodsaaklik.[93]

Kenmerkend van hierdie tipe geskiedskrywing is boodskappe van gelukwensing wat die geskiedenis voorafgaan. Die verloop van die geskiedenis en die ontwikkeling van die gemeenskap word soms ook deur middel van foto’s of sketse uitgebeeld. Gedenkskrifte vertel gewoonlik die geskiedenis van 'n bepaalde plek oor 'n lang tydperk. Die meeste gedenkskrifte sal nooit op volledigheid kan aanspraak maak nie en baie van hierdie publikasies is nie altyd van hoogstaande akademiese gehalte was nie, maar daar is sommige wat 'n besliste bydrae tot die Suid-Afrikaanse historiografie gelewer het. Die waarde van hierdie geskrifte mag nie geminag word nie.

Een van die vroegste gedenkskrifte in Afrikaans het reeds in 1929 verskyn. 'n Aantal akademici het met die viering van Stellenbosch se tweehonderd-en-vyftigste bestaansjaar 'n gedenkskrif saamgestel.[94] Hierdie publikasie kan as 'n

92 Voorbeelde van geleentheidsskrifte: Anoniem, *Machadodorp Poskoetsfees 9 Januarie1952 i.v.m. die van Riebeeck-Fees*, 1952 [sic]; H. Borman *Carolina 188 -1986*, Carolina, 1986.

93 F. A. van Jaarsveld, “Aanbeveling,” in M de Beer, *Keimoes en omgewing ‘n kultuurhistoriese verkenning*, geen bladsy verwysing.

94 Stellenbosch dorpsraad, *Stellenbosch 1679-1929,* Stellenbosch, 1929.

kosbare stukkie Africana beskou word.[95] Dit is 'n "totale" geskiedenis. Die geografie van die dorp en sy omgewing, die politieke geskiedenis (ontwikkeling van plaaslike bestuur van 1682 tot 1929), sowel as die sosiale en kulturele aspekte, soos die Sondagsvieringe, kleredrag, maaltye, medisyne en begrafnisse, word beskryf. Die ontwikkeling van hoër onderwys, 'n belangrike faset van die dorp, word weergegee.[96] In 1943 verskyn twee publikasies oor nog een van Suid-Afrika se oudste dorpe uit die pen van L.L. Tomlinson, naamlik *Gedenkboek Swellendam, 1743-1943* en *Geskiedkundige Swellendam*. Die doel van hierdie publikasies was om 'n oorsig van die dorp se geskiedenis oor 200 jaar te gee.[97]

Gedurende die twintigste eeu het daar bykans oor elke stad en dorp in Suid-Afrika 'n gedenkskrif verskyn. Party van die publikasies gaan aan vele gebreke mank. 'n Voorbeeld van 'n gebrekkige plaaslike geskiedenis is A.Z. van Jaarsveld, 'n voormalige predikant van Prieska, se weergawe van die dorp se geskiedenis.[98] Ironies, dui Van Jaarsveld in die voorwoord van *Kroniek van eeu-ou Prieska* die doel en aard van 'n goeie plaaslike geskiedenis aan:

> ...nie slegs moet Prieska se verlede nagevors, sy herkoms geherkou en sy storie weergegee word nie; eweneens wil sy milieu en dampkring bepaal en gepeil wees. Maar meer: op sy regte plek in die plan moet hy geplaas, in 'n paslike omraming afgerond word. 'n Dorp setel in sy omgewing, streek, gemeenskap...[99]

Ongelukkig het die eindproduk nie aan een van die doelstellings voldoen nie. G.S.J. Moller se *Loeriesfontein 1860-1987* val in dieselfde kategorie.[100] Hierdie publikasie handel oor die ontstaan van die dorp, die verkryging van munisipale status en ander hoogtepunte in die dorpsgeskiedenis. Dit sluit af met sensusverslae van 1985. Dit is hoofsaaklik die geskiedenis van die plaaslike Nederduits Gereformeerde Kerk (Ned. Geref. Kerk), met verwysings na die sendinggemeente en ander kerklike denominasies.

---

95 Die publikasie bevat pentekeninge deur die Suid-Afrikaanse kunstenaar Pierneef en waterverfskilderye uit die Swellengrebel versameling asook 'n faksimilee van 'n brief wat deur Simon van der Stel geskryf is.

96 Stellenbosch dorpsraad, Stellenbosch 1679 -1929, pp. 56-60, 85 - 89, 93, 10-117, 120-149.

97 L.L. Tomlinson, *Gedenkboek Swellendam, 1743-1943*, Swellendam, 1943; L.L. Tomlinson, *Geskiedkundige Swellendam*, Kaapstad, 1943.

98 A.Z. van Jaarsveld, *Kroniek van eeu-ou Prieska*, Prieska, 1989.

99 Ibid., p. 2.

100 G.S.J. Moller, *Loeriesfontein 1860-1987*, Kerkraad van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente, Loeriesfontein, 1988.

'n Voorbeeld van hoe die geskiedenis van 'n bepaalde geografiese gebied skeefgetrek kan word, is S.J. Kritzinger se publikasie oor die Silverton-omgewing.[101] Volgens A.G. Oberholster, van die RGN, is dit nie geskiedenis nie, maar 'n antikwariese "bloemlesing" van interessante, historiese materiaal.[102] Hy waarsku dat 'n amateurhistorikus soms te betrokke raak by die materiaal en dan by interessante insidente bly vassteek. Die eindproduk is dan slegs 'n blote opeenhoping van feite.[103]

'n Geslaagde publikasie is R.T.J. Lombard se eeufeesgedenkskrif oor Ermelo, wat in 1980 uitgegee is.[104] Die inhoud is sinvol en logies ingedeel. Dit bevat pensketse van persone wat 'n rol in die ontwikkeling van die dorp en sy omgewing gespeel het. Die mense van Ermelo is die spil waarom die publikasie draai. Eloff beskou hierdie gedenkskrif as 'n aanwins vir plaaslike geskiedskrywing.[105]

Die eerste van die RGN se streekshistoriese projekte is deur Eloff aangepak en het in 1980, onder die titel *Oos-Vrystaatse Grensgordel: 'n streekhistoriese voorstudie en bronneverkenning,* verskyn.[106] Dit is 'n omvattende publikasie wat van deeglike en uitgebreide navorsing getuig. Dit handel oor die geskiedenis van agt duidelik afgebakende distrikte, wat as 'n eenheid onder die benaming Oos-Vrystaatse Grensgordel byeengebring is.[107]

Volgens A.P.J. van Rensburg, destyds verbonde aan die Universiteit van Pretoria en wat die werk geresenseer het, val die streek se geskiedenis logies en sinvol uiteen en strek dit oor 'n tydperk vanaf die vroegste grondbesetting deur wittes tot die twintigste eeuse dorpslewe op elk van die dorpe. Die

---

101 S.J. Kritzinger, *Rustig vloei die Moreleta: geskiedenis van Silverton, Meyerspark, Saliehoek, La Concorde, Wilgers, Murrayfield, Val de Grace, Lydiana, Brummeria, Georgeville, Navors, met herinneringe van inwoners*, Meyerspark, 1980.

102 A.G. Oberholster, Boekbespreking. S.J. Kritzinger, *Rustig vloei die Moreleta: geskiedenis van Silverton, Meyerspark, Saliehoek, La Concorde, Wilgers, Murrayfield, Val de Grace, Lydiana, Brummeria, Georgeville, Navors, met herinneringe van inwoners*, *Contree* (9) Januarie 1981, p. 32.

103 A.G. Oberholster, Die taak van die plaaslike historikus," *Contree* (28), Oktober 1990, p.4.

104 R.T.J. Lombard, *Ermelo 1880 -1980*, Ermelo, 1980.

105 C.C. Eloff, Boekbespreking. R.T.J. Lombard, *Ermelo 1880 - 1980*, *Contree* (7), Januarie 1980, p. 30.

106 C.C. Eloff, *Oos-Vrystaatse Grensgordel: 'n streekhistoriese voorstudie en bronneverkenning*, Pretoria, 1980.

107 Landdrosdistrikte van die Oos-Vrystaatse grensgordel: Clocolan, Ficksburg, Fouriesburg, Ladybrand, Rouxville, Smithfield, Wepener en Zastron.

samebindende faktor is die betrokkenheid by die Basotho-grenskwessie, wat oor 'n tydperk van meer as 'n eeu strek. Die aanleg van dorpe en distrikte, sowel as die politieke, ekonomiese, sosiale en kulturele ontwikkeling van die gebied, word beskryf. Die streek se geskiedenis word telkemale teen die breër Vrystaatse historiese agtergrond uitgebeeld. Van Rensburg kom tot die slotsom dat al neig die werk soms tot suiwer kroniek, dit die grondslag gelê het waarop soortgelyke navorsing kon voortbou.[108]

S.F. Malan, voorheen verbonde aan UNISA, het ook die publikasie geresenseer. Hy het in 'n groot mate met Van Rensburg saamgestem. Sy kritiek was dat die publikasie te kort skiet as dit aan die riglyne, wat in die inleiding van die publikasie verskyn, gemeet word. Hy voeg egter dadelik by dat die werk nie as 'n streeksgeskiedenis bedoel is nie, maar soos die titel aandui, 'n voorstudie en bronneverkenning is. Volgens hom is die klem hoofsaaklik op die politieke geskiedenis geplaas en is daar nie werklik sprake van 'n geheelbeeld nie. Om sy stelling te motiveer, wys hy daarop dat die kulturele ontwikkeling van die streek feitlik nie ontleed word nie ten spyte van 'n hoofstuk wat oor die sosio-ekonomiese aktiwiteite handel. Hy argumenteer verder dat daar 'n sinvoller interpretasie van die negentiende en twintigste eeu se sosiale gebeure, soos die armblankevraagstuk en demografiese verskynsels, kon gewees het as bloot lyste van leraars, aptekers en medici van die verskillende dorpe.[109] Soos meeste van die publikasies wat sou volg, is hierdie publikasie witsentries. Ten spyte van hierdie publikasie se oënskynlike gebreke moet die belangrikheid en historiografiese bydrae van hierdie baanbrekerswerk nie gering geskat word nie.

Die tweede publikasie, in die RGN se reeks oor streeksgeskiedenis, is A. de V. Minnaar se weergawe van die geskiedenis van die Laer Umfolozi-distrik in KwaZulu-Natal, *Empangeni: a historical review to 1983*.[110] Volgens K.W. Smith, voorheen van UNISA, is 'n wye veld gedek wat van deeglike bronnenavorsing getuig. Amptelike argivalia is met minder algemene bronnemateriaal, soos die

---

108 A.P.J. van Rensburg, Boekbespreking. C.C. Eloff, *Oos-Vrystaatse Grensgordel: 'n Streekhistoriese voorstudie en bronneverkenning*, *Contree,* (9), Januarie 1981, pp. 31 en 32; G. Garbers, "Voorwoord," in C.C. Eloff, *Oos-Vrystaatse Grensgordel: 'n Streekhistoriese voorstudie en bronneverkenning*, p. vii.

109 F.S. Malan, Boekbespreking. C.C. Eloff, *Oos-Vrystaatse Grensgordel: 'n Streekhistoriese voorstudie en bronneverkenning*, *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, (16), 1984, pp. 138 en 139.

110 A. de V. Minnaar, *Empangeni, a historical review to 1983*, Pretoria,1984.

notules van plaaslike sportorganisasies, verenigings en die sakekamer, aangevul.[111]

Uit Piet Snyman se pen het vyf publikasies oor vier dorpe van die Noord-Kaap verskyn. Oor Postmasburg het twee verskyn.[112] Die laaste publikasie, *Postmasburg: 'n Eeu onder plaaslike bestuur 1893-1993*, wat tien jaar na die eerste verskyn het en 'n eeufeesgedenkskrif is, was 'n opdatering van die eerste publikasie. C.P.J. le Roux, van die Bloemfonteinkampus van die voormalige Vista Universiteit, meen egter dat die laaste publikasie die dorp se geskiedenis in geheel hersien het. Die dorp se geskiedenis begin met die Steentydperk. Daar word na die vroegste inwoners, naamlik die Koranna, Tswana en Griekwa verwys. Le Roux meen egter dat die voorkoloniale fase steeds 'n vrugbare terrein vir navorsing bly omdat die nasate van die vroegste setlaars onwillig was om voldoende inligting te verstrek. Die wit geskiedenis verwys na gemeente- en dorpstigting en die ontwikkeling van plaaslike administrasie. Die dorp se geskiedenis word in albei publikasies teen die breër agtergrond van die nasionale geskiedenis uitgebeeld.[113]

Uit die inhoudsopgawe van Snyman se *Olifantshoek: Oase van die Langberg* blyk dit dat 'n verskeidenheid onderwerpe, soos die voorgeskiedenis, oopstelling van die gebied, vestiging en dorpstigting, ontwikkeling van die dorpsadministrasie, onderwys, kultuur, sport en ontspanning, aangespreek word.[114] Deeglike bronnenavorsing is gedoen en benewens die tradisionele provinsiale en streeksdokumente wat in die staatsargief beskikbaar is, is periodieke publikasies geraadpleeg. Mondelinge getuienis is goed benut. Volgens die Suid-Afrikaanse historikus, J.S. Bergh van die Universiteit van Pretoria, is een van die grootste leemtes van hierdie publikasie die feit dat daar

---

111 K. W. Smith, Boekbespreking. A. de V. Minnaar, *Empangeni, historical review to 1983*, *Contree*, (17), Januarie 1985, pp. 31 en 32.

112 Snyman het in 1983 sy M.A.-verhandeling "Postmasburg: Die eerste honderd jaar," aan die Universiteit van Suid-Afrika voltooi. Hierna het die volgende publikasies oor die dorp verskyn, P.H.R. Snyman, *Postmasburg: 'n Geskiedkundige oorsig tot 1983*, Pretoria, 1983; P.H.R. Snyman, *Postmasburg:'n Eeu onder plaaslike bestuur 1893 -1993*, Pretoria, 1993.

113 C.P.J. le Roux, Boekbespreking. P.H.R. Snyman, *Postmasburg: 'n Eeu onder plaaslike bestuur 1893 -1993*, *Contree*, (35), Junie, 1994, pp. 40 en 41.

114 P.H.R. Snyman, *Olifantshoek: Oase van die Langberg*, Pretoria 1986.

geen kaarte opgeneem is om dorpsontwikkeling of demografiese en ekonomiese tendense voor te stel nie.[115]

In resensies oor *Daniëlskuil: Van Griekwa-buitepos tot dienssentrum*[116] wonder sowel Grundlingh as Smith of daar meriete vir 'n omvattende geskiedenis oor 'n klein plekkie soos Daniëlskuil is.[117] Snyman motiveer die skrywe van hierdie geskiedenis deur daarop te wys dat alhoewel industrialisasie, migrasie en verstedeliking goed in die Suid-Afrikaanse historiografie geboekstaaf is, is daar weinig aandag geskenk aan die invloed van hierdie faktore op plattelandse gemeenskappe. Deur die geskiedenis van 'n klein dorpie soos Daniëlskuil te skryf, probeer hy juis hierdie leemte vul.[118]

Die publikasie oor Daniëlskuil val in twee dele uiteen. In die eerste gedeelte word geskiedenis van die vroeë nedersetters, die San, Tswana en Griekwa, vertel. In die tweede deel word die klem geplaas op die wyse waarop die dorp se funksie en karakter na die koms van wittes en industrialisasie verander het. Grundlingh, wat die publikasie geresenseer het, meen dat die kronologiese aanbieding van die eerste deel tot fragmentasie van die inhoud lei en dat die tematiese benadering van die tweede deel beter is. Volgens hom is die publikasie, as geheel, te feitlik en kon daar 'n grondiger analise en interpretasie van die feitemateriaal gewees het. Ten spyte van genoemde tekortkomings beskou hy die publikasie as 'n opwindende toevoeging tot die Suid-Afrikaanse plaaslike geskiedskrywing.[119]

Die gedenkskrif *Kuruman: Vervloë pad na Afrika* is Snyman se vyfde en laaste plaaslike geskiedenis oor dorpe in die gebied noord van die Garieprivier.[120] Volgens die resensent, E.R. Coetzee van RAU, het Snyman daarin geslaag om twee, soms uiteenlopende doelwitte te verwesenlik, naamlik die skryf van 'n

115 J.S. Bergh, Boekbespreking. P.H.R. Snyman, *Olifantshoek: Oase van die Langberg*, *Contree,* (20), Julie 1986, p. 35.

116 P.H.R. Snyman, *Daniëlskuil: Van Griekwa-buitepos tot dienssentrum*, Pretoria, 1988.

117 K.W. Smith, Boekbespreking. P.H.R. Snyman, *Daniëlskuil: Van Griekwa-buitepos tot dienssentrum*, *Contree*, (26), Oktober 1989, p. 31; L. Grundlingh, Boekbespreking. P.H.R. Snyman, *Daniëlskuil: Van Griekwa-buitepos tot dienssentrum*, *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, (22), 1990, p. 210.

118 L. Grundlingh, Boekbespreking. P.H.R. Snyman, *Daniëlskuil: Van Griekwa-buitepos tot dienssentrum*, *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, (22), 1990, pp. 210 en 211.

119 Ibid., pp. 210 en 211.

120 P.H.R. Snyman, *Kuruman: Vervloë pad na Afrika*, Pretoria, 1993.

gedenkskrif en die poging om 'n definitiewe historiografiese leemte te vul. Die publikasie begin met 'n insiggewende topografiese oorsig, gevolg deur 'n kronologiese relaas van die geskiedenis van Kuruman. Coetzee beskou hierdie benadering as die aangewese vir ontwikkelingsgeskiedenis wat oor 'n lang tydperk strek. Die publikasie bevat foto's met relevante en insiggewende byskrifte. Ten spyte van die feit dat die werk heel waarskynlik 'n breë algemene leserskring, eerder as akademici as teikengroep in die oog gehad het, slaag Snyman daarin om 'n totale geskiedenis van Kuruman weer te gee. Soos die meeste RGN-publikasies, neig hierdie dokument ook om witsentries te wees. Snyman probeer daarvan ontkom, deur van mondelinge getuienis gebruik te maak, maar ongelukkig is die mondelinge getuienis hoofsaaklik dié van wit persone.[121]

Snyman se bydrae tot die skryf van Suid-Afrikaanse plaaslike geskiedskrywing mag nooit gering geag word nie. Hy was een van die grondleggers van die twintigste eeuse Suid-Afrikaanse plaaslike geskiedskrywing. Sy ywerige en toegewyde navorsing het 'n totale geskiedenis van 'n bepaalde streek, die Noord-Kaap, tot gevolg gehad.

Saunders wys in sy oorsig oor Suid-Afrikaanse streeksgeskiedenis daarop dat Natal se geskiedenis vroeg reeds streeksgeoriënteerd was en dat die provinsie as 'n historiografiese eenheid hanteer is. Vanaf die ontstaan van die Republiek Natalia is die streek as 'n eenheid beskou en is, na die insluiting van Zoeloeland, steeds so hanteer. Die provinsie is ook as 'n afsonderlike entiteit benader wat, onder meer, toegeskryf kan word aan dié provinsie se geografiese hanteerbaarheid en die Engelssprekende karakter van die wit inwoners. Die eerste streeksgeskiedenis oor dié gebied het reeds gedurende die laaste helfte van die negentiende eeu verskyn.[122] Sedertdien het daar 'n groot aantal publikasies verskyn en historici soos B. Guest, R. Edgecome en A. Duminy het

121 E.R. Coetzee, Boekbespreking. P.H.R. Snyman, *Kuruman: Vervloë pad na Afrika*, *Contree*, (33), Mei 1993, p. 40.

122 W. Holden, *History of the colony of Natal*, London, 1855; J. C.Bird, *Annals of Natal 1495 to 1845*, Pietermaritzburg, 1888; J. C.Bird, *Annals of Natal 1495 to 1845*, (reprint) Cape Town, 1965.

oor 'n verskeidenheid onderwerpe en tydvakke geskryf.[123] Saunders wys ook daarop dat daar oor geen ander provinsie, as enkele streek, soveel publikasies verskyn het as oor Natal nie. Dit is ook die enigste provinsie wat oor twee joernale, naamlik *Natalia* en *The Journal of Natal and Zululand History*, beskik waarin artikels oor plaaslike en streeksgeskiedenis gepubliseer kan word.[124]

In 1988, met die viering van Pietermaritzburg se honderd-en-vyftigste bestaansjaar, is die gedenkskrif *Pietermaritzburg: 1838-1988*: *A new portrait of an African city*, uitgegee.[125] Drie-en-sewentig skrywers het bydraes gelewer. Die bydraes het gewissel van onderafdelings wat deur erkende historici geskryf is tot herinneringe van inwoners van die stad. Die eindproduk is deur die resensent, A. de V. Minnaar, beskryf as *"a plotted history which deals with the myriad of influences which have shaped Pietermaritzburg into what it has become today."* Hy het egter kritiek uitgespreek oor die tegniese versorging. Volgens hom het die hoofstukindeling tot gevolg dat die werk nie 'n eenheid vorm nie. Wat die publikasie egter interessant maak, is die aandag wat aan minder bekende aspekte van die stad gegee is.[126] Saunders, wat ook die publikasie geresenseer het, beskryf dit as 'n spog akademiese publikasie wat van goeie en oorspronklike navorsingswerk getuig. Hy is egter van mening dat die lesersteikengroep te wyd en uiteenlopend was en dat die opstellers te hard probeer het om almal tevrede te stel. Net soos Minnaar meen hy dat daar 'n gebrek aan eenheid in die boek bestaan, wat deur die baie skrywers teweeggebring is. Hy kritiseer ook die skrapse verwysing na swart geskiedenis. Sy uiteindelike gevolgtrekking is egter, dat die publikasie een is waarop die redakteurs sowel as die stadsvaders met reg trots kan wees.[127] Hierdie publikasie is, ten spyte van genoemde tekortkominge, 'n waardevolle bydrae, as

---

123 Voorbeelde van Natalse streeksgeskiedenis: A. Duminy and B. Guest, (eds.), *Natal and Zululand from the earliest times to 1910*, Pietermaritzburg, 1989; B. Guest and J.M. Sellers (eds.), *Enterprise and exploration in a Victorian-colony: Aspects of the economic and social history of colonial Natal*, Piertermaritzburg, 1985; R. Edgecombe and B. Guest, "'The coal miners way of death': Safety in the Natal colliers, 1910-1953" *Journal of Natal and Zulu History*, VIII, 1985.

124 Saunders "What of regional history?" pp. 133 en 134.

125 J. Laband and R. Haswell (eds.), *Pietermaritzburg 1838-1988: A new portrait of an African city*, Pietermaritzburg, 1988.

126 A. de V. Minnaar, Boekbespreking. J. Laband, and R. Haswell (eds.), *Pietermaritzburg 1838-1988: A new portriat of an African city*, *Contree*, *(*26), Oktober 1989, p. 36.

127 C. Saunders, Boekbespreking, J. Laband, and R. Haswell (eds.), *Pietermaritzburg 183 -1988: A new portrait of an African city*, *South African Historical Journal*, (21), 1989, pp. 114 en 115.

'n totale geskiedenis van 'n Suid-Afrikaanse stad, tot die Suid-Afrikaanse historiografie.

Gedurende die 1990's het twee publikasies oor 'n streek en 'n dorp in KwaZulu-Natal verskyn. In 1992 verskyn A. de V. Minnaar se *uShukela: A history of the growth and development of the sugar industry in Zululand: 1905 to the present*.[128] Volgens Tony Cubbins, wat die boek geresenseer het, word daar met hierdie publikasie 'n besliste bydrae tot Zoeloeland se geskiedenis gelewer. Dit handel oor die geskiedenis van 'n bedryf wat ekonomies bepalend vir die gebied is. Hierdie publikasie kan ook as 'n goeie naslaanwerk dien, omdat dit bylaes bevat wat met groot vrug deur navorsers gebruik kan word.[129]

Tony Cubbins het ook die derde bydrae in 'n reeks, wat deur die Zoeloeland Historiese Vereniging oor die streek se geskiedenis uitgegee is, geskryf. *A history of Richards Bay 1897-1970's*[130] handel oor Richardsbaai se geskiedenis tot en met die 1970's. Volgens J.W.N. Tempelhoff van die Noordwes Universiteit, wat die boek geresenseer het, is dit 'n populêre, dog wetenskaplik-verantwoordbare geskiedenis wat die rol van industriële aktiwiteite in die groei en die ontwikkeling van dié hawestad toelig. Die teks word met fotomateriaal wat die dorp se geskiedenis visueel uitbeeld, aangevul.[131]

Albert van Jaarsveld, van die Universiteit van Zoeloeland, se *Mtunzini: A history, from earliest times to 1995* beskryf die ontwikkeling van hierdie Noord-Zoeloelandse dorp vanaf die vroegste jare toe dit die woonplek van die legendariese John Dunn was.[132] Die landbougeskiedenis van die dorp en omgewing, met spesifieke verwysing na die invloed van die suikerbedryf op die ontwikkeling van die dorp, word weergegee. Die geskiedenis van plaaslike geboue, soos die landdroskantoor, die stadsaal en skole word vertel. Volgens Tempelhoff lewer hierdie werk, net soos Cubbins se werk, 'n wetenskaplik-

---

128 A. de V. Minnaar, *uShukela : A history of the growth and development of the sugar industry in Zululand : 1905 to the present*, Pretoria, 1992.

129 T. Cubbins, Boekbespreking, A. de V. Minnaar, *uShukela: A history of the growth and development of the sugar industry in Zululand: 1905 to the present*, *Contree*, (35), June 1994, p. 31.

130 T. Cubbins, *A history of Richards Bay 1897-1970's.* Empangeni, 1992.

131 J.W.N. Tempelhoff, Resensies.“Zululand in modes historical,” *Historia*, 44 (I), Mei 1999, pp. 246 en 248.

132 A. van Jaarsveld, *Mtunzini: A history, from earliest times to 1995*, (translation: Maurice Bennell) Mtunzini, 1998.

verantwoordbare bydrae tot die Suid-Afrikaanse plaaslike en streeks-geskiedskrywing.[133]

Een van die doelstellings van die R.G.N se Afdeling Streeksgeskiedenis was om die professionele historici by die skryf van plaaslike en streeksgeskiedenis te betrek, maar dit het aanvanklik gelyk asof die professionele historici nie betrokke wou raak nie.[134] Mettertyd, net soos in die geval van Engeland, het professionele historici publikasies wat as plaaslike en streeksgeskiedenis getipeer kan word, die lig laat sien. Sommige van hierdie publikasies was gedenkskrifte.

A. de V. Minnaar se gedenkskrif oor Graaff-Reinet het in 1987 met die dorp se tweehonderdjarige feesvierings verskyn.[135] C.G. Henning, wat die boek geresenseer het, was egter van mening dat daar veel meer met die ryk historiese bronnemateriaal gedoen kon gewees het. Volgens hom was een van die grootste tekortkomings van dié gedenkskrif die feit dat daar nie na individue, soos Anna-Neethling Pohl, Mikro en ander kleurvolle karakters wat boorlinge van die dorp was, verwys is nie. Die rol van die boer is ook deur die skrywer onderskat.[136]

Die Suid-Afrikaanse historikus L. Changuion, voorheen verbonde aan die Universiteit van die Noorde, het in opdrag van die stadsvaders 'n gedenkskrif oor Pietersburg (Polokwane) se eerste honderd jaar geskryf.[137] Ter inleiding van hierdie plaaslike geskiedenis is 'n uiteensetting van die geografiese omgewing gegee. Die geskiedenis is kronologies afgebaken en binne die groter raamwerk van die nasionale geskiedenis geplaas. Volgens Tempelhoff is hierdie werk 'n geslaagde plaaslike geskiedenis waarin die gewone mens se rol beklemtoon word. Daar word verwys na 'n stadsraadslid wat baie vir die dorp gedoen het, 'n uitstaande sportman en 'n dorpsinwoner wat om die een of ander rede die nuus gehaal het. Dié populêre skryfstyl doen geensins afbreuk aan die werk se wetenskaplike gehalte nie. Feite word deurgaans in voetnotas verantwoord en

133 Tempelhoff, Resensies.“Zululand in modes historical,” pp. 246 en 248.

134 Oberholster,“ Streekgeskiedenis en die historikus,” p. 31.

135 A. de V. Minnaar, *Graaff-Reinet 1786-1986*, Pretoria, 1987.

136 C.G. Henning, Boekbespreking. A. de V. Minnaar, *Graaff-Reinet 1786-1986*, *Contree,* (23), Maart 1988, p. 30.

137 L. Changuion, *Pietersburg, die eerste eeu 1886-1986*, Pietersburg,1986.

die omvattende bibliografie getuig van deeglike bronnenavorsing.[138] Net soos die meerderheid van die streeksgeskiedenis van die tyd, is dié publikasie steeds in 'n groot mate witsentries omdat die "eerste honderd jaar" terug strek tot by die koms van die wit setlaars. Hierdie publikasie is bepaald 'n aanwins vir plaaslike en streeksgeskiedskrywing.

'n Fotogeskiedenis van 'n bepaalde plek is 'n spesifieke tipe plaaslike geskiedenis. 'n Voorbeeld van so 'n fotogeskiedenis is *Simon's Town a postcard history 1900-1913* waarin Simonstad se geskiedenis deur middel van poskaarte, wat teen die einde van die negentiende eeu gedruk is, visueel weergegee word.[139]

Tot en met die middel sewentigerjare van die twintigste eeu het daar weinig stedelike geskiedskrywing verskyn. Die aanslag van die neo-Marxiste op Suid-Afrikaanse historiografie het tot gevolg gehad dat stedelike geskiedenis begin aandag geniet het, maar die klem is hoofsaaklik op twee industriële gebiede, die Witwatersrand en Kimberley, geplaas.[140] Werksessies, wat deur die geskiedenis departemente van die Universiteite van die Witwatersrand en Kaapstad in die laat 1970's gehou is, het dié leemte in 'n mate aangespreek en daar is gepoog

> *...to offer to ordinary people an understanding of their historical predicament and to enable the historian to take a city and explain its present condition in terms of the forces that have made it.*[141]

Talle publikasies het al oor Kaapstad verskyn. Die *Centre for African Studies* van die Universiteit van Kaapstad het 'n reeks, wat oor die geskiedenis van die stad na 1800 handel, gepubliseer. 'n Wye spektrum onderwerpe is bestudeer en daar is oor baie interessante onderwerpe geskryf. Robert Carl-Heinz Shell het die redes verduidelik waarom die bruin bevolking van Kaapstad gedurende die tydperk 1808 tot 1915 Islam aanvaar het.[142] Achmat Davids het die geskiedenis van die pokke-epidemies in die negentiende eeu in die Kaap en die Kaapse

138 J.W.N. Tempelhoff, Boekbespreking. L. Changuinon*, Pietersburg: die eerste eeu 1886 -1986*, *Contree* (21) Januarie 1987, p. 30.

139 M. Walker, *Simon's Town a postcard history 1900-1913*, Cape Town, 1998.

140 V. Bickford-Smith, *Ethnic pride and racial prejudice in Victorian Cape Town*, voetnota 4, voorbeelde van publikasie oor die Witwatersrand en Kimberley word aangehaal, p. x.

141 Ibid., p. x. voetnota 8 aangehaal en verwys na B.M. Stave, "In pursuit of urban history, conversations with myself and others: a view from the United States," *South African Historical Journal*, (15), 1983, pp. 33.

142 R.C. Shell,"Establishment and spread of Islam at the Cape from the beginning of the company to 1838," submitted in partial fulfilment of the requirements for the BA (Honours) degree, University of Cape Town, 1974.

Moslems se reaksie op die epidemie, sowel as die Kaapse regering se hantering van die epidemies, nagevors. Elizabeth van Heyningen het navorsing gedoen oor veneriese siektes en pogings van die administrateurs om prostitusie gedurende die tydperk 1868 tot 1902 hok te slaan.[143] Deur gebruik te maak van sensusverslae het Peter Buirki probeer om *"the various trends in certain morality rates for Cape Town during the period 1895–1980"* na te speur. Die skryf van ekonomiese geskiedenis het ook nie agterweë gebly nie. David Lombaard het oor die dokwerkerstaking van 1917 geskryf terwyl Jane Carruthers navorsing gedoen het oor die voorsiening van elektrisiteit vanaf 1875 tot en met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog.[144]

In 1988 verskyn Vivian Bickford-Smith van die Universiteit van Kaapstad se *Commerce, class and ethnicity in Cape Town, 1875 to 1902.*[145] Dit word in 1995 opgevolg deur *Ethnic pride and racial prejudice in Victorian Cape Town: Group identity and social practice, 1875-1902*.[146] Hierdie publikasies handel oor spesifieke probleme binne die Suid-Afrikaanse stedelike gemeenskap en die hooftema is die ontwikkeling van segregasie in Kaapstad ná 1875. Die probleem van die totstandkoming van rasse en etniese identiteite gedurende dié tydperk word beklemtoon en ekonomies-sosiale probleme, soos armoede, word toegelig. Verskeie historici het reeds oor die ontstaan van stedelike segregasie in Suid-Afrika geskryf. Wat Bickford-Smith se weergawe uniek maak, is dat dit 'n geheelbeeld van etniese verhoudinge binne 'n stedelike gebied weergee. Die ontstaan van 'n kultuuretniese bewussyn onder die Kaapse bruin bevolking word ook aangetoon. Volgens Saunders, wat die werk geresenseer het, lewer hierdie publikasie 'n groot bydrae tot plaaslike geskiedskrywing.[147] Aan die hand van oorsake, die omvang en gevolge van groepsidentiteit in Kaapstad en die verhouding tussen groepe, word die totstandkoming van etnisiteit en rassisme

143 Haar navorsing sou uiteindelik uitloop op 'n doktorale proefskrif. E. Van Heyningen, "Public health in Cape Town, 1880 - 1910," unpublished Ph.D thesis, University of Cape Town, 1989.

144 A. de V. Minnaar, Boekbespreking. C. Saunders, (et al.), *Studies in the history of Cape Town*, Vol. 5, *Contree*, (16), Julie 1984, pp. 31 en 32; J.L. Hattingh, Boekbespreking. C.C. Saunders, (et al), *Studies in the history of Cape Town*, *Contree*, (27), 1990, pp. 33 en 34.

145 V. Bickford-Smith, *Commerce, class and ethnicity in Cape Town*, *1875 to 1902*, Cambridge, 1988.

146 V. Bickford-Smith, *Ethnic pride and racial prejudice in Victorian Cape Town: Group identity and social practice, 1875-1902*, Cambridge University Press, Cambridge, 1995.

147 C. Saunders, Racial segregation, ethnicity and exectionalism: The case of Cape Town, *South African Historical Journal*, 32, May 1995 pp. 233-237 en 245.

as 'n gevallestudie ontleed. Parallelle word met ander stede, soos Londen en Buenos Aires, getrek.[148]

Bickford-Smith was ook een van die medeskrywers van *Cape Town: the making of a city*[149] en *Cape Town in the twentieth century: an illustrated history*.[150] Dié twee publikasies oorspan die moederstad se geskiedenis oor bykans vier eeue. Albei boeke is ryklik geïllustreer. Die eerste publikasie is 'n kronologie van die stad se geskiedenis vanaf die vroeë sewentiende eeu tot op die vooraand van die Anglo-Boereoorlog in 1899. Dit vertel die geskiedenis van die ontwikkeling van Kaapstad vanaf 'n verversingspos tot, in daardie stadium, die hoofstad van een van die sleutelkolonies van die Britse Ryk. Die teks word aangevul deur verwysings na opvattings van besoekers aan en inwoners van die hawestad. Die tweede publikasie begin met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog en eindig met Kaapstad in die negentigerjare van die twintigste eeu.[151]

In die Suid-Afrikaanse historiografie kan twee tipes stedelike geskiedskrywing onderskei word. Die eerste is soms antikwaries en Eurosentries van aard en inhoudelik word die klem gewoonlik op die lewenswyses en kultuur van die stedelike elite geplaas. Die meeste gepubliseerde stedelike geskiedenis is in hierdie styl geskryf. Die tweede benadering is meer analities en krities van aard en daar is 'n klemverskuiwing wat die inhoud betref. Die vraagstukke wat onder die loep geneem word, is beleid en bestuur en die invloed van hierdie beleide op die minder gegoede gemeenskappe van 'n stad. Die fokuspunt word die "gewone" mense, hulle leiers en hoe hulle in die stedelike gebiede probeer oorleef.[152] Daar bestaan 'n besliste behoefte aan publikasies wat die afgeskeepte fasette, soos 'n stad se ontluikende ekonomie en die invloed daarvan op die swart gemeenskappe, werkersorganisasies, nuwe woongebiede en plakkerskampe, onder die loep neem.

---

148 Bickford-Smith, *Ethnic pride and racial prejudice in Victorian Cape Town*, verklaring op teenblad van publikasie.

149 N. Worden, E. van Heyningen, V. Bickford-Smith, *Cape Town: the making of a city*, Cape Town, 1998.

150 N. Worden, E. van Heyningen, V. Bickford-Smith, *Cape Town: the making of a city: An illustrated social history*, Claremont, 1999.

151 N. Worden, E. van Heyningen, V. Bickford-Smith, *Cape Town: the making of a city*, Preface/Voorwoord, p. 7.

152 P. Maylam en I. Edwards (eds.), *The people's city: African life in twentieth-century Durban*, p. xi.

'n Besondere publikasie wat bogenoemde leemte belig, is *The people's city: African life in twentieth-century Durban* wat, onder redaksie van Paul Maylam en Ian Edwards van die Natalse Universiteit, die lig gesien het.[153] Dié publikasie bestaan uit elf essays waarin historici en sosioloë verskeie fasette van die alledaagse lewe in een van die belangrikste hawestede in Afrika beskryf. Vir die eerste keer word Durban se minder gegoede klasse se geskiedenis geboekstaaf en word die lief en leed van die stedelike swart werker verken. Die boek val in drie hoof gedeeltes uiteen. In die eerste gedeelte word die alledaagse lewe van Durban se mense nagespeur. Die eerste en tweede gedeelte word op 'n treffende wyse geskei deur 'n gedeelte getiteld *The people's city: An essay in pictures*. Die tweede deel fokus op die werkers van die hawestad en daar word onder meer na werkersunies verwys. 'n Besondere essay is R. Posel se *Amahashi: The Ricksha-pullers of Durban* wat 'n kort oorsig en vertolking van die Riksjatrekker se rol in die stad se publieke vervoerstelsels gee. Dit bevat onder meer ook statistieke oor die bedryf gedurende die tydperk 1895 tot 1985.[154] Die derde en laaste gedeelte van die boek handel oor die omliggende swart woongebiede.

Die boek het egter ook gebreke soos deur die resensent N.T. Sambureni, voorheen verbonde aan UNISA, uitgewys is. Volgens hom is daar 'n gebrek aan samehorigheid en hy meen dat die redakteurs net gepubliseer het wat binne hul eie belangstellingsveld geval het. Een van die grootste leemtes van dié publikasie is tydsafbakening. Die titel suggereer dat dit die geskiedenis van die mense van Durban tydens die twintigste eeu is, maar party besprekings hou so vroeg as die einde van die 1950's op en ander in die 1970's en 1980's. Die resensent meen dat ingrypende gebeure, soos die dokwerkerstaking en fasette, soos die rol van Durban as 'n Afrika-hawe, ook aandag regverdig en dat die weglating daarvan besliste leemtes laat.[155] Hierdie publikasie is een van die toonaangewendste stadsgeskiedenisse wat nog verskyn het en lewer 'n besliste bydrae tot die Suid-Afrikaanse historiografie.

---

153 P. Maylam en I. Edwards (eds.), *The people's city: African life in twentieth-century Durban*, Pietermaritzburg, 1996.

154 R. Posel, "Amahashi: The ricksha-puller of Durban," in Maylam en Edwards (eds.), *The people's city: African life in twentieth-century Durban*, pp. 203-216.

155 N.T. Sambureni, Boekbespreking. P. Maylam and I. Edwards (eds.) *The people's city: African life in twentieth-century Durban*, *Kleio,* (XXIX), 1997, p. 200.

Die plekgeskiedenis van swart plakkerskampe, lokasies, *"townships"*, dorpe en stede is 'n spesifieke veld wat nog braak lê. In die redaksionele artikel "Plaaslike geskiedenis: 'n veelkantige en uiteenlopende vakgebied," merk Minnaar op dat etniese en swart plaaslike geskiedenis hoofsaaklik deur die revisionistiese historici en neo-Marxistiese sosioloë geskryf is.[156] Hierdie leemte is ook deur Hilary Sapire van Birkbeck College, van die Universiteit van Londen, uitgewys. In 'n hoofstuk getiteld "African Political Organisations in Brakpan in the 1950's" in *Apartheids genesis 1935-1962,* wat onder redaksie van P. Bonner, P. Delius en D. Posel verskyn het, analiseer sy die kompleksiteit en afwisselende sosiale en politieke tendense van die swart nedersetting in die Brakpan munisipale gebied. Sy beklemtoon dat, ten spyte van die feit dat daar baie oor die stedelike swart politieke weerstand tydens die 1950's geskryf is, hierdie geskiedskrywing selde plaaslik van aard is. Met die skryf van dié hoofstuk probeer sy die belangrikheid van die swart politieke weerstandsbewegings van die 1950's na plaaslike lokaliteite, soos Brakpan, afwentel.[157] In die artikel, "Politics and protest in shack settlements of the Pretoria-Witwatersrand-Vereeniging region, South-Africa, 1980-1990," wat in 1992 verskyn het, beklemtoon sy weereens dié leemte deur daarop te wys dat die militante versetpolitiek van die 1980's baie akademiese en joernalistieke aandag gekry het, terwyl:

> ...*the radicalisation of township politics, the experience and consciousness of significant sections of the black urban worlds outside of formal township housing estates, thus beyond the organisational reach of formal organisations, have remained hidden in the literature*.[158]

Sapire se bydrae tot die boekstawing van swart stedelike geskiedenis moet nie gering geskat word nie

Nog 'n leemte in die swart plaaslike geskiedenis is dat daar redelik min swart historici is wat hulle hand aan die skryf van swart landelike en stedelike geskiedenis gewaag het. In 'n reeks van vier artikels wat in *Militaria* verskyn het, herinterpreteer D.H. Makobe van die Suid-Afrikaanse Verdedigingsmag, die

---

156 A. de V. Minnaar, "Plaaslike geskiedenis: 'n veelkantige en uiteenlopende vakgebied," *Contree*, (25), 1989, p. 4.

157 H. Sapire, "African political organizations in Brakpan in the 1950's," in P. Bonner, P. Delius, and D. Posel (eds.), *Apartheid genesis 1935-1962*, pp. 252 en 253.

158 H. Sapire, "Politics and protest in shack settlements of the Pretoria-Witwatersrand-Vereeniging region, South Africa, 1980-1990," *Journal of Southern African Studies*, Vol. 18 (3), September 1992.

Bulhoek-insident van 1921.[159] Makobe se doel met die skryf van die artikels was om 'n hersiene en volgens hom 'n geloofwaardiger weergawe van die gebeurtenis te gee. In die eerste twee artikels word die oorsprong van Enoch Mgijima se Israeliete, hulle konfrontasie met die gereg en die ongevalle weergegee. Daar is veral gepoog om die korrekte ongevallesyfer te bepaal. Die derde artikel fokus op die reaksie op en vertolking van die insident. Hy verwys na die publieke menings van die tyd. Die reeks artikels word afgesluit met 'n ontleding van moontlike verdraaiing van die feitemateriaal binne die konteks van die *"Peoples history*". [160] Goeie bronnenavorsing is gedoen, want bo en behalwe argivale bronne, is koerantknipsels uit die *Imvo Zabatsundu, Queenstown Daily Representative, Daily Dispatch, Cape Town Times* en *Rand Daily Mail* gebruik. Bulhoek se geografiese ligging word op 'n kaart van Suid-Afrika aangedui. Met 'n spesifieke streekskaart kon Bulhoek se fisiese ligging heel moontlik beter aangedui gewees het. Die artikels word verder met 'n sketskaart van die insident en relevante foto’s toegelig. Die vier artikels saam is 'n besonderse stuk plekgeskiedenis.

Die swart Suid-Afrikaanse historikus, S.S. Malinga, het sy M.A.-verhandeling en doktorale proefskrif oor swart stedelike geskiedenis vanuit 'n swart perspektief geskryf. In sy M.A.-verhandeling het hy, met spesifieke verwysing na Daveyton, faktore bepaal wat tot die totstandkoming van *township*s in Suid-Afrika gelei het.[161] Sy doktorale proefskrif, *The development of informal settlements in South Africa, with particular reference to informal settlements around Daveyton on the East Rand, 1970-1999*, lewer 'n besliste bydrae tot Suid-Afrikaanse plaaslike geskiedskrywing. Dit is nie net 'n verbreding van sy M.A.-tema nie, maar ondersoek ook die plakkergemeenskap in Daveyton.[162] In samewerking

---

159 D.H. Makobe, “The Bulhoek massacre: origins, casualties, reactions and historial distortions,” *Militaria*, 26 (1), 1996, p. 22; “Confrontation with the police: the Israelites of Enoch Mgijima and the Bulhoek massacre of 14 May 1921," *Militaria*, 26 (1), 1996, pp. 23-37; “The price of fanatism: the casualties of the Bulhoek massacre,” *Militaria*, 26 (1),1996, pp. 38 - 41; “Understanding the Bulhoek massacre: voices after the massacre and down the years,” *Militaria*, 26 (2), 1996, pp. 98-105; “Religious fanatics that became political heroes: the historical distortions of the Bulhoek massacre,” *Militaria*, 26 (2), 1996, pp. 106-112.

160 D.H. Makobe, “The Bulhoek massacre: origins, casualties, reactions and historical distortions,” p. 22.

161 S.S. Malinga, “The establishment of black townships in South Africa with particular reference to the establishment of Daveyton Township on the East Rand,”unpublished M.A.-dissertation, RAU, November 1997, p. iv.

162 S.S. Malinga, “The development of informal settlements in South Africa, with particular reference to informal settlements around Daveyton on the East Rand, 1970-1999," unpublished Det. Phill. thesis, RAU, 1999, p. 21.

met die historikus G. Verhoef, verbonde aan die destydse RAU, het hy 'n artikel oor behuising in en om Daveyton geskryf.[163] Die artikel, *"Housing in Daveyton and surrounding areas: history, theory and people's lives, 1970-1999*," belig die behuisingsprobleme wat in dié *township* in die 1970's bestaan het en wat tot die ontstaan van plakkerskampe aanleiding gegee het. Dit analiseer en evalueer ook die plaaslike en regeringsbeleid ten opsigte van dié probleme. In die laaste plek verwys dit na die Daveyton-gemeenskap se reaksie op die voorsiening van behuising.

Landbou is van kardinale belang vir enige land en is 'n faset wat verdien om in 'n nasionale historiografie weerspieël te word. Dit is ook 'n onderwerp wat geskik is vir die skryf van plaaslike geskiedenis. In 1954 het P. Naudé sy doktorale proefskrif, "Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1858-1899," voltooi.[164] In 1982 merk Eloff op dat daar in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing relatief min aandag aan landbougeskiedenis gegee is.[165] Sedertdien het daar egter noemenswaardige publikasies oor landbou en grondregte die lig gesien. In 1986 het *Putting a plough to the ground: accumulation and dispossession in rural South Africa, 1850-1930* onder redaksie van W Beinart, P. Delius en S. Trapido verskyn.[166] Gedurende die negentigerjare van die twintigste eeu het 'n aantal publikasies verskyn wat landbou en verwante aspekte aanspreek. Onder die redaksie van M. de Klerk het *A harvest of discontent: the land question in South Africa* in 1991 verskyn.[167] Michael Lipton, Frank Ellis en Merle Lipton se *Land, labour and livelihoods in Southern Africa* is in 1996 gepubliseer.[168] Onder redaksie van S. Meer het *Women, land and authority: perspectives from South Africa* in 1997 verskyn. Hierin word die rol van die vrou in landou geëvalueer.[169] A. Harley en R. Fotheringham se *South Africa: 20 Years in the land rights struggle* het in 1999 verskyn.[170] Hierdie publikasies is egter almal algemeen van

---

163 S.S. Malinga en G. Verhoef, "Housing in Daveyton and surrounding areas: history, theory and people's lives, 1970-1999," *New Contree*, (48), November 2000, p. 7.

164 P. Naudé, "Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1858-1899," ongepubliseerde D. Litt et Phil. proefskrif, UNISA, 1954.

165 C.C. Eloff, "Agrariese geskiedenis en streekhistoriese navorsing," *Contree* (14), Julie 1983, p. 25.

166 W. Beinart, P. Delius, S. Trapido, *Putting a plough to the ground: accumulation and dispossession in rural South Africa, 1850-1930*, Johannesburg, 1986.

167 M. de Klerk (ed.), *A harvest of discontent: the land question in South Africa*, Mowbray Cape Town, 1991.

168 M. Lipton, F. Ellis en M. Lipton, *Land labour and livelihoods in Southern Africa*, Durban, 1996.

169 S. Meer, *Women, land and authority: perspectives from South Africa*, Cape Town, 1997.

170 A. Harley and R. Fotheringham, *South Africa: 20 Years in the land rights struggle*, Pietermaritzburg, 1999.

aard en is nie die geskiedenis van 'n landbouer of landbougemeenskap van 'n spesifieke streek of plek nie. Spesifieke landbou-geskiedenis bly steeds 'n onderafdeling van die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing wat braak lê en wat met vrug nagevors en opgeteken kan word.

In 1996 verskyn 'n biografie oor 'n swart kleinboer van die destydse Suidwes-Transvaal. Die Suid-Afrikaanse historikus, Colin Bundy, het na hierdie publikasie as *"a major event in South African scholarship"* verwys.[171] In Charles van Onselen[172] se *The seed is mine: The life of Kas Maine, a South African sharecropper 1894-1985,* word die plattelandse ekonomiese en sosiale verhoudinge in dié streek ontleed.[173] Nie alleen is die onderwerp, 'n swart landbouer, ongewoon nie, maar die streek, die voormalige Suidwes-Transvaal, is een van die minder bekende streke van Suid-Afrika. Nog nooit tevore is 'n biografie van hierdie omvang oor 'n individu van die swart landelike burgery geskryf nie. Die publikasie is voorafgegaan deur drie artikels wat oor swart landelike boerdery in Suid-Afrika handel. Hierdie artikels is in internasionale vaktydskrifte gepubliseer.[174]

Volgens Bundy lê die verhaal op twee vlakke. Die eerste is die ekonomiese geskiedenis van Kas Maine. Hy was 'n veelsydige swart kleinboer, veeteler, ambagsman, handelaar en spekulant. Hy het om die helfte op 'n wit grondeienaar se plaas 'n bestaan gemaak (*share-cropper*) en uiteindelik, as gevolg van die instelling en uitvoering van die rassebeleid, sy dae in die stedelike ghetto's van Bophuthatswana geslyt. Die tweede is die menslike verhaal van Kas Maine, die hoof van 'n familie, eggenoot en vader. Die

171 C. Bundy, "Review article. Comparatively speaking: Kas Maine and South African Agrarian History," *Journal of Southern African Studies*, Volume 23 Number 2, June 1997, p. 363.

172 C. van Onselen is tans (2007) 'n navorsingsprofessor in die departement Historiese en Erfenisstudie in die Fakukteit Geesteswetenskappe van die Universiteit van Pretoria.

173 C. van Onselen. *The seed is mine: The life of Kas Maine, a South African sharecropper, 1894 - 1985*, New York, 1996.

174 Die drie artikels wat Charles van Onselen se *The seed is mine: The life of Kas Maine, a South African sharecropper 1894-1985*, voorafgegaan het; C. van Onselen, "Race and class in the South African countryside: cultural osmosis and social relations in the sharecropping economy of the South Western Transvaal, 1900-1950," *American Historical Review*, 95, 1, 1990, pp. 99-123; C. van Onselen "The social and economic underpinnings of paternalism and violence on the maize farms of the South-Western Transvaal, 1900-1950," *Journal of Historical Sociology*, 5 (2), 1992, pp.127-160; C. van Onselen "The reconstruction of rural life from oral testimony: critical notes on the methodology in the study of a black South African sharecropper," *Journal of Peasant Studies*, 20 (3), 1993, pp. 494-514.

publikasie is in 'n groot mate op onderhoude gebaseer wat die skrywer met Kas Maine, ander swart kleinboere, familielede en wit grondeienaars gevoer het. Bundy en 'n mede-Suid-Afrikaanse historikus, Jeff Guy, is egter nie altyd oortuig dat Kas Maine aan die woord is nie. Hulle vind sekere opmerkings vreemd aan 'n landelike Sotho spreker.[175] Soos ander historici wêreldwyd beskou L. Grundlingh Van Onselen se boek as 'n mylpaal in Suid-Afrikaanse sowel as Westerse historiografie.[176]

Soos reeds gemeld, is die temas wat deur plaaslike geskiedenis belig kan word wydgeskakeer. 'n Publikasie wat die argitektuur van die Kaap beskryf is die hersiene uitgawe, van H. Fransen en M.A. Cook se *The old houses of the Cape: a survey of the existing buildings in the traditional style of architecture of the Dutch-settled regions of the Cape of Good Hope*[177] wat in 1980 onder die nuwe titel, *The old buildings of the Cape: a survey and description of old buildings in the Western Province*, verskyn het.[178] Die inleiding handel oor die ontstaan en ontwikkeling van die Kaapse gewel, waarna 'n beskrywing van bestaande, sowel as reeds vergane, geboue in die Wes-Kaap volg. Die gebied strek vanaf Kaapstad tot by Calvinia in die noorde en Graaff-Reinet, Colesberg en Uitenhage in die ooste. Streekskaarte en dorpsplanne maak dit vir die leser moontlik om die presiese ligging van geboue te bepaal. Volgens die resensent, Oberholster, is hierdie 'n besondere naslaanwerk en lewer dit 'n kultuurhistoriese bydrae tot die Suid-Afrikaanse historiografie. Dit sorg ook dat hierdie inligting aan die vergetelheid ontruk word.[179]

Die Afrikaanse romanskrywer Karel Schoeman het, individueel en in samewerking met ander, die Vrystaatse geskiedenis sowel as die Suid-Afrikaanse plaaslike en streeksgeskiedskrywing verryk. In 1980 verskyn

175 Bundy, "Review article. Comparatively speaking: Kas Maine and South African Agrarian History," pp. 366-368.

176 Grundlingh, "Streeksgeskiedenis: 'n Ideale navorsingsgebied," p. 94.

177 H. Fransen and M.A. Cook, *The old houses of the Cape: a survey of the existing buildings in the traditional style of architecture of the Dutch-settled regions of the Cape of Good Hope*, Cape Town, 1965.

178 H. Fransen and M.A. Cook, *The old buildings of the Cape: a survey and description of old buildings in the Western Province*, Cape Town, 1980.

179 A.G. Oberholster, Boekbespreking. H. Fransen en M.A. Cook, *The old buildings of the Cape: Contree*, (12), Julie 1982, p. 31.

*Bloemfontein: Die ontstaan van 'n stad 1846-1946*.[180] Van meet af aan word die ontstaan en groei van Bloemfontein teen die breër historiese agtergrond van die eertydse Boererepubliek, Britse kolonie en die Oranje-Vrystaat provinsie geskets. Die resensent, Eloff, wys daarop dat dít 'n eis is waaraan plaaslike geskiedenis moet voldoen. Hoewel die bronnenavorsing omvattend is, meen Eloff dat sekere argriefgroepe, soos die argiewe van die Staatsprokureur, die Ouditeur-Generaal, die President en die *Governor and Military Governor,* met vrug gebruik kon gewees het.[181] In 1985 verskyn *Boukunsskatte van die Vrystaat/Free State heritage*, 'n gesamentlike publikasie van Schoeman en Vladimir Steyn. Die aanvanklike navorsing is deur S.M. Botes en C.J.O. Groenewald gedoen. Anne Barnard was verantwoordelik vir die pentekeninge en Steyn het die teks in Engels vertaal.[182] Die grootste tekortkoming volgens die resensent, D.J. van den Berg, is dat die sewe-en-veertig geboue wat beskryf en geteken is nie gelokaliseer kan word nie omdat geen dorps- of streekskaarte ingesluit is nie. Ten spyte van genoemde tekortkominge is die publikasie 'n voorbeeld van die omvangrykheid van plaaslike geskiedenis.[183]

Hulpbronne soos atlasse, woordeboeke en bibliografieë is onontbeerlik vir die boekstawing van plaaslike en streeksgeskiedenis. Op hierdie gebied het daar sedert die 1980's verskeie publikasies verskyn. In 1984 verskyn Schoeman se *Bibliography of the Orange Free State until 31 May 1910*.[184] Hierdie publikasie bevat nagenoeg 2 600 geannoteerde inskrywings wat 'n wye veld dek en gedrukte asook afgerolde materiaal; soos boeke, brosjures, vlugskrifte, programme, koerante, artikels, ongepubliseerde proefskrifte en verhandelings wat tot die einde van 1983 verskyn het, insluit. Die teks, die register van skrywers en onderwerpe is in Engels en dit verleen aan hierdie publikasie internasionale bruikbaarheid. Dit dek die politieke en sosio-ekonomiese ontwikkeling van die streek en verwys na alle groepe van die Vrystaatse bevolking. Eloff, wat die werk geresenseer het, is van mening dat dit 'n nuttige

---

180 K. Schoeman, *Bloemfontein: Die ontstaan van 'n stad 1846-1946*, Kaapstad, 1980.

181 C.C. Eloff, Boekbespreking. K. Schoeman, *Bloemfontein: Die ontstaan van 'n stad 1846-1946*, *Contree,* (9), Januarie 1981, p. 32.

182 K. Schoeman (et al), *Boukunsskatte van die Vrystaat/Free State heritage*, Roodepoort, 1985.

183 D.J. van den Berg, Boekbespreking. Karel Schoeman, *Boukunsskatte van die Vrystaat/ Free State heritage*, *Contree,* (23), Maart 1988, p. 31.

184 K. Schoeman, *Bibliography of the Orange Free State until May 1910,* Cape Town, 1984.

hulpmiddel is wat ook die minder bekende bronne insluit en waardevol kan wees vir enige navorser wat in die totale geskiedenis van die Vrystaat belangstel.[185]

Bergh het in samewerking met ander akademici reeds twee geskiedenisatlasse die lig laat sien. In 1985 verskyn *The Eastern Cape frontier zone, 1660-1980: A cartographic guide for historical research*.[186] Die teks wat bykans veertig kaarte toelig, getuig van deeglike argivale navorsing en bronnestudie. In 1999 verskyn *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika: Die vier noordelike provinsies*.[187] Die oogmerk van die publikasie was onder meer, om die aandag op die voorkoloniale gemeenskappe te vestig en om die rol van die swart volke in die ontwikkeling van Suid-Afrika aan te toon. Die interaksie tussen die mens en sy fisiese omgewing, kultuur- en bewaringsaspekte soos natuurbewarings-gebiede, kultuurhistoriese terreine, demografiese tendense en aspekte van die ekonomie en infrastruktuur word in hierdie publikasie beskryf. Baie van die onderwerpe en temas word vir die eerste keer kartografies en wetenskaplik op kaart aangebring.[188] Volgens Oberholster, wat die publikasie geresenseer het, lewer hierdie publikasie 'n groot bydrae tot streeksgeskiedskrywing.[189]

P.R. Raper se tweede uitgawe van *Dictionary of Southern African place names* het in 2004 verskyn.[190] Eloff het die publikasie geresenseer. Volgens hom is die tweede uitgawe nie eintlik 'n verbetering op die eerste uitgawe is nie, maar dit bly nogtans 'n sekondêre bron wat met vrug gebruik kan word.[191]

---

185 C.C. Eloff, Boekbespreking. K Schoeman (samesteller), *Bibliografie van die Oranje Vrystaat*, *Contee,* (18), Julie 1985, pp. 31 en 32.

186 J.S. Bergh and J.C. Visagie, *The Eastern Cape frontier zone, 1660-1980: A cartographic guide for historical research*, Durban/Stoneham, 1985.

187 J.S. Bergh (red.), *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika: Die vier noordelike provinsies*, Pretoria, 1999.

188 J.S. Bergh (red.), *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika: Die vier noordelike provinsies*, Voorwoord, p. ix.

189 A.G. Oberholster, Boekbespreking. J.S. Bergh en J.C. Visagie, *The Eastern Cape frontier zone 1660 -1980: a cartographic guide for historical research*, *Contree,* (20), Julie 1986, pp. 34 en 35.

190 P.R. Raper, *Dictionary of South African place names*, (2nd ed.), Johannesburg, 2004. Die publikasie is twee keer hierna hersien en die nuutste uitgawe is, P.R. Raper, *New dictionary of South African place names*, Johannesburg, 2004.

191 C.C. Eloff, Boekbespreking. P.E. Raper, *Dictionary of Southern African place names*, *Contree,* (28), Oktober 1990, pp. 32 en 33.

**Machadodorp en omliggende dorpe**

As daar op plaaslike en streeksgeskiedskrywing oor die groter streek van Mpumalanga met spesifieke verwysing na Machadodorp en omliggende dorpe gelet word, blyk dit dat daar reeds sedert die jare dertig van die twintigste eeu 'n aantal publikasies verskyn het. Hierdie publikasies sluit gedenkskrifte en artikels in vak- sowel as populêre tydskrifte in. Daar is ’n aantal akademiese verhandelings wat oor die geskiedenis van die streek handel. Die meeste hiervan is ongepubliseerd. Dit is opvallend dat die temas waaroor die akademiese werke handel hoofsaaklik in die Voortrekker en ZAR-tydperke val.

Oor die vroeë geskiedenis van Lydenburg is daar gedurende die tydperk 1931 tot 1966 vyf verhandelings voltooi. In 1931 het T.A. du Plessis sy M.A.-verhandeling, "Republiek Lydenburg 1856-1860," voltooi.[192] Dit handel net oor die bestaansjare van hierdie republiek. In 1941 het A.P. van der Merwe sy M.A.-verhandeling, "Die voorgeskiedenis van die Republiek Lydenburg," voltooi.[193] In 1950 het R. Peacock 'n M.A.-verhandeling, "Geskiedenis van die Lydenburg se Goudvelde tot 1881," voltooi.[194] In 1966 het G.D.J. Duvenage sy D. Litt. et Phil-proefskrif, "Die Republiek Lydenburg in Suid-Afrika - agtergrond, ontstaan en einde," voltooi.[195] Duvenage gee 'n geheelbeeld van die republiek se geskiedenis wat met kaarte en een dorpsplan toegelig is. Die politieke geskiedenis is sterk op die voorgrond en dit is witsentries. Die proefskrif bevat 'n beskrywing van die pioniersgeskiedenis wat as agtergrond vir die eerste wit setlaars van die Machadodorp-omgewing kan dien. 'n Meer onlangse verhandeling is S. Schirmer se "Democracy, culture and removals: the history of black-spot communities in Lydenburg 1943-961." Dit handel oor die verskuiwing van swart mense in die Lydenburg-streek en is in 1994 voltooi.[196]

192 T.A. du Plessis, “Republiek Lydenburg 1856 - 1860,” ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1931.

193 A.P. van der Merwe, “Die voorgeskiedenis van die Republiek Lydenburg,” ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria , 1941.

194 R. Peacock, “Geskiedenis van die Lydenburg se Goudvelde tot 1881," ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1950.

195 G.D.J. Duvenage, “Die Republiek Lydenburg in Suid-Afrika - agtergrond, ontstaan en einde,” ongepubliseerde D. Litt et Phil. proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika, 1966.

196 S. Schirmer, *Democracy, culture and removals: the history of black-spot communities in Lydenburg, 1943-1961*, unpublished M.A.-dissertation, University of the Witwatersrand, 1994.

Oor die groter suid-oostelike Mpumalanga streek is 'n hele aantal akademiese proefskrifte en verhandelings voltooi. Daar gaan nie in besonderhede na hierdie werke verwys word nie, net voorbeelde sal aangetoon word.[197]

In 1986 het E.L Green 'n M.A.-verhandeling "Die geskiedenis van Middelburg (TVL) tot 1902," oor die vroeë geskiedenis van die dorp Middelburg voltooi. In hierdie verhandeling word na plaaslike bestuur, ekonomiese ontwikkeling, onderwys, die ontwikkeling op kerklike terrein en militêre aktiwiteite tot en met die afloop van die Anglo-Boereoorlog in 1902, verwys. Daar is spesifiek aandag aan die kwessie van die dorp se naamgewing gegee.[198]

In die militêre geskiedenis is 'n aantal ongepubliseerde M.A.-verhandelings oor die groter gebied voltooi. In 1954 voltooi P.H. Bisschoff "Die rol van die Middelburgse en Lydenburg se vrywilligers in die oorlog teen Sekukuni."[199] F.J. Grobler se "Die Carolina-Kommando in die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902," is in 1960 voltooi.[200] Hierdie verhandeling is met vrug gebruik om die deelname van die Machadodorp-burgers in die Anglo-Boereoorlog na te vors. B.G. Schultz se "Die Slag van Bergendal (Dalmanutha)," wat in 1974 voltooi is, handel in fyn besonderhede oor die aanloop tot en die afloop van die veldslag wat van 21 tot 27 Augustus 1900 geduur het.[201] Dit was die laaste veldslag voor die guerillafase van die Anglo-Boereoorlog. Hierdie veldslag was bepalend in Machadodorp se geskiedenis, aangesien die Britte die dorp daarna beset het. 'n Artikel oor Bergendal, "Die Longtomkanonne van die slag van Dalmanutha," deur B.V. Lombard het in 1984 verskyn.[202]

---

197 Voorbeelde van akademiese verhandelings oor die groter Suid-oostelike Mpumalanga streek: A.J.J. du Preez, “Die geskiedenis van Standerton,” ongepubliseerde M.A.-verhandeling, P.U. vir C.H.O, 1978; J.D.R. Opperman, “Die geskiedenis van Ermelo vanaf sy stigting (1860) tot 1902,” ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1948; J.A. Visser,“Die geskiedenis van die distrik Wakkerstroom tot 1877,” ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1944.

198 E.L. Green, “Die Geskiedenis van Middelburg (TVL) tot 1902,” p. xi.

199 P.H. Bisschoff, “Die rol van die Middelburgse en Lydenburg se vrywilligers in die oorlog teen Sekukuni,” ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1954.

200 F.J. Grobler “Die Carolina-Kommando in die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902," ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1960.

201 B.G Schultz, “Die Slag van Bergendal (Dalmanutha),” ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1974.

202 B.V. Lombard, “Die Longtomkanonne van die slag van Dalmanutha,” *Militaria* 14 (4) 1984. pp. 21-26.

Daar het reeds enkele gedenkskrifte oor Machadodorp en omliggende dorpe verskyn. In 1952 verskyn 'n gedenkboek, *Waterval-Boven 1894 tot/to 1952, Gedenkboek van die Vanriebeeckfeeskommissie* (sic), wat deur W.A. Lombard saamgestel is.[203] Die fokuspunt is die spoorwegontwikkeling op Waterval-Boven. Daar is egter geen verwysing na die vroeë swart nedersetters nie. In dieselfde jaar is 'n plaaslike publikasie oor Machadodorp, *Machadodorp Poskoetsfees 9 Januarie 1952 i.v.m. die van Riebeeckfees*, uitgegee. Dit gee 'n oorsigtelike beeld van hoofsaaklik die wit geskiedenis. Wat wel opvallend is, is die verwysing na twee primêre bronne, naamlik die proklamasie van Machadodorp as hoofstad van die ZAR in Junie 1899 en 'n mondelinge relaas oor president Paul Kruger se kerkbesoek tydens sy verblyf op die dorp.[204]

In 1986 verskyn die eeufeesgedenkskrif, *Carolina 1886-1986* deur H. Bornman.[205] Carolina is een van Machadodorp se buurdorpe. Dit is 'n tipiese gedenkskrif waar die geskiedenis deur welwillendheidsboodskappe van verskeie nasionale en plaaslike hooggeplaastes voorafgegaan word. Die publikasie begin met 'n kort beskrywing van die dorp se geografiese ligging, klimaat en bodemgesteldheid.[206] Die aanvang van die dorpsgeskiedenis word met die vestiging van die wit nedersetters gestel, hierna volg dorpstigting, dorpsproklamasie en die verkryging van afsonderlike distrikstatus op 21 Desember 1893.[207] Die dorp tydens die Anglo-Boereoorlog is 'n besondere gedeelte van dié gedenkskrif. In hierdie gedeelte word spesifiek na die rol van die Carolina-kommando verwys.[208] Die geskiedenis van die kommando se rol in die Suidwes-ekspedisie tydens die Eerste Wêreldoorlog en die uiteindelike ontbinding daarvan as 'n protesaksie teen Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog word weergegee.[209] Die res van die publikasie is 'n beknopte geskiedenis van die dorp tot en met 1986, waarin 'n wye spektrum van dorps-, gemeenskaps- en omgewingskwessies tematies-kronologies aangebied

203 W.A. Lombard, (Samesteller) *Waterval-Boven 1894 tot/to 1952, Gedenkboek van die Vanriebeeckfeeskommissie* [sic], Hogeveld Pers, Ermelo, 1952.

204 Anoniem, *Machadodorp Poskoetsfees 9 Januarie 1952 i.v.m. die van Riebeeck-Fees*, 1952.

205 H. Borman, *Carolina 1886-1986*, Carolina, 1986.

206 H. Borman, *Carolina 1886-1986*, p. 15.

207 Ibid., pp. 15-21, 23.

208 Ibid., pp. 25-29.

209 Ibid., pp. 33 en 38.

word. Hierdie gedenkskrif beantwoord in 'n mate aan sommige van die vereistes wat aan plaaslike geskiedskrywing gestel word.

Die dorpsraad van Machadodorp het in Mei 1986 die Instituut vir Beplanning en Ontwikkeling van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) genader om 'n struktuurplan vir die dorp op te stel. Die opnames is deur derdejaarstudente in geografie, onder leiding van dr. A. Nieuwoudt (stads- en streeksbeplanner) en dr. J.J. van Zyl (bedryfsekonoom) gedoen. Hierdie bevindings het in April 1987 as *Machadodorp struktuurplan* verskyn.[210]

Oor Machadodorp, die onmiddellike en selfs breër streek, is daar weinig in vak- en populêre tydskrifte gepubliseer. Oor Dullstroom, een van Machadodorp se buurdorpe, het daar 'n paar artikels verskyn; D.J.C. van Wyk se artikel "Die stigting van Dullstroom in 1884" en "Dullstroom - heropbou 1903-1924."[211] C de Jong, voorheen verbonde aan die departement ekonomie van UNISA, se artikel "Dullstroom 1884-1948," het Junie 1985 in *Contree* verskyn. Hierdie kort artikel handel hoofsaaklik oor die dorp se stigtingsjare en individue soos H.T. Bührman, wat die Hollandse koloniste na die gebied gebring het en Wolterus Dull, na wie die dorp vernoem is. Slegs die laaste gedeelte van die artikel gee 'n voëlvlugoorsig van die dorp se ontwikkeling sedert 1910.[212]

In die argeologie en antropologie, belangrike buurwetenskappe vir die skryf van plaaslike geskiedenis, het daar tot aan die einde van die twintigste eeu niks spesifiek oor Machadodorp verskyn nie. Gedurende die 1950's is twee publikasies deur die destydse Departement van Naturellesake oor swart gemeenskappe van die Carolina en Barberton distrikte gepubliseer.[213] In die publikasie oor Carolina-distrik is daar verwysings na die vroeë swart nedersetters in die Machadodorp-omgewing. Gerhard de Kamper, 'n student in argeologie van die Universiteit van Pretoria, het *Machadodorp cultural resource*

210 A. Nieuwoudt en J.J. van Zyl (samestellers), *Machadodorp struktuurplan*, ongepubliseerde verslag, PU vir CHO, 1987.

211 D.J.C van Wyk, "Die stigting van Dullstroom in 1884" *Die Hervormer,* Oktober 1983, p.11; D.J.C. van Wyk, "Dullstroom - heropbou 1903-1924,"*Die Hervormer*, Julie 1984. p.8

212 C. de Jongh, "Dullstroom 1884-1984," *Contree,* (17), Junie 1985, pp. 29-31.

213 A.C. Myburgh, *The tribes of Barberton district*, Pretoria, 1949; A.C. Myburgh, *Die stamme van die distrik Carolina*, Pretoria, 1956.

*inventory and cultural significance assessment* in Oktober 2000 voltooi. Dit werp meer lig op die vroeëre inwoners van die omgewing.[214] In sy literêre navorsing kon hy net twee direkte verwysings na Machadodorp opspoor, naamlik 'n artikel deur P. Laider *South African native ceramics, their characteristics and classification* wat in 1938 verskyn het en 'n artikel van D. Collet *Excavations of stone-walled ruin types in the Badfontein valley, Eastern South Africa* wat in 1980 in die *South African Archaeological Bulletin* verskyn het.[215] Aangesien daar nog geen spesifieke argeologiese opgrawings in die omgewing gedoen is nie, bly die inligting slegs afleidings.

Twee amateur historici het hul hand aan geskiedenis, wat met Machadodorp en omgewing verband hou, gewaag. *The Bergendal Battle and the History of 'Oak Alley Farm,' Frischgewaagd,* wat deur W.A. Pott, 'n mede-eienaar van die plaas Frischgewaagd, geskryf is, is 'n poging "*to bring together both English, Afrikaans and foreign volunteer accounts of the battle.*" Dit is 'n taak wat hy nog nie as afgehandel beskou nie.[216] Dit handel oor die Slag van Bergendal en sluit af met 'n baie kort oorsig van die geskiedenis van die plaas Frischgewaagd. Die skrywer het hoofsaaklik van gepubliseerde dagboeke en sekondêre werke as bronnemateriaal gebruik gemaak. Geen primêre bronne is geraadpleeg nie.

Die ander dokument is 'n familiegeskiedenis, *S.A Venter, C.M.M. du Toit en hulle nageslag*. Hierdie werk is 'n penskets van twee van die oudste Afrikaner-families van Machadodorp. Ria van Zyl, 'n direkte afstammeling van albei families, het dié geskiedenis met deernis en toewyding saamgestel sodat dit vir 'n jonger geslag behoue kan bly.[217] Van die twee dokumente kan die laaste een die minste daarop aanspraak maak om 'n volwaardige geskiedenis te wees. Dit is jammer, want dit kon 'n bydrae tot die mensgeskiedenis van Machadodorp gewees het. Die Engelse geskiedskrywer, Hoskins, stel dit baie duidelik dat die

---

214 G. C. de Kamper, "Machadodorp cultural resource inventory and cultural significance assessment," unpublished report BA Archaeology (hons.) Department of Anthropology and Archaeology, Faculty of Human Sciences, University of Pretoria, October 2000.

215 De Kamper, "Machadodorp cultural resource inventory," pp. 6 en 66.

216 W.A. Pott, *The Bergendal Battle and the History of 'Oak Alley Farm' Frischgewaagd*, p. 12.

217 R. van Zyl, *S.A. Venter, C.M.M. du Toit en hulle nageslag*, Voorwoord.

amateur-historikus nooit dié status as verskoning mag gebruik vir amateuragtige geskiedskrywing nie.[218]

**Slot**

As die plek van plaaslike en streeksgeskiedenis binne die geskiedenis-wetenskap in oënskou geneem word, is dit duidelik dat hierdie genre van belang is vir nasionale geskiedskrywing. In Engeland en in die meeste Europese lande, asook in die VSA en Kanada, bestaan gevestigde plaaslike geskiedenistradisies. Hierdie tipe geskiedskrywing geniet ook in Australië aandag. Tot en met die laat 1970's het daar in die Suid-Afrikaanse historiografie 'n besliste leemte ten opsigte van dié genre bestaan. Hoewel publikasies oor baie fasette van plaaslike geskiedenis verskyn het, bly landbougeskiedenis steeds 'n veld wat braak lê. Daar bestaan ook 'n groot behoefte aan die bestudering en boekstawing van stedelike swart vestigings-geskiedenis wat veral vanuit die swart perspektief geanaliseer en gerekonstrueer moet word. As die veelsydigheid en die rykdom van plaaslike en streeksgeskiedenis in ag geneem word, sal daar altyd ruimte vir 'n geskiedenis oor 'n bepaalde plek wees.

Uit die voorafgaande oorsig oor die stand van plaaslike geskiedenis in die Suid-Afrikaanse historiografie en spesifieke verwysing na publikasies oor Machadodorp en die onmiddellike omgewing is dit duidelik dat 'n plaaslike geskiedenis oor Machadodorp van pas sal wees. Met hierdie verhandeling, "Machadodorp tot en met dorpstigting in 1904," word daadwerklik gepoog om 'n bydrae tot hierdie genre van die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing te lewer.

---

218 Hoskins, *Local history in England*, pp. 266 en 267.

# VOORWOORD

'n Plaaslike geskiedenis oor "Machadodorp tot en met dorpstigting in 1904," waarin die ontstaansgeskiedenis van hierdie dorp en omgewing nagevors en gerekonstrueer word, is noodsaaklik omdat hierdie geskiedenis nooit van tevore geboekstaaf is nie. Met hierdie verhandeling word daadwerklik gepoog om, in Afrikaans, 'n bydrae tot die Suid-Afrikaanse historiografie in die algemeen en plaaslike geskiedenis in die besonder te lewer. Die verhandeling fokus op die eerste twee fases van Machadodorp en omgewing se geskiedenis, naamlik die vroeë swart[1] en wit nedersettingsgeskiedenis en die geskiedenis van die gebied tot en met dorpstigting in 1904 wat 'n natuurlike afsluitingspunt is.

Die doel van hierdie verhandeling is om 'n "totale"[2] geskiedenis, volgens die beginsels van die Franse Annalesskool, oor Machadodorp en omgewing vanaf die voorkoloniale tydperk tot en met 1904 daar te stel. Om hierdie rede is die beginpunt van die omgewing se geskiedenis nie met die koms van die wit nedersetters gelyk gestel nie.

Die bronnenavorsing was interdissiplinêr en nie net histories primêre en sekondêre bronne is benut nie, maar inligting vanuit buurdissiplines soos geografie, argeologie en antropologie is met vrug gebruik.

Die geskiedenis van Machadodorp en omgewing mag nooit in isolasie nagevors, geïnterpreteer en gerekonstrueer word nie, daarom is elkeen van die hoofstuktemas telkens binne die breër nasionale (ZAR-tydperk), streek (oor-Vaalse gebied) en distrik (Lydenburg-en Carolina-landdrosdistrikte) historiese milieu geplaas. Hierdie verhandeling het voorts die daarstelling van 'n "mensgeskiedenis" ten doel en die klem is dus nie net op die politieke en administratiewe geskiedenis van die dorp geplaas nie. Die invloed van

1 Steen-en Ystertydperk

2 So 'n geskiedsbenadering is om, via 'n “nie-politieke geskiedenis,” by 'n “totale” en “integrale” geskiedenis uit te kom. Die term “totale” geskiedenis word gebruik om aan te dui dat dit 'n allesomvattende geskiedenis is wat die ekonomiese, sosiale, kulturele en politieke aspekte van 'n samelewing insluit. R. de Schryver, *Historiografie: Vijfentwintig eeuwen geschiedschrijving van West-Europa*, p. 353.

nasionale gebeure soos die aanlê van die *Oosterlijn*[3] en die Anglo-Boereoorlog[4] op die ontwikkeling van die dorp, sowel as op individue soos Jacob Middel en families soos die Venters en Snoecks, is aangedui.

Daar is relatief min spesifieke argeologiese opgrawings ter plaatse gedoen, met die gevolg dat daar geen spesialisverslae oor die Machadodorp-omgewing beskikbaar is nie, maar slegs sporadiese verwysings na enkele argeologiese vondse. Dit het hierdie ondersoek bemoeilik. Om die vroeë nedersettings-geskiedenis (Steen- en Ystertydperk) te rekonstrueer, is daar swaar op argeologiese en antropologiese sekondêre bronne gesteun. Totdat spesifieke spesialisnavorsing gedoen word, sal die skryf van hierdie vroeë geskiedenis slegs op veronderstellings berus.

Die navorsing en skryf van die omgewing se geskiedenis na die koms van die eerste wit nedersetters is in 'n groot mate op primêre bronnemateriaal gebaseer omdat daar min spesifieke sekondêre bronnemateriaal oor die dorp en sy inwoners bestaan. Breë riglyne is uit proefskrifte, verhandelings en algemene Suid-Afrikaanse geskiedenisse bekom. Sekondêre bronne soos vaktydskrif-artikels, gedenkskrifte, 'n ongepubliseerde verslag, 'n familie-geskiedenis en 'n relaas oor die Slag van Bergendal is gebruik.

---

3 Naam wat aan die spoorlyn gegee is. Anoniem, *In Memoriam*, p. 17. Dit is die benaming wat in dié verhandeling gebruik sal word.

4 Gedurende die twintigste eeu is daar oor die benaming van die oorlog gedebatteer. Volgens die Suid-Afrikaanse historikus, F.A. van Jaarsveld, was 'Boer War' vir die Engelse 'n aanduiding dat die Boere vir die begin van die oorlog verantwoordelik was, terwyl 'Engelse Oorlog' weer aangedui het dat Britse imperialisme die oorlog veroorsaak het. Hy verwys ook die strewe om 'onpartydig' te wees deur na die oorlog as die 'Suid-Afrikaanse Oorlog' / '*South African War*' te verwys. (F.A. van Jaarsveld *Van van Riebeeck tot Vorster 1662-1974 'n Inleiding tot die geskiedenis van die Republiek van Suid-Afrika*, Perskor, Johannesburg, 1969, voetnota 8, p. 234.) Gedurende die laaste helfte van die 1990's het die tendens om na die oorlog as die Suid-Afrikaanse Oorlog / *South African War* te verwys, sterk na vore gekom. Hiermee is gepoog om aan te toon dat dit 'n almalinsluitende oorlog was. 'n Voorbeeld van hierdie benadering is, C.Cuthbertson (et al), *Writing a wider war. Rethinking gender, race, and identity in the South African War 1899-1902,* David Philip, Cape Town, 2002. Kennis word geneem van bogenoemde tendens, maar in hierdie verhandeling word die benaming Anglo-Boereoorlog gebruik omdat dit in die meeste primêre en sekondêre bronne wat geraadpleeg is, voorkom. Die Suid-Afrikaanse historikus en kundige oor dié onderwerp, Fransjohan Pretorius van die Universiteit Pretoria, gebruik deurgaans in sy publikasies soos *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, Struik, Kaapstad, 1998, die benaming Anglo-Boereoorlog.

Primêre bronne is met groot vrug benut. Verskeie argriefgroepe in die Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB) in Pretoria is intensief nagevors. Die volgende argiefgroepe het betrekking op die ZAR-tydperk (1854-1902): die Argief van die Kommandant-Generaal (KG); die Leyds-Argief (LA); die Argief van die Nederlandsch Zuid-Afrikaansche Spoorweg Maatschappij (NZM); die Argief van die Proviand Kommissaris (PC); die Argief van die Registrateur van Aktes (RAK); die Argief van die Regeringskommissaris vir die Spoorweg (RCR) en die Argief van die Staatsekretaris (SS). Britse Koloniale argivalia soos die Argief van die Colonial Secretary (CS), die Great Britain Imperial Blue Books (BB) en Roberts Papers is nagevors om die tydperk vanaf die Slag van Bergendal (21 tot 27 Augustus 1900), tot dorpstigting in 1904 te rekonstrueer. Gepubliseerde argivalia soos jaarverslae van die NZASM, gedenkskrifte wat tydens die opening van *Oosterlijn* verskyn het, *Resolutions of the Executive Council*, Staatskoerante, Volksraadsbesluite en Uitvoerende Raadsbesluite is geraadpleeg. Die Argief van Machadodorp Urban District Board (MMC) is nagevors om die administratiewe geskiedenis van die dorp (1902 - 1904) te skryf. Die amptelike publikasies van die ZAR- sowel as Britse kolonialeregering is geraadpleeg.[5]

Koerante word as van die belangrikste bronne vir die skryf van plaaslike geskiedenis beskou. Beriggewing in *The Transvaler*, 'n plaaslike koerant wat op Lydenburg uitgegee is, *De Volkstem*, die nasionale koerant van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) en die Britse koerant, *The Times* is benut. Koerantartikels wat in twintigste eeuse Suid-Afrikaanse koerante soos *Die Transvaler* verskyn het wat betrekking het op gebeure tydens die tydperk onder bespreking (voor 1904), is gebruik.

Die verhandeling word tematies-kronologies aangebied. Die inhoud is in sewe hoofstukke ingedeel.

---

5 Sien volledige argivale lys in bronne p. 211.

Hoofstuk een, 'n literatuurstudie, dien as inleiding. In hierdie hoofstuk word die plek van plaaslike geskiedenis binne die raamwerk van die Westerse- en Suid-Afrikaanse historiografie bepaal. Die aard van plaaslike geskiedenis word omskryf deur onder meer  op die uiteenlopendheid en andersoortigheid van die bronnemateriaal wat tot die beskikking van die historikus is, te let. Deur na 'n aantal publikasies in dié genre te verwys, word 'n oorsig oor die ontwikkeling van plaaslike geskiedenis in Westerse- en Suid-Afrikaanse historiografie gegee. Om te bepaal of 'n plaaslike geskiedenis oor Machadodorp relevant en toepaslik is, is proefskrifte, verhandelings, gedenkskrifte en artikels wat oor die geskiedenis van Machadodorp en die groter streek handel, onder die loep geneem.

Volgens die Suid-Afrikaanse historikus, C. Saunders, is daar vereistes waaraan 'n plaaslike geskiedenis moet voldoen. Die plek onder bespreking moet geografies afgebaken wees en die fisiese omstandighede moet omskryf word.[6] In die kort, maar noodsaaklike hoofstuk twee word Machadodorp se strategiese en geografiese ligging asook fisiese faktore soos bodemgesteldheid en klimaat bespreek. Hierdie faktore is belangrik omdat dit nie net die vestigings- en ontwikkelingsgeskiedenis bepaal het nie, maar ook die bewaring van argeologiese getuienis beïnvloed.

In hoofstuk drie word daar op die vroeë vestigingspatrone in die groter Machadodorp-omgewing gefokus. Die algemene tendens in Suid-Afrikaanse plaaslike geskiedenis is om die geskiedenis van 'n dorp met die koms van die wit nedersetters gelyk te stel. In teenstelling hiermee begin hierdie bespreking met die vestigingsgeskiedenis van die eerste swart nedersetters. Dit word met dié van die eerste wit nedersetters opgevolg. Dit was moeilik om die eertydse swart vestigingspatrone na te vors omdat daar geen geskrewe primêre bronne hieroor bestaan nie en baie min daaroor in die geskiedenis geskryf is. Daar is, soos reeds gemeld, swaar op inligting uit die buurdissiplines argeologie en

6 C. Saunders, “What of regional history? Towards a history of the Western Cape”, *South African Historical Journal*, (22), 1990, p. 132.

antropologie gesteun. Deur kaarte wat onder meer in J.S. Bergh se *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika: die vier noordelike provinsies* (1985) verskyn het, te gebruik, is lig op hierdie vestigingspatrone gewerp. Heelwat is oor die wit vestigingsgeskiedenis gepubliseer wat die navorsing in hierdie onderafdeling gesteun het. Dit is ruimskoots met argivale bronnemateriaal aangevul.

Hoofstuk vier handel oor die bou van die *Oosterlijn* wat die kerngebeurtenis in die omvattende geskiedenis van Machadodorp is. Die bespreking vind plaas teen die breër agtergrond van die ZAR se spoorwegideale, die stigting van Nederlandsch Zuid-Afrikaansche Spoorweg Maatschappij (NZASM) en die bou van die spoorlyn. Die rol van generaal Joaquim José Machado, die persoon na wie die dorp vernoem sou word, word ontleed. Die spoorwegwerksaamhede op die plaas Geluk 29 en die invloed wat die bou van die spoorlyn op individue soos Jacob Middel gehad het, word behandel. Dié hoofstuk word afgesluit met 'n verwysing na die noodsaaklikheid vir die bou van die Ermelo- en die Lydenburgtakspoorlyn. Albei is eers na 1904 voltooi, maar die aanvoorwerk is reeds voor 1904 gedoen.

Dit blyk dat van die oorspronklike dokumente rakende die aanlê van die hoofspoorlyn, met die oorplasing van die spoorwegstukke van een van die destydse ZAR-departement na 'n ander, verlore gegaan het. Dit het 'n leemte, in veral die bronnemateriaal met betrekking tot die werksaamhede op die plaas Geluk 29, gelaat. Om hierdie leemte te vul, is die volgende primêre en sekondêre bronnemateriaal gebruik; die stasieplan van 1901, die kaart wat die onteiening van grond vir die spoorwegwerke voorstel, foto's en ander sekondêre bronne. Inligting vervat in R.C. De Jong, G.M. Van Der Waal, en D.H. Heydenrych se *NZASM 100, 1887-1899: The buildings steam engines and structures of the Netherlands South African Railway Company*, (Pretoria, 1988) was 'n waardevolle sekondêre bron waarna verwys is.

Machadodorp en Carolina was aanvanklik albei deel van die Lydenburg-landdrosdistrik. Toe Carolina in 1893 tot 'n afsonderlike landdrosdisdrik

geproklameer is, het die vraag tot watter landdrosdisdrik Machadodorp en die omliggende plase sou hoort, ontstaan. Hierdie belangrike administratiewe ontwikkeling (die Lydenburg-Carolina-grenskwessie) word in hoofstuk vyf geanaliseer. Die uiteinde hiervan sou langdurige administratiewe gevolge vir Machadodorp en die onmiddellike omgewing inhou. Daar is geen spesifieke sekondêre bronne oor hierdie tema beskikbaar nie en dié hoofstuk is hoofsaaklik op argivale bronne gebaseer.

Die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902, was die mees ingrypende gebeurtenis in Machadodorp se geskiedenis tot en met dorpstigting in 1904. In hoofstuk ses word omstandighede in en om Machadodorp tydens die Anglo-Boereoorlog ontleed. Daar word na die volgende aspekte tot einde Augustus 1900 verwys; die deelname van die Machadodorp-burgers aan die oorlog as lede van die Lydenburg- en Carolina-kommando's, Machadodorp as halfwegstasie, proviand- en ammunisie-magasyn en Machadodorp as tydelike setel van die Zuid-Afrikaansche Republiek na die val van Pretoria aan die begin van Junie 1900. Na die Slag van Bergendal (21 tot 27 Augustus 1900) het die Boeremagte die dorp ontruim waarna dit deur die Britse magte beset is. Die dorp se strategiese ligging aan die *Oosterlijn* was belangrik en Machadodorp is as versendingsdepot tot na die beëindiging van die oorlog gebruik. Die laaste gedeelte van die hoofstuk handel oor die militêre bedrywighede in en om Machadodorp tot aan die einde van die oorlog. Daar word ook kortliks gelet op die invloed van die oorlog op spesifieke individue.

Hoofstuk sewe is 'n kort hoofstuk wat oor die administratiewe proses waarvolgens Machadodorp tot dorpsgebied verklaar is, handel. Eerstens word daar op pogings tydens die ZAR-tydperk wat met die uitbreek van die oorlog onderbreek is, gekonsentreer. Die hoofstuk word afgesluit met die rekonstruksie van die uiteindelike proses van dorpsproklamasie gedurende 1902-1904. Hierdie proses (dorpsproklamasie) is in geen sekondêre bron geboekstaaf nie. Net primêre bronne, naamlik Britse koloniale dokumente en die Machadodorp-Argief, is gebruik om hierdie geskiedenis te skryf.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK 2

## GEOGRAFIESE LIGGING, KLIMAAT EN BODEMGESTELHEID

In hoofstuk 1 is na spesifieke eienskappe verwys waaraan plaaslike geskiedenis moet voldoen. Hiervolgens moet die gebied geografies afgebaken en die fisiese grense omskryf word. Daar moet aandag geskenk word aan omgewingsfaktore soos klimaat en bodemgesteldheid, aangesien dit bepalend kon gewees het vir die aanvanklike besetting van 'n gebied sowel as vir die latere ontwikkeling van 'n bepaalde gemeenskap. Die strategiese ligging van 'n dorp ten opsigte van verbindingsroetes en sy posisie binne die onmiddellike en die groter streek moet aangedui word.

**Die geografiese ligging en fisiese gesteldheid van Machadodorp**

Machadodorp lê op die rand van die Transvaalse Hoëveld in die Suidoostelike deel van die provinsie Mpumalanga. Die gebied waarin die dorp geleë is, was voorheen as Suidoos-Transvaal bekend.[1] Machadodorp is 233 kilometer oos van Pretoria, die administratiewe hoofstad van die Republiek van Suid-Afrika.[2] Volgens die afbakening van distriks- en munisipale grense in 2001, lê die dorp in die munisipale distrik Highland MP314 wat deel van die distrik Ngankala DC31 uitmaak. Uit die meegaande kaart en tabel is dit duidelik dat Machadodorp, as gevolg van goeie pad- en spoorverbinding, strategies geleë is ten opsigte van die meeste plekke binne die onmiddellike munisipale streek, sowel as die groter distrik (vgl. kaart 1 en tabel 1). Die onderskeie verbindingsroetes maak dorpe soos Carolina, Badplaas en die stad Nelspruit, wat buite die munisipale distrik Ngankala val, toeganklik.  Machadodorp se onmiddellike buurdorpe, Belfast, Dullstroom en Waterval-Boven val almal binne die munisipale distrik Highland MP314, terwyl die groter distrik, Ngankala DC31, groter stedelike sentra soos Middelburg en Witbank

1 Die meeste sekondêre bronne verwys na Oos-Transvaal en Suidoos-Transvaal, soos die gebiede as deel van die voormalige Transvaal bekend gestaan het. Vir die doel van hierdie verhandeling sal die benaming Mpumalanga gebruik word.

2 Afstand gemeet op 12 Maart 2000. De Kamper, "Machadodorp cultural resource inventory," p. 12.

insluit.[3] Die dorp lê aan die N4-nasionale pad en roetes na Carolina en Badplaas sowel as die treinspoor wat vanaf Pretoria na die Mosambiekgrens loop. Machadodorp is die aansluitingspunt vir die spoorverbinding na KwaZulu-Natal, via Carolina, Ermelo en Vryheid.[4] Reeds gedurende die tweede helfte van die negentiende eeu was dié gunstige strategiese ligging 'n bepalende faktor in die ontstaans- en ontwikkelingsgeskiedenis van die dorp.[5]

Soos reeds genoem, het die Machadodorp se munisipaliteit die Instituut vir Beplanning en Ontwikkeling aan die destydse PU vir CHO in 1986 genader om 'n struktuurplan vir die dorp saam te stel. Hierin word Machadodorp as 'n "plaaslike dienssentrum" getipeer, Dit stem ooreen met dié van ander dorpe soos Waterval-Boven, Dullstroom en Marble Hall.[6] Dit is 'n gepaste beskrywing van die rol wat die dorp sedert blanke nedersetting vervul het. Die dorp se reikwydte as dienssentrum het aanvanklik tot aan die hedendaagse Swazilandgrens gestrek, maar is tans heelwat kleiner.

| BUURDORP | AFSTAND |
|---|---|
| Belfast | 21 km |
| Dullstroom | 37 km |
| Waterval-Boven | 16 km |
| Badplaas | 54 km |
| Carolina | 42km |

TABEL 1: Afstand per pad vanaf Machadodorp na omliggende dorpe en stede
BRON: Road Atlas South Africa, Map 21, Eastern Transvaal and Swaziland

3 Http:www.demarcation.org.za/demarcprocess/wards/ver3e/maplistpercatb. ASP, 12 Junie 2002; Telefoongesprek A.E. Ahrens, The Municipal Board, Pretoria, 12 Junie 2002; South Africa Provincial series, Mpumalanga 1:600 000 Second edition, 2001.

4 Nieuwoudt en Van Zyl, Machadodorp struktuurplan, pp. 7 en 8.

5 Hoewel Machadodorp tans op die hoofverbindingsroetes lê, het die totale gunstige posisie eers na die bou van die *Oosterlijn* gekom. Aanvanklik het die roete na Ohrigstad en Lydenburg die Voortrekkerleier, Potgieter, se eerste roete na Delagoabaai gevolg, verby Trichardspoort, langs die Olifantsrivier tot by Kommissiedrift, oor Magneetshoogte deur die Spekboomrivier. 'n Reis van Potchefstroom na Lydenburg per wa het tagtig uur, of ongeveer agt dae geduur. Die verbindingsroete tussen Lydenburg en Natal is ook eers later gebou. Aanvanklik was dié roete via Barberton, Chrissiesmeer, Ermelo en Newcastle. F.J. Potgieter, Die vestiging van die blanke in Transvaal, 1837-1886: met spesiale verwysing na die verhouding tussen die mens en die omgewing, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, Jaargang 21, Vol. 2, 1958, pp. 42, 56, 57, en 134.

6 Nieuwoudt en Van Zyl, Machadodorp struktuurplan, pp. 7 en 8.

KAART 2: Machadodorp se ligging binne die groter munisipale gebied en distrik
BRON: Departement van Grondsake, Kaarte van Suid-Afrika, Mpumalanga, Mpumalanga , Second Edition, 2001.

Die dorp se munisipale gebied beslaan 'n totale oppervlakte van 2 298 hektaar, waarvan 289 hektaar geproklameerde dorpsgebied is en dít is groter as dié van sy onmiddellike buurdorpe, Belfast, Carolina en Waterval-Boven.[7] Die dorp is in 1899 aanvanklik op die plaas Geluk 29, wat aan Cornelis Potgieter, die tweede landdros van Lydenburg behoort het, uitgelê. Die Potgieter-familie sou veral in die wordingsjare van die wit nedersetting in Machadodorp 'n prominente rol speel. Tans (2006) is die noordelike gedeelte van die munisipale gebied op 'n gedeelte van die plaas Geluk 348T en die sentrale en suidelike gedeelte op die plaas Schoongezicht 364T geleë.[8]

Die Franse *Annales* historikus F. Braudel het die stadige gang van die geologie en geografiese ontwikkeling van 'n bepaalde plek as die eerste tydlaag van geskiedenis aangedui.[9] Die voormalige Transvaal, wat tans uit Mpumalanga (die provinsie waarbinne Machadodorp geleë is), Limpopo, Gauteng en 'n gedeelte van Noordwes-provinsie bestaan, is die geografiese verwysingsraamwerk waarbinne Machadodorp se ontwikkeling verstaan moet word. Volgens die geograaf E.C. Liebenberg, voorheen verbonde aan UNISA, is daar vier fisiese faktore wat bepalend is vir die aanvanklike menslike besetting en latere ontwikkeling van 'n gemeenskap: die geografiese ligging, reliëf, geologie en klimaat. Dit blyk dat al hierdie faktore reeds sowat tweeduisend jaar gelede gunstig was vir die menslike besetting van die voormalige Transvaal. Volgens argeologiese en antropologiese navorsing het die voorsate van die moderne mens ongeveer 5-7 miljoen jaar gelede in die gebied tussen die Kreefs- en die Steenbokskeerkring in Afrika ontstaan. Steentydperkmense het reeds voor die Christen era dwarsoor suider-Afrika[10] voorgekom en die swart gemeenskappe het stadig vanuit Sentraal-Afrika suidwaarts beweeg. Hulle het uiteindelik die voormalige Transvaal begin infiltreer omdat die gebied, anders as die ongesonde laagliggende oostelike kusstreek en die droë weste, die potensiaal gehad het om 'n gevestigde landbougemeenskap te

7 Ibid., pp. 6, 7 en 13.

8 Ibid., pp. 8 en 11.

9 Kyk "Braudel se indeling van tydlae," Hoofstuk 1, p. 4.

10 As die term suider-Afrika in hierdie hoofstuk gebruik word, verwys dit na die streke, state en kolonies voor 1910. Die term suidelike Afrika wys op die geografiese gebied suid van die ewenaar.

onderhou. Geologies het die gebied oor 'n aantal gunstige stratigrafiese eenhede beskik en was ryk aan delfstowwe. Die groter Transvaal-gebied is reeds sedert die eerste eeu na Christus deur gevestigde gemeenskappe bewoon. Hierdie vroeë bewoners het 'n gemengde bestaansekonomie, landbou, veeboerdery en metaalbewerking bedryf.[11] Gedurende die uitgerekte proses van migrasie en vestiging, het vermenging met van die Steentydperkmense, die San, wat reeds die gebied bewoon het, plaasgevind.[12]

Klimaatvariasies, wat die warm subtropiese gordel noord van die Steenbokskeerkring sowel as die kontinentale gordel suid daarvan insluit, kom in Transvaal voor. 'n Groot verskeidenheid grondsoorte, plantegroei, diere en insekte kom in dié gebied voor. Hierdie verskeidenheid sou 'n bepalende rol in die migrasie- en vestigingspatrone van die vroeë bewoners, sowel as die latere wit nedersetters, speel.

Die voormalige Transvaal word geografies in drie hoofstreke ingedeel: die Bosveld, die Laeveld en die Hoëveld. Die Hoëveldstreek, die streek waarbinne Machadodorp val, lê meer as 1 500 meter bo seespieël en aansienlike temperatuurwisseling kom voor. Gedurende die wintermaande kom strawwe ryp voor en ongeveer 80% van die Hoëveld se reën val gedurende die somermaande. Die riviere in die streek is ook nie almal standhoudend nie en periodieke droogtes kom voor.[13]

In die geleentheidskrif *Machadodorp Poskoetsfees,* word Machadodorp se ligging as "die poort tussen die Hoë- en Laeveld" beskryf.[14] Die dorp is 1 645 meter bo seespieël en lê tussen die 25° 38' 40" en 25° 34' 30" suiderbreedte, en 30° 13' 30" en 30° 15' 30" oosterlengte. Die Elandsrivier vloei aan die noordekant van die dorp en Leeuspruit aan die suidekant.[15]

---

11 E.C. Liebenberg, "Die fisiese omgewing," in Bergh (red.), *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika*, p. 81.

12 J.D. Omer-Cooper, *The Zulu aftermath: A nineteenth-century revolution in Bantu Africa*, p. 10.

13 Liebenberg, "Die fisiese omgewing," in Bergh (red.), *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika*, pp. 81 en 82.

14 Anoniem, *Machadodorp Poskoetsfees*, p. 5.

15 Nieuwoudt en Van Zyl, Machadodorp struktuurplan, p. 13.

Machadodorp en omgewing het 'n gematigde klimaat. Die gemiddelde somertemperatuur is 20˚C en die gemiddelde wintertemperatuur is 10˚C. Die gemiddelde reënvalsyfer is 600mm - 900mm per jaar en kom gewoonlik tussen November en Maart voor. Dit reën gemiddeld 30 tot 40 dae per jaar en gaan gewoonlik met donderstorms gepaard. Die dorp lê in 'n redelike windstil gebied en erge winderige toestande word vir kort tydperke gedurende Januarie en Julie ondervind. Hoewel die gemiddelde wintertemperatuur nie uitsonderlik laag is nie, word dit soms baie koud. Dit ryp gemiddeld 111 dae per jaar. Dié hoë rypsyfer is aan wolklose winternagte en lang windstiltes toe te skryf. Klimaatstoestande het nie net die vestigings- en ontwikkelingspatrone beïnvloed nie, maar het ook 'n impak op die bewaring van argeologiese bronnemateriaal. Die weerstoestand wat die meeste skade aan argeologiese artefakte in die Machadodorp-omgewing aanrig, is die strawwe ryp. Dit het tot gevolg dat daar tot op datum betreklik min argeologiese bronnemateriaal gevind is.[16]

Die Suid-Afrikaanse plantkundige, J.P.H. Acocks, het die term *veldtipe,* met verwysing na die verskeidenheid plantsoorte en variëteite van geïdentifiseerde plantspesies, soos volg omskryf: "*a unit of vegetation whose range of variation is small enough to permit the whole of it to have the same farming potentialities.*"[17] 'n Bepaalde gebied se spesifieke veldtipe hang gewoonlik af van die hoeveelheid water en lig wat beskikbaar is. Ander omgewingsveranderlikes soos voël- en inseklewe sowel as veebeweiding speel ook 'n bepalende rol. Acocks onderskei twee hooftipes Suid-Afrikaanse plantegroei, naamlik die suidelike fynbos en woudtipe van die winterreënvalstreek en die tropiese woude en die savanna en grasveld van die somerreënvalstreek. Hoewel hy nie op historiese akkuraatheid aanspraak gemaak het nie, het hy nogtans gepoog om die aanpassing van die suider-Afrikaanse plantegroei van ongeveer 1400 tot in die 1950's deur middel van twee kaarte voor te stel.[18]

16 De Kamper, "Machadodorp cultural resource inventory," p. 14.

17 J.P.H. Acocks, *Veld Types of South Africa with accompaning veld type maps*, p. 1.

18 Ibid., Maps 1-5, pp. 10-12.

In 'n referaat getitel "The Later Iron Age in South Africa," wat vervat is in L. Thompson se *African Societies in Southern Africa*, verwys B. Fagan na Acocks se stelling dat daar die afgelope 500 jaar ingrypende bodemverandering in suider-Afrika plaasgevind het. Die bosveld het oor 'n wyer gebied gestrek en die grootste gedeelte van suider-Afrika was met digte bosse, kreupelhout en struikgewasse bedek. Die barre voorkoms van groot gedeeltes van hedendaagse Suid-Afrika is die gevolg van die verandering in die stand van grondwater. Fagan beklemtoon dat dit moeilik is om huidige bodembedekking as 'n norm vir vroeë besettingspatrone, soos byvoorbeeld gedurende die Ystertydperk, te gebruik, aangesien verandering in weerspatrone tot verandering in bodembedekking kon lei.[19]

Die veld in die Machadodorp-omgewing kan, volgens Acocks se onderskeiding, as deel van die Laeveld se Suurbosveld (Bakenveld) geklassifiseer word. Hierdie veldtipe word deur 'n oop parklandskap en goedgevormde en gespasieerde bome met lang grasveld gekenmerk. Die grasveldbedekking is sterk, polagtige suurgras met 'n vlak wortelstelsel. Bostaande beskrywing stem ooreen met Liebenberg se beskrywing van die bodemgesteldheid van die Transvaalse Hoëveld. Hierdie tipe plantegroei het wel die mens se vestiging en beweging vergemaklik, maar kon nie die hele jaar goeie weiding vir vee voorsien nie. Die veeboere (swart en wit) het daarom gedurende die wintermaande na die warmer Laeveld getrek.

Die grondsoorte wat in die Machadodorp-omgewing aangetref word, is geel distrofies of mesostrofies en goed gedreineer.[20] Dit het 'n hoë klei-inhoud met baie terrasgruis. Die suurgehalte van die grond is baie hoog. Net soos die klimaat, is die ekologie van 'n bepaalde gebied nie net bepalend ten opsigte van vestigingspatrone nie, maar beïnvloed dit ook die bewaring van argeologiese bronnemateriaal. Die ekologiese faktore wat die argeologie in die Machadodorp-omgewing negatief beïnvloed, is humiditeit en die suurgehalte van die grond. Die gebied se humiditeitsvlakke wissel van 84% in Maart en April, tot 68% in September. Hierdie toestande werk vernietigend in op artefakte van tekstiel,

19 B. Fagan, "The later Iron Age in South Africa," in L. Thompson, *African societies in Southern Africa: historical studies*, p. 56.

20 Dit is kleiagtige grond wat verbrokkel wanneer dit droog is.

papier, hout en metaal. Dit is egter die hoë suurgehalte van die grond wat die meeste daartoe bydra dat daar 'n lae konsentrasie artefakte in die Machadodorp-omgewing behoue gebly het.[21]

Die inseklewe van 'n bepaalde gebied het ook 'n invloed op vestigingspatrone. Twee faktore wat bepalend vir migrasie na en vestiging in die Transvaal was, was malaria en nagana. Malaria word deur die twee muskietsoorte, *Anopheles gambiae* en *Anopheles funestes*, versprei. Die beessiekte, nagana word deur die tsetsevlieg versprei. Die twee kaarte in *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika* wat die verspreiding van dié twee siektes aandui, toon dat die tsetsevlieg nie in die Transvaalse Hoëveld voorgekom het nie.[22] Nagana het gevolglik geen noemenswaardige invloed op die vestigingspatrone in die Machadodorp-omgewing gehad nie. Malaria het wel van tyd tot tyd in die Hoëveld voorgekom en het onder andere 'n invloed op die bou van die *Oosterlijn* gehad.[23] Malaria het dus die vestigingspatrone van die vroeë nedersetters beïnvloed.

**Slot**

Uit die geografiese bespreking van die Machadodorp-omgewing blyk dit dat die dorp strategies op spoor- en padverbindings geleë is. Uit die amptelike munisipale en distrikskaart van die groter gebied is dit duidelik dat die dorp goed geleë is ten opsigte van groter sentra. Hierdie strategiese ligging sou belangrik wees in die

---

21 De Kamper, "Machadodorp cultural resources inventory," p. 54; Nieuwoudt en Van Zyl, Machadorp struktuurplan, p.15.

22 Liebenberg, "Die fisiese omgewing," in Bergh (red.),*Geskiedenisatlas van Suid-Afrika,* Kaart 1.2(a) en 1.2(b), p.3. en pp. 83-85.

23 P.H. Bouten en H. Steinmetz was twee landmeters in diens van die NZASM. Hulle moes die trajek vanaf die Transvaal-Portugese grens na Pretoria, soos deur generaal J.J. Machado opgemeet, weer noukeurig opmeet. Bouten verwys telkemale na ontberinge as gevolg van malaria en '*insektenplagen*.' Transvaal Argiefbewaarplek (hierna TAB), Argief van die Nederlandsch Zuid-Afrikaansche Spoorweg Maatschappij (hierna NZM), p. 138, P.H. Bouten, *De aanleg van 't Oosterspoor*, pp. 18-20, 25, 40 en 48; R.C. de Jong, G-M van der Waal, D.H. Heydenrych, *NZASM 100: 1887 1899 The buildings steam engines and structures of the Netherlands South African Railway Company*, pp. 106; "Elke dwarslêer het 'n lewe gekos," *Die Transvaler,* 12 Augustus 1966; A.P.J. van Rensburg, "De Ijzeren baan naar de zee- (Die verhaal van die Transvaalse Republiek se eie spooraanleg)," *SASSAR*, November 1989, p. 724. Twee van die Nederlanders wat aan malaria gesterf het was J.E. Issendijk en G.H. van der Meulen. H. Heydenrych, "Die weg na die see 100 jaar van die Delagobaaispoorweg," *Lantern,* Volume 3, Lente 1995, p. 66.

ontvouing van die dorp se geskiedenis gedurende die tydperk onder bespreking (tot 1904). Die bou van die spoorlyn, vanaf die Mosambiekgrens na Pretoria, sou beduidend bydra tot die ontstaan en ontwikkeling van die dorp. Die bou van die *Oosterlijn* en die invloed wat dit op die ontstaan en ontwikkeling van die dorp tot 1904 sou hê, word volledig in hoofstuk 4 bespreek.

Daar kan tot die slotsom gekom word dat daar positiewe sowel as negatiewe geografiese en klimaatsfaktore was wat die aanvanklike besetting en latere ontwikkeling van Machadodorp beïnvloed het. Die gematigde klimaat, gunstige bodemgesteldheid en die strategiese ligging het vestiging en ontwikkeling aangehelp. Die koue en strawwe ryp wat gedurende die winter voorkom, het nie net vestiging beïnvloed nie, maar het ook 'n bepalende rol gespeel in die bewaring van argeologiese bronnemateriaal.

# HOOFSTUK 3

## VOORGESKIEDENIS

Baie van die Suid-Afrikaanse plaaslike geskiedenis is in 'n groot mate witsentries omdat die geskiedenis van die vroegste swart nedersetters nie veel aandag geniet het nie. Die ontstaan van 'n bepaalde gemeenskap is, soos reeds gemeld, dikwels met die koms van wit setlaars gelykgestel, asof daar voorheen geen mense in 'n betrokke gebied gewoon het nie. Die historikus, Shula Marks, het reeds in 1980 na hierdie opvatting as "*the myth of the empty land*" verwys. Sy het haar betoog op argeologiese, linguistiese en antropologiese getuienisse gebaseer en aangetoon dat Steentydperk- en Ystertydperkmense lank voor die koms van die wittes die suider-Afrikaanse hinterland (*interior)* bewoon het.[1] In 1983 het die historikus, Peter Delius, haar sienswyse ondersteun deur daarop te wys dat die gebied wat die Voortrekkers binnegetrek het, onder die *Mfecane/Difaqane*[2] deurgeloop het en daarom in 'n groot mate ontvolk was.[3] Hierteenoor het Afrikaanse historici, soos F.J. Potgieter, in 1959 gemeld dat, hoewel daar tekens was dat die gebiede waar die wit setlaars hulle in die hinterland gaan vestig het voorheen bewoon is, die gebied ten tye van hulle vestiging byna ontvolk was.[4] Hierdie vertolking is dus witsentries van aard en ten spyte van die waardevolle navorsing oor die vroeë wit nedersetters, val dit in die kategorie van die mite waarna Marks verwys.

Eers na die vyftigerjare van die twintigste eeu het historici begin om aandag aan Afrika se voorkoloniale geskiedenis te skenk. Die redes vir hierdie toedrag van sake was die opvatting dat die Afrika-gemeenskappe staties was, dat relatief min geskrewe bronne oor die voorkoloniale tydperk bestaan het en dat die geskiedenis van die inheemse mense as minderwaardig beskou is.[5] Volgens die argeoloog, R.R. Inskeep, is dié karige kennis eerder die gevolg van ontoereikende navorsing

1 S. Marks, “The myth of the empty land,” *History Today,* January 1980, p. 8.

2 Die *Mfecane/Difaqane* en die polemiek word later in hierdie hoofstuk toegelig.

3 P. Delius, *The land belongs to us: The Pedi polity, the Boers and the British in the nineteenth century Transvaal*, p. 30.

4 Potgieter, *Die vestiging van die blanke in Transvaal*, p. 15.

5 J.B. Wright, “Hunters, herders and early farmers in Southern Africa,” *Theoria*, Vol. 49, 1977, p. 19.

as 'n gebrek aan bronne.[6] Indien daar nie genoegsame historiese bronne oor 'n spesifieke plek se vroegste inwoners beskikbaar is nie, moet buurdissiplines soos argeologie en antropologie geraadpleeg word om hierdie belangrike faset van die bepaalde plek se geskiedenis te skryf. Dit is egter ook belangrik dat die ontstaansgeskiedenis van die vroeë wit nedersetters geskryf moet word, want baie keer, soos in die geval van Machadodorp, was dit juis die koms van die wittes wat tot gevolg gehad het dat 'n dorp, volgens Westerse strukture, ontwikkel het.

**Voorgeskiedenis: Vroeë swart nedersetters**

Die naspeuring van die geskiedenis van die vroeë Steen- en Ystertydperkinwoners van die Machadodorp-omgewing vereis dat die strekwydte van die streek tot die geografiese gebied van die voormalige Transvaal uitgebrei word.

Heel aan die begin van die publikasie, *African societies in Southern Africa*, maak die historikus, Leonard Thompson, die aantyging dat die swart gemeenskappe van suider-Afrika, wat hy die "*forgotten factor in southern African history*" noem, se geskiedenis voor hulle onderwerping aan wit gesag aanvanklik deur die Suid-Afrikaanse historici afgeskeep is en dat daar slegs opsommenderwys daarna verwys word. Dit was dan ook nie professionele historici wat die voorkoloniale swart geskiedenis opgeteken het nie, maar sosio-antropoloeë. Om sy bewering te staaf, verwys hy na die publikasie, *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, wat in 1968 onder redaksie van C.F.J. Muller verskyn het. Hierin word die geskiedenis van die swart gemeenskappe van Suid-Afrika in 'n bylaag weergegee.[7] Om die juistheid van die bewering na te gaan, is bevind dat die geskiedenis van die Bapedi-, Ndebele- en Swazi-volke, waarvan die geskiedenis vir die skryf van Machadodorp se vroeë geskiedenis relevant kon wees, weinig meer as 'n bladsy beslaan.[8] Daar het wel sedert die 1970's talle publikasies verskyn waarin die inheemse bevolking

---

6 Aangehaal deur M. Hall, “Early farming communities of Southern Africa: A population discovered,” *South African Historical Journal*, No 15, 1983, p. 1.

7 L. Thompson, “The forgotten factor in southern African history,” in L. Thompson (ed.) *African societies in South Africa*, p. 1.

8 C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, pp. 498 en 499.

se geskiedenis vanaf die vroegste tye beskryf word. Thompson se bewering bly egter van toepassing wanneer dit by die geskiedenis van die vroegste inwoners van Machadodorp en omgewing kom. In die algemene Suid-Afrikaanse historiografie is daar weinig verwysing na dié gebied se waarskynlike vroegste inwoners. Argeologiese en antropologiese bronnemateriaal moes geraadpleeg word en selfs in hierdie hulpbronne is daar feitlik geen spesifieke verwysing na die vroeë inwoners van die Machadodorp-omgewing nie.

Die suider-Afrikaanse voorkoloniale geskiedenis word argeologies en histories in twee hooftydperke, die Steen- en die Ystertydperk, ingedeel. Hierdie indeling is 'n uitvloeisel van 'n vroeëre Wes-Europese houding ten opsigte van Afrika - geskiedenis. Die Suid-Afrikaanse argeoloog, M. Hall, waarsku egter teen die indeling van twee tydruimtes, al kan twee tydperke onderskei word. Hy beveel aan dat daar in gedagte gehou moet word dat dié gemeenskappe dieselfde tegnologiese agtergrond gehad het en vir meer as 'n eeu naas mekaar, as kontemporêre gemeenskappe, bestaan het.[9] Vir die doel van hierdie verhandeling sal die twee tydperke apart bespreek word.

Die twee argeoloë, M. Hall en J.C. Vogel, het suider-Afrika[10] in ses fisiografiese streke ingedeel[11] (vgl. Kaart 3). Machadodorp word nie pertinent op die kaart aangedui nie. Hierdie toedrag van sake kan onder meer toegeskryf word aan die feit dat daar nog geen spesifieke argeologiese opgrawings en datering van argeologiese vondse in die omgewing gedoen is nie. Dit is dus moeilik om presies te bepaal in watter spesifieke fisiografiese streek Machadodorp val. Dit is moontlik dat die dorp en omgewing óf in die verste noordoostelike hoek van streek E, die suidelike Hoëveld, óf in die verste suidoostelike hoek van streek F, die noordoostelike plato, óf in albei kon val. Wanneer die bodemgesteldheid van

9 M. Hall, "Early farming communities of Southern Africa: A population discovered," *South African Historical Journal*, 15,p. 1; Omer-Cooper, *The Zulu Aftermath,* p. 10.

10 Namibië, Botswana, Suid-Afrika, Lesotho, Swaziland en Mosambiek.

11 M. Hall and J.C. Vogel, "Some recent radiocarbon dates from Southern Africa,"*Journal of African history*, Vol. 21 No. 4, 1980, figure 1, p. 431.

Machadodorp-omgewing, klei-artefakte wat gevind is en klipruïnes in die omgewing as maatstaf gebruik word, kom daar ooreenkomste met beide streke voor.

Argeoloë is dit eens dat daar vaaghede en leemtes in die geskiedenis van eertydse bewoners van die subkontinent bestaan. Kennis oor die bestaan van die jagterversamelaars op die Hoëveld is gering. Daar word redelik algemeen aanvaar dat dié Steentydperkgemeenskappe waarskynlik tot aan die einde van die eerste millennium op die Hoëveld voorgekom het. Die rede vir hierdie veronderstelling is dat die eerste landbougemeenskappe, wat toe reeds die suidelike kusstreke van suider-Afrika beset het, nog nie die Hoëveld bereik het nie.[12]


Steentydperkmense het wydverspreid en oor 'n baie lang tydperk in suider-Afrika voorgekom.[13] Die Suid-Afrikaanse argeoloog, S.A. Korsman, omskryf die Steentydperk as 'n tydperk waartydens hoofsaaklik klipmateriaal gebruik is om gebruiksartikels vir die jagterversamelaarsleefwyse te vervaardig.[14] Volgens argeologiese opgrawings in die voormalige Transvaal blyk dit dat die gebied ongeveer twee miljoen jaar gelede reeds bewoon is. Hierdie eerste inwoners het hulle gewoonlik naby waterbronne en soms naby of in rotsskuilings gevestig.

---

12 Hall and Vogel, “Some recent radiocarbon dates from Southern Africa,” pp. 446 en 447; H.J. van Aswegen *Geskiedenis van Suid-Afrika tot 1854*, p. 23.

13 Wright, “Hunters, herders and early farmers,” p. 20.

14 S.A. Korsman, “Die Steentydperk en rotskuns,” in Bergh (red.), *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika*, p. 93.




KAART 3: Steentydperk: Fisiografiese streke in Suider-Afrika

BRON: M.Hall and J.C Vogel, "Some recent radiocarbon dates from Southern Africa" *Journal of African History*, Vol 21, No. 4, 1980, figure 1, p. 431.

Argeologiese navorsing in die groter Lydenburg-streek dui daarop dat die gebied so vroeg soos ca.32 000 VC deur vroeë Steentydperkmense beset is.[15] Hoewel daar nie in die Machadodorp-omgewing opgrawingsterreine is nie, is daar noemenswaardige terreine in die groter streek. Boesmanrotsskuilings, wat ooreenkomste met die Robberg-kultuur toon, is die naaste Middelsteentydperk opgrawingsterreine aan Machadodorp. Die naaste Bo-Pleistoseen-terrein is by Heuningnes in die Ohrigstad-omgewing en die naaste Holoseenmikrolitiese HKLPI- en HKLPV-versamelings is naby Badplaas.[16] Argeoloë bespiegel egter nog oor die werklike tyd van besetting van die onderskeie terreine.[17] In sommige van die dokumente van die vroegste Voortrekker nedersetters (wittes) waar daar verwys word na die inboek van swart kinders, word daar gemeld dat "Boesman-weeskinders" ook ingeboek is.[18]

In 'n referaat het die historikus, J.B. Wright, E.F. Potgieter aangehaal dat enkele San nog teen die middel van die twintigste eeu in Suidoos-Mpumalanga woonagtig was.[19] In sy werk, *The disappearing Bushmen of Lake Chrissie; A preliminary survey*, wat in 1955 verskyn het, verwys Potgieter na Boesman nasate, die *Batwa*. Hulle het daarop aanspraak gemaak dat hulle voorvaders *tlou-tle* mense was. Die *Batwa* het in die 1950's nog in die Chrissiesmeer-omgewing gebly. Die Swazi van die omgewing het na hulle as die *amaNkqeshe, amaNgqwigqi* of *amaBusmana* verwys. Volgens *amaNkqeshe se* mondelinge oorlewering kon die vroeë *Batwa* Sotho praat. Die presiese tydperk wanneer hierdie Steentydperkmense die gebied beset het, kan nie met sekerheid bepaal word nie. Hulle het mettertyd met die Swazi vermeng.[20] Die etnoloog, C.A. Myburgh,[21] meen dat die rotstekeninge in die Carolina-distrik (een van die distrikte waarbinne Machadodorp en omgewing val) en

---

15 P.J. Mitchel, "The early microlithic assemblages of Southern Africa," *BAR International Series*, 388, 1988, p. 123.

16 Korsman, "Die Steentydperk en rotskuns," p. 94 en 95.

17 Mitchel, "The early microlithic assemblages of Southern Africa," p. 133.

18 TAB, Zuid Afrikaansche Republiek (hierna ZAR), Landdros Lydenburg, Losse Stukke, geen bladsy verwysing; Delius, *The land belongs to us,* pp. 35-36.

19 J.B. Wright, "Factors inhibiting a shift to a stock-keeping economy by Southern African hunter-gatherer societies," unpublished paper, Conference on the history of the Transkei and Ciskei, geen datum.

20 E.F. Potgieter, *The disappearing Bushmen of Lake Chrissi: A preliminary survey*, pp. 1-5.

21 Gedurende die veertigerjare en vyftigerjare van die twintigste eeu was C.A. Myburgh 'n etnoloog verbonde aan die destydse Departement van Naturelle Sake en later was hy Hoogleraar in volkekunde aan UNISA.

die tekeninge in die Ermelo-distrik waarskynlik deur dieselfde mense geskep is.[22] Uit 'n kaart wat die verspreiding van rotsgravures en rotsskildering van die Steentydperkmense in die voormalige Transvaal aandui, blyk dit dat daar in die Machadodorp-omgewing voorbeelde van rotsskildering is.[23]

Uit bostaande bespreking kan daar dus tot die slotsom gekom word dat die Laat Steentydperkmense (San of Boesman) hulle nog in die groter streek bevind het toe die eerste wittes die streek binnegekom het. Hulle het lank daarna nog in die gebied gebly. Daar kan egter, met inagneming van Myburgh se waarneming aangaande die rotskuns in die Ermelo- en Carolina- distrikte, verskeie argeologiese waarnemings en gegewens gegrond op nuwer argeologiese navorsing, met sekerheid aanvaar word dat dié jagterversamelaars wel in die Machadodorp-omgewing woonagtig was (vgl. kaart 4).


Die Ystertydperk in suider-Afrika word kronologies in die Vroeë en Latere Ystertydperk ingedeel. As geheel oorspan dit 'n periode wat vanaf ca. 200 tot 1800 nC strek. Die Suid-Afrikaanse antropoloog, M.M. van der Ryst, meen dat die Vroeë Ystertydperkgemeenskappe heel waarskynlik Bantoesprekende mense was wat veeteelt en akkerbou beoefen het. Hierdie veronderstelling stem met dié van Liebenberg ooreen.[24] Hierdie gemeenskappe het oor 'n goed ontwikkelde kleipotwerk-tradisie beskik en het ook die kundigheid gehad om metale, soos goud en yster, te ontgin en te verwerk. Die argeologiese en antropologiese getuienis dui daarop dat hulle vir hulle daaglikse voedsel, ten spyte van hulle akkerbou- en veeteeltbedrywighede, nog steeds van veldkos en jag afhanklik was. Volgens Van der Ryst het hulle semipermanente dorpies gestig.[25]

22 Myburgh, *Die stamme van die distrik Carolina*, p. 21.

23 Bergh (red.), *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika*, Kaart,2.1(b), p. 5.

24 Kyk Hoofstuk 2, p. 56.

25 M.M. van der Ryst, “Die Ystertydperk,” in Bergh(red.), *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika*, p. 96.




KAART 4: Steentydperk: rotsgravures en rotsskildering in die Machadodorp-omgewing
BRON: Oorgeneem en aangepas van J.S. Bergh (red.), *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika die vier noordelike provinsies*, Kaart 2.1(b)

Voordat argeologiese datering deur middel van radiokoolstofdatering gedoen is, is daar redelik algemeen aanvaar dat die swart gemeenskappe laatkommers in suider-Afrika was en dat hulle ongeveer vierhonderd-en-vyftig jaar gelede op die subkontinent aangekom het. Hierdie siening is gehuldig, ten spyte van teenstrydige getuienis afkomstig van mondelinge oorlewering, verslae van Portugese seevaarders en reisverhale. Sedert 1930 is baie meer inligting oor die Ystertydperk bekom en dié nuwe inligting het daarop gedui dat Ystertydperk nedersettings in suider-Afrika tot meer as 1 000 jaar gelede kan terugstrek.[26] Die moontlikheid bestaan dus dat die Machadodorp-omgewing ook sedert hierdie tye bewoon is.

26 T.M. O'C. Maggs, *Iron Age communities of the Southern Highveld*, p. xiv; Thompson, "The forgotten factor in southern African history," in Thompson (ed.), *African societies in South Africa*, p. 3; Fagan, "The Later Iron Age in South Africa," in Thompson (ed.), *African Societies in South Africa*, p. 51; J.D. Omer-Cooper, *The Zulu aftermarth,* p. 11.

Teen die middel van die tweede millennium is die vrugbare gebiede in die oostelike deel van suider-Afrika deur die Ystertydperkmense beset. Die verskillende gemeenskappe word op grond van hulle kleipotwerk, besettingspatrone en ekonomiese bedrywighede onderskei. Om gemeenskappe op grond van kleipotwerk te onderskei berus op kleur en dikte van die werk. Die kleipotwerk uit die vroeër tydperk is gewoonlik dikker en ligter van kleur.[27] Hall verduidelik dat kleipotwerk gebruik word om Ystertydperk nedersettings te dateer omdat dit veranderinge binne 'n spesifieke tydsverloop en bepaalde geografiese ligging kan aandui en sodoende 'n interne onderverdeling moontlik maak. Hierdie tipe klassifisering het tot gevolg dat daar tans 'n redelike akkurate tydlyn vir die Ystertydperk in suider-Afrika beskikbaar is.[28] Die kleipotwerk van die tweede millennium[29] verskil ook in dekoratiewe styl en vorm van die vroeër werk. Vorms en patrone wat as versierings aangebring is, het plaaslike kenmerke gekry en die potte het ooreenkomste met die hedendaagse kleipotwerk begin toon.[30]

Dit wil voorkom asof hierdie vroeë bewoners hulle tussen die vyfde en sesde eeu in die Lydenburg-omgewing gevestig het. Daar is groot ooreenkomste tussen die kleipotwerk wat by die verskillende opgrawingsterreine gevind is. Daar bestaan ook duidelike ooreenkomste tussen die kleipotwerk van die Machadodorp-Carolina-distrik en dié van Mosambiek, Malawi en Kenia. Indien hierdie ooreenkomste as maatstaf gebruik word, kan daar bespiegel word dat die Machadodorp-Carolina Vroeë Ystertydperk nedersettings tot die sogenaamde oostelike sone hoort. Die Suid-Afrikaanse historikus, P. Maylam, waarsku egter dat daar nie sonder meer aanvaar moet word dat alle kleipotwerk van die Vroeë Ystertydperk eenvormig was nie. Hy wys daarop dat daar opvallende verskille tussen die kleipotwerk wat in Oos-Mpumalanga, die streek waarbinne Machadodorp val, en dié van KwaZulu-Natal bestaan.[31]

---

27 Aangehaal deur P. Maylam, *A History of African people of South Africa: from the early Iron Age to the 1970's*, p. 4.

28 Hall, “Early farming communities in Southern Africa,” p. 2.

29 Breuk in die Ystertydperk teen die einde van die eerste millennium

30 Hall, “Early farming communities in Southern Africa,” p. 4.

31 Maylam, *A History of African people of South Africa*, pp. 3-5.

Soos reeds aangetoon, het die hoë suurgehalte van die grond in die Machadodorp-omgewing tot gevolg gehad dat daar nie veel oorblyfsels uit vroeëre tydperke behoue gebly het nie. Daar is ook tot op datum nog geen noemenswaardige argeologiese navorsing ter plaatse gedoen nie. In die artikel, "*The Bantu potting industry and its impacts on other native potting industries in South Africa,*" verwys die Suid-Afrikaanse argeoloog, P.W Laidler en sy medewerkers, na argeologiese artefakte wat in die Machadodorp-omgewing gevind is. Te oordeel aan die kleur en die patrone van dié kleipotwerk kom dit klaarblyklik uit die Latere Ystertydperk. Die eerste verwysing is na 'n potskerf waarop patrone met 'n skerp voorwerp uitgekerf is.[32] Die ander verwysing is na potskerwe wat in die wal van 'n afloopsloot *(drain wall*) gevind is en ooreenkomste met die Heilbron-tipe kleipotwerk toon. Albei vondse is heel waarskynlik oorblyfsels van huishoudelike implemente en nie artikels wat tydens seremoniële geleenthede gebruik is nie.[33] Hierdie vondse dui dus daarop dat Latere Ystertydperkmense die Machadodorp-omgewing, bewoon het.

Nog 'n kenmerk van die Latere Ystertydperkmense, was hulle vermoë om metale te ontgin en te verwerk. Goud is naby die huidige Waterval-Onder, in die Machadodorp-omgewing, ontgin.[34]

Aanvanklik is die geskiedenis van die Latere Ystertydperk, net soos die geval met die Steentydperk, baie vaag. Dit word redelik algemeen aanvaar dat daar voor 1400 nedersettings in Oos-Mpumalanga was. Ná 1400 is die suidelike deel van die Hoëveld en veral die hoërliggende plato van die voormalige Transvaal en Vrystaat in 'n toenemende mate beset. Volgens die argeoloog, Tim Maggs,[35] het die Latere Ystertydperk nedersettings op die Hoëveld van dié in KwaZulu-Natal verskil. Dié van KwaZulu-Natal was hoofsaaklik klein familie nedersettings, terwyl dié op die Hoëveld groot, kompakte en digbevolkte nedersettings was. Die boutegnieke het

32 P.W. Laidler (et al), "The Bantu potting industry and its impacts on the other native potting industries in South Africa," *South African Journal of Science*, Vol. 29, 1932, p. 785.

33 Ibid., p. 787.

34 Van Aswegen, *Geskiedenis van Suid-Afrika tot 1854*, p. 48.

35 Tim Maggs is 'n erkende Suid-Afrikaanse argeoloog wat onder andere navorsing oor die Ystertydperk nedersettings van die Suid-Oostelike Hoëveld gedoen het.

ook verskil. Die nedersettings op die Hoëveld is met klip, in plaas van hout, gebou. Die hoofrede hiervoor was dat klip op die Hoëveld volop was, terwyl bome skaars was. Volgens Maylam was hierdie eerste nedersetters steeds jagterversamelaars, die latere aankomelinge was veeboere. Hulle het nie landbou op groot skaal beoefen nie omdat die grond op die Hoëveld minder vrugbaar was. Die winters op die Hoëveld word baie koud en strawwe ryp kom voor. Dit het tot gevolg gehad dat hulle gedurende die wintermaande na die warmer Laeveld, waar beter weiveld was, getrek het.[36]

Ystertydperk-klipruïnes kom oor 'n wye gebied in suider-Afrika voor en sluit die hedendaagse Zimbabwe asook die voormalige Transvaal en Vrystaat in. Tussen Lydenburg en Carolina is daar talle Ystertydperkklipruïnes en klipbouvalle is veral in die Machadodorp-omgewing opsigtelik.[37] Tussen Machadodorp en Lydenburg is reeds 166 Latere Ystertydperk nedersettings opgespoor. Elk van hierdie nedersettings bestaan uit meer as 30 wooneenhede. Hierdie klipwerk blyk Pedi-bouwerk te wees.[38]

Tussen Machadodorp en Wakkerstroom kom daar talle klipruïnes voor wat groot ooreenkomste met dié in die Barberton-distrik toon.[39] Indien die sketse in Myburgh se publikasie met lugfoto's in die meer onlangse publikasie van Maggs, oor die swart stamme van die suidoostelike Hoëveld, vergelyk word, blyk daar ooreenkomste te wees.[40] Myburgh wys op die ooreenkomste tussen die Machadodorp-Wakkerstroom-ruïnes en dié in die Vrystaat en Pretoria-omgewing.[41] Volgens 'n kaart in *Die Geskiedenisatlas van Suid-Afrika* val Machadodorp in een van Mpumalanga se Ystertydperk-gebiede. Die gebied strek vanaf Lydenburg en

---

36 Maylam, *A History of African people of South Africa*, pp. 9-13.

37 R.R. Inskeep and T.M.O'C Maggs, "Unique art objects in the iron age of the Transvaal, South Africa," *South African Archaeological Bulletin*, 30, 1975, p. 114.

38 Fagan, "The later Iron Age in South Africa," in Thompson (eds). *African societies in South Africa*, p. 60; Maylam, *A History of African people of South Africa*, p. 15; Bergh (red.), *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika*, kaart 2.2(b), p. 7.

39 Myburgh, *Die stamme van die distrik Carolina*, p. 25.

40 Maggs, *Iron Age communities of the southern Highveld*, pp. 29, 32, 35 en 45.

41 Myburgh, *Die stamme van die distrik Carolina*, p. 25.

Roossenekal tot by Carolina. Volgens hierdie kaart is daar reeds 1 792 Latere Ystertydperkterreine in hierdie gebied geïdentifiseer (vgl. kaart 5).[42]




KAART 5: Latere Ystertydperk in die Machadodorp-omgewing
BRON: Oorgeneem en aangepas van J.S. Bergh (red.), *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika die vier noordelike provinsies*, Kaart, 2.1(b)

Daar kan nie met absolute sekerheid bepaal word tot watter spesifieke groep al die klipruïnes in suider-Afrika hoort nie. Die argeoloog, James Walton, het twee hoofgroepe onderskei. Die eerste groep word hoofsaaklik in die valleie van die sytakke van die Vaalrivier aangetref. Kenmerkend van hierdie klipstrukture is die

42 Bergh, *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika*, Kaart 2.2(b), p. 7.

sirkelvormige krale met alleenstaande hutte. Die tweede groep kom verspreid in die oostelike gebied voor. Kenmerkend van hierdie groep is die krale wat gewoonlik deur middel van 'n gemeenskaplike muur met mekaar verbind is. Myburgh glo dat, ten spyte van die verskille, die twee groepe 'n gemeenskaplike oorsprong het, dat al die ruïnes tot dieselfde kultuur hoort en dat die vroeë inwoners uit die noorde afkomstig was. Volgens hom het hulle die suidoostelike streek van Mpumalanga aan die begin van die sewentiende eeu bereik en daarna in drie groepe verdeel.[43]

In die Machadodorp-omgewing is daar op die plase Zevenfontein, Rietfontein en Rietvlei 96 klipruïnes. In die gedenkskrif, *Machadodorp Poskoetsfees*, word hierdie oorblyfsels met ietwat oordrewe nostalgie beskryf:

> Nou nog in die vroeë oggend of met sonnedaal, as die son met sy verfloude sonnestrale die groen grasbulte kus, kan die honderde en honderde ringmure duidelik onderskei word.[44]

Op die plaas Zevenfontein 39, tussen Machadodorp en Carolina, kom vier tipes ruïnes voor. Die pad tussen Machadodorp en Carolina dien as baken om die nedersetting te onderskei. Die eerste is 'n noordelike nedersetting wat wes van die pad lê. Die oorblyfsels van hierdie nedersetting bestaan uit kliphope sowel as enkele klippe wat die fondamente van eertydse kliphutte aandui (vlg. skets A). Die tweede nedersetting is 'n suidelike nedersetting wes van die pad en bestaan uit kliphope soos dié wat op Tafelkop in die Ermelo-distrik voorkom (vgl. skets B). Die derde is 'n suidelike nedersetting wat oos van die pad lê en uit lae mure, kliphope en mure tussen groot rotsblokke bestaan. Daar is ook tekens van eertydse nedersettings agter rotsblokke (vgl. skets C). Die laaste een is 'n noordelike nedersetting oos van die pad. Hierdie nedersetting se mure is hoër as enige van die ander, het minder kliphope en daar is geen tekens van klipdakke nie (vgl. skets D). Daar is ook kleiner ruïnes wat baie na kliphutte lyk en daar is oorblyfsels van die koepeldakke. Ronde maalklippe is by ruïnes A en B gevind. Naby ruïne C is 'n klipkraal wat in die vyftigerjare van die twintigste eeu nog bewoon is en ooreenkomste met die kleiner klipruïnes toon. Myburgh verwys ook na

43 Myburgh, *Die stamme van die distrik Carolina*, pp. 22 en 26.

44 Anoniem, *Machadodorp Poskoetsfees*, p. 5.

mondelinge oorlewering waarvolgens daar nog talle sulke klipnedersettings op aangrensende plase is.[45]

Op die twee plase Rietfontein en Rietvlei 96, wat nader aan Machadodorp as Zevenfontein geleë is, is daar drie tipes klipruïnes. Die eerste is kliphutte met of sonder klipmure, die tweede het 'n binneplaas omring deur 'n muur en die laaste groep bestaan uit 'n binneplaas met 'n binneringmuur wat deur 'n groter buitemuur omsirkel word. Die spasie tussen die binneste en die buitenste ringmuur is waarskynlik vir beeste gebruik. Hierdie ruïnes is naby klipkoppies wat skuiling teen gure weer gebied het. Sommige van hierdie strukture is baie groot en het nie klipdakke nie. Klipterrasse kom voor, wat daarop dui dat daar vermoedelik 'n groot gevestigde gemeenskap gebly het.[46]

Volgens Myburgh is die hutte met klippe gebou, wat verwyder is om die grond vir landboubewerking oop te stel. Terrasse is gebou deur spoelgrond op te vang. Daar is slegs 'n klein stukkie grond naby die hutte wat vir landboudoeleindes gebruik is. Hulle het heel moontlik vulgare ('n graansoort) en sorghum verbou omdat dit in vlak grond gegroei het. Dit blyk asof weiding vir vee net voorgekom het waar daar nie terrasse was nie. Op die plaas Rietfontein is klipgange waarin die beeste gejaag is om hulle uit die lande te hou. Op hierdie terrein is geen oorblyfsels van graankelders gevind nie en Myburgh het tot die slotsom gekom dat die graan bogronds geberg is. Hier is ook slote uit 'n vroeëre tydperk en dit lyk asof 'n soort dam met 'n kanaal gemaak is om water na die lande te lei. Geen ruïnes kom naby die kanaal voor nie. Die ander voor, wat onderskei kan word, is waarskynlik gemaak om watervoorraad na die blyplekke te lei.[47]


---

45 Myburgh, *Die stamme van die distrik Carolina*, pp. 29-32.


46 Ibid., p. 43.

47 Ibid., pp. 44 en 45.


## SKETSE VAN KLIPRUÏNES IN DIE MACHADODORP-OMGEWING





**Skets A**




**Skets B**




Skets C




SKETS D

BRON: Myburgh *Die stamme van die distrik Carolina*, pp. 33-36.

De Kamper se meer onlangse ondersoek onderskryf Myburgh se afleiding dat daar 'n groot nedersetting was. Die beskrywing kom ook baie met dié van Myburgh ooreen. Hy gee 'n gedetailleerde beskrywing van die ringmure. Hy is van mening dat die eerste een 'n enkele klipmuur van omtrent sewe meter in deursnee was en dat die mure met mekaar verbind was. Daar is ook twee sirkels wat in 'n westelike rigting lê wat ouer as die ander strukture blyk te wees. Volgens hom is dit Pedi-nedersettings.[48]

In teenstelling met vroeëre opvattings meen hedendaagse historici dat die voorsate van die huidige swart gemeenskappe Sentraal-Afrika reeds vóór die Christelike era verlaat het en stadig suidwaarts begin beweeg het.[49] Die vroegste Bantoesprekende nedersetters van die Machadodorp-omgewing was waarskynlik Sothosprekers. Antropoloë meen dat die Koni die eerste identifiseerbare groep was wat hulle in die omgewing gevestig het. Uit die kaart getitel "Die tydperk van ontwrigting, die '*Difaqane*'," wat in *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika* opgeneem is, blyk dit dat die Koni, onder Makopole, die groep was wat die naaste aan Machadodorp gebly het.[50] Die Suid-Afrikaanse historikus, P. Bonner, van die Universiteit van die Witwatersrand, verwys soos volg na die teenwoordigheid van Koni in die gebied: "*....a scatter of Koni settlements fanned out from the Steenkampsberg towards the south.*"[51] Machadodorp sou later met die totstandkoming van die Lydenburg-landdrosdistrik in die ZAR in die Steenkampsbergwyk val.

Die algemene veronderstelling onder argeoloë en antropoloë is dat van die vroegste onderskeibare swart gemeenskappe in die Machadodorp-omgewing *Bapedi* was en dat hulle reeds voor 1823 in dié gebied gewoon het.[52]

---

48 De Kamper, "Machadodorp cultural resource inventory," p. 33;
Foto's PH0067/2530CB0031, PH0068/2530CB0031, PH0069/2530CB0031, pp. 110 en 111.

49 Anoniem, *The native tribes of the Transvaal: Prepared for the general staff, War Office*, (1905) p. 5.

50 Bergh (red.), *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika*, Kaart 3.3, p. 11 en p. 107.

51 P. Bonner, *Kings, commoners and concessionaires. The evolution and dissolution of the nineteenth-century Swazi state*, p. 30.

52 De Kamper, "Machadodorp cultural resource inventory," p. 16.

Volgens 'n inligtingstuk, wat in 1905 vir die Britse *General Staff, War Office,* in Londen voorberei is, *The native tribes of the Transvaal*, is Sotho- en Swazi-gemeenskappe onderskei as die vernaamste swart inwoners van die Lydenburg- en Carolina-distrikte en is die "*Bapedi*" van Sotho-afkoms.[53] Machadodorp en omgewing het in albei distrikte geval.

In sy navorsingsverslag wys Myburgh daarop dat van die ruïnes in die groter omgewing, tussen Machadodorp en Carolina, tot die Sotho-kultuur behoort. Hy staaf sy bewerings deur na mondelinge getuienis van 'n segsman, Khathazo Nkosi (Dlamini) te verwys. Nkosi was van mening dat die kleipotte wat gevind is Sothopotte was omdat die potte van dik klei gemaak is en teen 'n klipperige berg sou kon afrol sonder om te breek. Indien dit Swazi-potte was, sou dit gebreek het omdat dié potte van dunner klei gemaak is.[54] Hierdie getuienis stem ooreen met een van die onderskeidingseienskappe van Vroeë en Latere Ystertydperk-potkleiwerk.

Volgens die Suid-Afrikaanse argeoloog, D. Collet, val Machadodorp binne die Badfontein argeologiese navorsingsgebied, wat vanaf Carolina tot by Lydenburg strek. Uit sy navorsing lei hy ook af dat die *Bapedi*[55] van die eerste inwoners in die gebied was.[56] De Kamper, wat hom veral op die plase Geluk 348JT en Rietfontein 365JT toegespits het, se waarneming berus op foto's wat hy geneem het en enkele artefakte (soos potskerwe) wat hy gekry het.[57]

Volgens Delius het veelvuldige gemeenskappe onder verskillende leiers hulle teen die einde van die agtiende eeu in Oos-Mpumalanga gevestig. Die nasate van hierdie gemeenskappe word onderskei as die Koni, Pai, Pulana, Kwena Roka en

---

53 Anoniem, *The native tribes of the Transvaal*, pp. 73 en 92.

54 Myburgh, *Die stamme van die Carolina distrik*, p. 45.

55 Daar word op verskillende wyses na die Pedi verwys, *Bepaedi*, Bapedi, *Bopedi* en Pedi. In hierdie verhandeling sal daar hoofsaaklik van die benaming Pedi gebruik gemaak word.

56 D. Collet, "The archaeology of the stoned walled settlements in the Eastern Transvaal, South Africa," unpublished Degree of Master of Science, University of the Witwaters Rand, 1979, pp. 78-81.

57 De Kamper, "Machadodorp cultural resource Inventory," p. 16;
Foto's PH0071/2530CB0032 - PH0082/2530CB0041, pp. 112-117.

Kutswe.[58] In sy werk, *The Pedi*[59] verduidelik die antropoloog, H.O. Mönnig, dat die meeste Koni hulle ontstaansgeskiedenis na Swaziland kon terugvoer en dat die naam "*koni*" die Sotho-ekwivalent vir Nguni is. Die Pedi het ook op hierdie verwantskap aanspraak gemaak. Dit wil voorkom asof sommige van die Koni-gemeenskappe Oos-Mpumalanga vanuit die ooste binnegekom het,[60] wat hierdie verduideliking kan staaf. Mönnig verwys ook na verskeie Koni-groepe wat skynbaar Sothosprekers was en wat die Transvaal-gebied voor die Pedi binnegekom het. Volgens hom was daar gedurende die sestigerjare nog ongeveer vyftig Koni gemeenskappe, waarna hy as "*Bopedi*" verwys, in die gebied woonagtig.[61]

Alvorens daar met die bespreking van die eertydse swart gemeenskappe in die Machadodorp-omgewing voortgegaan kan word, moet daar kortliks gelet word op die tydperk wat in die geskiedenis van die swart gemeenskappe as die *Mfecane* bekend staan. Dit is ook nodig om kortliks na die herkoms van die begrip en die polemiek rondom hierdie kontroversiële onderwerp te verwys.

Die begrip *Mfecane*[62] word oor die algemeen gebruik om die woelinge wat teen die einde van die agtiende en tydens die eerste twee dekades van die negentiende eeu (gedurende die voorkoloniale tydperk) in die binneland van suider-Afrika voorgekom het, te omskryf. Die *Mfecane* het met oorloë en die ontvolking van groot gedeeltes van die binneland gepaard gegaan en is deur drastiese veranderinge in die vestigingspatrone van die swart gemeenskappe gekenmerk. Aanvanklik het dié

58 Delius, *The land belongs to us,* p. 12.

59 Volgens Delius is H.O. Mönnig se publikasie *The Pedi* die insiggewendste oor die Pedi. Alhoewel dit 'n geïdealiseerde, sistematiese en algemene oorsig van 'n tipiese en tradisionele Pedi gemeenskap is, ontbreek inligting oor die sosiale verandering binne die Pedi gemeenskappe, wat veral vir 'n historikus van belang is. Delius, *The land belongs to us*, p. 4.

60 H.O. Mönnig, *The Pedi*, p. 17.

61 Ibid., p. 11.

62 Die begrip '*Mfecane*' beteken letterlik "om te vergruis." H.J. van Aswegen, "Die *Mfecane.* Werklikheid of mite?," *Historia*, Jaargang 39, Nommer 1, Mei 1994, p. 21; Die woord *Mfecane* is deur die Ngunisprekende stamme gebruik om na die gebeurtenisse van die tweede dekade van die 19de eeu te verwys. R. Edgecombe van die Universiteit van Natal het die direkte vertaling as 'verpletter in 'n totale oorlog', aangedui. Hierdie vertolking verskil van dié van Van Aswegen. Op die Hoëveld het die Sothosprekende stamme daarna verwys as die *Difaqane* of *Lifaqane* wat 'gedwonge verhuising' of '*hammering*' beteken. R. Edgecome, "Die *Mfecane* of Difaqane," in T. Cameron en S.B. Spies, *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*, p. 115; W.F. Lyle gebruik die term *Difaqane*. Ter wille van eenvormigheid sal die term *Mfecane*, deurgaans in hierdie bespreking gebruik word.

historiese faset min aandag in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing gekry en was dit hoofsaaklik Engelssprekende historici wat daaroor geskryf het.[63] Mettertyd het die hervertolking van die *Mfecane* 'n hewige debat onder plaaslike, sowel as buitelandse, historici uitgelok.

In die Suid-Afrikaanse historiografie voor 1960 was daar verskeie verwysings na en opvattings oor die *Mfecane.* Die begrip is die eerste keer in 1928 deur die historikus E. Walker gebruik. Hy het egter self nie veel aandag aan dié spesifieke onderwerp gegee nie. Die Suid-Afrikaanse historikus, G.M. Theal, het die grondslag vir die hedendaagse verstaan en begrip van die *Mfecane* gelê. Hy het reeds voor die einde van die negentiende eeu na die "*Zulu wars before 1834*" verwys.[64] Die historikus, W.M. Macmillian, het na "*the Chaka wars*" verwys en het hierdie oorloë as oorsaak vir die *Mfecane,* sowel as vir die onrus en woelinge daarna in die binneland beskou. Hy het krities gestaan teenoor Theal se vertolking en het die idee, dat die swart gemeenskappe inherent vyandig en gewelddadig teenoor mekaar was, verwerp. Vir hom was daar 'n direkte verband tussen wit koloniale uitbreiding en die *Mfecane.* C.W. de Kiewiet, voorheen verbonde aan die Universiteit van die Witwatersrand, het Theal se weergawe gekritiseer en daarop gewys dat die oorsake vir die gebeure in die binneland, weens die gebrek aan voldoende historiese getuienis, nie na behore nagevors is nie.[65] Afrikaner historici, soos C.F.J. Muller en F.A. van Jaarsveld het ook die term *Mfecane* gebruik, maar hoofsaaklik om na die "ontvolkte en skynbaar leë gebiede" (ontvolkte binneland mite) te verwys. Albei het 'n direkte verband tussen die *Mfecane* en die Groot Trek gesien.[66] H.J. van Aswegen, voorheen verbonde aan die destydse RAU, het ook na die *Mfecane* verwys, maar anders as die meeste Afrikaner historici het hy kennis

---

63 Van Aswegen, "Die *Mfecane,*" p. 19.

64 C. Saunders, "Cobbing, the *Mfecane* and (some) historians," in *The 'Mfecane' aftermath towards a new paradigm*, University of the Witwatersrand, 6 -9 September 1991, pp. 4 en 5; Van Aswegen, "Die *Mfecane,*" p. 21.

65 Saunders, "Cobbing, the *Mfecane* and (some) historians," pp. 8, 10, 1-12; Van Aswegen, "Die *Mfecane,*" p. 23.

66 Van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot Vorster*, pp.123, 132 en 133. Dit word ook aangetoon op 'n kaart met die onderskif, 'Die Groot Trek.' Die trekkers het die leë ruimtes ingetrek wat deur die *Difaqane* agtergelaat is." p. 137; C.F.J. Muller, *Die oorsprong van die Groot Trek*, pp. 69-83, 90-135 en 384.

geneem van die verskillende opvattings rakende die gebeurtenis en het hy hierdie opvattings beredeneer.[67]

Gedurende die tweede helfte van die twintigste eeu het die debat oor die *Mfecane* sy hoogtepunt bereik. In 1966 het J.D. Omer-Cooper se publikasie *The Zulu aftermath: a nineteenth century revolution in Bantu Africa* verskyn.[68] Hierin betoog Omer-Cooper dat die totstandkoming van die Zoeloekoninkryk 'n rimpeleffek van misplasing en ontwrigting in die binneland tot gevolg gehad het.[69] Wanneer Van Aswegen die strydvraag om die *Mfecane* evalueer, kom hy tot die gevolgtrekking dat Omer-Cooper se publikasie die eerste omvattende en diepgaande analise oor die *Mfecane* is. Van Aswegen beskou dié publikasie as 'n gesaghebbende, genuanseerde en wetenskaplik-verantwoorde werk oor die onderwerp.[70]

Teen die einde van die sestigerjare het W.F. Lyle sy doktorale proefskrif oor die *Mfecane* in die Transgariep voltooi.[71] Hy het ook 'n aantal artikels geskryf.[72] Lyle het die standpunt gehuldig dat Shaka se optrede 'n kettingreaksie tot gevolg gehad het en het klem geplaas op die dood en verwoesting wat voorgekom het. Hy het egter Theal se standpunt, dat die gebied ontvolk was, verwerp en het gemeen dat slegs enkele gemeenskappe vernietig is, terwyl die res tydelik ontwortel is.[73] Hierna het ander historici ook oor die *Mfecane* geskryf en hoewel hulle interpretasies soms verskil het, was hulle almal die mening toegedaan dat die *Mfecane* wel plaasgevind het en dat dit ontstaan het met die opkoms van die Zoeloemag.[74]

---

67 Van Aswegen, "Die *Mfecane,*" p. 27.

68 Omer-Cooper, *The Zulu aftermath: a nineteenth century revolution in Bantu Africa*, London, 1966.

69 C. Hamilton "Introduction history and historiography in the aftermath," in C. Hamilton (ed.), *The Mfecane aftermath: Reconstructive debates in Southern African history*, p. 1.

70 Van Aswegen, "Die *Mfecane,*" pp. 24 en 25.

71 W.F. Lyle, "The *Difaqane*: The Sotho wars in the interior of South Africa, 1822-1837," unpublished Ph. D. Thesis University of California, 1969.

72 W.F. Lyle, "The *Mfecane* in the Southern Sotho area, 1822-24," W.F Lyle, "The distribution of the Sotho peoples after the *Difaqane"* en W.F. Lyle, "The Ndebele kingdom south of the Limpopo River." Verwys na deur van Aswegen, "Die *Mfecane,*" voetnota 32, p. 25.

73 Lyle, "The *Difaqane*: The Sotho wars in the interior of South Africa, p. 25.

74 L. Thompson, "The *Difaqane* and its aftermath 1822-1836," in M. Wilson en L. Thompson *A history of South Africa to 1870*, pp. 338-340 en 392-393, Van Aswegen, " Die *Mfecane*," voetnota 36, p. 25; Maylam, *A history of the African people of South Africa*, pp 54-63.

Gedurende die vroeë negentientagtigs het Julian Cobbing, toe verbonde aan Rhodes Universiteit, sy eerste, van 'n reeks kontroversiële referate oor die *Mfecane* gelewer. In 1988 verskyn sy artikel "The *Mfecane* as alibi: Thoughts on Dithakong and Mbolombo."[75] Hy het die algemene standpunte oor die *Mfecane* gekritiseer en die *Mfecane* as 'n mite beskou:

> (*which was*) *deliberately created to provide an 'alibi' for slaving and raiding, then at a later stage propogated by historians to justify and ligitimate the racially unequal divisions of the land.*

Hy het die blaam vir die ontwrigting van die binneland voor die deur van die wit slawehandelaars en sendelinge gelê, en dit nié as 'n gevolg van die opkoms van die Zoeloekoninkryk beskou nie.[76] Hierdie artikel het wye polemiek onder historici ontlok.

In 1991 het Carolyn Hamilton, toe verbonde aan die departement antropologie van die Universiteit van die Witwatersrand, 'n *colloquium* (akademiese gesprek) belê, ten einde die *Mfecane* te debatteer. Dit is hoofsaaklik deur Engelssprekende akademici (historici, antropoloë en argeoloë) bygewoon. Reeds vroeg in die gesprekvoering het Cobbing gesê dat daar vir altyd van die begrip *Mfecane* ontslae geraak moes word en dat 'n nuwe paradigma daargestel moes word.[77] 'n Aantal referate wat tydens hierdie *colloquium* gelewer is, is in 1995 onder redaksie van Carolyn Hamilton onder die titel *The Mfecane: Aftermath reconstuctive debates in Southern African history* gepubliseer.[78]

Sedertdien is daar nog nie eenstemmigheid onder historici oor die *Mfecane* nie. Daar is diegene soos N. Etherington wat in een van die meer resente

---

75 J. Cobbing, "The case against the *Mfecane*" 1983; J Cobbing, "The case against the *Mfecane*," ongepubliseerde referaat, Universiteit van die Witwatersrand, 1984; J Cobbing. "The myth of the *Mfecane*," ongepubliseerde referaat, Universiteit van Durban Westville, 1987; J. Cobbing, "The *Mfecane* as alibi: Thoughts on Dithakong and Mbolompo," *Journal of African History*, 29, 1988, pp. 487-519.

76 C. Saunders "Conference report: *Mfecane* afterthought," *Social Dynamics*, 17 (2), 1991, p.172. Cobbing se siening is ook deur Omer-Cooper weergegee, "Has the Mfecane a future?," p. 273; T.R.D. Davenport, "The *Mfecane* Debate: A case for deconstruction?," *South African Historical Journal*, 35, November 1996, pp. 193-194; Van Aswegen, "Die *Mfecane,*" p. 19.

77 Saunders "Conference report: *Mfecane* afterthought," p. 171.

78 Hamilton, (red.), *The Mfecane: Aftermath reconstuctive debates in the Southern African history*, Johannesburg: Witwatersrand University Press, 2001.

publikasies in Suid-Afrikaanse historiografie steeds die begrip gebruik,[79] dié wat glo dat die polemiek oor die onderwerp besig is om te taan[80] en dié, soos Robert Ross van die Ryksuniversiteit van Leiden in Nederland, wat glad nie die term gebruik nie. Hy verwys na die onrus in die binneland as "*a slow political revolution...on the High Veld and in the valleys of the eastern coastal belt.*"[81] Die Suid-Afrikaanse historikus, T.R.H. Davenport, van die Universiteit van Kaapstad doen aan die hand dat, ten spyte van die debat, die terme *Mfecane* en *Difaqane* steeds gebruik word.

> *In view of the need to have a shorthand term for the troublous times we have in mind, and the contortions of linguists and historians around mfecane and difaqane ... as they do appear to have a basis in the Nguni and Sotho languages ... we go on using them.*[82]

Dit blyk dus dat die laaste woord oor die *Mfecane* nog lank nie gespreek is nie.

Dit word algemeen aanvaar dat die *Mfecane* of "*troublous times*," soos Davenport in die voorafgaande aanhaling na die tydperk verwys, 'n ontwrigtende uitwerking op die swart stamme van Oos-Mpumalanga gehad het. Onderlinge twis het hierdie onbestendigheid vererger. Die Koni en ander Sotho-groepe in die groter streek het onder die Ndebele van Mzilikazi se plundertogte deurgeloop. Dit het tot gevolg gehad dat die gebied gedeeltelik ontvolk geraak het.[83] Na een so 'n aanval het Marangrang, 'n burgerlike, leierskap oor van die oorblywende Koni in die suidoostelike gebied geneem.[84] Die Koni en splintergroepe, soos die Pulana en Kutswe, het hulle in 'n gebied tussen die hartland van die Pedi en die Swazi gaan vestig waar hulle verarm, gefragmenteer en verstrooid geraak het. Dit het tot gevolg gehad dat hulle oor 'n wye gebied voorgekom het.[85] Volgens Delius het die Koni, Tsonga en Oos-Sotho groepe teen 1869 in die gebied noord van Lydenburg gebly.[86]

---

79 N. Etherington, *The great treks. The transformation of Southern Africa*, 1815-1854, pp. 261, 333-40, 343-46.

80 Gesprek met prof. J.P. Brits, Departement Geskiedenis UNISA 6 Julie 2004.

81 R. Ross, *A concise history of South Africa*, p. 26.

82 T.R.H. Davenport, "The *Mfecane* debate," p. 199.

83 Anoniem, *The native tribes of the Transvaal*, p. 75.

84 Delius, *The land belong to us*, pp. 25-26.

85 Ibid., pp. 29-38.

86 Ibid., p. 191.

Volgens mondelinge oorlewering is opperhoof Tulare, na sy dood in die twintigerjare van die negentiende eeu, deur Malakutu opgevolg wat plundertogte tot sover as suid van die Vaalrivier uitgevoer het. Hy is deur 'n broer om die lewe gebring wat op sy beurt deur twee ander broers vermoor is. Die derde seun, Makopole, het na die Lydenburg-omgewing getrek waar hy uit die Koni-splintergroepe vir hom 'n gevolg byeengebring en homself tot opperhoof verklaar het.[87] Hierdie weergawe van die vroeë swart inwoners van die groter Machadodorp-omgewing stem ooreen met die voorstelling in die kaart "swart gemeenskappe teen die begin van die 19de eeu" in *Die Geskiedenisatlas van Suid-Afrika*. Hieruit blyk dat Makopole suid van Lydenburg gevestig was en kan daar veronderstel word dat van sy onderdane in die Machadodorp-omgewing kon gebly het.

Toe die eerste wit migrante die oostelike gebied van die huidige Mpumalanga (Suidoos-Transvaal) binnegetrek het, het hulle Swazi-stamme in die gebied aangetref. Hierdie Nguni mense het verspreid in die gebied gewoon, wat vanaf Swaziland tot suid van die Komatirivier gestrek het. Met die aankoms van die wit setlaars het die Swazi onder die opperhoofskap van Somcoeba, 'n regent van Umswaz, gestaan. Die aanvanklike suidelike grens tussen die wittes en die Swazi is vaagweg as die 26° suiderbreedte aangedui. In die volgende onderafdeling, wat oor die vestiging van die wit nedersetters in die Machadodorp-omgewing handel, sal daar in meer besonderhede na die Swazi in die gebied verwys word.

**Voorgeskiedenis: Aanvanklike wit nedersetting**

Net soos in die geval van die geskiedenis van die eertydse swart nedersetters in die Machadodorp-omgewing moet die geografiese strekwydte as verwysings-raamwerk vir bespreking van die vroegste wit nedersettingsgeskiedenis, wyer as die onmiddellike omgewing wees. Die wit vestiging in die Oor-Vaalse (Transvaalse) gebied moet in ag geneem word en daar moet veral op die wit vestiging in die

87 Anoniem, *The native tribes of the Transvaal*, p. 75; Delius, *The land belongs to us*, pp. 15 en 20; Bergh (red.), *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika*, Kaart 3.3, p. 11.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

noordoostelike subgebied van die voormalige Transvaal gelet word. Die wit nedersetters in Machadodorp en omgewing was hoofsaaklik afkomstig uit diegene wat in 1845 vanaf Potchefstroom na die Ohrigstad-Lydenburg-streek getrek het, Natal-trekkers wat hulle by die eerste groep trekkers aangesluit het, seisoenale trekboere[88] en handelaars wat hulle langs die wapad en later langs die spoorlyn en in die dorp gevestig het.

Gedurende die tydperk 1835-1838 het 'n deel van die Afrikaners, die Afrikaner-grensboere, die oostelike deel van die Britse Kaapkolonie verlaat en hulle in die binneland gaan vestig. Hierdie massaverhuising staan in die Suid-Afrikaanse historiografie as die Groot Trek bekend. Verskeie trekgeselskappe, onder leiding van groepsleiers (Voortrekkerleiers), het die Oosgrens verlaat. Volgens Van Jaarsveld het die geografiese bou van die binneland en die verspreiding van die swart gemeenskappe die trekrigtings bepaal en nadat hulle oor die Garieprivier getrek het, het hulle noordwaarts oor die Vaalrivier (oor-Vaalse gebied) en ooswaarts oor die Drakensberge na Natal getrek. A.H. Potgieter en sy trekgeselskap het hulle in die sentrale binneland in die omgewing van die teenswoordige Potchefstoom-Winburg gevestig. Hy en sy volgelinge het Potchefstroom egter in 1845 verlaat en hulle in die omgewing van die huidige Ohrigstad gaan vestig. Die vernaamste redes vir hierdie trek was die begeerte om vry te wees van die bepalings van die *Cape of Good Hope Punishment Act*,[89] die behoefte aan ’n geskikte nie-Britse hawe en die beskikbaarheid van wild, veral olifante, wat redelik volop in die nuwe gebied voorgekom het. Die Voortrekkers, onder leiding van P. Retief en G. Maritz, het oor die Drakensberg getrek en hulle in die gebied oos van die Drakensberg gaan vestig. Nadat die Zoeloes onder Dingane in 1838 verslaan is, is die Republiek Natalia gestig.[90] Ná die Britse besetting van Natal in 1841 het sommige Trekkers die gebied verlaat en na die Voortrekker-gebied wes van die Drakensberg teruggetrek. 'n Groep Natal-trekkers, onder

88 Hierdie trekboere moet nie verwar word met die Trekboere wat hoofsaaklik in die Transorangia was nie. Hierdie trekboere was trekkers in die Oor-Vaalse gebied wat met hulle vee agter somer- en winterweiding aangetrek het.

89 Volgens die *Cape of Good Hope Punishment Act*, is alle migrante ten suide van die 26° suiderbreedte as Britse onderdane beskou. Dié wat hulle verder noord gevestig het, het die wetgewing vrygespring.

90 Van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot Vorster*, pp. 135-148.

leiding van J.J. Burger, het by die Potgieter-nedersetters aangesluit. Die dorp Andries-Ohrigstad, wat later net as Ohrigstad bekend sou staan, is aangelê.[91]

Nieteenstaande die aanspraak van die Trekkers op grondgebied noord van die Vaalrivier, op grond van verowering nadat Mzilikazi in 1836 deur Potgieter verslaan is, het die trekkers dit nodig geag om met die kapteins van elke spesifieke gebied oor grondbesit te onderhandel en ooreenkomste te sluit. Die Ohrigstad-trekkers het met die Pedi en die Swazi onderhandel en ooreenkomste oor die latere Lydenburg-streek gesluit.[92]

Op 5 Julie 1845 het Potgieter na die Pedi-opperhoof, Sekwati, gegaan en met hom en 'n paar van sy kapteins 'n "*vredestractaat*" gesluit om grond vir boerdery en die aanlê van 'n nedersetting te bekom. In 'n memorie aan die Volksraad en ook in die Volksraadsbesluite van 20 Augustus 1845 wat te Ohrigstad geneem is, word daar na hierdie "*vredestractaat*" verwys.[93] Dit wil voorkom asof hierdie die eerste van vier traktate was wat tussen die Trekkers en die omliggende swart gemeenskappe gesluit is. Die oorspronklike vredestraktaat het egter verlore geraak, daarom kan die gebied wat daarin beskryf is nie met sekerheid bepaal word nie. Daar kan selfs nie met sekerheid aanvaar word dat die onderhandelings oor grond was nie. In sy verhandeling, "Die sendeling Alexander Merensky in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek (1859-1882)," verduidelik T.S. van Rooyen dat daar tot geen gevolgtrekking gekom kan word oor die aard van die verdrag nie, behalwe dat dit miskien 'n "*vredestractaat*" was.[94] Daar bestaan ook twyfel of die twee partye die vredestraktaat op dieselfde wyse vertolk het. Indien die Voortrekkers se gewoonte, om grond waarop hulle wou vestig van die swart gemeenskappe te koop, in ag

91 F.J. Potgieter, Die vestiging van die blanke in Transvaal (1837-1886), *Argief-Jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, Jaargang 21, Vol. II, pp. 39 en 41; Delius, *The land belongs to us*, p. 31; J.S. Bergh, "Blanke vestiging tot ca. 1850," in Bergh (red.) *Geskiedenisatlas van Suid- Afrika*, pp. 130-131; J.A.I. Agar-Hamilton, *The native policy of the Voortrekkers an essay in the history of the interior of Southern Africa, 1836-1858*, pp. 57 en 58.

92 Huyser, "Die naturelle-politiek van die Suid-Afrikaanse Republiek," p. 29.

93 T.S. van Rooyen, Die verhouding tussen die Boere, Engelse en naturelle in die geskiedenis van die Oos-Transvaal tot 1882, *Argief-Jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, Jaargang 14, Vol 1, 1951, pp. 4 en 97; Huyser, "Die naturelle-politiek van die Suid-Afrikaanse Republiek," voetnota, 1, p. 29.

94 T.S. van Rooyen, Die sendeling Alexander Merensky in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek (1859-1882), *Argief-Jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, Jaargang 16, Vol. II, p. 127.

geneem word is dit hoogs waarskynlik dat Potgieter grond van Sekwati gekoop het.[95]

Daar het blykbaar selfs onder die trekkers onsekerheid bestaan oor die "aankoop" van grond van Sekwati. Politieke wedywering het tussen Potgieter en die Ohrigstad-Volksraad geheers. Hierna het die Volksraad met Umswaz, die seun van Sobhuza en kaptein van die Swazi's, oor grond onderhandel. Volgens Umswaz was die grond wat ter sprake was Swazi-grond, aangesien hy dit van die Pedi verower het[96] en op 25 Julie 1846 is 'n ooreenkoms tussen die Volksraad en Umzwaz gesluit.

> (Hiervolgens is) *die grondgebied gelegen van Ohrigstad noordwaarts tot aan die Olifantsrivier op en af tot aan de lijn van Delagoabaaij, zuidwaarts tot aan de Krokkedielrivier, west waarts tot aan Elandsspruijd en tot die 26ste graatslijn, ooswaarts tot alwaar Krokkiedelrivier in Kommatie loop en tot an de lijn van Delagoabaaij.*[97]

Die grond is vir ’n honderd teelbeeste van die Swazi gekoop.[98]

Die gebied wat afgeteken is, was groot en sou die latere Middelburg, Barberton en 'n gedeelte van Carolina insluit.[99] Machadodorp sou ook binne die afgetekende gebied val.

Op 4 Julie 1855 het kommandant-generaal W.F. Joubert aan die Lydenburg se kommissieraad berig dat die Swazi opperhoof, Umswaz, bereid was om nog 'n gedeelte van sy grondgebied aangrensend aan die Lydenburg-distrik af te staan. Op 21 Julie 1855 is 'n tweede koopkontrak met Umswaz gesluit. Hiervolgens het hy die gebied suid van die Komatirivier tot aan die Pongolarivier, die Vaalrivier en die grens van Natal, die Vrystaat en Zoeloeland tot aan die Olifantsrivier aan die

95 Bergh, “Blanke vestiging tot ca. 1850," in J.S. Bergh (red.), *Geskiedenisatlas van Suid- Afrika*, p.131; Van Rooyen, *Die sendeling Alexander Merensky*, p. 27.

96 Van Rooyen, *Die sendeling Alexander Merensky*, p. 27; Van Rooyen, *Die verhouding tussen die Boere, Engelse en naturelle*, p. 103.

97 Huyser, “Die naturelle-politiek van die Suid-Afrikaanse Republiek,” p. 30.

98 Bergh, “Blanke vestiging tot ca. 1850,” in Bergh (red.), *Geskiedenisatlas van Suid- Afrika*, p.131; Anonym, *The native tribes of the Transvaal*, p. 76; Van Rooyen *Die verhouding tussen die Boere, Engelse en naturelle*, pp. 74 en 75; Green, “Die geskiedenis van Middelburg (Tvl.),” p. 4.

99 Van Rooyen, *Die verhouding tussen die Boere, Engelse en naturelle*, p. 5.

Lydenburg se migrante afgestaan, in ruil vir sewentig uitsoek verse. Aanvanklik is hierdie nuwe grens nie betwis nie, maar later het Sekwati dit betwis, want volgens hom het Umswaz grondgebied wat nie aan hom behoort het nie, verruil. Volgens Van Rooyen het die Pedi die verdrag nie erken nie omdat die Swazi die Pedi nooit verslaan het nie. Sekwati het die grond as sy eiendom beskou omdat hy tydens die *Mfecane* deur Dingane en Mzilikazi uit die gebied verdryf is en nié deur die Swazi nie. Die Zoeloes het nie die gebied geannekseer nie. Die Trekkers het toe 'n ooreenkoms met Sekwati gesluit, waarvolgens hy sy eiendomsreg oos van die Steelpoortrivier prysgegee het. Hierdie ooreenkoms is deur die Lydenburg Volksraad erken. Hierna is onderhandelings met Umswaz afgehandel en op 13 Maart 1860 het Joubert die twee koopbriewe, sowel as die ooreenkoms van 1 Februarie 1860, aan die Uitvoerende Raad oorhandig.[100] Die suid-oostelike streek van die Oor-Vaalse gebied kon deur wit nedersetters bewoon word. Die plaas Geluk 29 het net binne dié gebied geval. Machadodorp sou op 'n gedeelte van dié plaas, net suid van die Elandsrivier, ontwikkel.[101]

Die wit nedersetters het die gebied noord van die Vaalrivier as verskillende trekgeselskappe beset. Potgieter en Green wys daarop dat die trekkers, wat hoofsaaklik veeboere was, aanvanklik die Oos-Transvaalse plato, waar Machadodorp sou ontstaan, vermy het omdat hulle die streek as te koud beskou het. In die vroeë sestigerjare (1860-1862) het hulle gedurende die somermaande op die plato gaan bly omdat die weiding goed was. Mettertyd het hierdie tydelike nedersetters besef dat die gebied wel gedurende die wintermaande bewoon kon word en teen die middel van die dekade het 'n aantal wit setlaars hulle reeds op die Hoëveld gevestig.[102] Skaapboere het uit die Kaapkolonie en die Vrystaat na die Hoëveld getrek omdat die weiding goed was. Die geografiese faktore en

100 Duvenage, “Die Republiek Lydenburg in Suid-Afrika,” pp. 30-31; Van Rooyen *Die sendeling Alexander Merensky*, p. 28.

101 Die geografiese ligging van die dorp is van belang omdat dit later tot ’n distrikgrenslyntwis tussen Lydenburg en Carolina sou lei. Die grenslyntwis word volledig in hoofstuk 5 bespreek.

102 Potgieter, *Die vestiging van die blanke in die Transvaal*, pp. 65, 170 en 171; Green, “Die Geskiedenis van Middelburg (TVL),” p. 2.

bodemgesteldhede, wat wit nedersetting hier aangehelp het, was vrugbare grond, goeie reënval en goeie weiding.[103]

In sy verhandeling "Die Republiek Lydenburg in Suid-Afrika - agtergrond, ontstaan en einde," het G.D.J. Duvenage die Oor-Vaalse migrante as "pioniers uit geslagte van pioniers" beskryf.[104] Hulle het 'n bestaansekonomie, wat aanvanklik hoofsaaklik op veeboerdery en jag berus het, bedryf. Mettertyd het hulle ook landbou begin beoefen, al was dit aanvanklik net om selfversorgend te wees.[105] Dit is opvallend dat daar besliste ooreenkomste tussen die bestaansekonomie van die swart boere wat aanvanklik die gebied beset het en die eerste wit pionierboere was. Albei groepe was veeboere wat met hulle vee weiding gesoek het en tydens die koue wintermaande met hulle vee na die Laeveld getrek het. Albei was ook bestaanslandbouers.

Vir die wit nedersetters het die gebied noord van die Vaalrivier "oopgelê." Grond was volop en 'n plaas kon teen 'n nominale bedrag bekom word. Die meeste nedersetters het los goedere en vee gehad, maar daar het 'n gebrek aan beskikbare kontant bestaan. Baie van hulle het verarm omdat die migrasietydperk uitgerek was. Hierdie eenvormige ekonomiese omstandighede het 'n klaslose sosiale kultuur tot gevolg gehad waarin die gelykheidsgedagte baie sterk na vore gekom het.[106]

Die wit setlaars was yl en oor 'n groot gebied tussen die Vaal- en die Limpoporivier verspreid. Volgens die Maart 1873-sensus het Lydenburg en distrik 'n bevolking van 1 534 gehad. Volgens 'n lys wat in 1883 in die *Staatscourant* gepubliseer is, was daar 162 plase in die Lydenburg-distrik.[107] Dié yl verspreiding het tot isolasie van die wit families bygedra. Hierdie isolasie het weer spesifieke

---

103 Potgieter, *Die vestiging van die blanke in Transvaal*, p. 66; P.J. Naudé, “Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899,” ongepubliseerde D.Litt et Phil-proefskrif, UNISA, 1954. p. 4.

104 Duvenage, “Die Republiek Lydenburg in Suid-Afrika,” p. 3.

105 Potgieter, *Die vestiging van die blanke in die Transvaal*, pp. 60 en 157; Gesprek met R. van Zyl, Ben Viljoenstraat, Pretoria Noord, 5 Augustus 2003.

106 Potgieter, *Die vestiging van die blanke in die Transvaal*, p. 60.

107 Ibid., pp. 107 en 118.

karaktereienskappe tot gevolg gehad: 'n lae geletterdheidsvlak en die ywerige beskerming van eie regte. Die meeste pioniers het slegs basiese lees- en skryfvermoëns gehad. Die isolasie en die verwyderdheid van Nederland het tot gevolg gehad hulle Nederlandse taalvermoë gebrekkig geraak het. Duvenage haal die historikus Van Oordt aan. Hy beskryf hulle as mense met positiewe karaktereienskappe soos vasberadenheid en deursettingsvermoë, wat veelsydigheid en handvaardig was, maar wat geestelik nog in die sewentiende eeu geleef het, terwyl hulle by die intellektuele eise en standaarde van die negentiende eeu moes aanpas.[108] Bogenoemde eienskappe, sowel as deursettingsvermoë en militêre paraatheid, was besliste voorvereistes vir suksesvolle wit nedersettings en vestiging in die binneland. Dieselfde eienskappe sou egter soms op staatkundige gebied, byvoorbeeld by dorpstigting en grensafbakening, struikelblokke word. Die grenstwis wat ná die proklamasie van Carolina as afsonderlike distrik ontstaan het, is 'n toepaslike voorbeeld van so 'n struweling.

Nog 'n eienskap van hierdie pioniers was dat hulle menseregte persoonlik gehandhaaf het in plaas daarvan om dit aan staatsgesag oor te dra. Die beveiliging van die persoon, die gesin, familie, politieke groep of politieke leier het vir hulle swaarder geweeg as volks- of staatsbelang.[109] Hulle Bybel- en godsdiens-verknogtheid was eienskappe wat bygedra het om die volksmoraal op 'n hoë vlak te hou. Hulle het 'n byna Ou Testamentiese houding teenoor die swart volke, wat hulle as "heidene" beskou het, gehandhaaf.[110] Oor die algemeen het die indiwiduele wit nedersetter die swartes as benede hom, in stand en beskawing, beskou. Hulle het geglo dat die kleurgroepe "God-gegewe" was en enige sosiale gelykstelling en bloedvermenging is vermy. Polities is 'n beleid van territoriale segregasie gevolg. Waar die beleid nie toegepas kon word nie, is swartes onder voogdyskap van die wittes geplaas.[111] Daar kan aanvaar word dat die wit pionierboere in Machadodorp se karaktertrekke en houding teenoor die swart inwoners met dié van die breër trekkergemeenskap ooreengestem het.

108 Duvenage, “Die Republiek Lydenburg in Suid-Afrika,” pp. 3-5, 6 en 9.
109 Ibid., pp.6, 7 en 9.
110 Ibid., p. 16.
111 Van Rooyen, *Die verhouding tussen die Boere, Engelse en naturelle*, pp. 135 en 136.

Daar is groot waarde aan spesifieke leierfigure geheg. Dit het tot gevolg gehad dat daar verskeie politieke groeperings in die Oor-Vaalse gebied ontstaan het. Eerstens was daar die twee hooftrekkerleiers, A.H. Potgieter in die Noordoos-Transvaal en A.W.J Pretorius, wat steun in Wes- en Sentraal-Transvaal geniet het. Hierdie politieke skeiding was egter nie tot die groot politieke leiers beperk nie, maar is ook in die kleiner gemeenskappe bespeur. In Ohrigstad was daar politieke groeperings, naamlik dié wat die Voortrekkerleier Potgieter ondersteun het en die Volksraadsgroep wat onder leiding van J.J. (Kootjie) Burger en W.F. (Frans) Joubert gestaan het.[112] Cornelis Potgieter, die eerste eienaar van die plaas Geluk 29, was ten spyte van sy familiebande met die Voortrekkerleier 'n ondersteuner van die Volksraadsgroep. Die twee groepe het uiteenlopende politieke oortuigings gehad. Die Voortrekkerleier, Potgieter, was ten gunste van 'n outokratiese staatsbestel terwyl die Volksraadsgroep 'n meer demokratiese staatsbestel voorgestaan het. Hierdie grondliggende verskille het uiteindelik tot gevolg gehad dat daar in Ohrigstad twee regerings langs mekaar bestaan het.[113] Na Potgieter en sy volgelinge Ohrigstad verlaat het en die dood van Kootjie Burger het die politieke onmin nie geëindig nie. Hierdie politieke onmin is dit deur nuwe leiers, soos Cornelis Potgieter, W.H. Jacobs, C. Viljoen, P.C. Schoeman, P.J. Coetzee, H.T. Bührman en ander prominente Lydenburgers, voortgesit.[114]

Die Volksraadsgroep in Ohrigstad het as 'n afsonderlike maatskappy en regionale politieke groep agtergebly totdat hulle die dorp, na die strawwe koorsepidemie van die somer van 1847, verlaat het en hulle by Krugerspost gaan vestig het. In Mei 1849 is daar besluit dat Ohrigstad as regeringsetel deur 'n ander dorp vervang moes word.[115] Lydenburg het vroeg in 1850 tot stand gekom.[116] Cornelis Potgieter was onder dié wat na Lydenburg verhuis het.

---

112 Duvenage, “Die Republiek Lydenburg in Suid-Afrika,” pp. 7-11.

113 Ibid., pp. 40, 41, 53 en 55.

114 Ibid., p. 35.

115 Ibid., 57.

116 Daar is op dié naam besluit ter herinnering aan die lyding van mens en dier te Ohrigstad. Die dorp se naam is aanvanklik as 'Leidenburg' gespel en is eers later na Lydenburg verander. Die eerste spelling dui daarop om die leiding of voortou te neem, terwyl die tweede spelling korrek is, aangesien dit op swaarkry of smart ervaar dui. Van Rooyen, *Die verhouding tussen Boere, Engelse en naturelle*, p. 7.

Die Potgieter-familie het sedert die wordingsjare van die wit nedersetting in die Oos-Transvaal en later in Machadodorp op baie terreine 'n noemenswaardige rol gespeel. Die stamvader van hierdie familie, Cornelis Potgieter, 'n neef van die Trekkerleier A.H. Potgieter, is op 7 April in Albanië aan die Oosgrens gebore.[117] Hy is met Rachel Catharina Espag getroud en hulle oudste seun, Joachim, is in Mei 1838 gebore. Dit blyk asof hulle die Kaapkolonie kort hierna verlaat het. Soos ander trekkers is hulle eers Natal toe en het later as deel van die Volksraadsgroep na Ohrigstad getrek. Cornelis Potgieter was 'n groot kampvegter vir die beginsels van die Volksraadsgroep.[118]

Toe Cornelis Potgieter nog op Ohrigstad woonagtig was, het hy hom reeds as 'n leier onderskei. Hy was die eerste landdros van die dorp en het die distrik ook as volksraadslid verteenwoordig.[119] Van Rooyen beskryf hom as 'n konsensieuse werker wat besadig in sy optrede teenoor die publiek en gewild onder sy volksgenote was.[120] Nadat hy hom in Lydenburg gaan vestig het, het hy ook in die wordingsjare van die dorp op baie terreine 'n rol gespeel. Toe Jacob de Clerq, die eerste landdros van Lydenburg, bedank het, is Cornelis Potgieter in 1858 as landdros aangestel. Hy het hierdie amp, met die uitsondering van kort tussenposes, tot en met 1868 beklee. As leier in sy gemeenskap was hy lid van 'n aantal belangrike afvaardigings en het hy nie net sy gemeenskap nie, maar ook die ZAR-regering verteenwoordig. Hy, J. de Clerq, P. Kruger, J.J. Burger en H.T. Bührmann het na Delagoabaai gegaan om die Nederlandse agent, Smellekamp, te ontmoet en daarna was hy etlike kere die afgevaardigde om met die Portugese oor grenssake en handelstransaksies te beraadslaag. Hy was lid van 'n komitee wat die grenslyn tussen Swaziland en Lydenburg vasgestel het.[121] Hy het menige keer as voorsitter van Volksraads- en kommissievergaderings opgetree. Op die vergadering van 19 Maart 1852 waar die konstitusionele vraagstukke onder sy voorsitterskap

117 A.P. van der Merwe, “Landdroste van Lydenburg,” in Munisipaliteit van Lydenburg, *Lydenburgse Eeufeesgedenkboek 1850-1950*, p. 124.

118 Ibid., pp. 124 en 126

119 Duvenage, “Die Republiek Lydenburg in Suid-Afrika,” p. 17.

120 Van Rooyen, *Die verhouding tussen Boere, Engelse en naturelle*, p. 7.

121 Ibid., p. 77.

bespreek is, het een van verteenwoordigers Potgieter se leierskap as een van "kalmte, versigtigheid, helder optrede en gesonde verstand" beskryf.[122]

Potgieter het ook 'n leidende rol in die geskiedenis van die Republiek Lydenburg wat op 11 Maart 1854 tot standgekom het, gespeel. Tydens die samesprekings wat die skeuring voorafgegaan het, het hy, J. de Clerq en H.T. Bührmann as die Lydenburgers se segsmanne opgetree. Hy was die voorsitter van die vergadering van 16 Oktober 1854 toe die Lydenburgers, in die afwesigheid van die verteenwoordigers van die ander distrikte, hulle eie rigting begin inslaan het. Hy en kommandant Joubert is deur die Lydenburgers gestuur om hulle saak rakende die afskeiding in Potchefstroom te gaan stel.[123]

Tydens die kortstondige bestaan van die Republiek Lydenburg het Cornelis Potgieter steeds 'n leidende rol in die gemeenskap gespeel. Hy het in Julie 1857 politieke hervorming begin wat uiteindelik tot groter sentralisasie in die Lydenburg se bestuur sou lei.[124] Hy was ook betrokke toe die Republiek Lydenburg weer by die ZAR ingelyf is. Daar het egter verdeeldheid onder die Lydenburgers oor die hereniging bestaan en dit wil voorkom asof Cornelis Potgieter en P.J. Coetzer teen hereniging gekant was. Albei was egter teenwoordig op die vergadering van 26 Februarie tot 3 Maart 1860 toe daar oor die hereniging besin is. Die hereniging is op 27 Maart goedgekeur en Lydenburg se ses Volksraadslede het op 5 April 1860 hulle plekke in die verenigde Volksraad ingeneem. Cornelis Potgieter was nie een van hierdie Volksraadslede nie. Hy is kort na die hereniging tussen Lydenburg en die ZAR as tweede landdros van Lydenburg aangestel.[125] Die distrik Steenkampsberg waarbinne Machadodorp sou val, was deel van die Republiek Lydenburg, maar toe die republiek tot stand gekom het, was daar nog geen wit nedersetters in Machadodorp en omgewing nie.

---

122 Duvenage, "Die Republiek Lydenburg in Suid-Afrika," pp. 68 en 110.

123 Ibid., p. 226.

124 Ibid., p. 235.

125 Ibid., voetnota 113, p. 302.

Op kerklike gebied het Cornelis Potgieter ook 'n leidende rol gespeel. Hy was een van die ywerige bouers van kerke op Ohrigstad en Lydenburg. Die een op Ohrigstad het net tot balkhoogte gevorder voordat daar besluit is om die dorp te ontruim. Hy het nie geskroom om ter wille van beginsels en oortuigings sy standpunt duidelik te stel nie en het selfs soms heftig van ander verskil.

Al die trekkers het aanvanklik aan "*èène kerk*" behoort en wou nie die band met die Kaapse Nederduits Gereformeerde Kerk (die Kaapse kerk) verbreek nie. Die Lydenburgers was redelik afsydig toe die afskeidingsprobleme van die Transgariep na die gemeenskappe in die Oor-Vaalse gebied versprei het. Ds. Dirk van der Hoff, wat hom sterk ten gunste van afskeiding van die kerk in die binneland uitgespreek het, het in Mei 1853 Lydenburg besoek. Aanvanklik was Cornelis Potgieter een van die Volksraadslede wat Van der Hoff se koms na die Oor-Vaalse gemeenskappe verwelkom het. Tydens die Volksraadsitting van 21 November 1853 het hy egter 'n pleidooi ten gunste van handhawing van bande met die Kaapse kerk gelewer. Hy het gewaarsku dat kerklike afskeiding tot geestelike en administratiewe isolasie kon lei. Sy siening het heftige verskille tussen hom en Van der Hoff tot gevolg gehad.[126] Potgieter het egter die Lydenburgers deur middel van 'n raadsbesluit van die Lydenburg se kommissie toegelaat om weer by die Kaapse sinode aan te sluit en om 'n eie predikant te beroep. Hierdie besluit was strydig met die kerklike beleid van die ZAR.[127]

Dit was nie net op kerklike gebied dat Cornelis Potgieter soms met sy mede-landsburgers koppe gestamp het nie. Tydens sy termyn as landdros van Lydenburg het hy verskeie kere hewig van H.T. Bührmann, 'n agent op die dorp, verskil. Na een so 'n argument het Potgieter sy bedanking as landdros ingedien, maar die Uitvoerende Raad van die ZAR wou dit nie aanvaar nie.[128]

---

126 Van der Merwe, "Landdroste van Lydenburg," in Munisipaliteit van Lydenburg, *Lydenburgse Eeufeesgedenkboek 1850 - 1950*, p. 126.

127 Duvenage, "Die Republiek Lydenburg in Suid-Afrika," pp. 140, 145, 148, 154, 172 -175, 184 en 191.

128 Ibid., p. 205.

Teen die einde van sy lewe het Cornelis Potgieter heelwat grond besit. In Lydenburg was hy een van die eerste grondeienaars en teen 1875 was twaalf erwe op die dorp in sy naam geregistreer. Hy was ook die eienaar van dertien plase in die distrik.[129] Dit het die plaas Geluk 29, waarop die dorp Machadodorp aangelê sou word, ingesluit.

Die plaas Geluk 29, in die wyk Komati (die veldkornetwyk Steenkampsberg is eers later geproklameer) van die distrik Lydenburg, is op 10 Februarie 1862 deur L.H.P Steyn geïnspekteer en was 'n geskatte 4 774 morg groot. Die grondbrief vir die plaas is 16 Maart 1864 gedateer en op 19 Mei 1868 in die naam van Cornelis Potgieter geregistreer. Hy het die plaas as "vryplaas" ontvang vir die diens wat hy aan die ZAR gelewer het.[130] Met sy afsterwe in 1879 is die plaas onderverdeel en sy twee seuns Lukas Salmon Potgieter en Joachim Johannes Christoffel Potgieter het elk 'n gedeelte van die plaas geërf.[131] Op 13 Desember 1879 het L.S. Potgieter sy gedeelte aan K. Rood verkoop.[132]

129 Van der Merwe, “Landdroste van Lydenburg,” in Munisipsliteit van Lydenburg, *Lydenburgse Eeufeesgedenkboek 1850-1950*, p. 126.

130 TAB, Argief van die Registrateur van Aktes (hierna RAK) 1704, Geluk 29.

131 TAB, RAK 1704, Geluk 29, No 2, 979/1879 en No 3, 980/1897.

132 TAB, RAK 1704, Geluk 29, No 4, 1090/1879.




**WIJLEN LANDDROST CORNELIS POTGIETER,**

een ou' voortrekker. geb. 7 April 1816, overl. 3 Nov. 1869. Dit is een van die zeldzame portretten, die door 't nageslacht terecht in ere worden gehouden. Cornelis Potgieter was een der stichters van de Z.A.R. en heeft als Landdrost van Lijdenburg veel zwaar doorstaan, voornamelik tengevolge der kaffer-onlusten. Hij was de eerste die een vogelstruis in ons land bracht, en waarschijnlik de eerste en de laatste, die zijn gouden horloge-ketting verspeelde, doordat dit gulzige dier het kleinood inslikte! In 't Lijdenburgse en ver daarbuiten leeft Cornelis Potgieter's nagedachtenis nog voort onder ons mensen als een voorbeeld van vaderlandsliefde en trouw.

FOTO 1: Cornelis Potgieter

BRON: TAB, Fotoversameling, Foto nommer 5220

Toe die wit migrante die Oor-Vaalse gebied beset het, is alle "oop" grond as staatsgrond beskou. Die ZAR-burgers kon aansoek doen om dele van hierdie grond vir boerderydoeleindes afgemeet te kry. In 1848 is besluit dat elke burger ouer as 16 jaar twee plase van ongeveer 3 000 morg of minder kon kry. Met die aanvanklike stigting van Ohrigstad en later Lydenburg het die meeste nedersetters vir hulle plase laat uitmeet. Die Lydenburg Volksraad het toe besluit dat alle burgers wat vóór 1852 in die gebied woonagtig was op twee plase geregtig was. Op 28 September 1860 is 'n verdere besluit geneem dat die een 'n saaiplaas en die ander 'n veeplaas kon wees. Hierdie besluit is geneem omdat daar onder die boere reeds die neiging bestaan het om die saailande in die gesonder dele van die Hoëveld aan te lê en gedurende die koue wintermaande met hulle vee na die warmer Laeveld te trek. Die winterplaas was dikwels net weiding en daar is geen huise of ander geriewe daarop aangebring nie.[133] Verder kon daar ook nog 'n plaas of erf aan 'n burger wat hom in diens van die staat onderskei het, geskenk word. Sulke eiendomme het as "*voorkeurrecht*" bekend gestaan.[134]

In die Lydenburg-distrik is plase op 'n spesifieke wyse afgemeet. 'n Burger het kennis gegee dat hy "onbesette grond" as eiendom wou laat opmeet. 'n Plaasinspekteur is aangesê om die plaas te gaan opmeet. Hy sou 'n opvallende geografiese baken soos 'n sloot, koppie of rots as beginpunt neem, waarvandaan hy te perd op 'n stap aangery het tot by die volgende opvallende geografiese baken. 'n Perd het gewoonlik 25 roede[135] per minuut gestap. Hierdie afmetingsmetode het tot gevolg gehad dat die meeste plase ongeveer 3 000 morg groot was.[136] Plase is op die wyse sedert die vroeë 1860’s in die Machadodorp omgewing geïnspekteer, opgemeet en geregistreer.[137]

Skaapboerdery het aanvanklik stadig in die Oor-Vaalse streek ontwikkel omdat daar gerugte was dat skape nie in dié gebied sou aard nie. In sy verhandeling wat

133 Potgieter, *Die vestiging van die blanke in die Transvaal*, p. 142.
134 Van Rooyen, *Die Verhouding tussen die Boere, Engelse en naturelle*, pp. 21 en 22.
135 Volgens die Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal was ’n roede ongeveer ’n oppervlakte maat gelyk aan ’n kwart van ’n akker.
136 Van Rooyen, *Die Verhouding tussen die Boere, Engelse en naturelle*, pp. 21 en 22.
137 TAB, RAK 1704, Geluk 29. 10 Februarie 1862.

oor die vestiging van wit setlaars in die Transvaal gedurende die tydperk 1837-1886 handel, dui die historikus, Potgieter, aan dat van die boere hulle skape in die Kaap en in die Vrystaat agtergelaat het.[138] Op die suidoostelike Hoëveld, veral in die Ermelo-distrik, is skaapboerdery met welslae beoefen.[139] Hierdie streek word tans nog as goeie skaapwêreld beskou.

Die Venter-familie is een van die oudste families in die Machadodorp-omgewing. Hulle het aanvanklik met hulle vee vanaf die huidige Vrede-omgewing (Vrystaat) getrek. Stephanus[140] Albertus was die derde seun van Stefanus Albertus en Cornelia Johanna Petronella Venter wat, nadat hulle die Kaapkolonie verlaat het, hulle op die plaas Varkensvlei in die Vrede-omgewing gevestig het. Stephanus Albertus Venter (jnr.) en vyf van sy broers het Varkensvlei verlaat en oor die Vaalrivier in die rigting van die suidoostelike Hoëveld getrek. Een van die Venter-broers het hom in die Carolina-omgewing gevestig, terwyl die ander in die rigting van Machadodorp getrek het.[141]

Die meeste plase in die Machadodorp-omgewing is as leningsplase uitgegee. Dit het beteken dat hulle teen 'n nominale prys deur die eerste eienaars aangekoop is. Die plaas Elandshoek was 'n leningsplaas. Dit is reeds in 1867 geïnspekteer en was "na gissing" 3 000 morg groot en is op 25 September 1867 in die naam van sy eerste eienaar, L.J. Leuting, geregistreer. Na Leuting se dood het W. Steenkamp die eienaar van die plaas geword. Hy het die plaas in 1872 aan die Venter-broers verkoop.[142]

Die Venter-broers (Stephanus Albertus, Hans, Paul, Piet en Markus) het twee ander plase, Houtboschhoek en Eerstegeluk, wat ook in die Lydenburg-distrik geleë was, gekoop. Hulle het nie dadelik permanent op Elandshoek gaan bly nie. Eers teen ongeveer 1882 het Stephanus Venter die familiewoning op Elandshoek

138 Potgieter, *Die vestiging van die blanke in die Transvaal*, p. 33.

139 Ibid., pp. 79 en 80.

140 Die naam is op verskeie maniere in dokumente gespel, waaronder "Stefanus" en "Stvanus" voorkom. Dit blyk egter of die korrekte spelling Stephanus is. Van Zyl, *S.A. Venter, C.M.M. du Toit en hulle nageslag*, p. 5.

141 Ibid., p.7.

142 TAB, RAK 1704, CN 1845.

betrek en met sy familie permanent op die Hoëveld gebly. Die ander broers het steeds heen en weer getrek.[143]

Die Venters was by uitstek skaapboere. Hulle het ook beeste aangehou en landbou beoefen, maar dit is hoofsaaklik bedryf om selfversorgend te wees. In die kouer wintermaande het hulle met die vee na die Laeveld getrek. Die roete wat hulle gebruik het, het vanaf Elandshoek tot by die Spitskoppe geloop na die Laeveld tot by Ngodwana, waar dit oor die wapad gegaan het tot by die Venters se Laeveldplaas Houtboschhoek. Hierdie trekroete is geproklameer en word tans nog deur die derde en vierde geslag Venter-boere van die Machadodorp-omgewing gebruik wanneer hulle met vee Laeveld toe trek.[144]

## Slot

Die Machadodorp-omgewing is reeds van vroeg af beset. Daar kan met redelike sekerheid aanvaar word dat die San (Boesmans) die gebied bewoon het. Die argeologiese opgrawings in die groter streek (Lydenburg en Badplaas) en die gravures in die Machadodorp-omgewing bevestig dit.

Die talle klipmurasies wat oor 'n wye gebied voorkom, is 'n bewys dat Ystertydperk-mense hulle in die omgewing gevestig het. Uit die beperkte navorsing wat gedoen is, blyk dit dat hulle veeboere was wat bestaanslandbou bedryf het. In die algemene Suid-Afrikaanse geskiedenis is daar baie min verwysings na die vroegste swart inwoners van Machadodorp. In die twee buurdissiplines, argeologie en antropologie, is daar wel 'n paar verwysings. Daar is egter nog nie spesifieke navorsing in die Machadodorp-omgewing gedoen nie. Dit wil voorkom asof die Koni die eerste onderskeibare Bantoesprekende groep was wat hulle in die Machadodorp-omgewing gevestig het. Hulle is deur die Pedi verdryf wat daarna 'n groot nedersetting tot stand gebring het. Die gebied is hierna ook deur die Swazi beset. Uit beskikbare getuienis, hoofsaaklik wit bronne, wil dit voorkom asof die

143 Van Zyl, *S.A. Venter, C.M.M. du Toit en hulle nageslag*, pp. 5, 6 en 31.

144 Persoonlike medeling R. van Zyl, Ben Viljoenstraat 142, Pretoria Noord, 5 Augustus 2003; Telefoongesprek W.S Potgieter, 18 Augustus 2003.

gebied "leeg" was met die koms van die eerste wit nedersetters. Indien Marks se teorie oor "*the myth of the empty land*" in ag geneem word, moet daar tot die slotsom gekom word dat die gebied in daardie stadium nie leeg nie, maar ontvolk was. Hierdie toedrag van sake was waarskynlik 'n nadraai van die *Mfecane*.

Die plaas Geluk 29, waar Machadodorp uiteindelik sou ontwikkel, is as “vryplaas” aan Cornelis Potgieter gegee. Aanvanklik is die Transvaalse Hoëveld nie permanent deur die wit migrante beset nie omdat die winters daar te koud was. Mettertyd het veeboere hulle in die somer daar gevestig en gedurende die wintermaande na die Laeveld getrek. Die eerste wit boere wat die gebied beset het, was skaapboere soos die Venter-broers wat hulle in die vroeë 1870's in die omgewing gevestig het.

# HOOFSTUK 4

## DIE BOU VAN DIE *OOSTERLIJN*[1] 'N BEPALENDE FAKTOR

Die uiteindelike bou van die spoorverbinding tussen Pretoria en Delagoabaai kan as 'n bepalende faktor in die ontstaan en ontwikkeling van Machadodorp voor 1904 beskou word. Die *Oosterlijn*, die spoorlynverbinding tussen Pretoria, die hoofstad van die ZAR en die Mosambiekgrens,[2] sou uiteindelik oor 'n gedeelte van die Potgieter-familie se eiendom Geluk 29 loop. Geluk het die eerste hoofkwartier van die spoorboubedrywighede en die eerste stasie op die Transvaalse Hoëveld geword. Die naam Machadodorp wat uiteindelik aan die stasie en die dorp gegee is, dui op die onlosmaaklike band tussen die dorp en die spoorlyn. Die stasie en die dorp is na generaal J.J. Machado, die Portugese ingenieur wat die trajek opgemeet het, vernoem.[3]

Die bou van die spoorlyn en die stasie kan as 'n mylpaal in die vroeë geskiedenis van die omgewing beskou word. Die spoorlyn en die stasie was veral belangrik tydens die oorlogsjare, 1899-1902, toe Machadodorp eers 'n belangrike versendingsdepot en na die val van Pretoria die tydelik setel van die ZAR-regering was.[4] Die rol wat die spoorweg in die ontwikkelings-geskiedenis van Machadodorp gespeel het moet teen die breër historiese raamwerk van spoorwegontwikkeling van die ZAR ontleed word.

---

1 Een van die name wat gebruik word wanneer daar na die spoorlyn vanaf Pretoria na Delagoabaai verwys word. Anoniem*, In Memoriam*, p. 17. Dit is die benaming wat hoofsaaklik in hierdie verhandeling gebruik sal word.

2 Die ZAR-regering het die spoorlyn vanaf die grens van Mosambiek na Pretoria laat bou. Die voltooide *Oosterlijn* het egter vanaf Pretoria tot by Delagoabaai, die Portugese hawe in Mosambiek, geloop.

3 TAB, Blokland versameling, WHA 82, Gedenkboek uitgegeven ter gelegenheid der Feestelijke opening den Delagoabaai spoorweg, 1895, (hierna Gedenkboek), p. 75.

4 Machadodorp tydens die Anglo-Boereoorlog word volledig in hoofstuk 6 bespreek.

**Agtergrond**

Vanaf die vroegste tye het die strewe by die Voortrekkers bestaan om 'n weg na die see te kry en kontak met die buitewêreld te hê wat hulle buite die bereik van Britse imperialisme sou plaas. Trouens, hierdie strewe was een van die ekonomiese redes vir die Groot Trek. Die Voortrekkerleiers, Louis Trichardt[5] en Andries Potgieter, se aandag was op Delagoabaai, 'n Portugese hawe aan die ooskus van Afrika, gevestig. Hierdie hawe, so het hulle gehoop, sou die Voortrekkers van die Britse politieke en ekonomiese invloede kon bevry. Die Suid-Afrikaanse historikus, H. Heydenrych, verwys na dié ideaal as die "goue draad" wat deur die Transvaalse geskiedenis loop.[6]

Die deurvoerregte op goedere vanaf die Kaapse en Natalse hawens was hoog en die Oor-Vaalse nedersetters het niks daarby gebaat nie. Die invoerregte het verder tot die ongewildheid van hierdie hawens by die Oor-Vaalse wit nedersetters bygedra.[7] Na die totstandkoming van die ZAR en veral na die ontdekking van goud in 1886 het 'n spoorverbinding met Delagoabaai om ekonomiese en politieke redes, dringender geword.

Dié verbindingsroete, tussen die Portugese hawe en die administratiewe setel (Pretoria) en ekonomiese slagaar (die Witwatersrand) van die ZAR, sou egter deur die Tsetse- en malariagebied van die Transvaalse Laeveld moes loop. In die najaar van 1860 het 'n Portugese koopman van Lourenço Marques, die Portugese nedersetting by Delagoabaai, 'n plan ontwerp om "*weglocomotieven*," (stoomenjins per pad) deur die Tsetse-streek te laat loop. Daar het egter niks van hierdie plan gekom nie.[8] In die vroeë sewentigerjare

---

5 Ook gespel Tregardt, P. Edwards, "Die Zuid-Afrikaansche Republiek en Delagoabaai: Beveiligingspogings met betrekking tot toegang tot die see, 1889-1894," ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1983, p. 2.

6 Heydenrych, "Die weg na die see. 100 jaar van die Delagoabaaispoorweg," p. 65; Edwards, "Die Zuid-Afrikaansche Republiek en Delagoabaai," p. 1.

7 Van Rensburg, "De ijzeren baan naar de zee," p. 725; J. Ploeger "Die pad na Delgoabaai (1895-1975)," *Lantern*, Vol. 24, No. 3, Maart 1975, p. 41; J.J. van der Merwe, "Iets omtrent die bou van die eerste spoorweë in die Transvaal," *South African Railways and Harbours Magazine*, October, 1928, p. 1653.

8 D.J. Coetzee, *Spoorwegontwikkeling in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1872-1899; met spesiale verwysing na die botsing tussen die onafhanklikheidstrewe van die Boere en die Britse imperiale belange*, pp. 1 en 2; van Rensburg, "De ijzeren baan naar de zee," p. 725

van die negentiende eeu is verskeie spoorwegkonsessies vir die bou van die spoorlyn toegestaan, maar dié spoorlyn sou twintig jaar later eers voltooi word.

Verskeie redes kan aangevoer word waarom Delagoabaai as die ideale hawe vir die ZAR beskou is. Die belangrikste rede was dat dit buite die Britse invloedsfeer was. Geografies was dit gunstiger geleë omdat dit nader aan Pretoria as enige ander suidelike Britse hawe was. Na die opening van die Suezkanaal op 17 November 1869[9] het hierdie hawe se belangrikheid verhoog.[10] Volgens Roghé, die finansiële agent van die ZAR in Delagoabaai, sou dit vir buitelandse invoerders goedkoper wees om goedere via Delagoabaai per spoor na Pretoria in te voer, as om van die Natalse hawe gebruik te maak.[11] F.V. Engelenburg, die outeur van die gedenkskrif wat met die opening van die *Oosterlijn* gepubliseer is, beskryf die gerieflikheid van die hawe soos volg:

> *Van al die plekken is er maar één die aan alle eischen van het moderne handelsverkeer voldoet: de Delagoabaai. Beira ligt in een lagune; de haven van Durban is zwaar toeganklik voor diepgaande schepen; Port Elisabeth en East Londen hebben slechts open reede.*
>
> *De Delagoabaai daarentegen is uniek als haven en besit in het estuarie der breede, diepe, langzaam-stroomende Tembe-rivier, waar de Portugeese stad Lourenço Marquest gelegen is, een weergalooze toekomst als Zuid-Afrika's aanstaand middelpunt van merkantiel verkeer*.[12]

A. McCorkingdale het vasgestel dat die Maputarivier wat in Delagoabaai uitloop vir ongeveer 130 kilometer vir platboomskuite bevaarbaar was. Dit "*[was] juist ver genoeg voor de ossenwagens om de vliegen-streek te ontlopen.*"[13] Daar het egter niks van sy plan gekom nie. M.W. Pretorius het tydens sy presidentskap van die ZAR 'n strook van 1,6 kilometer ('n myl) breed, aan weerskante van die Maputarivier, as Transvaalse gebied geproklameer. Portugal en Brittanje het

9 http://i-class.com/e/suez_can.htm, 19 November 2006.

10 Coetzee, *Spoorwegontwikkeling in die Suid-Afrikaanse Republiek*, p. 5.

11 TAB, Argief van die Staatsekretaris (hierna SS) 737, R5744/82, Kopie, Staatsekretaris -Roghé, 6 November 1882; Brief Roghé - ZAR-regering, 15 Januarie 1883.

12 F.V. Engelenburg, *De Delagoabaai spoorweg een terugblik. Met een almanak voor het jaar 1869*, pp. 3 en 4;

13 Ibid., p. 4.

albei daarteen beswaar gemaak en op die rivier aanspraak gemaak. In 1875 is die rivier aan Portugal toegestaan, maar Brittanje het dadelik op eerste koopreg aangedring om so te verhoed dat die Voortrekkers of enige ander land dié regte kon koop.[14]

Teen 1870 het die ZAR Volksraad besef dat verbinding tussen die Transvaal en die Portugese gebied uiters noodsaaklik was. Die ZAR-regering het aanvanklik gemeen dat 'n goeie transportwapad na Lourenço Marques voldoende sou wees. Mettertyd het die voorkoms van die tsetsevlieg en malaria ossewaverkeer na Delagoabaai al hoe moeiliker gemaak. Planne is beraam om Delagoabaai en Lydenburg deur 'n transportpad te verbind. Daar is ook besin oor die moontlikheid van die bou van 'n spoorlyn vanaf Pretoria na die Portugese gebied.[15] Na die ontdekking van goud, eers by Pilgrimsrust in die Lydenburg-distrik in 1873[16] en later aan die Witwatersrand in 1886, het die aanlê van 'n spoorlyn noodsaakliker geword. Die ontdekking van goud aan die Witwatersrand het ook tot gevolg gehad dat die finansiële omstandighede van die ZAR sodanig verbeter het dat die bou van 'n spoorlyn 'n sterk moontlikheid geword het.

President T.F. Burgers was die eerste Transvaalse staatsman wat daadwerklik in 'n spoorwegverbinding met die Portugese gebied belanggestel het. Die redes vir die ZAR se voorkeur aan 'n direkte spoorwegverbinding was ekonomies en polities van aard. Ekonomies sou so 'n roete die ZAR van die hoë invoerregte van die Britse kolonies kon vrywaar en polities sou dit aan die ZAR vrye kontak met die buitewêreld gee.[17]

President Burgers het die bestaande spoorwegplanne van George Pigott Moodie, wat in 1867 as landmeter in die ZAR toegelaat is en sedert 1870 probeer het om dié spoorwegverbinding op te meet, as vertrekpunt gebruik.

14 Van Rensburg, "De ijzeren baan naar de zee," p. 725.

15 Ploeger, "Die pad na Delagoabaai," p. 41.

16 www.pilgrimsrest.org.za/history.htm. 23 Augustus 2006.

17 D.W. Kruger, Die weg na die see of die ooskus in die Boerebeleid voor 1877 met besondere verwysing na die verhouding tot die Portugese. *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaarse geskiedenis*. Jaargang 1, Vol.I. Pretoria, 1938. p. 251; De Jong (et al*), NZASM 100*, p. 105.

Burgers het daarin geslaag om die Volksraad te oortuig dat die ZAR-regering gemagtig moes word om stappe vir die bou van 'n spoorlyn na Delagoabaai goed te keur. Op 26 Augustus 1872 is 'n spoorwegkonsessie aan Moodie toegestaan en op 11 Maart 1873 is dit deur die Volksraad bekragtig. Hierdie konsessie het net die bou van die spoorlyn vanaf die Lebomboberge binne die ZAR-grens omskryf. Moodie het, soos deur die konsessie bepaal, daarin geslaag om gedurende die daaropvolgende jaar 'n kontrak met die goewerneur van Mosambiek vir die bou van die spoorlyn deur die Portugese gebied te sluit. Die Transvaalse Volksraad het in Oktober 1874 'n kommissie aangestel om die moontlikheid vir die bou van 'n spoorlyn vanaf Pretoria na die ooskus te ondersoek.[18]

Daar was egter verskeie struikelblokke wat president Burgers se *Oosterlijn*-ideaal gekortwiek het. Die ZAR was arm, Burgers was nie gewild as president nie en die ZAR-bevolking het skepties teenoor die spoorwegplan gestaan. Nieteenstaande hierdie faktore het Burgers daarin geslaag om 'n lening vir die bou van die spoorlyn te kry en in 1876 is die Lebombo-spoorwegmaatskappy gestig.[19] Dit sou egter nie vir hom of Moodie beskore wees om hulle gedeelde ideaal te verwesenlik nie. Hierdie spoorlyn sou eers twintig jaar later, tydens S.J.P. Kruger se presidentskap deur die Nederlandsch Zuid- Afrikaansche Spoorweg Maatschappij (NZASM) gebou word.

Na die eerste Britse besetting van Transvaal, in 1877, is die planne vir 'n spoorverbinding met Delagoabaai vir tyd en wyl opgeskort. Na die herstel van die ZAR se onafhanklikheid in 1881 sou dit weer ter sprake kom.[20] Dit het toe belangrik geword dat die ekonomiese en staatkundige onafhanklikheid van die ZAR behoue moes bly. President Kruger het, soos Burgers, besef dat die ZAR se onafhanklikheid in die bou van 'n eie spoorwegverbinding na 'n nie-Britse hawe gelê het. Die Volksraad het sy standpunt gesteun. Hoewel hulle die bou van 'n spoorlyn goedgesind was, het hulle verkies dat dit deur 'n privaat maatskappy gebou moes word sodat die koste nie vir die staat se rekening sou

18 Coetzee, *Spoorwegontwikkeling in die Suid-Afrikaanse Republiek*, pp. 8-10.

19 Van Rensburg, "De ijzeren baan naar de zee," p. 727; Edwards, "Die pad na Delagoabaai," p. 42.

20 Engelenburg, *De Delagoabaai-spoorweg*, p. 16; V. Bulpin, *Lost trails of the Transvaal*, p. 220.

wees nie. Die mislukking van Burgers se poging was nog vars in hulle geheue.[21] Hierdie vrees van die Volksraad, sowel as die ZAR-burgers se houding, sou uiteindelik 'n negatiewe uitwerking op die bou van veral takspoorlyne, soos die Ermelo- en Lydenburg-takspoorlyn hê.

Die ZAR-regering het 'n aantal konsessie-aansoeke vir die bou van die spoorlyn ontvang. Kruger het egter van die begin af verkies dat die Hollanders die spoorlyn moes bou. Die Portugese was toe ook ten gunste van 'n spoorverbinding met die Transvaal omdat daar aansienlike handels-moontlikhede tussen Lourenço Marques en die Lydenburg-goudvelde was.[22] Die Portugese gesindheid het waarskynlik ook 'n rol gespeel in die Portugese se bereidwilligheid om een van hulle amptenare, majoor J.J. Machado, toe te laat om die ZAR-regering van hulp te wees.

Op 8 November 1881 het die Volksraad die ZAR-regering gemagtig om 'n konsessie vir die bou van 'n spoorlyn na die Transvaal-Portugese grens, toe te staan.[23] Die Uitvoerende Raad het op 14 Januarie 1882 'n spoorwegkommissie onder voorsitterskap van dr. E.J.P. Jorrisen, staatsprokureur van die ZAR, aangestel.[24] Hierdie kommissie se opdrag was om 'n wapad na die Portugese grens te laat maak en 'n spoorlyn te laat opmeet. Die landmeter, G.P. Moodie, is opdrag gegee om die nodige inligting in te samel. Die inspekteur van openbare werke, F.H. Rissik, en sy assistent, Hugo von Palm, is na die Drakensberge (Lebombo) gestuur om die moontlike bou van 'n transportpad en opmeting van 'n spoorlyn, deur die Krokodil- en Kaaprivier-valleie te inspekteer.[25] Rissik het tot die gevolgtrekking gekom dat dit moontlik was om 'n transportpad en spoorlyn langs albei riviere te bou. Hy het die trajek oor die Kaapvallei verkies en het aanbeveel dat die wapad en die spoorlyn oor die Kaapberge langs die Krokodilrivier moes loop omdat dit die kortste roete sou

21 Coetzee, *Spoorwegontwikkeling in die Suid-Afrikaanse Republiek*, pp. 29 en 30.

22 Ibid., p. 32.

23 TAB, Volksraadbesluite (hierna VRB), Artikel 365/81; 8 November 1881, SS 662, Staatskoerant 18 Mei 1882, p. 264.

24 Die ander lede van die kommissie was G.P. Moodie, T.N. de Villiers, G.H. Buskes en P.J. Joubert. Engelenburg, *De Delagoabaai-spoorweg*, p. 17.

25 TAB, Staatskoerant no. 193, Gouvernements Kennisgeving, b. Rapport aan de Regering van de Spoorweg Commissie dd. 23 Julij 1883, pp. 503 en 504.

wees.[26] Moodie het Rissik gesteun, maar P.J. Joubert en ander lede van die kommissie het van hulle verskil en die roete langs die Krokodilrivier aanbeveel.[27] Die roete, soos deur Rissik aanbeveel, sou nie oor die terrein waar Machadodorp later sou ontstaan, loop nie.

Die opmeet van die trajek en die bou van die transportpad, oor die Kaapberg, het egter nie na wense gevorder nie. Rissik het nie oor die nodige praktiese ondervinding en ervaring beskik nie en daar was 'n tekort aan swart handearbeiders. Dit het ook hoë en onnodige finansiële onkoste tot gevolg gehad. Op 24 Oktober 1882 is daar besluit dat die werk in "*de Kaap*" gestaak moes word en dat daar met die opmeting van 'n trajek langs die Elandspruit begin moes word. Rissik is herroep en die regering het toe die dienste van majoor J.J. Machado bekom.[28] Die kommissie se werksaamhede is op 25 Julie 1883 gestaak.[29] Die werk van die kommissie en van Rissik was nie noodwendig nutteloos nie, want Joubert sou uiteindelik bruikbare inligting aan majoor Machado kon verskaf.

**Joaquim José Machado**

Joaquim José Machado is op 24 September 1847 in Lagos[30] 'n hawestad in die suide van Portugal gebore. Hy het van jongs af in militêre aangeleenthede belanggestel. Op 21 Oktober 1865 het hy as vrywilliger by die 10de infanterieregiment aangesluit en in 1873 sy opleiding as genie-offisier aan die Krygskool in Lissabon voltooi. Hierna is hy by die ingenieursafdeling van die

26 TAB, Staatskoerant no. 193, Gouvernements Kennisgeving, b. Rapport aan de Regering van de Spoorweg Commissie dd. 23 Julij 1883, Punt 1 Transportpad naar Lourenço Marques, Staatscourant der Z.A. Republiek, 27 September 1883, p. 504; Coetzee, *Spoorwegontwikkeling in die Suid-Afrikaanse Republiek*, pp. 30-32.

27 TAB, Staatskoerant no. 193, Gouvernements Kennisgeving, b. Rapport aan de Regering van de Spoorweg Commissie dd. 23 Julij 1883, Staatscourant der Z.A. Republiek, 27 September 1883, p. 504.

28 TAB, Staatskoerant no. 193, Gouvernements Kennisgeving, b. Rapport aan de Regering van de Spoorweg Commissie dd. 23 Julij 1883, Punt II. Opmeting der spoorweglijn, Staatscourant der Z.A. Republiek, 27 September 1883, p. 505.

29 TAB, VRB en Uitvoerende Raadsbesluit (hierna URB), Artikel 39b/83, 2/8/83.

30 Lagos is 'n hawestad in die suide van Portugal, wat in 1249 by die Portugese koninkryk ingelyf is. Dit moet nie verwar word met Lagos in Afrika, wat tot 1991 die hoofstad van moderne Nigerië was nie. http://www.portugal-info.net/algarye/lagos.htm. 7 November 2005.

leër ingedeel. Hy is in 1873 tot tweede luitenant en in 1876 tot kaptein bevorder. In 1876 het João de Andrade Corvo, die Portugese minister van die vloot, 'n ontwikkelingsplan vir Mosambiek en Angola opgestel. Machado het homself vir oorsese diens beskikbaar gestel en Corvo het besluit om hom as hoof van openbare werke na Mosambiek te stuur. Net voor sy vertrek na Mosambiek is Machado, op die ouderdom van 29, tot majoor bevorder.[31]

Hy het in 1878 in Mosambiek aangekom en sy plig as hoof van openbare werke opgeneem. Hy het in die Delagoabaai-spoorlyn belanggestel en dit ondersoek. Volgens Engelenburg het hy "*syn vaderland met woord en in schrift toe[ge]licht.*"[32] Kort na sy aankoms in Mosambiek het hy die trajek vir die spoorlyn in die Portugese gebied begin opmeet.[33] Hy het na Portugal gegaan, maar weer na suider-Afrika teruggekeer. Na sy terugkoms het hy die beskikbare inligting oor die Transvaalse spoorlyn bestudeer. Vroeg in 1883 het hy Pretoria besoek. Tydens onderhoude met die Uitvoerende Raad het hy sketse van sy opmetings vir die Portugese regering aan hulle voorgelê.[34] Die ZAR-regering het besluit om met die Portugese regering te onderhandel om van sy dienste gebruik te maak.[35] Die Volksraad het die Uitvoerende Raad se planne gesteun en op 25 Julie 1883 besluit om met hom te onderhandel.[36] 'n Bedrag van £4 000 is vir die opmeting van die spoorlyn bewillig.[37]

Machado het daarin geslaag om die taak binne 'n kort tyd af te handel. Hy het, met redelik primitiewe instrumente en onervare en ongeletterde swart handlangers, 'n praktiese roete oor 'n moeilike en ruwe terrein opgemeet. 'n

---

31 O.J.O. Ferreira, "Generaal Joaquim Jose Machado, die man na wie Machadodorp vernoem is," *Militaria*, Vol. 18, Issue 3, 1988, pp. 14 en 15.

32 Engelenburg, *De Delagoabaai-spoorweg*, pp. 17 en 18.

33 O.J.O. Ferreira, "Generaal Joaquim José Machado," p. 15.

34 Coetzee, *Spoorwegontwikkeling in die Suid-Afrikaanse Republiek*, pp. 32 en 33.

35 TAB, SS 661, R3478/83, W.M. Bok, Staatsekretaris - E. Cohen, 10 Januarie 1883; SS 834, R3478/83, Secretaris spoorwegkommissie over majoor Machado met betrekking tot het opmeting van de spoorlijn, 25 Augustus 1883; BB74/83 by R3478/83 Staatsekretaris Pretoria - Portugese Konsul Pretoria, 10 Januarie 1883.

36 TAB, SS 834, R3555/83 U.R.B. Artikel 911/83, 25 Augustus 1883, pp. 33-46.

37 TAB, Staatskoerant no. 193, Gouvernements Kennisgeving, b. Rapport aan de Regering van de Spoorweg Commissie dd. 23 Julij 1883, Punt III. Finantieele Verslag, Staatscourant der Z.A. Republiek, 27 September 1883, p. 505.

Gedeelte van die trajek het deur byna ondeurdringbare bergterrein na die Hoëveld geloop. Die opdrag is in twee fases uitgevoer; die eerste vanaf 14 Augustus 1883 tot 5 Januarie 1884 en die tweede vanaf September tot 24 Desember 1884. Hy het die trajek binne agt maande opgemeet.[38] In die gedenkskrif wat met die oopstelling van die spoorlyn in 1895 verskyn het, is Machado se bydrae soos volg beskryf:

> *Deze heeft in betrekkelijk korten tijd − van 18 Augustus 1883 tot 24 December 1884 − aan zijn belangrijke en zware opdragt voldaan op een wijze die, volgens getuigenis der ingenieurs welke naderhand den bouw der lijn ondernomen hebben, den meesten lof verdient*.[39]

Machado het die opmeting van die spoorlyn in drie stappe uitgevoer. Heel eerste het hy 'n globale opname van die hooflyn en dwarslyne oor heuwelrûens, terreinplooie en spruite gemaak en hierdie lesings op 'n skaal van 1:50 000 aangeteken. Hierna het hy langs die gekose roete 'n deeglike opmeting van 'n kilometer breed op 'n skaal van 1:10 000 aangeteken. Laastens het hy uit bogenoemde opmetings 'n gedetailleerde voorstelling op 'n skaal van 1: 2 000 saamgestel. Sy doel was om 'n trajek voor te stel wat, gebaseer op deeglike tegniese navorsing, vir die ZAR in staat sou stel om 'n ekonomies haalbare en prakties bruikbare spoorlyn te bou.[40]

Machado was die eerste bekwame ingenieur wat 'n betroubare en deeglike opmeting van die spoorwegterrein tussen Delagoabaai en Pretoria gemaak het. Na die voltooiing hiervan kon die ZAR-regering die vroeëre vae en onvolledige voorleggings met 'n deeglike en moontlik uitvoerbare plan vervang.[41] Die ZAR-regering het nou voorkeur aan sy voorgestelde trajek langs die Krokodilrivier gegee. Daar was verskeie redes waarom Machado se voorlegging bo die Kaapbergeroete verkies is. Die nuwe roete sou toegankliker vir die Lydenburg-goudvelde wees en dit sou geen buitengewone *kunstwerking* vereis nie. Dit sou

---

38 Engelenburg, *De Delagoabaai-spoorlyn*, p. 18.

39 Ibid., p. 8.

40 W. M. Louw, “Die rol van kolonel Joaquim José Machado as ingenieur in Suid-Afrika,” ongepubliseerde vierde jaar seminaar, Fakulteit Ingenieurswese, Universiteit van Pretoria, Februarie 1965, p.2.

41 TAB, Blokland Versameling, WHA 82, *Gedenkboek*, p. 6; Coetzee, *Spoorwegontwikkeling in die Suid-Afrikaanse Republiek*, p. 32.

ook goedkoper wees.[42] Die spoorlyn, wat uiteindelik deur die NZASM gebou is, sou grotendeels op Machado se voorgestelde plan berus en sou slegs ten opsigte van sekere dele gewysig word.[43]



FOTO 2: Genl. Joaquim José Machado

BRON: Gebaseer op TAB Foto nommer 2092

42 TAB, SS 900, R764/84, Machado – Staatsekretaris, Vertaalde verslag oor werksaamhede, 11 Februarie 1884, pp. 74-76.

43 H.B. Stephan, "Civil engineering improvements prior to the electrification of the Eastern Transvaal main line from Witbank to Komatipoort," *Die Siviele Ingenieur in Suid-Afrika*, Junie 1976, p. 129; Ferreira, "Generaal Joaquin José Machado," pp. 14 en 15.

Teen die einde van 1887 kon die NZASM-landmeters met gedetailleerde opmetings begin. Hoewel die hoofingenieur van die NZASM, W. Verwey, in 1888 probeer het om 'n beter roete vanaf Komatipoort na die Hoëveld te vind, was dít onmoontlik. Indien 'n roete verder suid langs die Krokodilrivier gevolg sou word, sou dit duurder wees. Op die Machado-roete sou slegs een tonnel deurgegrawe moes word, teenoor agt op die alternatiewe roete en die brûe sou ook minder wees.[44] Die besluit om die stasie en die dorp wat later op die plaas Geluk sou ontwikkel, na majoor Joaquim José Machado te vernoem, was volgens die skrywer van die gedenkboek "...*slecht en kleine hulde die hem gebracht is."*[45]

Die Machado-roete is egter nie in sy geheel gebruik nie, daar is aanpassings gemaak. Dit is belangrik om daarop te let dat nie Machadodorp of Waterval-Boven op die roete soos deur Machado uitgemeet, sou wees nie. Indien die Machado-roete onveranderd gebruik is, sou die treinspoor deur Schoemanskloof loop,[46] waar die huidige padroete R539 is.[47]

Selfs nadat Machado die opmeting van die spoorlyn voltooi het, is daar nog nie definitief besluit oor die roete wat die spoorlyn na die Hoëveld sou volg nie. In 1890 is daar druk op die Volksraad geplaas om die spoorlyn oor Barberton wat die middelpunt van die Kaapvallei-goudvelde was, te laat loop. Volledige opmetings van die twee roetes, oor Barberton en langs die Krokodil- en Elandsrivier na Bergendal,[48] is deur H. Steinmetz en P.H. Bouten gedoen.[49] Na oorweging het die ZAR-regering tot die slotsom gekom dat die Barberton-roete te duur sou wees en in Junie 1890 het die Volksraad ten gunste van die Elandsrivier-roete besluit.[50]

---

44 De Jong (et al), NZASM 100: 1887-1899, pp. 106 en 107.

45 Aangehaal deur Louw, "Die rol van kolonel Joaquim José Machado as ingenieur in Suid-Afrika," p. 4. Daar kon egter geen amptelike besluit, dat die stasie Geluk se naam na Machadodorp verander moes word in of die Notule van die Eerste Volksraad of Uitvoerende Raadsbesluite gekry word nie.

46 Lombard, Waterval-Boven 1894 tot/to 1852, pp. 4 en 5.

47 Road Atlas of South Africa, eleventh edition, kaart 21.

48 Bergendal is die benaming wat gebruik is om te verwys na die punt waar die spoorlyn op die Transvaalse Hoëveld sou kom.

49 TAB, SS 662, R7325/90 Copie van rapport bedoeld in missieve, VRBB. 166/90.

50 TAB, Blokland Versameling, WHA 82, Gedenkboek, p. 50.

Na die ontdekking van goud aan die Witwatersrand het die binnelandse sowel as buitelandse handel begin opbloei. Die ZAR het 'n nuwe ekonomiese fase binnegegaan. Dit het van 'n arm landbouland tot 'n goudproduserende staat ontwikkel. Hierdie nuwe welvaart het egter ook nuwe probleme meegebring. Die ZAR-regering moes die nuutgevonde buitelandse handel beheer en toesien dat soveel moontlik hiervan langs 'n nie-Britse verbindingsroete na die buiteland gestuur word. Die ontdekking van goud het ook 'n "spoorwegstormloop" na die Witwatersrand tot gevolg gehad. Die Kruger-regering was nie soseer daarteen gekant dat ander spoorlyne die goudvelde bereik nie, hulle wou net nie toelaat dat hierdie spoorlyne 'n te groot voorsprong bo dié van die *Oosterlijn* kry nie.[51] Daar moet egter in gedagte gehou word dat die suksesvolle aanlê van die *Oosterlijn* van die voltooiing van die Mosambiekse gedeelte van die spoorlyn sou afhang, aangesien al die rollendemateriaal vir die bou van die Transvaal gedeelte oor die Portugese lyn vervoer sou moes word[52]

**Oprigting van die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche-Spoorweg-Maatschappij (NZASM)**

Nadat die onderhandelings met Machado suksesvol afgehandel is, het die ZAR-regering gevoel dat die tyd aangebreek het om oor sekere wysigings rakende die Pretoria Konvensie van 1881 te onderhandel. 'n Deputasie, onder leiding van Kruger, is na Europa gestuur om met 'n Nederlandse onderneming oor die toestaan van 'n konsessie vir die bou van die nasionale spoorweg te onderhandel. Die besluit om die konsessie aan Hollandse konsessionarisse te gee, is om politieke redes geneem. Indien 'n krisis met Groot Brittanje sou ontstaan, moes die ZAR in staat wees om op 'n simpatiekgesinde stamland te kon reken. Die Kruger regering het geglo dat 'n Hollandse maatskappy sou kon bydra om die ZAR se herstelde onafhanklikheid te beskerm.[53]

---

51 Coetzee, *Spoorwegontwikkeling in die Suid-Afrikaanse Republiek*, pp. 63 – 65; Heydenrych, "Die weg na die see," p. 66.

52 Heydenrych, "Die weg na die see, p. 65.

53 Coetzee, *Spoorwegontwikkeling in die Suid-Afrikaanse Republiek*, p. 34.

In Europa het die deputasie met invloedryke Nederlandse finansiers oor die spoorlyn onderhandel. Die Nederlandse adviseurs het aanbeveel dat 'n staatspoorweg gebou moes word en dat 'n bank as privaatonderneming, die projek moes finansier. Die deputate was egter nie hiervoor te vinde nie en het voet by stuk gehou dat dit 'n privaatonderneming moes wees. Hulle het nog steeds gevrees dat 'n staatsonderneming 'n oormatige skuldlas op die ZAR sou plaas. Op 16 April 1884 het die deputasie 'n konsessie aan 'n Nederlandse komitee, onder leiding van N.G. Pierson, J. Groll en M.A. Swellengrebel toegestaan. Nadat die konsessie op 11 Augustus 1884 deur die Volksraad goedgekeur is,[54] kon dit kosteloos aan 'n Nederlands Suid-Afrikaanse spoorwegmaatskappy oorgedra word.[55]

Die uiteindelike totstandkoming van 'n maatskappy sou eers drie jaar later plaasvind omdat die Nederlandse konsessionarisse gesukkel het om kapitaal te bekom. Die McMurdo-konsessie, wat deur die Portugese regering toegestaan is, was die vernaamste rede vir die vertraging. Die Nederlanders het McMurdo met wantroue bejeën. Machado was in daardie stadium nog met opmetings besig en ten spyte van betroubare inligting wat Groll en Maarschalk oor hom ingewin het, was die Nederlandse finansiers steeds huiwerig om 'n lening toe te staan. Hulle het eers nadat goud aan die Witwatersrand ontdek is, daadwerklik belanggestel.[56]

Dit was egter nog nie die einde van die konsessionarisse se probleme nie. Groll en Maarschalk is onderskeidelik in April 1885 en in Januarie 1886 oorlede. Beelaerts van Blokland het met Van den Wall Bake onderhandel en hy het ingestem om as medekonsessionaris op te tree.[57] Dit is deur die ZAR-regering goedgekeur.[58] Van den Wall Bake en Beelaerts van Blokland het egter ook probleme ondervind om 'n lening te bekom. Die grootste struikelblok was

54 TAB, VRB Artikel 76/84. 11-12 Augustus 1884; *The "Press" gedenk-boek uitgegeven ter gelegenheid der feestelijke opening van den Delagoabaai-Pretoria spoorweg*, Juli 1895, (hierna *The "Press" gedenkboek*) p. 11.

55 Ibid., pp. 35 en 36.

56 Engelenburg, *De Delagoabaai-spoorweg*, pp. 18 en 19.

57 Coetzee, *Spoorwegontwikkeling in die Suid-Afrikaanse Republiek*, pp. 43-47.

58 Engelenburg, *De Delagoabaai-spoorweg*, pp.18 en 19.

steeds die McMurdo-konsessie. Die ZAR-regering en die Nederlandse konsessionarisse het besluit om die Portugese kolonialeregering te nader en te versoek om teen McMurdo op te tree. Die Portugese was egter huiwerig, want McMurdo se maatskappy het fluks gevorder met die bou van die spoorlyn vanaf Lourenço Marques na die Transvaalgrens. Die konsessie is nie teruggetrek nie. Die ZAR-regering en die Nederlandse konsessionarisse kon egter nie te veel druk op die Portugese toepas nie, want soos reeds gemeld sou die spoorbouers van die Portugese spoorlyn afhanklik wees vir die vervoer van rollendemateriaal vir die *Oosterlijn*.[59]

Uiteindelik het die Nederlandse konsessionarisse daarin geslaag om die nodige kapitaal by ’n Hollands-Duitse bankierskonsortium te kry. Die ooreenkoms is op 9 Junie 1887 gesluit. Die konsortium het uit die Berliner Handelsgesellschaft, Robert Warschauer en Co. van Berlyn en Labouchér Oyens ε Co. van Amsterdam bestaan. Op 21 Junie 1887 is die *Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg Maatschappij* (NZASM) opgerig.[60] Die lening is oorgeplaas en die maatskappy het oor die nodige kapitaal vir die bou van die spoorlyn beskik. Met die totstandkoming van die NZASM en die verkryging van ’n lening was dit nou vir die ZAR moontlik om die nasionale spoorweg sonder Britse kapitaal te bou. Kruger se wens, dat Hollanders die spoorbouers moes wees, is verwesenlik. Dit sou later, met die uitbreek van die oorlog in 1899, blyk dat die president se aandrang dat die spoorweg in Nederlandse hande moes wees, die regte besluit was.

## Die bou en ontwikkeling van die *Oosterlijn* tot 1899

In 1887 het die NZASM ’n lening van twee miljoen Gulden, wat in 2 000 aandele verdeel is, uitgeskryf. Die finansies om met die bou van die spoorlyn te begin, was beskikbaar.[61] Op 1 November 1889 is die eerste sooi vir die aanleg

59 Coetzee, *Spoorwegontwikkeling in die Suid-Afrikaanse Republiek*, pp. 48-56.

60 TAB, Blokland Versameling, WHA 82, *The “Press” gedenkboek*, p. 38.

61 Stephan, “Civil engineering improvements prior to the electrification of the Eastern Transvaal main line,” p.129.

van die spoorlyn gespit.[62] Daar is egter nog nie daadwerklik met die bou van die spoorweg vanaf die Mosambiekgrens na Pretoria begin nie, want die eerste stoomskip met materiaal vir die spoorlyn het Amsterdam eers op 14 Maart 1890 verlaat.[63] Die spoorbrug oor die Komatiriver is op 14 Mei 1891 voltooi en in Junie is daar begin om die eerste stasie op Transvaalse bodem te bou. Op 1 Julie 1891 is die eerste vyf kilometer van die ZAR se nasionale spoorlyn tot by Komatipoortstasie geopen en teen die einde van daardie jaar is die lyn tot by Malelane voltooi.[64] Volgens Van den Wall Bake was 1892 ’n voorspoedige jaar vir die spoorbouers. Daar is begin met die bou van die spoorweg vanaf Pretoria na die ooste. In Junie 1892 is die *Oosterlijn* tot by Nelspruit geopen en teen die einde van die jaar het dit tot aan die voet van die Transvaalse Hoëveld gevorder en op 20 Januarie 1894 is dit tot by Waterval-Onder vir spoorverkeer oopgestel.[65] Die moeilikste gedeelte van die bouprojek het egter nog voorgelê, naamlik om die spoorlyn van die Laeveld na die Hoëveld te bou. Daar is in Oktober 1892 met die bou van ’n tonnel tussen Waterval-Onder en Waterval-Boven begin. Elf maande later het die spanne wat ondergronds gewerk het bymekaar uitgekom. In Maart 1894 het die spoorwegwerke Waterval-Boven bereik en drie maande later is dit vir spoorverkeer oopgestel.[66]

Op 10 Julie 1894 is die spoorlyn tot by Geluk, later Machadodorp, die eerste stasie op die Hoëveld, oopgestel. Dié stasie was 223 kilometer van die Transvaal-Portugese grens.[67] Nadat Belfast bereik is, het die tempo waarteen die spoorlyn gebou is, aansienlik versnel terwyl die aanleg vanaf Pretoria na die ooste fluks gevorder het. Op 2 November 1894 het die twee lyne by Balmoral bymekaar aangesluit en die *Oosterlijn* is voltooi toe president Kruger die laaste bout by dié geleentheid ingedraai het. Op 1 Januarie 1895 is die hele lyn vir

62 TAB, Spoorweg Argief (hierna ZAR) 152, Van den Wall Bake, Verzlag der Nerderlandze -Zuid-Afrikaansche Spoorweg Maatschappij (hierna NZASM) over het jaar 1889, Amsterdam, 1890, p. 1.

63 TAB, Verzlag NZASM over het jaar 1892, Dagtekeninge, Amsterdam, 18 Mei 1893, p. 7; TAB, Blokland Versameling, WHA 82, *The “Press” gedenkboek*, p. 38.

64 TAB, Verzlag NZASM over het jaar 1891, Amsterdam, 20 Mei 1892, p. 8; TAB Blokland versameling, WHA 82, *The “Press” gedenkboek*, p.39; De Jong (et al), *NZASM 100: 1887-1899*, p. 113.

65 TAB Verzlag NZASM over het jaar 1892, Amsterdam, 18 Mei 1893, pp. 8 en 9; Engelenburg, *De Delagoabaai-spoorweg*, p. 25.

66 De Jong (et al), *NZASM 100*, pp. 115 en 116.

67 TAB, Blokland Versameling, WHA 82, *The “Press” gedenkboek*, p. 40.

spoorverkeer oopgestel en ’n gereelde treindiens is tussen Pretoria en Delagoabaai ingestel.[68]

Die amptelike opening was egter eers op 8 Julie 1895. Dit was ’n luisterryke geleentheid wat deur ZAR-hooggeplaastes en talle diplomatieke verteen-woordigers van verskeie lande bygewoon is. Generaal Machado, wat die trajek aanvanklik uitgemeet het, was ook teenwoordig. Teen die aand van 9 Julie 1895 het die "eerste" trein vanaf Pretoria na Delagoabaai vertrek. Talle Portugese en Transvaalse amptenare en besoekers het die rit met die “feestrein” meegemaak. Daar was nie ’n eetsalon aan die trein nie en vroeg die oggend van 10 Julie het die passasiers oggendkoffie op Machadodorpstasie geniet. Na ’n feestelike ontbyt op Waterval-Boven het die trein na die Portugese grens vertrek.[69]

Tot en met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog in 1899 is uitbreidings langs die *Oosterlijn* aangebring. Aangesien die *Oosterlijn* oor ’n lang afstand gestrek het, was dit nodig dat stasies met reëlmatige tussenposes langs die spoorlyn gebou moes word. Die stasies en haltes is elke 20 tot 25 km van mekaar gebou. Omdat dit ’n enkellyn was, kon die treine wat in teenoorgestelde rigtings ry, slegs waar daar dubbellyne was, op die kruisstasies by mekaar verbyry. Die lokomotiewe wat op die *Oosterlijn* gebruik is, kon slegs kort afstande ry voordat water en steenkool ingeneem moes word. Die watertenks en steenkool-bergingsdepots is gewoonlik by kruisstasies aangebring. Hierdie stasies was meestal goed geleë vir passasiers- en goedereverkeer. Teen die tyd dat die *Oosterlijn* in 1895 voltooi is, was daar reeds vier-en-twintig stasies en drie haltes tussen Pretoria en die Portugese grens.[70] Machadodorp was van die begin af een van die belangrike stasies langs die lyn omdat dit ’n kruisstasie met steenkool en water was en goed geleë was vir goedere- en passasiersvervoer.

---

68 TAB, NZASM verzlag over het jaar 1893, Amsterdam, Dagtekening, 17 Mei 1894, pp. 9-10; Blokland Versameling, WHA 82, *The “Press” gedenkboek*, p. 41; De Jong (et al), *NZASM 100,* p. 116.

69 M.E. Deecker, “The Delagoa Bay Railway. Opening thirty years ago.” *S.A. Railway and Harbours Magazine*, Vol. 9, July 1925, pp. 697 en 698.

70 De Jong (et al), *NZASM 100,* pp. 118 en 119.

Die oorspronklike geboue, wat op die stasies opgerig is, was nie almal dieselfde nie. Die stasies tussen Komatipoort en Nelspruit se oorspronklike geboue is vooraf in Europa vervaardig en op die terrein aanmekaargesit en later met permanente strukture vervang. Die meeste stasies tussen Alkmaar en Pretoria se geboue was van 'n meer permanente struktuur. Hierdie stasies was groter en meer funksioneel. Daar is ook gebruik gemaak van sink vir die oprigting van stasiegeboue. Al die stasies vanaf Machadodorp tot by Pretoria is egter van klip of steen gebou.[71]

Die ontwerp van al die stasiegeboue op die kruisstasies was dieselfde. Dit het bestaan uit 'n wagkamer, 'n kantoor en 'n stoorkamer. Langs die stasie was die stasiemeesterswoning wat uit 'n voorkamer, twee slaapkamers, 'n kombuis en 'n spens bestaan het. Die stasiegeboue het oor die algemeen nie gewels gehad nie. Die reghoekige sinkdak het oor die buitemure van die gebou gestrek om 'n stoep aan albei kante van die gebou te vorm. Ongelukkig is die meeste van hierdie geboue gedurende die sewentigerjare van die twintigste eeu gesloop.[72] Machadodorp se eerste stasie het ook in die slag gebly.

Die ander geboue op die stasies het hoofsaaklik in twee groepe geval: die geboue wat direk verband gehou het met die spoorwegwerksaamhede, soos loodse, "*roundhouses*," werkwinkels, woonhuise en ontspanningsfasiliteite. Goedere- en ander sinkplaat loodse is op sekere stasies soos Komatipoort, Nelspruit, Waterval-Onder, Waterval-Boven, Machadodorp en Middelburg opgerig. Slegs die een wat by Middelburg opgerig is, bestaan tans nog[73] (2006). Dit is opvallend dat, anders as wat met die mynontwikkeling van dié tyd die geval was, die spoorweg-ontwikkelaars nie voorsiening gemaak het vir swart huisvesting nie. Dit blyk dat die swart werkers van 'n spesifieke omgewing as arbeiders gebruik is. Hulle het in hutte in die omgewing gebly.[74]

---

71 Ibid., pp. 121 en 123.

72 Ibid., p. 123

73 Ibid., 124.

74 Volgens die Instituut vir Beplanning en Ontwikkeling van PU vir CHO in 1987 is daar eers teen die middel van die twintigste eeu definitief voorsiening gemaak vir behuising vir swart spoorwegwerkers op Machadodorp. Nieuwoudt en Van Zyl, *Machadodorp struktuurplan*, p. 2; De Jong (et al), *NZASM 100,* p. 124.

Die stasieterrein is as gemeenskaplike spoorweggrond beskou. Elke huis wat die NZASM vir hulle werknemers op die verskillende stasies gebou het, het ’n privaattuin gehad. Die huise, wat gewoonlik in ’n netjiese ry langs die spoorlyn gebou is, se vooraansig was gewoonlik na die spoorlyn gekeer. Die spoorweghuise in die Laeveld is gebou om by die klimaat aan te pas en kenmerkend van hierdie huise was die stoepe. Die huise op die Hoëveld het basies dieselfde gelyk, maar die stoep het ontbreek. Anders as in die geval van die stasiegeboue, is dit volgens R.C. de Jong, destyds verbonde aan die RGN, onmoontlik om die datum van voltooiing van elk van die huise, of wie die bouers was, vas te stel.[75]

Op elke stasie is ’n ploegbaashuis opgerig. In die Laeveld was dit gewoonlik ’n hout-, sink- of baksteenstruktuur met ’n grasdak. Die huise op die Hoëveld is gewoonlik van gekapte klip gebou. Op Machadodorp is die ploegbaashuis van sandsteen gebou. Later is daar met klip aangebou.[76] Hierdie gebou staan nog in Machadorp. Gedurende 1896 is ’n personeelwoning, wat groter as die ploegbaaswoning was, op Machadodorp opgerig.[77]

Dit is nodig om kortliks te let op hoe Machadodorpstasie en Waterval-Boven-stasie van mekaar verskil het. Op Waterval-Boven was meer NZASM-werknemers gestasioneer as op Machadodorp. ’n Spoorwegdorp het daar ontwikkel, wat tot gevolg gehad het dat dít ’n groter wit nedersetting as Machadodorp gehad het. Waterval-Boven lê ongeveer halfpad tussen Pretoria en die Transvaal-Portugese grens en het later die hoofkwartier van die NZASM in die Laeveld geword. Nadat die werkswinkels in 1894 op Komatipoort gesluit is, is talle werkswinkels op Waterval-Boven opgerig.[78] Dit het meegebring dat daar meer strukture op Waterval-Boven as Machadodorp was. Op Waterval-Boven is daar ook afgewyk van die standaard stasieplan, teenoor die standaard stasieuitleg van Machadodorp. Die huise wat die NZASM vir hulle werknemers op Waterval-Boven gebou het, het ook van dié op Machadodorp en ander

75 De Jong (et al), *NZASM 100,* p. 132

76 Ibid. p.133.

77 TAB, ZAR 153, Verzlag der NZASM over het jaar 1896, p. 23.

78 De Jong (et al), *NZASM 100,* p. 141.

stasies verskil. Al die huise is van klip gebou en daar was ’n variasie in die tipe huise wat gebou is. Daar is skakel-ploegbaashuise, drie twaalfkamerhuise, ’n gewelhuis en die sogenaamde “doktershuis” gebou.[79]

Waar daar ’n konsentrasie NZASM-werknemers was, het die maatskappy strukture opgerig om in die behoeftes van die gemeenskap te voorsien. Op Waterval-Boven is ’n skoolgebou opgerig, maar nie op Machadodorp nie. Luitenant G.J. Louw, die spesiale vrederegter van die *Oosterslijn*, en J. Oldenziel het in 1895 die ZAR-regering gevra vir ’n subsidie om ’n skool op Machadodorp op te rig. Die versoek is nie toegestaan nie.[80] Die skool wat uiteindelik op Machadodorp gebou sou word, was nie ’n direkte uitvloeisel van die bou van die spoorlyn nie.

Op Waterval-Boven is daar ook ontspanningsfasiliteite opgerig wat nie op Machadodorp gebou is nie.[81] Die bou van die spoorlyn het dus ’n direkte uitwerking op die ontstaan en groei van Waterval-Boven gehad en aan dié dorp ’n spesifieke infrastuktuur gegee wat nie op Machadodorp ontwikkel het nie. Dit het ook meegebring dat die inwonerskarakter van Waterval-Boven van dié van Machadodorp verskil het. Die wit bewoners van Waterval-Boven was hoofsaaklik spoorwegwerkers.[82]

Soos blyk uit die stasieplan van 1901 was Machadodorpstasie een van die groter stasies langs die *Oosterlijn*. Dit het meer as een platform en ’n aantal syspore gehad. Volgens hierdie plan is die volgende strukture op die stasie opgerig: ’n stasiegebou, ’n woning, ’n toilet (*W.C. - water closet*), ’n "*kaffirhut*,”[83] ’n stoor, werkwinkels, ’n smidswinkel, werkgewerskwartiere (*employee’s Qus*), spoorwegwerkerskwartiere (*platelayer’s Qus*), inspekteurskwartiere; ’n kombuis;

---

79 Ibid., 137.

80 TAB, Argief van die Onderwys Departement (hierna OD), OR 4106/95.

81 De Jong (et al), *NZASM 100,* p. 141.

82 TAB, SS 6795, R4394/98 b R14846/97, Brief, H.J. Otto - ZAR-regering, 31 Maart 1898.

83 Hierdie was blykbaar ’n struktuur wat deur die spoorwegmaatskappy vir van die swart werknemers opgerig is. By die nagaan van die personeelregister van die NZASM vir die *Oosterlijn*, is geen inskrywing van swart werkers gekry nie. Op Waterval-Boven is hutte vir die swart werkers opgerig en van hierdie hutte bestaan tans (2006) nog. R. de Jong. “Die Nederlandse spoorwegpioniers in die ZAR,” ongepubliseerde lesing, Orde van den Prince, Pretoria, 3 November 2005.

'n goedereloods en 'n watertenk (vgl. stasieplan).[84] Hierdie veskeidenheid dui daarop dat daar aansienlike spoorwegbedrywighede sedert die koms van die NZASM op die plaas Geluk was.

Daar kan tot die slotsom gekom word dat Machadodorpstasie voor die uitbreek van die oorlog in 1899 voltooi is omdat daar nie gedurende die oorlog aan spoorlyne gebou is nie. Die feit dat die stasie voltooid was en dat daar genoeg syspore was, het sekerlik daartoe bygedra dat die Uitvoerende Raad teen die einde van Mei 1900 besluit het om die regeringsetel tydelik na Machadodorp te verskuif. Die terrein was groot genoeg om die verskillende afdelings van die regering in spoorwaens te huisves.

Hoewel Machadodorp nie as 'n spoorwegdorp ontstaan en ontwikkel het nie, was daar tog NZASM-amptenare, soos hoofopsigters, assistentopsigters, klerke (hierdie amptenare is gewoonlik as klas A-amptenare geklassifiseer), ploegbase en ambagsmanne, soos timmermanne en smede op Machadodorp. Die meeste van hierdie NZASM-werknemers was ongetroud en van Nederlandse afkoms. Daar was egter ook ander Europeërs, Amerikaners en mense van die Kaapkolonie en Natal. [85]


Uit die personeelregister van die NZASM vir die *Oosterlijn* blyk dit dat daar 'n aantal ploegbase op Machadodorp was. Dit is dus gepas om kortliks op hulle aanstellings en pligte te let. Die ploegbaas het onder die toesig en bevele van 'n opsigter en hoofopsigter (*Chef van Weg en Werke en Chef van die Explotatie*) gestaan. Elke ploegbaas moes oor die onderhoud van sy aangewese baanvak toesig hou en na die onderhoud van die lyn, die wissels en die kunswerke (gewoonlik bruê) omsien. Elke ploegbaas het aan die hoof van 'n span, wat uit wit en swart arbeiders kon bestaan, gestaan.[86](Vgl. Foto 3)

---

84 RGN, Kaart 3452 122A.

85 TAB, NZM 39, Personeel register van die *Oosterlijn*, pp. 12, - 14, 16, 24, 30 en 31, 36, 40, 64, 71, 86, 92, 141 en 147; De Jong "Die Nederlandse spoorwegpioniers in die ZAR".

86 TAB, NZM 80, Regulasies, No 11, Dienstreglement ploegbasen.




SKETS PLAN 1: Machadodorpstasie 1901

BRON: RGN 3452 122A



FOTO 3: Ploegbaas met span arbeiders op Machadodorp
BRON: Spoorwegmuseum Johannesburg

Werkers van die NZASM was steeds slagoffers van malaria en die maatskappy het ’n eie hospitaal op Waterval-Boven opgerig.[87] In 1896 het die inwoners van Machadodorp, onder leiding van dr. Siegmund Kaufmann,[88] ’n memorie aan die ZAR-regering gestuur waarin hulle versoek dat ’n hospitaal daar opgerig moes word. Een van die vernaamste redes wat in die memorie aangevoer is, was dat malaria ’n siekte van die Laeveld was en dít juis ’n hospitaal op die Hoëveld genoodsaak het. Daar is ook aangevoer dat Machadodorp die laaste stasie op die

87 De Jong (et al), *NZASM 100,* p. 145.

88 Dr. S. Kaufmann het as medikus in Wenen Oostenryk gekwalifiseer. Hy was ’n genaturaliseerde burger van die ZAR en het as mediese praktisyn in Pretoria geregistreer. Hy was werksaam in die koorsgebiede en het vir twee en ’n half jaar in die Laeveld, langs die *Oosterlijn* gewerk. TAB, SS 5731, R12116/96, Brief, Dr Kaufmann - Staatspresident en Uitvoerende Raad, ongedateer.

Hoëveld en "*een der gezondste plekke in de Zuid-Afrikaansche Republiek*" was. Anders as Belfast het die nedersetting teenaan die spoorlyn gelê. Indien ’n hospitaal op Machadodorp gebou sou word, sou koorslyers nie die lang reis na Lydenburg waar die naaste hospitaal was hoef te onderneem nie. Die Machadodorpers het verder versoek dat die regering dr. Kaufmann moes bystaan om die hospitaal op Machadodorp op te rig.[89] Die regering kon egter "geen terme" vind om aan dié versoek te voldoen nie. Hulle antwoord was op die mening van die landdros van Lydenburg geskoei. Volgens hom was dit ’n versoek waarby net die inwoners van die dorp en besoekers aan die dorp sou baat. Die ZAR-regering was verder die mening toegedaan dat die hospitale op Lydenburg, Baberton sowel as die NZASM-hospitaal op Waterval-Boven voldoende was. Die aansoek is afgekeur.[90] Daar is nooit ’n hospitaal op Machadodop gebou nie.

Voor die aanlê van die spoorlyn is die nedersetters van die plaas Geluk 29 en omgewing se pos met ’n privaatpossak vanaf Carolina aangestuur.[91] Daar was posagentskappe op die plase Winnaarspoort, Bonefoi en Helvetia. Vroeg in die 1890's het dit duidelik geword dat die bestaande posdiens onvoldoende was. In 1892 het die inwoners van die Komati- en Steenkampsberg-wyke ’n memorie aan die ZAR-regering gestuur. Hulle het versoek dat ’n poskantoor langs die Elandspruit opgerig moes word omdat die bestaande posagentskappe te ver was. Volgens hulle sou so ’n posagentskap op die poslyn vanaf Charlestown na Lydenburg lê. Hulle het verder aangevoer dat daar binnekort ’n winkel, dié van Snoeck en Pierneef, opgerig sou word wat die posagentskap sou kon huisves.[92]

Soos die spoorwegwerksaamhede nader aan Geluk gekom het en op die plaas begin toeneem het, het die aantal posstukke ook toegeneem. In 1893 het Middelburg se posmeester vertoë tot die ZAR-regering gerig dat ’n posagentskap op die plaas Geluk, langs die Elandsrivier oorweeg moes word. Hy het aangevoer

89 TAB, SS 3614, R1365/93, Brief, C. Potgieter, Elandspruit, Geluk - Posmeester-generaal, Pretoria, Junie 1891.

90 TAB, SS 5731, R12116/96, Memorie, Burgers en inwoners van die Oosterspoorlyn - Staatspresident en lede van die Uitvoerende Raad, ongedateer.

91 TAB, SS 3614, R1365/93, Brief, C. Potgieter, Elandspruit, Geluk - Posmeester-generaal, Pretoria, Junie 1891.

92 TAB, SS 3614, R 1365/93, Memorie Elandsspruit, 14 April 1892; Brief, C. Potgieter - Posmeester- generaal 27 April 1892.

dat met die koms van die NZASM die gebruik van ’n privaatpossak ontoereikend begin raak het.[93] Sy versoek is nie toegestaan nie.

Die poskantoor is in 1895 opgerig nadat goedkeuring aan die regering gegee is om ’n posmeester aan te stel. Sy jaarlikse salaris sou £200 per jaar wees. Daar is ook besluit dat ’n bode in diens geneem kon word teen £2 per maand. Die eerste posmeester was J.N.B. de Villiers.[94] In 1895 is ’n telegraafkantoor van die NZASM op die stasie ingerig en vanaf 1896 was poswissels op Machadodorp beskikbaar.[95] Vanaf 1897 is "posverkeer" drie keer per week van en na Machadodorp ingestel.[96]

Een van die belangrikste gevolge wat die spoorwegwerksaamhede en die uiteindelike aanlê van die *Oosterlijn* vir die nedersetting gehad het, was dat Machadodorp se status as dienssentrum[97] verander het. Die ZAR-regering het reeds in 1893, toe J.J.C. Potgieter en K. Roodt die eienaars van die plaas Geluk 29 was, oorweeg om ’n dorp op dié plaas langs die spoorlyn aan te lê. Die inwoners van die Steenkampsberg-wyk het ook ’n memorie aan die regering gestuur waarin hulle versoek het dat ’n dorp aangelê moes word. Die redes wat aangevoer is, was dat die NZASM sedert Januarie 1893 ’n magasyn op die stasie gehad het, dat die stasie op hoofwapad- en spoorverbindingsroetes gelê het en dat dit die laaste stasie op die Hoëveld was. Individue het toe reeds aansoek gedoen om besighede daar te vestig. Die ondertekenaars het ook verwag dat die Machadodorpstasie tot ’n passasiers- en goederestasie sou ontwikkel.[98] H.J. Otto, die residentvrederegter op Waterval-Boven, het gemeen dat Machadodorp nog tot "*een voorname*" dorp sou ontwikkel.[99] Machadodorp is egter nie tydens die ZAR-tydperk tot dorp geproklameer nie. Die grenstwis tussen Lydenburg en Carolina oor in watter

---

93 TAB, SS 3614, R1365/93, Posmeester-generaal - Staatsekretaris, 31 Januarie 1893.

94 Ibid.

95 TAB, UR 69, UVR 827/92, 18 Maart 1895; ZAR 180, Staatsalmanak ZAR 1895, pp. 60 en 141.

96 TAB, ZAR 182, Staatsalmanak ZAR 1897, p. 303.

97 Vergelyk opmerking oor verwysing na Machadodorp as dienssentrum hoofstuk 2, p. 54.

98 TAB, SS 3803, R7694/ 93, Memorie, Inwoners wyk Steenkampsberg - Regering van die ZAR, 17 Januarie 1894.

99 TAB, SS 6795, R4394/98 by R14846/79, Brief, H.J. Otto - Roossenekal - Staatspresident, 31 Maart 1898.

landdrosdistrik Machadodorp moes val[100] en die uitbreek van die oorlog[101]sou die proses van dorpstigting vertraag. Machadodorp is eers in 1904 tot dorp verklaar.

In 1896, 'n jaar nadat die spoorlyn voltooi is, is Machadodorpstasie se status as "*het station voor het district Carolina en Lydenburg*" omskryf. Omdat Machadodorp op die rand van die Transvaalse Hoëveld en op die hoofverbindingsroetes gelê het, was dit 'n gunstige plek vir 'n halfwegstasie. Te perd was die stasie vyf uur van Carolina en nege uur van Lydenburg af.[102] Machadodorp is as versendingspos gebruik. Goedere, lewende hawe en ammunisie is per spoor tot op Machadodorp vervoer. Daarna is dit na omliggende plekke soos Lydenburg en Carolina en buiteposte so ver as Darktown, Steynsdorp[103] en Bremersdorp[104] vervoer. Die verspreidingsagentskap, de Graeff and Schenk Forwarding Commission Agents, het die goedere op Machadodorp ontvang[105] en dan met transport- en muilwaens na die omliggende streke en buiteposte laat vervoer.[106] Machadodorp was 'n belangrike versendingsdepot vir ammunisie na die omliggende streke.[107] Die Oost-Afrikaansche Compange, waarvan die hoofkantoor in Rotterdam Nederland was,

100 Die grenstwis word volledig in Hoofstuk 5 bespreek.

101 Die invloed van die Anglo-Boereoorlog word in Hoofstuk 6 bespreek.

102 Daar kom 'n verskil voor rakende die afstand na Lydenburg; in die Staatsalmanak van 1896 word dit as nege uur te perd aangedui en in die Staatsalmanak van 1898 as agt uur te perd. TAB, ZAR 181, Staatsalmanak ZAR 1896, p. 246; ZAR 183, Staatsalmanak 1898, p. 333.

103 TAB, Argief van die Kommandant-generaal (hierna KG) 212, CR193/97, Residentvrederegter Steynsdorp vra tien duisend Martini Henry patrone aan, 15 April 1897.

104 TAB, KG 294, CR2705/98, Telegram, wa en osse gereed om na Bremersdorp te vertrek, Veldkornet Taute Machadodorp - Kommandant-generaal Pretoria, 13 Junie 1896; KG 295 CR2864/98, Versoek dat goedere sowel as manskappe bestem vir Swaziland nie van Belfast nie, maar van Machadodorp vertrek, Assistentveldkornet Potgieter Machadodorp - Kommandant-generaal Pretoria, 20 Augustus 1898.

105 TAB, KG 298, R3332/98 by CR 3270/98, De Graeff en Schenk Machadodorp - Kommandant-generaal, Pretoria, 5 Julie 1898; KG 298, CR6234/98, de Graeff and Schenk Machadodorp - Kommandant-generaal Pretoria, 1 November 1898.

106 TAB, KG 307, CR4404/98, Telegram, Kommandant Bremersdorp - Kommandant -generaal Pretoria 9 September 1898; KG 313, CR1522/98, Betaling van £20-8-11 aan C. van Rooyen wat ammunisie na Bremersdorp vervoer het, 26 September 1898.

107 TAB, KG 203, CR.7611/96, Landdros Lydenburg - Kommandant-generaal Pretoria, 27 November 1896; KG 200, CR7324/96, Landdros Lydenburg - Kommandant-generaal Pretoria, 12 November 1896, Kommandant-generaal Pretoria - Landdros Lydenburg 17 November 1896; KG 180, CR4477/97, Landdros Lydenburg - Kommandant-generaal Pretoria, 12 Junie 1896; Landdros Lydenburg - Kommandant-generaal, 29 Junie 1896; Veldkornet Taute Machadodorp - Kommandant-generaal Pretoria, 24 Junie 1896; KG 183, CR4973/96, Landdros Lydenburg – Kommandant-generaal Pretoria, 5 Julie 1896. KG 240, CR3400/97, Landdros Lydenburg - Kommandant-generaal Pretoria 25 - Junie 1897.

het takke in Komatipoort en Machadodorp gehad. Hierdie onderneming het gereeld goedere aan kommando's gelewer.[108]

Machadodorp was ook 'n passasierstasie. Passasiers wat vanaf Pretoria, Johannesburg en Delagoabaai na Lydenburg, die Lydenburg-goudvelde en Carolina-omgewing gereis het, het per trein tot op Machadodorp gereis. Hier kon hulle in die Hotel de France oorbly[109] en dan per perdekoets hulle reis na die onderskeie plekke voortsit.[110]

Na die voltooiing van die spoorlyn kon burgers, wat om een of ander rede opgekommandeer is, per trein vervoer word. In Oktober 1898 het vyf-en-sewentig manskappe van die Carolina-kommando wat opgekommandeer is om in die Pietersburg-omgewing te gaan diens doen vanaf Machadodorp na Pretoria vertrek. Daar is ook tien waens, honderd-en-sestig osse en honderd-en-tien perde vir dieselfde ekspedisie gelaai.[111]

Daar is besluit om 'n spesiale vrederegter vir die *Oosterlijn*, met sy basis op Machadodorp, aan te stel. Hy is bygestaan deur die *Rijdende Politie* (berede polisie) van die ZAR.[112] In 'n memorie wat in 1894 aan die ZAR-regering gestuur is, het burgers en inwoners, onder leiding van F.M. O'Niel en E.A. Pienaar, versoek dat J.G. Louw as vrederegter op Belfast aangestel moes word.[113] Op 1 Junie 1897 is hy egter as spesiale vrederegter vir die *Oosterlijn* aangestel.[114] Sy posisie was dieselfde as dié van 'n residentvrederegter in 'n landdrosdistrik.[115]

---

108 TAB, SS 326, CR6876/98, briefhoof, 20 Junie 1899.

109 TAB, *The Transvaler*, Advertensie, Hotel de France, 18 October 1895.

110 Mening word uitgespreek dat daar 'n daaglikse passasiersdiens tussen Machadodorp en Lydenburg behoort te wees.TAB, *The Transvaler,* "Gossip," 29 March 1895.

111 TAB, KG 315, CR5449/98, Telegram Landdros Carolina - Kommandant-generaal, 25 Oktober 1898; Telegram, Landdros Carolina - Kommandant-generaal Pretoria, 27 Oktober 1898.

112 TAB, KG 1, CR4218/95.

113 TAB, SS 6795, R8783/94, Memorie, 18 Junie 1894.

114 TAB, SS 6795, R14846/97.

115 TAB, SP 59, SPR990/98, Memo, Hoofstaatsprokureur.

Die spesiale vrederegter van die *Oosterlijn* se taak was uiteenlopend van aard. Eerstens moes hy toesien dat wet en orde langs die *Oosterlijn* en die takspoorlyn na Barberton gehandhaaf word. Hy het toesig gehou en verslag gedoen oor die beweging van gewapende swartes wat oor die Portugese grens die ZAR binnegekom het. Op Machadodorpstasie het hy gekontroleer of alle Indiërs wat van en na Pretoria en die Witwatersrand-goudvelde gereis het, oor die nodige reispasse beskik het. Dit was ook sy taak om te sorg dat mense met aansteeklike siektes soos "*kinder pokken*" gerapporteer word en dat hulle nie toegelaat word om na die groter sentra soos Pretoria en Johannesburg te reis nie.[116] Hy het ook administratiewe verantwoordelikhede gehad. Hy het die ammunisie wat vir die landdroste Lydenburg en Carolina bestem was in ontvangs geneem en moes toesien dat dit by die betrokke landdros afgelewer word.[117] Hy het wapens en ammunisie van die staat af bestel en dit aan die burgers verkoop.[118] Die rekeninge van instansies wat op Machadodorp en langs die *Oosterlijn* die een of ander diens aan die staat gelewer het, is aan hom gestuur. Hy het dit na die ouditeur-generaal in Pretoria aangestuur.[119]

Dit wil voorkom asof die ZAR-regering Louw aanvanklik nie vir sy dienste, as spesiale vrederegter van die *Oosterlijn*, betaal het nie. In 1894 het hy versoek dat ’n jaarlikse salaris van £200 aan hom betaal word. Daar was allerlei besware van regeringskant teen die versoek en dit is nie duidelik of dit uiteindelik aan hom toegestaan is nie. Toe hy wel sy bedanking ingedien het, is ’n kantaantekening gemaak, dat indien hy ’n salaris betaal is, hy dit sou oorweeg om aan te bly. [120] Uit rekeninge wat aan die ouditeur-generaal gestuur is, sowel as ander

116 TAB. SP 60, SPR 58/95 en SPR 849/95.

117 TAB, KG 189, CR5755/96, 9 kiste Martini Henry gewere en patrone vir Lydenburg na Machadodorp gestuur, Kommandant-generaal Pretoria - Spesiale vrederegter Machadodorp, 29 Junie 1896; CR5784/96 Louw berig dat kiste na Lydenburg gestuur is; R 6098/96 Landdros Lydenburg - erken ontvangs van patrone; KG 215 CR599/97, Op versoek van kommandant Steenkamp word 780 pond buskruit saam met Schutte na Lydenburg gestuur, Spesiale vrederegter Machadodorp - Landdros Lydenburg, 13 Februarie 1897.

118 TAB, KG 1, CR1137/95, Aanvra van ammunisie; Louw erken ontvangs van ammunisie. CR1459 by CR1137/95; Kwitansie van J.Middel vir een rewolwer en 100 patrone.

119 TAB, SP 77, SPR8040/95, 31 Oktober 1895; SP 82, SPR31/96, 6 Januarie 1896, SPR 79/96, 31 Desember 1895; SP 90, SPR3113/96, 14 April 1896; SP 128, SPR1217/97, 9 Februarie 1897; SP 167, SPR3590/98, 11 April 1898.

120 TAB, SS - Kataantekeninge - betaling Louw, 7 Mei 1898.

korrespondensie, kan daar afgelei word dat hy ten minste nog tot teen die einde van 1898 op Machadodorp was.

Voor die spoorwegwerke die plaas Geluk aan die Elandsrivier bereik het, het C. Snoeck en Just en Eberhard besighede gehad.[121] W.C.W. Snoeck was ’n jong Hollander wat moontlikhede vir handel op die plaas Geluk raakgesien het en na onderhandelings met J.J.C. Potgieter, die eienaar van die plaas, handelsreg op die plaas bekom het.[122] Hy het die eerste handelsaak begin en het later vir hom ’n woonhuis gebou.[123] In 1897 het die algemene handelaar, J.A. Hyemans, bygekom.[124] Machadodorp het dus nie as gevolg van die *Oosterlijn* ontstaan nie, maar die ontwikkeling van die dorp het na die bou van die spoorlyn versnel. Dit blyk ook dat die verwagtinge was dat dit verder sou ontwikkel. In die Staatsalmanak van 1898 word hierdie verwagting soos volg verwoord: "*Machadodorp, de terminus van den spoorweg voor het district Lijdenburg, zal ook met de tijd vooruitgaan*."[125] In die gedenkboek wat met die opening van die spoorlyn in Junie 1895 deur *The Press* uitgegee is, word Machadodorp soos volg beskryf:

> *This has been a flourishing business place for the last two years and is now a township of consideration. It does a good business with the Ermelo and Lydenburg districts, the mail coaches for these making their start from here*.[126]

Die aanlê van die *Oosterlijn* het oor die algemeen vir die ZAR en sy inwoners, vooruitgang en finansiële voorspoed gebring. Daar moet egter nie uit die oog verloor word nie dat die burgers tot ’n groot mate skepties teenoor die bou van die spoorlyn gestaan het. Daar was selfs van hulle wat teen die aanlê van die spoorlyn gekant was. Die aanvanklike spoorwegwerksaamhede en die aanlê van die spoorlyn het egter ook ongerief en selfs skade vir sommiges teweeggebring. Toe die aanlê van die spoorlyn ’n werklikheid blyk te wees, is memories aan die regering voorgelê om uitsluitsel te kry oor moontlike kompensasie vir grond wat

---

121 TAB, ZAR 179, Staatsalmanak ZAR 1894, p. 213.

122 Anoniem, *Machadodorp Poskoetsfees*, p. 7.

123 Persoonlike korrespondensie, E. Snoeck - C. Jooste, 24 Augustus 1987.

124 TAB ZAR 182, Staatsalmanak ZAR 1897, p. 303; Leyds Argief (hierna LA) 459, posstempel, brief 16 November 1899, p. 295.

125 TAB, ZAR 183, Staatsalmanak ZAR 1898, p. 335.

126 The “Press” gedenkboek, p. 16.

onteien kon word en skade wat gelei kon word. Die Volksraad het in Junie 1890 die ZAR-regering gemagtig om met "*advies en consent*" van die Uitvoerende Raad, skadevergoeding aan burgers te betaal in die geval van "*schade aan handearbeid gedaan of het geheel of gedeeltelijk onbruikbaar worden van eens plaats door de aanleg van spoorwegen.*"[127]

Uit korrespondensie tussen boere, die ZAR-regering en die regeringskommissaris van die spoorweg, blyk dit dat die *NZASM-voormannen* soms sonder die nodige kennisgewing aan of toestemming van grondeienaars, boumateriaal van plase geneem, grond onteien en strukture opgerig het.[128] Hierdie optrede was teenstrydig met regeringsbeleid, sowel as met die ooreenkoms wat tussen NZASM en die regering gesluit is.[129] Reeds in Januarie 1891 het J.J.C Potgieter, die eienaar van die plaas Geluk 29, navraag gedoen of die spoorwegmaatskappy die reg het om sonder sy toestemming geboue op sy plaas langs die spoorlyn op te rig en of hulle grond kon onteien. Die NZASM het in April 1891 twee magasyne op die plaas naby die woonhuis opgerig. 'n Persoonlike brief aan die president het blykbaar bygedra om Potgieter se probleem na wense op te los,[130] want uiteindelik is kompensasie van £25 aan hom betaal.[131]

Die spoorlyn sou deur Schoongezight, die suidelike buurplaas van Geluk 29, wat aan J.P. Siervogel behoort het, loop. Siervogel het besef dat die spoorlyn die plaas in twee sou deel en dat dit moeilik sou wees om vee van die eenkant na die anderkant van die spoor te jaag. Hy het in Augustus 1893 versoek dat ’n oorweg

127 TAB, SS 2480, R11117/90, R11244/90, VRR 6 39/90, VRBB216/90, Kopie, Volksraad besluit Artikel 242, 3 Junie 1890.

128 TAB, SS, 2776 R1036/91, Brief, Pierney - Uitvoerende Raad, 12 Maart 1891.

129 TAB, SS 2480, R11117/90, R11244/90, VRB 6 39/90, VRBB216/90, Kopie, Volksraad besluit Artikel 242, 3 Junie 1890.

130 TAB, SS2776, R3991/91, Brief, J.J. Potgieter, Elandsspruit - S.J.P. Kruger, President ZAR, te Ermelo, 27 Maart 1891; Brief, Staatsekretaris - Staatspresident, 7 April 1891.

131 TAB, Argief van die regeringskommissaris vir die spoorweg 1893-1899 (Hierna RCR), RCR232/94 Korrespondensie aangaande die uitbetaling van die tjek, 12 Maart 1894, RCR 14, Korrespondensie ongeregistreer, 11 Mei 1894.

oor die spoor gebou moes word.[132] Hierdie oorweg is nié tydens die ZAR-tydperk gebou nie.

J.A. Middel het saam met sy tien seuns op die plaas Dalmanutha,[133] in die wyk Komati, geboer.[134] ’n Voorgestelde gedeelte van die *Oosterlijn* tussen Machadodorp en Belfast sou deur die plaas loop. Die deel van die plaas wat wes van die spoorlyn geleë was, sou van die res van die plaas afgesny word. Daar het reeds drie wapaaie deur die plaas geloop: na Pretoria via Middelburg, na Barberton en na Lydenburg. Voordat die spoorwegwerksaamhede op sy plaas begin het, het Middel, soos ander plaaseienaars, navraag gedoen oor moontlike kompensasie vir verliese wat gely kan word wanneer die spoorlyn gebou word.[135] Indien die Volksraadsbesluit van 3 Junie 1890 in ag geneem word, het Middel die reg gehad om op skadevergoeding aanspraak te maak.

Toe die *Oosterlijn* die Hoëveld bereik het, het die NZASM 'n werkskamp op Middel se plaas opgerig en teen April 1893 was die spoorwegwerksaamhede op die plaas in volle gang. Uit briewe wat Middel aan die ZAR-regering en aan die regeringskommissaris vir die spoorweg gerig het, blyk dit dat daar uiteindelik groot ontwrigting en skade op sy plaas aangerig is. Die voorgestelde spoorlyn sou deur ’n goeie ploegland loop wat beteken het dat dié vrugbare grond nie meer gebruik kon word nie en die spoorlyn sou die somerweiveld, aan die westekant van die spoor, van die res van die plaas afsny. Die spoorwegbedrywighede op die plaas het ’n besoedelingsbedreiging vir die plaas se bestaande drinkwatervoorraad ingehou. Klip en sand is van die plaas geneem. Middel het ook nie-amptelik verneem dat daar ’n stasie (Dalmanuthastasie), sonder sy toestemming, aan die westekant van die spoorlyn op sy grond gebou gaan word. Tydens die bou van die

132 TAB, RCR 1, RCR376/93, Brief, J.P. Ziervogel - Regeringskommissaris van die Spoorweg, 17 Augustus 1893.

133 Bevestiging van die plaas naam. UNISA Argief, Archives special collection, 912.68274 Tran, Kaart J.A. Middel se plaas is op 16 April 1884 opgemeet. TAB, SS 899, R714/84, Landmeter-generaal - Staatsekretaris, 5 Mei 1884.

134 Die veldkornetwyk, Komati, was een van die eerste en grootste van die landdrosdistrik Lydenburg. Later het die veldkornetwyk Steenkampsberg tot stand gekom. Machadodorp sou in hierdie wyk val, maar Middel se plaas was suid van die Elandsrivier en het dus in die Komati-wyk gebly.

135 TAB, SS 2480, R11117/90, Brief, Middel - Staatsekretaris, 4 Augustus 1890.

spoorlyn en nadat dit voltooi is, is weiveld op die plaas ’n paar keer deur ’n brand verwoes. In een van die brande het hy 100 angorabokke verloor.[136]

Die regering het eers na die tweede brief op Middel se navraag gereageer en hom ingelig dat hy die antwoord op sy vrae in ’n staatskoerant sou kry.[137] Uiteindelik is in ’n staatskoerant kennis gegee dat alle kompensasie-eise vir onteiening van grond vir die bou van die spoorlyn en vir skade wat gely is teen die einde Oktober 1893 ingedien moes wees. Middel het dadelik daarop gereageer en weereens rig hy ’n brief aan die spoorwegkommissaris waarin hy na die spoorlyn as ’n "*Eewigdurende Servituut*" op sy plaas verwys wat veroorsaak het dat hy nie meer vrye gebruik van die plaas as geheel het nie. Hy het dit ook onder die kommissaris se aandag gebring dat die toegangsroetes van en na die plaas en paaie van huis tot huis belemmer is. Hy het ’n totale kompensasie-eis van £2 500 ingestel.[138] Die spoorwegkommissie het egter nie positief of tegemoetkomend op sy eis gereageer nie. Hulle het besluit dat hy nie ’n eis vir die besoedeling van die drinkwater of die neem van boumateriaal kon instel nie. Volgens hulle was hy slegs geregtig om ’n eis in te stel vir die gebou wat op die plaas opgerig is. Uiteindelik is ’n kompensasiebedrag van £52-10-00 aan hom toegestaan.[139]

Soos reeds genoem, sou dit tydens die Anglo-Boereoorlog blyk dat Kruger se aandrang dat die *Oosterlijn* deur Hollanders gebou moes word, korrek was. Tydens die oorlog was dit uiteindelik die enigste kommunikasieverbinding met die buiteland. Aan die begin van die oorlog het twee treine daagliks tussen Pretoria en Lourenço Marques geloop. Nadat die hoofstad deur die Boeremagte ontruim is en in Britse hande geval het, het die roete, soos die Britse troepe die spoorlyn vanaf

---

136 TAB, SS 2480, R11117/90, Brief, Middel - Staatsekretaris, 22 Augustus 1890.

137 TAB, SS 2480, R11117/90, Opmerking, FW Leyds, Staatsekretaris, 22 Maart 1893.

138 Die eis wat deur J.C. Middel ingestel is, het soos volg daar uitgesien:

*En ik vraag voor myn water £ 500,*
*voor de grond waar het woonhuis £500*
*voor de schade aan myn grond £1 000*
*voor de statie .op eigen gedag genomen £500*
*te zamen £2 500.*

TAB, SS 2480, RCR 557/93, by R1111/90, Kopie, Middel - Regeringskommissaris vir spoorweg, 3 April 1893.

139 TAB, SS 6130, R 7491/98 by R15606/ 96 by R1107, Brief, J Middel - Staatspresident, 26 April 1893.

Pretoria ooswaarts beset het, al hoe korter geword. Eers het die daaglikse treine vanaf die Portugese kus tot op Middelburg gery, maar na dié dorp in die vyand se hande geval het, het die treine net tot op Machadodorp geloop.[140] Die beheer oor die *Oosterlijn* was vir die Britte net so belangrik.

**Die takspoorlyne na Ermelo en Lydenburg**

Kort na die voltooiing van die *Oosterlijn* het dit geblyk dat daar 'n behoefte bestaan het om takspoorlyne na Ermelo en Lydenburg aan te lê. Dié twee spoorlyne moes om ekonomiese redes gebou word. Ermelo en Lydenburg was landbouproduserende distrikte en dit was noodsaaklik dat hulle met die hoofspoorlyn na die Portugese hawe verbind moes word. In die Lydenburg-streek was daar goud- en ander mynboubedrywighede wat 'n spoorverbinding met die hooflyn genoodsaak het. Die steenkoolvelde van Ermelo en Carolina moes ook met die goudveld van die Witwatersrand en Lydenburg verbind word. Die sukses van die Barberton-takspoorlyn wat op 1 April 1896 in gebruik geneem is, het daartoe bygedra dat die ZAR-burgers minder skepties teenoor takspoorlyne gestaan het. Machadodorp se strategiese ligging op die hoofwapaaie en aan die *Oosterlijn*, het dié stasie 'n moontlike aansluitingspunt vir albei takspoorlyne gemaak.

Aanvanklik was die regering en die ZAR-bevolking nie ten gunste van die bou van takspoorlyne nie omdat daar steeds gevrees is dat dit 'n onnodige finansiële las op die staat sou plaas.[141] Hierdie houding het geleidelik begin verander toe dit blyk dat die bou van die *Oosterlijn* 'n finansiële sukses was. Reeds in 1891 is memories, waarin gevra is dat 'n takspoorlyn na Ermelo aangelê moes word, aan die ZAR-regering voorgelê. Memories wat teen 1895 die regering bereik het, was nie meer gekant teen die bou van takspoorlyne na Ermelo en Lydenburg nie, inteendeel, dit was ten gunste daarvan.[142]

---

140 G.H. Jonkers en J. Groenewald, *Die Machadodorp-briefkaarte van die Anglo-Boereoorlog*, p. 12.

141 *The Transvaal*, "Railways," 31 Maart 1894.

142 Coetzee, *Spoorwegontwikkeling in die Suid-Afrikaanse Republiek*, p. 146.

Die Eerste Volksraad het op 28 Augustus 1893 besluit dat tenders vir die bou van ’n takspoorlyn na Ermelo ingewag kon word. Teen die einde van Mei 1894 het dit geblyk dat daar drie moontlike aansluitingspunte met die hoofspoorlyn vir hierdie taklyn was, naamlik Belfast, Middelburg of Springs.[143] Die eerste twee aansluitingspunte het op die *Oosterlijn* gelê, maar die laaste een het nie op dié lyn gelê nie. Indien enige van hierdie aansluitingspunte gebruik sou word, sou die takspoorlyn nie oor Machadodorp loop nie.

Die Uitvoerende Raad het op 19 Junie 1896 P.J. Maherry se tender vir die bou van die Ermelo-lyn aanvaar.[144] Die Volksraad het dit goedgekeur en op 1 Julie 1896 is die konsessie, wat in hoofsaak met die NZASM-konsessie ooreengekom het, aan Maherry toegesê. Die regering het egter nie die rente gewaarborg nie en dit sou die uiteindelike aanlê van die spoorlyn vertraag. Maherry het die konsessie aan Henderson[145] verkoop. Henderson het gesukkel om ’n maatskappy tot stand te bring, omdat staatswaarborge noodsaaklik was om befondsing vir die projek te kry. Die ZAR was egter nog steeds nie bereid om staatswaarborge hiervoor uit te reik nie omdat hulle staatskuld gevrees het.[146] Tog het die ZAR-regering die aanlê van hierdie spoorlyn as ’n noodsaaklikheid beskou, want in September 1897 het president Kruger voorgestel dat die regering ’n lening moes aangaan en self dié spoorlyn moes bou. Die Volksraad was nie daarvoor te vinde nie. Die voorstel is teruggetrek en daar is besluit om aan Henderson se versoek te voldoen en ’n rentewaarborg van 3½% toe te staan. Die finansiële probleme was egter nog nie alles uit die weggeruim nie. Nadat die Uitvoerende Raad, Stegmann en Esselen[147] en die staatspoorwegkommissie[148] samesprekings gehou het, is daar op 25 Februarie 1898 besluit om met Henderson te onderhandel, maar indien hy nie die nuwe voorstelle wou aanvaar nie, sou die regering self die spoorlyn vanaf Machadodorp, via Carolina, na Ermelo bou.[149] In hierdie stadium is die presiese

143 TAB, RCR 24, No 18/1894, Report of the Railway Commissioner of the year 1893, p. 16.

144 TAB, Uitvoerende Raadsbesluite (hierna URB) Engelse vertaling van URB, Artikel 509, 19 Junie 1896, p.22.

145 Geen een van die bronne wat geraadpleeg is, verstrek ’n voorletter nie.

146 Coetzee, *Spoorwegontwikkeling in die Suid-Afrikaanse Republiek*, pp. 146 en 147.

147 Prokureurs in Pretoria wat namens die ZAR-regering die konsessie kontrak opgestel het.

148 Die Kommissielede was W.C. Mooijen en adv. J.K. Hummel.

149 TAB, URB, Minute R 5855/93 Eerste Volksraadsbesluite (hierna EVRB), 62/94, 25 Februarie 1898, pp. 15 en 16.

aansluitingspunt nog nie bepaal nie, maar dit sou of Machadodorp- of Dalmanuthastasie wees.

Henderson het op 27 April 1898 die gewysigde voorwaardes aanvaar en op 8 Julie 1898 het hy die konsessie aan ’n sindikaat oorgemaak. Die Ermelo Spoorwegmaatsakppy is in Januarie 1899 opgerig. Die Henderson-sindikaat het op 14 Junie 1899 die gewysigde konsessie aan die Ermelo Spoorwegmaatskappy oorhandig. Op 12 Julie 1899 het die ZAR die oordrag van die kontrak goedgekeur en op 19 Januarie 1899 is die statute van die maatskappy deur die staatsekretaris van die ZAR goedgekeur. Die regering het aandele vir £50 000 in die maatskappy geneem en ’n voorskot van £50 000 aan die maatskappy beskikbaar gestel sodat die werk kon voortgaan.[150]

Kort nadat die Henderson-sindikaat tot stand gekom het, het daar ’n geskil tussen die ZAR-regering en die sindikaat ontstaan oor die uiteindelike aansluitingspunt van die takspoorlyn. Dit sou £84 000 duurder wees indien Machadodorp, in plaas van Dalmanutha, die aansluitingspunt sou wees. Die sindikaat was ten gunste daarvan dat Dalmanutha die aansluitingspunt moes wees.[151] Die boere deur wie se grond die voorgestelde spoorlyn sou loop, het egter beswaar gemaak. Een van die beswaarmakers was Middel wat, soos reeds vermeld, verontrief is deur die aanlê van die hoofspoorlyn.[152] W.H. van Niekerk, wat namens die boere deur wie se grond die spoorlyn sou gaan, opgetree het, het skriftelik teen Dalmanutha as aansluitingspunt beswaar gemaak. Die Uitvoerende Raad het uiteindelik besluit dat Machadodorp die aansluitingspunt van die Ermelotakspoorlyn moes wees.[153] Hierna is opdrag aan die Ermelo-spoorwegmaatskappy gegee om met die onteiening van grond te begin. Die spoorlyn sou vanaf Machadodorp na Carolina, oor Breyten na Ermelo loop.[154]

---

150 Coetzee, *Spoorwegontwikkeling in die Suid-Afrikaanse Republiek*, pp. 147 en 148.

151 Ibid., p. 147.

152 TAB, SS 6130, R7491/98 by R 15606, Brief, Middel - Uitvoerende Raad, 16 Junie 1898.

153 TAB, URB, Artikel 627, 5 Julie 1898, p. 40.

154 TAB, URB, artikel 332, 29 Maart 1899, pp. 32 en 33. Die spoorlyn het deur die volgende dorpsgronde en plase geloop; vanaf Ermelo na Carolina - Ermelo dorpsgronde en die plase Van Oudshoornstroom, Bührmanstafelkop, Uitgevallen, Mooifontein, Vlakfontein, Mooiplaas, Klipstapel, Lilliput, Witbank, Vaalbank, Witkrans, Witrand, Goede

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Nadat die ZAR-regering die oordrag van die kontrak aan die Ermelo Spoorwegmaatskappy aanvaar het en finansies beskikbaar was, kon daar met die aanlê van die spoorlyn begin word. In 1899 het die spoorbouers met die grondwerk vanaf Machadodorp begin en tot by Klipstapel anderkant Carolina gevorder. Die maatskappy het egter finansieel in die knyp geraak toe die voorskotkapitaal reeds in dieselfde jaar opgebruik is en hulle nie oor die nodige kapitaal beskik het om met die projek voort te gaan nie. Toe die Anglo-Boereoorlog in Oktober 1899 uitgebreek het, is die bouwerk aan die takspoorlyn gestaak. Eers na die vredesluiting in 1902 het die Transvaalse kolonialeregering geld beskikbaar gestel om met die aanlê van die spoorlyn voort te gaan.[155] Die spoorlyn is eers in 1907 voltooi.

Soos reeds gemeld, was die Transvaalse burgers teen 1891 minder gekant teen die aanlê van takspoorlyne en teen 1893 het vertoë vir die bou van 'n takspoorlyn na Lydenburg en die goudvelde die ZAR-regering bereik. In die plaaslike koerant *The Transvaler* wat in Lydenburg gedruk is, is daar gepleit dat die plaaslike bevolking 'n positiewer gesindheid teenoor die moontlikheid van 'n takspoorlyn na Lydenburg moes openbaar.

> *...now it goes without saying that Lydenburg can do more to support a railway line than any other district in the Transvaal, when a branch line is extended to our town, we shall have tons upon tons of grain to forward, our copper, our nitrate and our coal languish for want of a single pair of iron rails, laid across the small intervening space between this and Helvetia*.[156]

Indien die takspoorlyn oor Helvetia geloop het, sou Machadodorp die aansluitings-punt gewees het.

Dit het ook geblyk dat invloedryke persone soos S.W. Burger, die Volksraadslid vir Lydenburg, te kenne gegee het dat hulle die aanlê van so 'n takspoorlyn nie sou

---

Hoop, Droogvallei, vanaf Carolina na Machadodorp - Carolina Dorpsgronde, Groenvallei, Roodepoort, Haverfontein, Brakspruit, Quaggafontein, De Clercqvlei, Vlakfontein, Welgelegen, Zevenfontein, Rietvlei, Schoongezicht, Rietfontein en Geluk.

155 Spoorwegmuseum Johannesburg, Kopie, Telegram, The Inhabitants, Carolina - The High Commissioner, Johannesburg, 28 November 1905; Kopie, Report of the Railway Committee on the negotiations with the Ermelo Railway Company for the Extension of its concession.

156 *The Transvaler*, 7 April 1894.

teenstaan nie.[157] Die redaksie van *The Transvaler*, wat Burger nie baie goedgesind was nie,[158] het egter beweer dat Burger nie sy invloed na behore gebruik het om die regering te dwing om die takspoorlyn te bou nie. Volgens dié koerant was dit veldkornet D. J. Schoeman wat die noodsaaklikheid van die takspoorlyn onder die Kruger-regering se aandag gebring het.[159]

In *The Transvaler* is die ekonomiese redes vir die bou van die spoorlyn uitgelig. Beriggewing het dit beklemtoon dat handelsbedrywighede op Lydenburg as gevolg van die voltooing van die *Oosterlijn* verliese ly, omdat daar geen spoorverbinding na Lydenburg is nie.[160] Teen die begin van Mei 1894 het die nasionale koerant van die ZAR, *De Volksstem*, daarop gewys dat ’n spoorverbinding na die dorp noodsaaklik was vir die handel op Lydenburg, anders kon Geluk, later Machadodorp, die handelsentrum van die groter streek word.[161]

Aanvanklik het die ZAR-regering afwysend gereageer [162] op die memories waarin versoek is dat ‘n takspoorlyn na Lydenburg aangelê moes word.[163] Sedert die ontdekking van die Lydenburggoudvelde was dit belangrik dat daar ’n goeie handelsroete tussen Lydenburg en die Portugese hawe, Lourenço Marques, moes wees. Transportwaens het wel op 'n gereelde basis tussen die hawe en die goudvelde beweeg, maar swaar verliese is steeds gely as gevolg van malaria en nagana in die Laeveld. Die runderpesepidemie van 1896 het die transportvervoer in die Transvaal feitlik tot stilstand gebring en die regering gedwing om hulle standpunt oor die bou van takspoorlyne in heroorweging te neem.[164]

157 *The Transvaler*, “Mr. Burger,” 14 April 1894.

158 *The Transvaler*, “Our Railway,” 2 June 1894.

159 *The Transvaler*, 19 May 1894.

160 *The Transvaler*, “Hard Times,” 26 May, 1894.

161 *The Transvaler*, “Railway notes,” 5 May 1894; *The Transvaler*, 26 May 1894.

162 Die hoofrede vir die houding van die regering is dat hulle steeds versigtig was om ’n bykomende finansiële las op die ZAR te plaas. Coetzee, *Spoorwegontwikkeling in die Suid-Afrikaanse Republiek*, p. 150.

163 *The Transvaler* van 29 September verwys na een van die memories wat 19 September 1894 ’n lang debat in die Eerste Volksraad uitgelok het, maar die Volksraad het uiteindelik negatief daarop gereageer. *The Transvaler*, “Line to Lydenburg,” 29 September 1894; TAB, SS 6130, R34/98 by R1107, Memorie re aansluiting van ’n taklyn na Lydenburg.

164 Coetzee, *Spoorwegontwikkeling in die Suid-Afrikaanse Republiek*, p. 150; De Jong “Die Nederlandse spoorwegpioniers in die ZAR,” p. 151.

Daar is uiteindelik besluit om die moontlikheid vir die aanlê van 'n takspoorlyn na Lydenburg te ondersoek. Op 9 November 1896 het die Eerste Volksraad besluit dat voorlopige opmetings vir 'n takspoorverbinding tussen Lydenburg en die hoofspoorlyn gedoen mag word.[165] In Februarie 1897 het die Uitvoerende Raad, na ernstige oorweging en op aanbeveling van die Eerste Volksraad, besluit om magtiging vir die voorlopige opmeting van 'n trajek vir 'n takspoorlyn na Lydenburg en die goudvelde te verleen.[166] Geld vir die projek is ook bewillig. Belfast, Dalmanutha, Machadodorp en Waterval-Boven is as moontlike aansluitingspunte oorweeg.

Teen die begin van 1898 het 'n volledige verslag oor die opmeting van die spoorlyn nog nie die regeringskommissaris van spoorweë bereik nie, daarom kon daar nie finaal oor die aansluitingspunt besluit word nie. Dit het egter al hoe meer begin lyk asof dit Belfast sou wees. Die burgers van Lydenburg-omgewing was ook ten gunste van 'n takspoorlyn oor Dullstroom na Belfast.[167]

Verskeie redes kan aangevoer word waarom Belfast bo die ander aansluitingspunte verkies is. Hierdie roete sou die kortste wees en daarom ook die goedkoopste. Indien die roete vanaf die Lydenburggoudvelde oor Machadodorp sou loop, sou dit nader aan die Portugese hawe wees, maar die Belfastroete sou vir Lydenburg en die goudvelde nader aan Pretoria en Johannesburg wees. Dié binnelandse mark was vir Lydenburg en omgewing baie belangrik. Die Belfastroete sou Lydenburggoudvelde en die Hoëveldse steenkoolvelde met mekaar verbind, wat vir die mynbedrywighede in die Lydenburg omgewing belangrik was. Daar is verder geredeneer dat 'n takspoorlyn na Nelspruit gebou kon word indien die Lydenburggoudvelde so winsgewend sou word dat dit 'n direkte spooraansluiting met die *Oosterlijn* sou noodsaak. Die terrein waardeur die takspoorlyn moes loop, het 'n bepalende rol in die uiteindelike besluit oor die aansluitingspunt gespeel. Die gebied vanaf Belfast, via Dullstroom na Lydenburg was, 'n "oop" terrein en die

---

165 TAB, RCR 24, Report of the Government Railway Commissioner for the year 1896, p. 30.

166 TAB, SS 6130, R1107/97, Kopie, URB 120/97, 9 Februarie 1897

167 TAB, SS 6130, R991/98 by R1107/97, Memorie, 2 Februarie 1898.

spoorlyn sou vir die boere van die omgewing toegankliker wees as die alternatiewe roete na Machadodorp wat deur ruwe terrein sou moes loop.[168]

Uiteindelik is daar besluit dat die aansluitingspunt Belfast sou wees. Op 24 Mei 1899 het die Uitvoerende Raad amptelik bekend gemaak dat tenders vir die bou van die Belfast-Lydenburg-takspoorlyn tot 12 Oktober 1899 ingewag sou word.[169]

Net soos in die geval van die Machadodorp-Ermelotakspoorlyn het die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog die aanlê van hierdie spoorlyn ook op die lange baan geskuif. Dit is eers in 1907 voltooi.

## Slot

Daar kan tot die slotsom gekom word dat die bou van die *Oosterlijn* 'n noodsaaklikheid was vir die handhawing van die ZAR se ekonomiese en politieke onafhanklikheid. Na die mislukte poging van president Burgers was die ZAR-regering én die burgers skrikkerig om 'n verdere finansiële las op die staat te plaas. Dit het tot gevolg gehad dat die privaatmaatskappye, soos die NZASM en die Ermelo-spoorwegmaatskappy, vir die aanlê van spoorlyne verantwoordelik sou wees. Dit het egter vertragings in die bou van die *Oosterlijn*, sowel as die twee takspoorlyne, die Machadodorp-Ermelo- en die Belfast-Lydenburg-takspoorlyn, tot gevolg gehad.

Daar is 'n sterk verband tussen Machadodorp en die spoorlyn. Die stasie en die dorp is na generaal Machado wat die trajek aanvanklik opgemeet het, vernoem. Dit is egter ironies dat indien die roete presies soos Machado dit opgemeet het, gebou is, dit nie oor die plaas Geluk 29 sou geloop het nie.

Machadodorp was 'n passasiers- en goederestasie en een van die groter kruisstasies op die *Oosterlijn*. Anders as Waterval-Boven, het die dorp nie sy

168 TAB, SS 6130, R1107/97, Regeringskommissaris vir die Spoorweg - Staatsekretaris, 2 Maart 1898.

169 TAB, URB Artikel 496/99, 24 Mei 1899.

ontstaan aan die spoorlyn te danke nie. Die spoorlyn het handel gestimuleer en die ZAR-regering het dit selfs oorweeg om die nedersetting tot dorpsgebied te laat proklameer. Die spoorlyn het ook tot gevolg gehad dat 'n poskantoor en telegraafdiens op Machadodorp gevestig kon word en 'n gereelde pos- en koetsdiens tussen Machadodorp en omliggende gebiede ingestel kon word. Dit is dus duidelik dat die *Oosterlijn* 'n besliste invloed op die groei en ontwikkeling van Machadodorp gedurende die tydperk tot 1904 gehad het.

Die bou van die spoorlyn het egter ook negatiewe gevolge vir die dorp en omgewing gehad. Ten spyte van Machadodorp se strategiese ligging, aan die *Oosterlijn* en op die hoofwapaaie, het die regering daarteen besluit dat 'n hospitaal op die dorp gebou moes word. Die NZASM-skool is op Waterval-Boven gebou en die skool wat uiteindelik op Machadodorp gebou sou word, was nie 'n direkte uitvloeisel van die spoorwegwerke nie. Die spoorlyn het ook ongerief en selfs skade vir boere soos Middel, van die plaas Dalmanutha in die Komati-wyk, ingehou. Die kompensasie wat uiteindelik aan hulle uitbetaal is, het ook nie altyd aan hulle verwagtings voldoen nie.

Gedurende die 1890's is vertoë deur middel van memories, aan die ZAR-regering gerig dat Ermelo en Lydenburg deur middel van takspoorlyne met die *Oosterlijn* verbind moes word. Machadodorp het uiteindelik die aansluitingspunt vir die takspoorlyn na Ermelo geword. Die Lydenburg-takspoorlyn sou egter by Belfast by die hooflyn aansluit. Ten spyte van 'n gesonde transportverkeer tussen Machadodorp en Lydenburg, sou Machadodorp, nadat die Belfast-Lydenburg-spoorlyn voltooi is, die posisie as versendingspunt na Lydenburg moes inboet. Dit kan as een van die belangrikste faktore beskou word wat die latere ontwikkeling van Machadodorp aan bande sou lê.

# HOOFSTUK 5

## MACHDODORP EN DIE LYDENBURG-CAROLINA-GRENSKWESSIE

Vandat die eerste wit nedersetters hulle in die gebied wat later as Machadodorp en omgewing bekend sou staan, gevestig het, het die besettingsgebied deel van die groter Lydenburg-landdrosdistrik uitgemaak. Toe Carolina in 1893 as afsonderlike landdrosdistrik geproklameer is, het Machadodorp net suid van die Elandspruit (rivier),[1] die voorgestelde suidgrens van die Lydenburg-landdrosdistrik, gelê. Die Elandspruit is reeds tydens die vroegste wit besetting van die groter Oos-Transvaalse gebied as grenslyn gebruik. Geografies het Machadodorp binne die Carolina-landdrosdistrik geval, maar histories het die wit nedersetters hulle óf in die Lydenburg- óf in die Carolina-landdrosdistrik tuisgevoel. Toe daar uiteindelik 'n besluit geneem moes word tot watter landdrosdistrik die plaas Geluk 29 en die omliggende gebied sou val, het die uiteindelike besluit langdurige administratiewe gevolge vir Machadodorp en omgewing ingehou.

### Agtergrond

Gedurende 1844 het 'n afvaardiging Voortrekkers onder leiding van die Voortrekkerleier, A.H. Potgieter, die Portugese goewerneur in Delagoabaai, (tans Maputo) besoek. Die partye het ooreengekom dat die wit migrante hulle in 'n gebied, wat vier dagreise van die ooskus af, en tussen die 10° en 26°[2] suiderbreedte was, kon vestig. Hierdie ooreenkoms het tot gevolg gehad dat die wit setlaars hulle gebiedsaanspraak na die teenswoordige Mpumalanga kon uitbrei.[3]

1 Aangesien daar twee Elandsriviere is waarna as grense vir die Lydenburg-landdrosdistrik verwys word, sal daar deurgaans in hierdie hoofstuk na die Elandspruit verwys word om verwarring uit te skakel.

2 Daar is reeds vroeër in die verhandeling na die *Cape of Good Hope Punishment Act* verwys, waarvolgens alle wit migrante suid van die 26° suiderbreedte as Britse onderdane beskou is.

3 J.S. Bergh, "Blanke vestiging tot ca. 1850," in Bergh (red.), *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika*, p.130; J.S. Bergh en O.J.O. Ferreira, "Administratiewe en ruimtelike ordening," in Bergh (red.), *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika*, p. 133.

Die dorp Andries-Ohrigstad is op 30 Julie 1845 gestig. Reeds in Julie 1846 het die Ohrigstad se Volksraad grond van die Swazi gekoop. Die gebied wat aan die wit setlaars afgestaan is, het tussen die Olifantsrivier in die noorde, die Krokodilrivier, die Elandspruit en die 26° suiderbreedte gelê.[4] Plase is oor 'n wydverspreide gebied aan wit boere toegeken. Gedurende hierdie eerste fase van besetting het geen wit setlaars hulle in die toekomstige Machadodorp-omgewing gevestig nie.

Ongeveer vier jaar na die aanlê van Ohrigstad is hierdie nedersetting ontruim omdat dit binne die malariagebied geval het. A.H. Potgieter en sy volgelinge het in Maart 1848 die gebied verlaat en hulle in die Soutpansberg gaan vestig. Gedurende die eerste helfte van 1849 het die malaria-epidemie sulke afmetings aangeneem dat die oorblywende inwoners besluit het om ook die gebied te verlaat. In September 1849 het die Hof van Landdroste en Heemrade se setel na Krugerspost verskuif. In dieselfde maand het die Volksraad by Krugerspost vergader en is daar besluit dat 'n nuwe dorp verder suid aangelê moes word. In 1850 is die dorp Lydenburg op die plaas Rietspruit aangelê.[5]

Teen 1850 het die wit setlaars noord van die Vaalrivier hoofsaaklik uit drie politieke groepe bestaan, wat hulle in die Potchefstroom-, Lydenburg- en Soutpansberg-distrikte gevestig het. Oor elk van hierdie distrikte is 'n kommandant-generaal, wat deur die stemgeregtigde burgers verkies is, aangestel. In 1855 was W.F. Joubert kommandant-generaal in die Lydenburg-distrik.[6]

Die Lydenburgers het egter in 1856 van die res van die Oor-Vaalse wit "maatskappy" weggebreek en op 17 Desember 1856 het die Republiek Lydenburg tot stand gekom. Op 4 April 1860 is dit weer met die res van die ZAR herenig. Gedurende die kortstondige bestaan van die Republiek Lydenburg is die grens tussen Lydenburg en Swaziland weer eens vasgestel. Dit het vanaf

4 Bergh, "Blanke vestiging tot ca. 1850," in Bergh (red.), *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika*, p 131; Bergh en Ferreira, " Administratiewe en ruimtelike ordening," in Bergh (red.), *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika*, p. 133; Kyk ook hoofstuk 3.

5 Bergh en Ferreira, "Administratiewe en ruimtelike ordening," in Bergh (red.), *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika*, p. 133.

6 Grobler, "Die Carolina-kommando," pp. 2-5

die Portugese gebied weswaarts, al met die Komatirivier tot waar dit deur die '*Randberge*' (heel waarskynlik die Platorand) gaan, gestrek. Hierna is Lydenburg se suidelike en westelike grense redelik goed beskryf. Die Lydenburg-Utrecht distrikgrens moes egter nog onderhandel word. In die ZAR het die proklamasie van 'n distrik altyd ten nouste met dorpstigting en die aanstel van 'n landdros saamgehang. Na die herinlywing van Lydenburg het die ZAR uit die volgende landdrosdistrikte bestaan: Potchefstroom, Lydenburg, Soutpansberg, Rustenburg, Pretoria, Utrecht en Wakkerstroom.[7] Ook gedurende hierdie tydperk het geen wit setlaars hulle in wat later die Machadodorp-omgewing sou wees, gevestig nie.

Volgens Bergh was die tydperk 1860-1886 'n belangrike ontwikkelingsfase in die administratiewe geskiedenis van die ZAR. Die aantal distrikte het van sewe tot vyftien vermeerder.[8] Uit die Lydenburg-landdrosdistrik, wat aanvanklik een van die grootste distrikte was, het drie nuwe distrikte, naamlik Middelburg, Standerton en Ermelo ontstaan.[9] Gedurende hierdie ontwikkelingsfase het wit nedersetters hulle in die gebied, wat later as Machadodorp bekend sou staan, gevestig. Net soos in enige ander distrik was die plase yl en wyd verspreid. Die nuwe distrikte wat gedurende hierdie fase geproklameer is, het geen invloed op die bewoners van die Machadodorp omgewing gehad nie.

**Die invloed van die Lydenburg-Carolina-grenskwessie op Machadodorp**

Dit was tydens die laaste ontwikkelingsfase van die ZAR, 1886-1899, dat die bepaling van landdrosgrense 'n direkte invloed op Machadodorp en omgewing gehad het. Volgens artikel 1083 van die Volksraadsnotule van 1890 het die Eerste Volksraad op 25 Julie 1890 die ZAR-regering magtiging verleen om Carolina tot 'n afsonderlike landdrosdistrik te laat proklameer.[10] Hierdie nuwe distrik sou uit wyke van die Lydenburg- en Ermelo-landdrosdistrikte saamgestel word. Op 21 Desember 1893 is Carolina tot distrik geproklameer. Dit het tot gevolg gehad dat die noordgrens van die Ermelo- en die suidgrens van die

7 Ibid., p. 136.

8 J.S. Bergh, "Grense, distrikte en dorpe, 1860-86," in Bergh (red.), *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika*, p. 139.

9 Ibid., p. 141.

10 TAB, SS 3077, R13880/91, Copie van Uitvoerenderaadsbesluit - verwys na Minute 130080/90; R13880/91, Proclamatie door den staatspresident, 21 Desember 1893.

Lydenburg-landdrosdistrik vasgestel moes word. Die vasstelling van Lydenburg-landdrosdistrik se suidgrens (tussen Lydenburg en Carolina), is vir hierdie verhandeling van belang, aangesien dit direk met die uiteindelike distriksadministrasie van Machadodorp en omgewing verband hou.

Die inwoners van Carolina het reeds in 1890 versoek dat Carolina as onafhanklike landdrosdistrik verklaar moes word. Die inwoners van die Komati-wyk, wat aanvanklik deel van die Lydenburg-landdrosdistrik uitgemaak het en moontlik die wyk kon wees wat deel van die nuwe landdrosdistrik sou wees, het navraag gedoen oor tot watter landdrosdistrik hulle sou hoort. In 'n petisie, gedateer 26 Desember 1891, het hulle versoek dat hulle onder die jurisdiksie van die landdros van Carolina moes val.[11]

Kort na die bekendmaking van die voorgestelde nuwe landdrosdistrikte, is vertoë tot die ZAR-regering, oor die posisie van die plaas Geluk 29 en Machadodorp ten opsigte van die nuwe distrik, gerig. In Oktober 1891 het die inwoners van Helvetia 'n vergadering belê. Daar is besluit dat hulle deel van die Lydenburg-landdrosdistrik wou bly.[12] Hierdie deel van die groter Lydenburg-landdrosdistrik se geografiese ligging was van so 'n aard (noord van die Elandspruit) dat die inwoners vanselfsprekend deel van Lydenburg sou bly. Vanuit die Komati-wyk is weereens vertoë gerig dat dié wyk "*tot die district Carolina zullen behoren*" wanneer die nuwe landdrosdistrik geproklameer word.[13] In 'n brief aan die kommandant-generaal, P.W. Joubert, maak J. van der Merwe die waarnemende landdros van Carolina daarop aanspraak dat volgens "*oude wyksbepaling*" die plaas Geluk 29 in die Komati-wyk val en daarom moes die hele wyk, insluitende Machadodorp geheel en al onder Carolina geplaas word.[14] Hoewel van die plase in die Machadodorp-omgewing binne die wyk geval het, was die plaas Geluk 29 nooit deel van die Komati-wyk nie, maar deel

11 TAB, SS 3077, PR10600/90 by R13880/91, Petisie, Inwoners Komati, Ontvang, 26 Desember 1891.

12 TAB, SS 3077, PR10600/90 by R13880/91, Minute, Vergadering Helvetia distrik Lydenburg, 19 Oktober 1891.

13 TAB, SS 3077, R10600 by R13880/91, Burgers, Komati - Staatspresident en Uitvoerende Raad, 26 Desember 1891.

14 TAB, SS 7696, CR3950/94 by R1034/94, J van der Merwe, Landdros Carolina - Kommandant-generaal, 2 November 1894.

van die Steenkampsberg-wyk in die Lydenburg-landdrosdistrik.[15] Die eienaar, C. Potgieter, was soms ook die assistent-veldkornet van die wyk Steenkampsberg.

'n Kommissie, bestaande uit S.W. Burger (voorsitter en sittende volksraadslid vir Lydenburg), A. Jansen, M.C. Gey von Pitius, P.D. de Villiers, M.P. Taute (die veldkornet Steenkampsberg-wyk) en D.J. Schoeman, is aangestel om die grenslyn tussen Lydenburg en Carolina te bepaal. Gey von Pitius het voorgestel dat die Elandspruit 'n gedeelte van die Lydenburg-Carolina grenslyn moes vorm. Hierdie voorstel is met vyf stemme teen een aanvaar.[16]

Volgens die proklamasie wat op 27 Desember 1893 in die staatskoerant gepubliseer is, het Machadodorp, wat aan die suidekant van die Elandspruit ontwikkel het, geografies onder die nuwe landdrosdistrik, Carolina, geval. Die Lydenburg-Carolina-grenslyn is soos volg in die proklamasie beskryf:

> *Tusschen Lijdenburg en Carolina van Viljoensvlei af aan de Middelburglijn tot waar die spruit in Elandspruit loopt met Elandspruit af tot waar de Godwanerivier in laatsgenoemde spruit vlot, vandaar met een rechte lyn naar de Spitskop in de geut en vandaar met de grens tot aan Umslabaniekop*.[17]

Volgens hierdie beskrywing het albei wit nedersettings, Waterval-Boven en Machadodorp, geografies tot die Carolina-distrik behoort, terwyl Belfast deel van Lydenburg-distrik was. Dit is belangrik om te let tot watter distrikte Waterval-Boven en Belfast behoort het omdat Machadodorp en omgewing se inwoners uiteindelik onder een van dié twee distrikte, toe dié twee dorpe tot distrikte verklaar is, sou val.

Machadodorp se geografiese ligging was egter nie die enigste faktor wat uiteindelik sou bepaal binne watter distrik Machadodorp sou val nie. Die inwoners van die gebied het sterk historiese bande met óf Lydenburg óf Carolina gehad. Dit was veral die persone wat deel van die Lydenburg-distrik wou bly, wat ongelukkig was. Dié wat verkies het om deel van die Carolina-distrik te word, se plase het vanselfsprekend binne dié distrik geval. Hulle het

15 Kyk Hoofstuk 2, voetnota 137, p. 91.

16 TAB, SS 3077, R10600/90, S.W. Burger - Sekretaris van die Volksraad, Helvetia, 19 Oktober 1891.

17 TAB, SS 3077, Staatscourant, Proclamatie, by R13880/91, Pretoria, 27 Desember 1893. Proclamatie door Staatspresident 21 Desember 1893. Opmerking - anders as by die vasstelling van die grens tussen die distrikte Middelburg en Carolina word hier nie spesifieke plase genoem nie.

ook op ander gebiede, byvoorbeeld op kerklike gebied, by Carolina ingeskakel.[18]

Vertoë om deel van die Lydenburg-landdrosdistrik te bly, het veral van die Potgieter-familie gekom. In 'n brief aan die president beklemtoon een van Cornelis Potgieter se nasate die feit dat die Potgieter-familie sedert 1869, toe die plaas die eerste keer bewoon is, deel van die Lydenburg-landdrosdistrik was. Hy het daarom versoek dat die plaas "*Geluk Machadodorp beskou moes word as behorende tot die Steenkampsberg-wyk in die Lydenburg-landdrosdistrik.*"[19]

Die bou van die spoorlyn, vanaf die Portugese grens na Pretoria, is 'n belangrike faktor wat in gedagte gehou moet word in die bespreking van die grenslynkwessie. Voor die aanlê van die spoorlyn was Machadodorp reeds 'n belangrike versendingspunt. Met die bou en voltooiing van die spoorlyn het hierdie belangrikheid toegeneem. Die standplaas Geluk, later Machadodorp, sou die eerste stasie op die Transvaalse Hoëveld word. Dit was ook die hoofkwartier van die NZASM op die Hoëveld. Die spoorlyn is in Julie 1894 tot op Machadodorp oopgestel. Die spesiale vrederegter vir die *Oosterlijn* het sy standplaas op Machadodorp gehad. Na die voltooiing van die *Oosterlijn* het die moontlikheid ontstaan dat Ermelo, via Carolina, en Lydenburg via Helvetia per spoor met die hoofspoorlyn op Machadodorp verbind kon word. Om ekonomiese redes was dit dus vir albei landdrosdistrikte belangrik dat Machadodorp binne hulle grense moes val.

Voordat 'n finale besluit geneem kon word, moes daar eers uitsluitsel gekry word of die plaas, Geluk 29, as 'n lynplaas ('n plaas wat op die grens van twee distrikte of veldkornetwyke geleë is) beskou kon word al dan nie. C.C.J. Potgieter, die eienaar van die plaas Geluk 29, het in Oktober 1894 in 'n brief aan die ZAR-regering verduidelik dat die plaas in der waarheid 'n lynplaas is omdat dit direk op die grens tussen Lydenburg en Carolina lê. Hy het die regering verder daarop gewys dat daar individue was wat aangrensend aan die stasieterrein standplase gekoop het en dat daar uitgeklaar moes word in watter

18 Persoonlike gesprek R. van Zyl, 25 Februarie 2006.

19 TAB, SS 7770, R 8504/95 by R 4988/95, Brief, J.J.C. Potgieter - Staatspresident, 27 Augustus 1895.

distrik hierdie eiendomme geregistreer moes word. Potgieter het die regering ook daaraan herinner dat hy reeds vantevore aansoek gedoen het om in die Lydenburg-landdrosdistrik te bly.[20]

Nog 'n faktor wat 'n rol gespeel het in die keuse wat die inwoners van die streek sou uitoefen, was hulle kerklike affiliasie. In sy brief aan die kommandant-generaal beweer J. van der Merwe, die landdros van Carolina, dat die inwoners van die lynplase op kerklike gebied tot Carolina hoort. Hy het egter hoofsaaklik na plase in die Ermelo-landdrosdistrik verwys en nie spesifiek na die bewoners van die plaas Geluk of dié van die nedersetting Machadodorp nie.[21] Die Potgieter-familie het, as gevolg van die historiese bande, op kerklike gebied by die Lydenburg-gemeente ingeskakel. Uit die Venter-familiegeskiedenis kan afgelei word dat dié familie aanvanklik op kerklike gebied by Carolina ingeskakel het, maar later deel van die Lydenburg-gemeente geword het.[22]

H. Hugo, opvolger van J van der Merwe as landdros van Carolina, het 'n lang brief aan die staatsekretaris gerig waarin hy verskillende redes aangevoer het waarom Machadodorp deel van die Carolina-landdrosdistrik behoort te wees. In die eerste plek het hy daarop gewys dat die plaas Geluk en die latere nedersetting, Machadodorp, volgens die proklamasie van 21 Desember 1893 onder Carolina geval het. Hy het veral die feit beklemtoon dat die gedeelte van die plaas waarop Machadodorp ontwikkel het, geografies suid van die Elandspruit gelê het. Hy het egter toegegee dat die plaas as geheel tot in daardie stadium in die Steenkampsberg-wyk van die Lydenburg-landdrosdistrik geval het. Hy het egter die regering terselfdertyd daarop attent gemaak dat, volgens 'n regeringskennisgewing van 4 November 1864, die Elandspruit as die grenslyn tussen die veldkornetskappe, Komati en Steenkampsberg, aangewys is. Die eienaar van Geluk 29 se huis het suid van die Elandspruit gelê en daarom het dié plaas so te sê geheel en al binne die Komati-wyk geval en daarom moes dit as deel van die nuwe landdrosdistrik, Carolina, beskou word.[23]

20 TAB, SS 7696, R10344/94, Brief, Potgieter - Regering van die ZAR, 8 Oktober 1894.

21 TAB, SS 7696, CR3950/94 by R10344/94, Brief, J van der Merwe, landdros Carolina - Kommandant-generaal, 2 November 1894.

22 Van Zyl, *S.A. Venter, C.M.M. du Toit en hulle nageslag*, p.33.

23 TAB, SS 6796, R344/94 by CR 3950/94 by R 10344/94, Minute, Hugo, landdros Carolina - Staatsekretaris, 20 Mei 1895.

Hugo het voortgegaan deur na die juridiese redes te verwys waarom Machadodorp onder Carolina moes val. Hy het sy sienswyse gemotiveer deur na die register van hofsake, wat op Carolina gehou is, te verwys. Hiervolgens het die landdros van Lydenburg, wat in daardie stadium ook die waarnemende landdros van Carolina was,[24] sake van Machadodorp op Carolina aangehoor. Voorts het hy beweer dat, indien veldkornet M. Taute Potgieter se versoek om in Lydenburg te bly na die hof in Lydenburg verwys het, sou dit nie op Carolina gedien het nie. Die laaste juridiese rede wat hy aangevoer het, was dat die spesiale vrederegter vir die *Oosterlijn*, J.G. Louw, sy sake na die landdros op Carolina verwys het en nie na die landdros op Lydenburg nie.[25]

Die laaste redes wat Hugo ten gunste van Carolina aangevoer het, het met Machadodorp se ligging ten opsigte van die twee dorpe te doen gehad. Hy het aangevoer dat Carolina slegs vyf uur te perd vanaf Machadodorp was, daarteenoor was Lydenburg agt uur te perd. Hy het ook daarop gewys dat plase in die Waterval-Boven en Waterval-Onder-omgewing, wat verder van Carolina as Machadodorp af was, reeds onder Carolina geressorteer het.[26] Hy het egter nagelaat om aan te toon dat hierdie plase deel van die Komati-wyk uitgemaak het en nie soos die plaas Geluk 29 in die Steenkampsberg-wyk geval het nie.

Hugo was egter nie geheel en al seker oor die plaas Geluk 29 se geografiese status nie en het bespiegel dat dit 'n lynplaas mag wees. Hy het na die sertifikaat wat op 8 April 1895 deur die landdros van Lydenburg uitgereik is verwys. Hiervolgens is die plaas as 'n lynplaas gelys. Hy het bygevoeg dat die plaas nie onder Lydenburg nie, maar volgens die proklamasie van Desember 1893, wel onder Carolina sou val. Volgens die verslag van die vorige landdros van Carolina, gedateer 2 November 1894, is 'n aantal plase as lynplase gelys. Die plaas Geluk 29 was een van hierdie plase. Daar is toe nog geen uitsluitsel oor enige van dié plase se finale plasing binne 'n spesifieke landdrosdistrik gegee nie. Hugo het voorgestel dat die registrateur van akte, in samewerking met die landmeter-generaal ’n behoorlike lys van lynplase in die Lydenburg- en Carolina-landdrosdistrikte moes saamstel, sodat daar bepaal kon word tot watter

24 TAB, SS 3077, TB451/94 by R1060/90, Telegram, 12 April 1894.

25 TAB, SS 6796, R 344/94 by CR3950/94 by R 10344/94, Minute, Hugo, landdros Carolina - Staatsekretaris, 20 Mei 1895.

26 Ibid.

distrik elk van die plase hoort. Hy het laastens daarop aangedring dat hierdie belangrike besluit nie aan die onderskeie landdroste oorgelaat moes word nie.[27]

Die landdros van Lydenburg het op Hugo se skrywe gereageer. Hy was van mening dat die landdros van Carolina op iets aanspraak gemaak het waarop hy nie geregtig was nie. In 'n brief aan die ouditeur-generaal het hy daarop gewys dat die plaas Geluk 29 (as 'n grensplaas of lynplaas) in daardie stadium steeds in die Lydenburg-landdrosdistrik geval het. Hy was daarvan oortuig dat die eienaars van die plaas betyds aansoek gedoen het om in Lydenburg-distrik te bly. Laastens het hy na korrespondensie tussen die twee landdroste verwys. Hy het dit baie duidelik gestel dat hy nie van plan was om Machadodorp aan Carolina af te staan nie. Hy was ook oortuig dat die inwoners van Machadodorp teen inlywing by Carolina-distrik gekant was en dat hulle deel van Lydenburg-landdrosdistrik wou bly.[28]

In reaksie op bogenoemde brief het die landdros van Carolina een van die belangrike redes vir die administratiewe toutrekkery oor Machadodorp beklemtoon. Dit het in der waarheid oor die belangrikheid van die spoorlyn en moontlike geld wat ontvang kon word, gegaan. Die landdros van Carolina was van mening, dat indien 'n spoorlyn vanaf Wonderfontein tot by Kaapsche Hoop gebou sou word, so 'n spoorlyn deur die Carolina-distrik sou loop. (Daar was egter nooit sprake van so 'n spoorlyn nie.) Hy het beklemtoon dat die staatsgelde wat in Machadodorp ingesamel word, Carolina toekom en dat die landdros van Lydenburg nie daarop kon aanspraak maak nie.[29]

Vir die ZAR-regering was dit nie sommer voor die handliggend dat die plaas Geluk 29 en Machadodorp, as gevolg van die geografiese ligging tot die nuut-geproklameerde Carolina-distrik sou hoort nie. Daar is 'n ondersoek na die hele aangeleentheid geloods. In Mei 1895 het die staatsekretaris, F.W. Leyds, die landmeter-generaal, die registrateur van aktes en die departement van die kommandant-generaal versoek om *"uw gesamentlyke gemotivers advies uit te*

27 Ibid.

28 TAB, SS 6796, R417496 by R10344/94, Brief, Landdros Lydenburg - Ouditeur-generaal, 6 Mei 1896.

29 TAB, SS 6796, R 4174'96 by R10344/94, Brief, Landdros Carolina - Staatspresident deur die ouditeur-generaal, 12 Mei 1896.

*brengen, over die questie tot welk district 'Machadodorp' moet worden beskouwed te behore."*[30]

Die veldkornet van Steenkampsberg wou ook van die ZAR-regering duidelikheid hê oor Geluk 29 en Machadodorp se administratiewe posisie.[31] Hy het egter sy eie mening gehad. In November 1895 het hy by die kommandant-generaal aanbeveel dat die bewoners van Machadodorp op die plaas Geluk, in die Lydenburg moes bly.[32]

Kommandant-generaal P.W. Joubert het die aangeleentheid na die registrateur van aktes en die landmeter-generaal verwys. Hulle het die kommandant-generaal daarop gewys dat hulle nie by magte was om uitsluitsel oor die aangeleentheid te gee nie. Volgens hulle het die proklamasie van 21 Desember 1893 bepaal tot watter landdrosdistrik die plaas hoort en indien die eienaar van die plaas daarteen wou beswaar aanteken, moes dit binne drie maande na die publikasie van die proklamasie wees.[33]

Steeds het die finale besluit tot watter landdrosdistrik Machadodorp hoort, uitgebly. In Desember 1896 het die Eerste Volksraad, nadat dit 'n memorie uit die Carolina-distrik ontvang het, besluit "*om Machadodorp onder Carolina te brengen.*"[34] Weereens is die saak na die kommandant-generaal verwys. Hierdie keer was sy reaksie dat hy geen kommentaar het nie en het hy aanbeveel dat die regering self die besluit moes neem tot watter distrik Machadodorp hoort.[35] Intussen het die landdros van Lydenburg die regering ingelig dat die inwoners van Machadodorp verkies om in Lydenburg te bly.[36] Terselfdertyd het die

---

30 TAB, SS 6796, CR 3950/94 by R 10344/94, Brief, Leyds, staatsekretaris - Landmeter-generaal e.a., 25 Mei 1895.

31 TAB, SS 6796, R 6597/95 by R10344/94, Telegram, Veldkornet Steenkampsberg - Staatsekretaris, 5 Julie 1895.

32 TAB, SS 6796, CR 5026/95 by R10344/94, Brief, Veldkornet Steenkampsberg - Kommandant-generaal, 19 November 1895.

33 TAB, SS 6796, RK 1460/95 by CR3950 by R10344/94, Brief, Registrateur van Akte en Landmeter-generaal – Kommandant-generaal, 7 Desember 1895.

34 TAB, SS 6796, CR5026/95 by R 10344/94, Brief, Volksraad besluit, Copie, by R9793/96 by R10344/94, 9 September 1896.

35 Ibid.

36 TAB, SS 6796, R13519/96 by R9793/96 by R10344/94, Brief, Landdros Lydenburg - Staatskretaris, 26 November 1896.

landdros van Carolina ongeduldig begin word en versoek dat uitsluitsel spoedig gegee moes word, aangesien 'n landdrosverkiesing in Carolina op hande was.[37]

Die vraag wat nou dringend geword het, was of C.C.J. Potgieter of enige ander eienaar betyds aansoek gedoen het om in Lydenburg-distrik te bly. Uit dokumente blyk dit dat Potgieter wel aansoek gedoen het om in die Lydenburg-landdrosdistrik te bly, want alhoewel landdros Van der Merwe van Carolina beweer het dat hy nie kennis gedra het van so 'n versoek nie,[38] blyk dit egter dat Potgieter reeds teen 23 Maart 1894 kennis gegee het dat sy eiendom deel van die Lydenburg-laddrosdistrik moes wees.[39] Op 'n navraag van die staatsekretaris oor die stand van die plaas Geluk 29 het die registrateur van akte soos volg geantwoord:

> *Die plaas Geluk 29 Lydenburg groot 4774.9 morgen staat geregistreer de Zuid ½ op Joachim Johannes Christoffel Potgieter en de Noord ½ op Karel Roodt. De plaats staat op hunne namen geregistreerd sedert October 1879, dus waarom sy ook eigenaren geweest tydens de proclamatie*.[40]

In minute aan die waarnemende landdros in Carolina word dit duidelik gestel dat die plaas Geluk 29 binne die Steenkampsberg-wyk val en nie, soos Van der Merwe beweer, deel van Komati is nie. Daar word verder aangedui dat die eienaar van die plaas "*in tyd*" 'n verklaring aan die veldkornet gegee het, waarin hy gekies het om in die Steenkampsberg-wyk te bly. Die totale plaas was deel van hierdie wyk toe die proklamasie in Desember 1893 uitgevaardig is. Die regering het dus geen ander keuse gehad as om die plaas as deel van die Lydenburg-landdrosdistrik te beskou nie. Aangesien die nedersetting, Machadodorp, op die plaas ontwikkel het en die stukkies grond wat aan individue verkoop is nog nie op hulle name getransporteer was nie, is slegs die registrasie van die plaas erken. Hiervolgens het Machadodorp ook binne die Lydenburg-distrik geval.[41] Ten spyte van vertoë uit Carolina dat Machadodorp onder die jurisdiksie van die landdros van Carolina gebring moes word, het

---

37 TAB, SS 6796, R16124/96 by R13519/96 by R9793/96 by R10344/94, Brief, Landdros Carolina – Staatsekretaris, 27 November 1896.

38 TAB, SS 6796, CR3950/94 by R10344/94, Brief, J van der Merwe, landdros Carolina - Kommand generaal, 2 November 1894.

39 TAB, SS 6796, CR3950/94 by R10344/94; R34408/95 by R10344/94, Hierby C. Potgieter verzoekt onder Lydenburg te blyven. Zend in certificaat van Veldkornet, 7 Mei 1895.

40 TAB, SS 6796, RK1186/94 by R10344/94, Brief, Registrateur van akte - Staasekretaris, 19 Desember 1894.

41 TAB, SS 6796, CR3950/94 by R10344/94, Staatsekretaris - Waarnemende landdros Carolina, 10 Mei 1895.

Machadodorp deel van die Lydenburg-landdrosdistrik gebly.[42] Hierdie standpunt is deur die registrateur van akte bevestig.[43] Die vertoë dat Machadodorp tog deel van Carolina moes word, het egter voortgeduur en in Junie 1899 het die landdros van Carolina weereens gevra dat Machadodorp in die distrik Carolina geplaas moet word.[44] Die Anglo-Boereoorlog het egter uitgebreek en die proses het tot 'n stilstand gekom en kon eers na 1902 voortgesit word.

**Slot**

Toe Carolina in 1893 as onafhanklike landdrosdistrik geproklameer is, moes daar besluit word of Machadodorp deel van Carolina- of Lydenburg-landdrosdistrik moes word. Indien net Machadodorp se geografiese ligging, op 'n gedeelte van die plaas Geluk 29 suid van die Elandspruit, as die enigste maatstaf gebruik is, sou dit deel van die Carolina-distrik uitgemaak het. Dit was egter nie die enigste oorweging nie. Historiese en kerklike verbintenis van die bewoners van die plaas Geluk 29 en die nedersetting wat later as Machadodorp sou bekend staan, het die grenslynkwessie gekompliseer. Albei landdroste het redes, veral ekonomies van aard, aangevoer waarom Machadodorp deel van ’n spesifieke landdrosdistrik moes word. In 1893 was die plaas Geluk 29 as geheel deel van die Lydenburg-landdrosdistrik. Dit was ook die enigste eiendom wat geregistreer is. Die ZAR-regering het toe besluit dat die plaas Geluk 29, sowel as die nedersetting wat later as Machadodorp sou bekend staan, deel van die Lydenburg-landdrosdistrik moes bly.

Die Lydenburg-Carolina-grenskwessie sou 'n langdurige invloed op die administratiewe ontwikkeling van Machadodorp en omgewing hê. Die feit dat Machadodorp en omgewing in twee afsonderlike landdrosdistrikte geplaas is, sou tot gevolg hê dat die dorp en ’n sekere deel van die omgewing hierna altyd op administratiewe gebied van mekaar geskei is. Later, toe die nuwe landdrosdistrikte Belfast en Waterval-Boven tot stand gekom het, het die inwoners van die dorp en die plase wes en suidwes van die dorp binne Belfast-

42 TAB, SS 6796, R10344/94, aantekening, 7 Januarie 1897.

43 TAB, SS 6796, R124/97 by R10344/94, Registrateur van akte - Staatsekretaris, 21 Januarie 1897.

44 TAB, SS 6796, R904/99, by R10344/94 aantekening, 8 Februarie 1899, ook R8031/99, by R10344/94 aantekening, 2 Junie 1899.

landdrosdistrik geval, terwyl die inwoners van plase oos en suidoos van die dorp onder Waterval-Boven landdrosdistrik geval het.

# HOOFSTUK 6

## MACHADODORP TYDENS DIE ANGLO-BOEREOORLOG 1899 - 1902

Die Anglo-Boereoorlog,[1] (1899-1902) het die ontwikkelingsgeskiedenis van Machadodorp beïnvloed. Dit was die mees ingrypende gebeurtenis in die dorp se geskiedenis voor 1904. Vir die administratiewe ontwikkeling van die dorp was die oorlog ontydig, omdat dit die proses van dorpsproklamasie onderbreek het. Dit kon eers na 1902 voortgesit word.

Die Machadodorp-burgers was lede van die Lydenburg- en Carolina-kommando's.[2] Reeds voor die uitbreek van die oorlog was Machadodorp 'n belangrike versendingspos. Tydens die oorlog was daar 'n ammunisiemagasyn en provianddepot op Machadodorp waarvandaan ammunisie en voorrade na die Boeremagte gestuur is. Na die val van Pretoria is die ZAR-regering vanaf die begin van Junie tot die einde Augustus in treinwaens en trokke op Machadodorp gehuisves. Na die Slag van Bergendal (27 Augustus 1900) is Machadodorp ontruim en die Britse troepe het die dorp tot na die einde van die oorlog beset. Fisiese skade is nie tydens die oorlog aan die dorp aangerig nie, maar plase in die omgewing is afgebrand en Boere-families is na konsentrasiekampe geneem.

### Machadodorp-burgers as lede van Lydenburg- en Carolina-kommando's

Teen die einde van September 1899 het oorlog in suider-Afrika onafwendbaar gelyk. Die twee Boererepublieke, die ZAR en die Oranje-Vrystaat, het reeds 'n bondgenootskap gesluit. Die ultimatum wat die ZAR-regering aan Brittanje gestel het, het op 11 Oktober 1899 om 17:00 verstryk en daarna het die twee Boererepublieke in 'n staat van oorlog met Groot-Brittanje verkeer.[3]

---

1 Voorwoord voetnoot 4, p .ii.

2 F.J. Grobler, "Die Carolina-kommando in die Tweede Vryheidsoorlog (1899 -1902)," ongepubliseerde M.A.-verhandeling, PU vir CHO., 1960, pp. 1 en 145.

3 F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 13; F. Pretorius, *Life on Commando during the Anglo-Boer War 1899-1902*, pp. 13 en 25.

Op 27 September 1899 was sestig persent van die ZAR se burgermag reeds opgekommandeer.[4] Anders as Groot-Brittanje, kon die Boererepublieke nie sterk leërs bekostig nie en hulle het hoofsaaklik op ’n burgermag of volksleër gesteun.[5] Albei state het die kommandostelsel, wat toe die oorlog uitgebreek het reeds goed ontwikkel was, as nasionale krygstelsel gebruik. Die kommandostelsel het op die beginsel berus dat elke weerbare man tussen die ouderdom van 16 en 60 oud lid van die betrokke staat se burgermag was.[6] Die ZAR is in 21 distrikte verdeel met ’n verkose kommandant aan die hoof van elke distrik. Die kommandantsdistrikte is in wyke, of veldkornetskappe verdeel. Op die vooraand van die oorlog was daar 80 veldkornette en 57 assistentveldkornette in die ZAR.[7]

Aanvanklik het Carolina en Machadodorp deel van die Lydenburg-landdrosdistrik uitgemaak. In Januarie 1893 is Carolina tot afsonderlike landdrosdistrik geproklameer.[8] Na die vasstelling van die distriksgrenslyn het die burgers op Machadodorp en op die plase noord en noordwes van die dorp in die Steenkampsbergwyk geval en hulle was lede van die Lydenburg-kommando. Die burgers op plase suid en suidoos van die dorp, op Waterval-Boven en Waterval-Onder het in die Komatiewyk geval en was lede van die Carolina-kommando.[9] Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog was David Schoeman kommandant van die Lydenburg-kommando.[10] M.P. Taute is as veldkornet en C. Potgieter as

---

4 F. Pretorius, *Life on Commando during the Anglo-Boer War* 1899-1902, p. 13; J.J.A van Loggerenberg, “Die rol van Schalk Willem Burger in die geskiedenis van Transvaal en die Unie van Suid-Afrika, 1899 - 1918,” ongepubliseerde D.Phil. Universiteit van Pretoria 1990, p. 1; F. Rompel, *Gedenkschriften van Paul Kruger gedicteerd aan H C Bredell en Piet Grobler*, p. 199; Muller (red.), *Vyfhonderd Jaar*, pp. 333 en 334.

5 T. Pakenham, Vertaal deur L. Rousseau, *Die Boere-Oorlog*, p. 111.

6 L.S. Amery (ed.), *The Times history of the war in South Africa 1899 - 1902*, Vol II, p. 72.

7 J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902*, Deel 1, pp. 29, 31 en 34; Amery, *The Times history*, Vol II, pp. 72 en 73.

8 Grenstwis volledig in hoofstuk 5 bespreek.

9 Breytenbach, *Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog*, Deel I p.33; Grobler, “Die Carolina kommando,” pp. 1 en 145.

10 Grobler, “Die Carolina-kommando,” p. 13.

assistentveldkornet vir die wyk Steenkampsberg verkies.[11] Laasgenoemde twee persone het noue bande met Machadodorp gehad.[12]

Terwyl Carolina en omgewing nog deel van die distrik Lydenburg was, was D.J. Joubert, wat aanvanklik die Carolina-kommando tot stand gebring het, die kommandant. In 1895, ná die verkiesing van lede vir die Volksraad en die kommandant-generaal is kommandante ook verkies. Joubert is as kommandant sowel as lid van die Eerste Volksraad vir Carolina verkies en moes uiteindelik tussen die twee ampte kies. Hy het as kommandant bedank en in Julie 1899, kort voor die uitbreek van die oorlog, is H.F. Prinsloo tot kommandant van die Carolina-kommando verkies.[13] Burgers wat op plase, soos Kaalbooi en Sevenfontein en op Waterval-Boven en Waterval-Onder gewoon het, het in hierdie wyk geval. Die name van 'n aantal burgers van Machadodorp en omgewing verskyn ook as "voetsoldate" onder korporaal J.H. de Lange van Wyk I, as deel van die Carolina-kommando.[14]

Met die uitbreek van die oorlog in Oktober 1899 het assistent-generaal,[15] S.W. Burger, bevel oor die Lydenburg en Carolina-kommando gevoer.[16] Met die aanvang van die oorlog is die meeste Boeremagte na die Natalse front omdat die grootste konsentrasie Britse troepe, wat reeds in suider-Afrika was, daar saamgetrek het.[17] Die twee kommando's onder Burger het egter nie dadelik na Natal gegaan nie. Daar het 'n moontlikheid bestaan dat die Britte 'n rugaanval deur Swaziland sou loods en die ZAR-regering het besluit dat generaal Burger met die twee kommando's onder sy aanvoering na die Swazilandse grens moes gaan om dié gevaar af te weer. Teen 12 Oktober 1899 het die twee kommando's, bestaande

11 TAB, SS 6668, R12799/97, Cornelis Potgieter verkies as assistent-veldkornet vir wyk Steenkampsberg; KG 336, CR 679/99, Assistentveldkornet Machadodorp - Kommandant-generaal, 24 Januarie 1899.

12 Vestiging van vroeë wit nedersetters in die Machadodorp-omgewing, Hoofstuk 3.

13 Grobler, "Die Carolina-kommando," pp. 2-5.

14 Ibid., Bylaag, pp. 150 en 151.

15 Die opperbevel van die ZAR se militêre magte was die kommandant-generaal en dan was daar 'n aantal assistent-generaals waarvan S.W. Burger een was. Van Loggerenberg, "Die rol van Schalk Willem Burger," p. 1.

16 Ibid., p. 5.

17 Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 14.

uit ongeveer 800 burgers, op die Swazilandgrens aangekom.[18] Hulle het die lang grens van ongeveer 241 km, vanaf Steelpoort- en Olifantsrivier oor Barberton tot by Oshoek beset.[19] Die Piet Retief- en Swaziland-kommando het later by hulle aangesluit. Chris Botha, broer van kommandant-generaal Louis Botha, is as kommandant oor die Swaziland-polisie en -burgers aangestel. Sy spesifieke opdrag was om die grens tussen Zoeloeland en Swaziland te bewaak.[20] Op 13 Oktober 1899 het generaal Burger, veldkornet Taute en twintig burgers die Swazilandgrens verken. Nadat seker gemaak is dat die grens veilig was, is voorbereidings getref om die hoofmag, 400 van die 800 burgers, na die Natalse front te stuur. 'n Gedeelte van albei kommando's, wat 250 burgers onder veldkornet Taute ingesluit het, het op 17 Oktober saam met Burger na Natal vertrek. Manskappe van die Lydenburg- en Carolina-kommando is egter op die grens agtergelaat. Op 18 Oktober het hulle van Lochiel na Oshoek verskuif waar die twee kommando's in twee afsonderlike kampe gehuisves is.[21] Die toestand aan die Natalfront het egter vinnig versleg en dit het nodig geword om soveel as moontlik weerbare burgers daarheen te stuur. Die grootste gedeelte van die oorblywende Lydenburg- en Carolina-kommando het na Natal vertrek. Net 'n klein groepie manskappe, insluitende lede van albei kommando's, is op die Swazilandgrens gelaat om saam met die Swaziland-polisie die grens te bewaak.[22]

In Natal het die Lydenburg- en Carolina-kommando op 30 Oktober 1899 aan die slag by Modderspruit deelgeneem.[23] Albei kommando's het deel van die lang en uitgerekte beleg van Ladysmith, wat vanaf 2 November 1899 tot 28 Februarie 1900 geduur het, uitgemaak. Hulle het ook aan die Boere-offensief aan die Bo-Tugela deelgeneem. 'n Gedeelte van die Lydenburg-kommando het deel van die Boerestellings om Ladysmith uitgemaak.[24] Gedurende die tyd wat die Lydenburg-

---

18 TAB, KG 332 (7), Telegram, Assistent-generaal Burger - Kommandant-generaal, 12 Oktober 1899.

19 Grobler "Die Carolina-kommando," pp. 13 en 14.

20 Van Loggerenberg, "Die rol van Schalk Willem Burger," p. 5.

21 Breytenbach, *Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog*, pp. 14 en 15.

22 Grobler, "Die Carolina-kommando," p. 20.

23 Van Loggerenberg, "Die rol van Schalk Willem Burger," p. 10; Breytenbach, *Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog*, Deel I, pp. 322-329.

24 TAB, Leyds Afrgief (hierna LA)714, Telegram No 31, 14 Januarie 1900; LA 716, Telegram No 37 3 Februarie 1900;

kommando in Natal was, het veldkornet Taute twee keer breë krygsraadsvergaderings, waar Boerestrategie bespreek is, bygewoon. Hy het ook van tyd tot tyd as waarnemende kommandant van die Lydenburg-kommando opgetree.[25]

Nadat generaal sir Redvers Buller se Natalse veldleër Ladysmith op 28 Februarie 1900 ontset het, het die Boeremagte na die Biggarsberge begin terugval. Op die krygsraadsitting van 5 Maart 1900 is besluit om ’n verdedigingslinie, wat vanaf die Drakensberge tot by Helpmekaar gestrek het, daar te stel. Die Lydenburg- en Carolina-kommando’s het deel van hierdie verdedigingslinie uitgemaak. Vir die volgende twee maande het slegs enkele skermutselinge tussen die Boeremagte en die Britte plaasgevind, met die gevolg dat lede van veral die Lydenburg-kommando in daardie stadium nie aktief aan die oorlog deelgeneem het nie. Hierdie toedrag van sake sou later tot wrywing tussen die Lydenburg- en Standerton-kommando aanleiding gee.[26]

Die posisie in die Vrystaat het vinnig versleg en die gevaar het bestaan dat dié republiek deur die Britte oorrompel kon word. Op die krygsraadsvergadering van 18 April 1900 is besluit dat 3 000 burgers na die Vrystaat moes gaan. Hierdie besluit het tot gevolg gehad dat ’n kleiner mag, waarvan die Lydenburg- en Carolina-kommando deel was, in Natal agtergelaat is om Buller se opmars te stuit.[27]

Opdrag is gegee dat die Bethal- en Standerton-kommando’s na die Vrystaatse gevegsfront moes gaan. Die Bethal-kommando het dadelik vertrek, maar lede van die Standerton-kommando het geweier. Volgens hulle moes die Lydenburgers gaan omdat hulle tot in daardie stadium van die oorlog min aan aktiewe

---

C.J. Barnard, *Generaal Louis Botha op die Natalse Front, 1899 - 1900*, pp. 10, 28, 50, 55, 59, 78, 79, 84,100; Breytenbach, *Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog*, Deel I, pp. 322 -329; Breytenbach, *Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog*, Deel II, pp. 81, 84, 97, 211, 306-307; Van Loggerenberg, “Die rol van Schalk Willem Burger,” pp. 10, 11, 50-53, 59, 78 en 79.

25 TAB, KG 353, Folios, Krygsraadnotules 3-5 Jan 1900; Breytenbach, *Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog*, Deel III, pp. 12-13 en 21.

26 Grobler, “Die Carolina-kommando,” p. 79.

27 Ibid., pp. 79-82, 84 en 85.

oorlogsvoering blootgestel is. Omstandighede van die Lydenburg-kommando was egter haglik. Baie van die burgers was sonder perde en moes as voetsoldate diens doen. Om sake te vererger, het 'n longsiekte onder hulle osse uitgebreek. Hierteenoor het die Standerton-kommando gesonde perde gehad. Kommandant-generaal Botha het opdrag gegee dat die Standerton-kommando sonder versuim na die Vrystaat moes vertrek. Die Carolina-kommando het hulle in die verdedigingslinie vervang.[28]

Op 8 Mei 1900 het Buller die Boerestellings aangeval. Dit het gou geblyk dat hy nie die sterk Boeremag, wat by Biggarsberg ingegrawe was, gaan aanval nie, maar sy aanval op die swakker stellings by Helpmekaar gaan toespits. Hier kon die Boeremagte nie weerstand bied nie en is verslaan. Die Boeremagte het na Laingsnek begin terugval. Kommandant D.J. Schoeman, met 500 Lydenburg- en Carolina-burgers het die agterhoede gevorm. Hulle taak was om die terugtrekkende kommando's teen 'n Britse rugaanval te beskerm. Onder leiding van generaal J.C. Fourie het die Lydenburg- en Carolina-kommando's Bothaspas verdedig, terwyl die ander kommando's Laingsnek beset het.[29]

Die teenslae in Natal en berigte van die Engelse vordering in die Vrystaat het tot gevolg gehad dat burgers die Boerestellings in die Drakensberg begin verlaat het en na hulle eie gebiede begin terugkeer het.[30] Uit 'n verslag van generaal Chris Botha aan die waarnemende kommandant-generaal, blyk dit dat die Lydenburg- en Carolina-kommando op hulle pos gebly het:

> *Lydenburg en Carolina commandos zyn even goed als altoos en syn die Burgers volmoed maar gevoelen zich ook bezwaard daar zy Pretoria en Zoutpansberg commandos niet vertrouwen kunnen*...[31]

Die twee kommando's was betrokke by die veldslae van Bothaspas en Allemansnek, maar moes uiteindelik terugval voor Buller se aanslag. 'n Kommando wat uit 200 Lydenburgers en 170 Carolina-burgers bestaan het, het hulle toe by

28 Ibid., pp. 85 en 86.

29 Ibid., pp. 87 en 88.

30 Ibid., p. 89.

31 TAB, LA 749 A, Telegram, Generaal C Botha - Waarnemende kommandant-generaal, 2 Junie 1900.

Skulpspruit, naby Ouhoutsnek ongeveer 10 km van Volksrust af, ingegrawe. Dit was ’n baie moeilike tyd vir die kommando’s. Die Britse oormag was so oorweldigend dat hulle weereens moes terugval. Lede van albei kommando’s was sonder perde en moes as voetsoldate op waens vervoer word. Die beweeglikheid van die kommando’s is bemoeilik juis in ’n stadium toe beweeglikheid van groot belang was. Dit was in die hartjie van die Hoëveldse winter en dit was snerpend koud. Daar was ’n tekort aan geld om proviand vir die twee kommando’s aan te koop[32] en om sake te vererger kon die proviand tekort ook nie uit die omgewing aangevul word nie.[33]

Intussen het Botha opdrag gegee dat die Middelburg-, Ermelo- en Standerton-kommando’s na hulle eie distrikte moes gaan om dié te gaan verdedig. Die Lydenburg en Carolina-kommando’s het agtergebly en aan die Slag by Platrand deelgeneem. Hierna het die kommando’s na Amersfoort teruggetrek,[34] maar op 7 Augustus 1900 het Buller dié dorp beset.[35] Op 20 Julie het die Lydenburg-kommando en ’n gedeelte van die Carolina-kommando na hulle tuisdistrikte teruggekeer. Die oorblywende Carolina-manskappe het aan die begin van Augustus na Carolina teruggekeer. Dié kommando het met Buller se magte slaags geraak. Hy het die dorp op 14 Augustus 1900 ingeneem.[36]

Die Lydenburg- en Carolina-kommando sou deel uitmaak van die groot Boere-verdedigingslinie wat in Augustus 1900 die *Oosterlijn* en Machadodorp, die tydelike regeringsetel van die ZAR, moes verdedig. Die Lydenburg-kommando was deel van die linie noord van die *Oosterlijn* en moes die pad na Lydenburg verdedig. Die Carolina-kommando was suid van die spoorlyn en moes onder andere die Groblerbrug op die pad tussen Carolina en Machadodorp beveilig.[37] Na afloop van

32 TAB, LA 727 C, Telegram 43, E.G. Fourie, Amersfoort - Staaspresident, Machadodorp, 17 Junie 1900.

33 Grobler, “Die Carolina-kommando,” pp. 91, 93, 94, 96-100.

34 *The Times*, 9 August 1900.

35 *The Times,* 13 August 1900.

36 Grobler, “Die Carolina-kommando,” pp. 101, 102, 108 en 110.

37 Ibid., p. 108.

die Slag van Bergendal[38] het die Lydenburg-kommando na Lydenburg uitgewyk, terwyl die Carolina-kommando die ontsnappingsroete na Barberton geneem het.

Die historikus B. Nasson verwys kortliks in sy publikasie, *The South African War, 1899-1902*, na vyftig burgers as die "Machadodorp-kommando." Daar is egter nie met agting na hierdie groep burgers verwys nie, aangesien hulle blykbaar een van die groepe was wat boereplase geplunder het. Hulle was onder andere in die Barberton-gebied bedrywig.[39] Daar kon egter geen ander inligting oor dié spesifieke groep opgespoor word nie.

**Machadodorp: halfwegstasie, ammunisiemagasyn en provianddepot**

Machadodorp se gunstige ligging het dit 'n ideale plek vir 'n halfwegstasie gemaak. Dit is op die rand van die Hoëveld en op die hoofverbindingsroetes, die *Oosterlijn* en wapadverbindings na Carolina-Ermelo, Lydenburg, Barberton en die Laeveld geleë.[40] Nadat die *Oosterlijn* in 1894 voltooi is, is goedere per spoor tot op Machadodorp vervoer, waarvandaan dit na omliggende dorpe en buiteposte gestuur is. Die verspreidingsagentskap, De Graeff and Schenk Forwarding Commission Agents, se kantoor was op Machadodorp. Die verspreidingsagente het allerlei goedere ontvang en dit dan vanaf Machadodorp met transportwaens en

38 Daar word verkeerdelik na hierdie geveg as die Slag van Dalmanutha verwys. G.D. Scholtz, *The Anglo-Boer War 1899-1902*, (kaart van veldslag) p. 74, spesifieke verwysing na die veldslag, pp. 77 en 85; L. Creswicke, *South Africa and the Transvaal War*, Vol. VI, pp. vi, 93 en 94; M.A. Gronum, *Die ontplooiing van die Engelse Oorlog 1899* p. 44; O.J.O. Ferreira, "Paul Kruger in Mosambiek, September-Oktober 1900-1902," *Historia*, Vol. 50, No 2, November 2005, p. 90. In 'n publikasie wat in 1901 oor die oorlog verskyn het, word hierdie veldslag soos volg in 'n tydlyn aangeteken, *August 1900, 27 - Important position captured near Dalmanutha*. In die teks word eers na die koppie op die plaas Bergendal as "...*some 8000 yards east of the station [Dalmanutha*]" verwys. Dit is waarskynlik hierdie tipe beriggewing wat daartoe gelei het dat daar verkeerdelik na die veldslag as die slag van Dalmanutha verwys is. Die stasie Dalmanutha lê ongeveer 7 km oos van die plaas Bergendal waar die geveg op 27 Augustus 1900 plaasgevind het. Schultz, "Die Slag van Bergendal (Dalmanutha), ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria , 1974, Titel omskrywing. In oorlogsberigte wat na die veldslag in die Britse pers verskyn het, word daar duidelik tussen die slagveld en die stasie onderskei: *'The work fell entirely on General Buller's troops, and resulted in the capture of Bergendal, a very strong position about two miles north-west of Dalmanutha railway station."* In die beskrywing van die slag word verwys na die vesting waar die ZARPS ingegrawe was as "*a picturesque homestead called Bergendal*." *The Times* 29 Augustus 1900.

39 B. Nasson, *The South African War, 1899-1902*, p. 120.

40 Nieuwoudt en Van Zyl, Machadodorp struktuurplan, p. 9.

muilwaens na buiteposte versprei. Goedere, insluitend ammunisie en proviand is so ver as Darktown, Steynsdorp,[41] Bremersdorp[42] en Oshoek aan die Swazilandgrens[43] versprei. Gedurende die oorlog was die dorp 'n belangrike ammunisiemagasyn en provianddepot. Na die val van Pretoria en nadat Middelburg ontruim is, het Machadodorp se belangrikheid as versendingspos en voorrademagesyn toegeneem.

Goedere en ammunisie vir Carolina, Lydenburg en die Lydenburg-goudvelde is ook vanaf Machadodorp vervoer. Die ammunisie is deur die spesiale vrederegter vir die *Oosterlijn*, wat sy standplaas op Machadodorp gehad het, of die plaaslike veldkornet in ontvangs geneem. Die landdroste van Lydenburg[44] en Carolina[45] het voordurend die nodige reëlings getref dat die ammunisie op Machadodorp afgehaal word. Transportryers, soos P.J. Joubert en P. Schutte, het die ammunisie na die betrokke plekke vervoer. Indien plaaslike transportwaens nie beskikbaar was nie, is muilwaens gebruik.[46]

---

41 TAB, KG 212, CR 193/97, Resident vrederegter Steynsdorp vra tien duisend Martini Henry patrone aan, 5 Junie 1896; KG 215, CR 599/97 Spesiale vrederegter Machadodorp - Landdros Lydenburg, 13 Februarie 1897; KG 321, CR6234/98, De Graeff and Schenk - Kommandant -generaal, 1 November 1898.

42 TAB, KG 240, CR 3400/97, De Souza - Magasynmeester Pretoria, 26 Junie 1897, Magasynmeester -Kommandant-generaal, 29 Junie 1897; KG 295 CR 2864/98, Versoek dat goedere sowel as manskappe bestem vir Swaziland nie van Belfast, maar van Machadodorp vertrek. Assisentveldkornet Potgieter, Machadodorp - Kommandant-generaal Pretoria, 2 Junie 1898; KG 294, CR 2705/ 98, Telegram, Veldkornet Taute Machadodorp - Kommandant-generaal Pretoria 13 Junie 1898; KG 298, CR 3269/98 by CR3270, Versoek dat artillerie muilwa gestuur mag word om ammunisie op Machadodorp af te haal. Kommandant-generaal - Veldkornet Potgieter, Machadodorp, 4 Julie 1898; KG 307, CR 4404/98, 13 September 1898; KG 313, CR 5124/98, Bewysstuk vir vervoer van patrone na Bremersdorp, 3 Oktober 1898.

43 TAB, KG 298, R 3332/98 by CR 3270/98, de Graeff en Schenk Machadodorp - Kommandant-generaal, 5 Julie 1898; KG321, CR 6234/98, Rekening vir goedere gelewer aan Veldkornet Taute Steenkampsberg. De Graeff and Schenk - Kommandant-generaal Pretoria, 1 November 1898.

44 TAB, KG 180, CR 4477/96, Telegram, Landdros Lydenburg - Kommandant-generaal Pretoria, 12 Junie 1896; KG 200, CR 7324, Brief, Landdros Lydenburg - Kommandant-generaal Pretoria, 12 November 1896; Brief, Kommandant-generaal - Landdros Lydenburg, 17 November 1896; KG 218, CR 868/79, Telegram, Landdros Lydenburg - Kommandant-generaal Pretoria, 12 Februarie 1897; KG 240, CR 3400/97, Brief, Landdros Lydenburg - Kommandant-generaal Pretoria, 25 Junie 1897; KG 385, CR 7856/99 Landdros Lydenburg versoek dat 50 Mauser gewere met 5 000 patrone na Machadodorp gestuur word, ter bewaking van die spoorlyn.

45 TAB, KG 382, CR 7351, Landdros Carolina versoek dat ammunisie vanaf Machadodorp na Carolina gestuur moet word en vra 50 000 patrone aan. Telegram, Landdros Carolina - Kommandant-generaal Pretoria, 30 September 1899.

46 TAB, KG 189, R 6098/96 by CR 5755/96, Kommandant-generaal - Spesiale vrederegter Machadodorp, 29 Julie 1896; KG 307, CR. 4404/98, Telegram, Kommandant Bremersdorp - Kommandant-generaal, Pretoria,

Selfs voordat die regeringsetel teen die einde Mei 1900 na Machadodorp verskuif is, was daar groot voorrade ammunisie in die magasyn op Machadodorp. Op 25 Mei 1900 was 250 gudes koeëls, 200 kiste Martini Henry-patrone en 'n trok met granate in die magasyn en nog ammunisie was per trein op pad. Die gebied waarna die ammunisie gestuur is, is nie net tot die onmiddellike omgewing beperk nie, daar is byvoorbeeld in Desember 1899 versoek dat Mauser-patroonbande na Pretoria-stasie gestuur moes word vir burgers wat vandaar na Ladysmith moes vertrek.[47]

Aan die begin van Junie 1900, kort voor die Britse magte Pretoria beset het, is al die ZAR se oorblywende ammunisie per trein na Machadodorp vervoer. Met die verskuiwing van die regeringsetel na Machadodorp is die krygskommissaris ook na Machadodorp verplaas. Hy sou voortaan die versending van ammunisie na die omliggende dorpe soos Lydenburg hanteer en ook die burgers in die veld van ammunisie voorsien. Teen die middel van Junie 1900 was 'n groot hoeveelheid en 'n verskeidenheid ammunisie in die magasyn en kommando's in die veld kon dit laat haal.[48] Tot kort voor die Slag van Bergendal, 27 Augustus 1900, was daar 'n tekort aan ammunisie op Lydenburg en is dit vanaf Machadodorp aangevul.[49] Net voor die Boeremagte Machadodorp ontruim het, is die ammunisie in die magasyn nog aangevul en na die kommando's in die veld gestuur.[50] Toe die Britse aanval op

---

9 September 1898.

47 TAB, KG 396, CR 9281/99, Telegram, Kommandant-generaal Pretoria - Veldkornet Viljoen Machadodorp, 18 Desember 1899.

48 TAB, LA 726 (A), telegram Nr 324, Kommandant, Machadodorp -Kommandant-generaal Pretoria, 25 Mei 1900; L.A. 749 (II) Telegram, Militêre kommissaris, Machadodorp - Kommandant-generaal Van der Merwe, 11 Junie 1900.

49 TAB, LA 720 (1) Militêre kommissaris Machadodorp - Landdros Lydenburg, 19 Julie 1900, Landdros Lydenburg – Militêre kommissaris Machadodorp, 19 Julie 1900, LA 729 (1), telegram, Magasynmeester Balmoral - Luitenant du Toit Machadodorp, 19 Julie 1900,

50 TAB, LA 729 (1), Veg-generaal R P Viljoen - Militêre kommissaris Machadodorp 19 Julie 1900, Luitenant du Toit Machadodorp - Magasynmeester Balmoral 17 Julie 1900, Militêre kommissaris Machadodorp - Militêre kommissaris Ermelo, 19 Julie 1900. TAB, LA 729 (1), Veg-generaal R P Viljoen - Militêre kommissaris Machadodorp 19 Julie 1900, Luitenant du Toit Machadodorp - Magasynmeester Balmoral 17 Julie 1900, Militêre kommissaris Machadodorp - Militêre kommissaris Ermelo, 19 Julie 1900.

Machadodorp onafwendbaar geblyk het, is daar op Lydenburg en Barberton magasyne opgerig.[51]

Reeds voordat die ZAR-regeringsetel na Machadodorp verskuif is, was daar ’n proviand-magasyn. Voorrade soos meel, suiker en koffie is per spoor na Machadodorp gestuur en vandaar na die kommando’s in die veld vervoer. Toe dit egter blyk dat Pretoria beset sou word, het die proviand-kommissaris na Machadodorp verskuif. Proviand is voor die verskuiwing onder meer aan die burgers wat die *Oosterlijn* bewaak het, gelewer. Volgens die Uitvoerende Raadsbesluit wat op 3 Augustus 1900 geneem is, is P. Schutte as proviandkommissaris op Machadodorp aangestel. Sy taak was om die proviand in ontvangs te neem en aan die kommando’s uit te deel.[52] Uit die Machadodorp-omgewing is slagvee en aartappels bekom.[53] Daar is ook ’n voorraad medisyne aangehou.[54]

Na die besetting van Pretoria het die Boeremagte langs die *Oosterlijn* teruggeval. In hierdie gebiede het proviand skaars geraak. Daar was byvoorbeeld aan die begin van Junie 1900 geen meel in Middelburg oor nie en teen die middel Junie was voorrade op Ermelo ook min. Hierteenoor was daar voldoende proviand soos blikkiesvleis, meel, suiker en koffie wat van die Portugese invoerhawe Lourenço Marques na Machadodorp op pad was. Die voorrade wat in Machadodorp aangekom het, is op versoek na die kommando’s in die veld versprei. Meel, suiker, rys, koffie en sout is op 16 Junie 1900 na die kommandant-generaalskamp by Balmoral gestuur.[55] Na die ontruiming van Pretoria is die staatsbakkery aanvanklik eers na Middelburg verskuif. Generaal J.D.P. French het die dorp op 27 Julie 1900

---

51 Amery, *The Times history*, Vol.II, p. 74.

52 TAB, LA 731 (B), Telegram, Staatsekretaris Waterval-Onder - Pretorius, Machadodorp, 21 Augustus 1900.

53 TAB, Argief van die Proviand kommissaris (hierna PC) 3, PC 310/99 by PC 2218/00, Minute; PC 7, PC 2106/00, Minute; LA 730 (1) A, Proviand kommissaris Machadodorp - Derksen, Standerton-kommando, Carolina, 6 Augustus 1900.

54 TAB, LA 731, Telegram, Landdros Nylstroom - Staatsekretaris Machadodorp, 20 Julie 1900.

55 TAB, LA 749 (II), Telegram, Van Alphen Nelspruit - Staatsekretaris Machadodorp, 4 Junie 1900; Telegram, Krygskommissaris Machadodorp - Kommandant-generaal Balmoral, 16 Junie 1900.

ingeneem[56] en onmiddellik krygswet afgekondig.[57] Volgens *The Times* het ongeveer 600 burgers na Machadodorp teruggeval.[58]Nadat die Boere Middelburg ontruim het is die staatsbakkery na Machadodorp verskuif.[59]

Tydens die verblyf van die regeringsamptenare op Machadodorp was daar gewoonlik genoeg kos en ander voorrade beskikbaar. Daar was, byvoorbeeld teen die begin van Augustus 1900 negentig sakke rys in die magasyn.[60] Die staatsekretaris van die ZAR, F.W. Reitz, het op 21 Augustus 1900 president M.T. Steyn meegedeel dat daar in daardie stadium volop koffie, suiker en rys was en dat daar op ’n daaglikse basis voorrade vanaf die Portugese hawe aangekom het. Daar was egter ’n tekort aan blikkieskos, skoene en klere omdat die Britse regering ’n verbod op die lewering van hierdie goedere (kontrabande) aan die Boeremagte, geplaas het. Dit het tot gevolg gehad dat dit byvoorbeeld baie moeilik was om die manskappe gereeld van skoene te voorsien. P. Grobler van Waterval-Boven het opdrag ontvang om velle by die slagter, J. Button te kry, sodat skoene daarvan gemaak kon word.[61] Alle materiaal waarvan skoene gemaak kon word wat op Belfast beskikbaar was, is teen die middel van Augustus opgekommandeer en na Machadodorp gestuur.[62]

Met tye het die proviand op Machadodorp egter ook min geraak. Teen die einde Junie 1900 was die voorraad uitgeput en was net meel beskikbaar. Mielies is van plase in die omgewing verkry, maar die boere wat dit gelewer het, het beswaar gemaak dat hulle met *goewermentsnote*[63] betaal is. Die meule op Machadodorp was een van die oudste geboue op die dorp en daar kan aanvaar word dat mielies

---

56 *The Times*, 28 July 1900; *The Times*, 30 July 1900.

57 *The Times*, 1 August 1900.

58 *The Times*, 28 July, 30 July 1900.

59 TAB, LA 730. (1) A Telegram, Kommandant-generaal - Proviand kommissaris, 25 Julie 1900.

60 TAB, LA 730 (1) A, Telegram, Proviand kommissaris - Standerton-kommando Carolina, 6 Augustus 1900.

61 TAB, LA 730 (D), Telegram, Staatsekretaris - P. Grobler, 9 Augustus 1900.

62 TAB, LA 730 (E), Telegram, Proviand kommissaris - Kommandant-generaal, 12 Augustus 1900.

63 *Goevermentsnote* was papiergeld wat tydens die oorlog deur die ZAR-regering gedruk is. Dit het ook as “*Bluebacks”* bekend gestaan. Soos die goudvoorraad verminder het, het die papiernote vermeerder. D.W. Kruger, *Die Krugermiljoene*, p. 35.

daar gemaal is.[64] Gedurende Julie 1900 is die landdroste van Carolina en Bethal versoek om alle beskikbare mielies na die proviandsmagasyn op Machadodorp te stuur. Proviand is ook vanaf Alkmaar en Lydenburg verkry.[65] Omdat die veeboere gedurende die wintermaande met hulle vee na die Laeveld getrek het, het vleis begin skaars raak. Die Boeremagte se aankopers moes met dié van die Britse magte in die Machadodorp omgewing wedywer om slagvee en proviand aan te koop.[66]

Dit was ook nie altyd maklik om proviand na die kommando's te vervoer nie. Kort voor die Britte die dorp beset het, was daar nie voldoende waens om die proviand na die kommando's te neem nie. Dit het tot gevolg gehad dat daar 'n vertraging in die oorplasing van proviand was. 'n Voorbeeld hiervan is dat kort voor die Slag van Bergendal en die inname van Machadodorp kon die proviand-kommissaris nie voorrade na Nelspruit, Roossenekal, Spitskop en Pelgrimsrest stuur nie.[67]

Die proviand-kommissaris het nie net toegesien dat kos en voorrade aan die burgers in die veld voorsien word nie. Tydens die verblyf van die ZAR-regering op Machadodorp moes daar ook na die behoeftes van mense, wat van tyd tot tyd deur die dorp beweeg het, omgesien word. In Augustus 1900 was daar 'n aantal behoeftige burgers wat van Johannesburg gekom het en van klere voorsien moes word.[68]

Proviand was nie al wat in die magasyn geberg is nie. Daar is ook 'n voorraad implemente soos pikke en grawe gehou. Ongeveer twee weke voor die Slag van Bergendal het die kommandant-generaal versoek dat 100 pikke en grawe aan kommando's voorsien word.[69]

---

64 C.P. Jooste privaat versameling, faksimilie van Kaart Geluk 29, Mei 1899.

65 J. Ploeger, *Die lotgevalle van die Burgerlike bevolking*, p. 26.

66 Ibid., pp. 5, 6 en 8.

67 TAB, LA 731 (C) 3,Telegram, Krygskommissaris Machadodorp - Landdros Roossenekal, 23 Augustus 1900; LA 731 (C) 3, Telegram, Schutte - Landdros du Toit, Roossenekal, 23 Augustus 1900.

68 Ploeger *Die lotgevalle van die Burgerlike bevolking*, pp. 7 en 31.

69 TAB, LA 730 (F) 6, Telegram, Kommandant-generaal - Militêre kommissaris, 14 Augustus 1900.

Die voorsiening van proviand en ander goedere het nie altyd maklik en op ’n ordelike wyse geskied nie. Uit ’n brief wat die hoofkrygskommissaris op Machadodorp in Augustus 1900, toe Botha reeds besig was om die verdedigingslinie op te stel aan hom gerig het, blyk dit dat daar in daardie stadium ’n groot “menseverkeer” op Machadodorp was en dat dit nie altyd stigtelik gegaan het nie. Hy skryf:

> *Daar hier verschillende officieren komen en gaan van en naar Barberton en andere plaatsen om goederen te halen en te brengen voor hunne burgers spesiaal; en dit alles buiten om dit Departement geschiede, verwekt dit groote ontevredenheid onder de burgers en aan my zeer vele moeïlijkheden...*

Om verdere verwarring te verhoed, het hy voorgestel dat alle voorrade wat in die toekoms aangevra word aan sy kantoor op Machadodorp gerig moes word.[70]

Met die uitbreek van die oorlog het handelsake op Machadodorp goedere en dienste aan kommando’s gelewer. In November 1899 en in April 1900 het die Hotel de France slaapplek, etes aan burgers en swartes wat hulle as agterryers vergesel het, verskaf. Aan kommandant D.J. Schoeman en die Lydenburg-kommando is perdevoer voorsien. Die handelaars C. Snoeck en E. Kaufmann het algemene gebruiksartikels en voer aan kommando’s verskaf.[71]

Tydens die oorlog was Machadodorp ook ‘n belangrike passasierstasie. Burgers het hiervandaan na kommando’s in die groter streek, en selfs na die Vrystaat vertrek.[72] Lede van die Ierse korps het byvoorbeeld op 11 Augustus 1900 vanaf Machadodorp-stasie na die kommando’s waar hulle diens sou doen vertrek.[73]

70 TAB, LA 759, Hoofkrygskommissaris - Kommandant-generaal, 11 Augustus 1900.

71 TAB, KG. 389, CR. 8280/99, Proviand Kommissaris - Veldkornet Potgieter Machadodorp, aangeheg rekening gelewer deur Hotel de France, Behrens Bros., Prop. Machadodorp en Bewysstuk, 9 November 1899; KG 421, CR 3913/00, Behrens Bros verskaf kos aan D.J. Schoeman se kommando, Rekening, 3 April 1900 Bedrag is betaal. Bewys no. 8450, 6 April 1900; J.P. Coetzer Machadodorp - Kommandant-generaal Pretoria, 3 April 1900, Rekening gelewer deur C Snoeck, Bewysstuk, 9 November 1899; Rekening gelewer deur E Kaufmann en Co., 1 November 1899.

72 TAB, KG 379, CR 6929/99, Telegram, Kommandant-generaal - Kommandant Lydenburg, 21 September 1899.

73 TAB, LA 730 (E), Telegram, Inspekteur van Polisie - Kommissaris van polisie, 11 Augustus 1900.

Perde en slagvee is ook op Machadodorp gelaai om na ander plekke in die ZAR gestuur te word.[74]

Aan die begin van Augustus 1900, met die verslegtende toestande in die veld en die oprukkende Britse magte, het Machadodorp ’n besige passasierstasie geword. Die regering het klagtes ontvang dat daar ’n groot aantal burgers was wat sonder verlof en sonder die nodige reisdokumente op Machadodorp, Waterval-Boven en Waterval-Onder was. Daar is deur middel van ’n omsendbrief, gedateer 2 Augustus 1900, aan hierdie burgers opdrag gegee om die volgende dag na hulle kommando’s terug te keer. Indien hulle versuim om dit te doen, sou die polisie hulle arresteer.[75]

Daar kan dus tot die slotsom gekom word dat Machadodorp, as gevolg van sy ideale ligging aan die *Oosterlijn* en op padverbindings en as gerieflike halfwegrusplek tussen Pretoria en die Mosambiekgrens, goed geleë was om as verspreidingsdepot voor en tydens die oorlog gebruik te word. Ammunisie, proviand, slagvee en ryperde is vanaf Machadodorp na die verskeie kommando’s in die Transvaal en die Vrystaat gestuur. Burgers het ook vanaf die stasie na die verskillende gevegsfronte vertrek. Nadat Pretoria beset is, het Machadodorp se belangrikheid as versendingspos dus toegeneem. Goedere is op grootskaal daarheen gestuur en daarvandaan vervoer tot kort voor die Britte die dorp op 1 September 1900 beset het.

74 TAB, KG 379, CR 6929/99, Telegram, Kommandant Lydenburg - Kommandant-generaal Pretoria, 21 September 1899.

75 TAB, LA 729 (G), Telegram, Kommandant Pienaar - Hoof van die polisie, 1 Augustus 1900; Assistent Kommandant-generaal J.L. Meyer - Waarnemende kommandant-generaal, 1 Augustus 1900; Circulaire, Waarnemende kommandant-generaal - Kommissaris van Polisie, 2 Augustus 1900.

**Machadodorp as tydelike regeringsetel**

Gebeure teen die einde Mei 1900 in Johannesburg en Pretoria het direk verband gehou met die verloop van gebeure op Machadodorp tot aan die einde van Augustus 1900. Na die inname van dié twee stede het Machadodorp vir 'n tydperk van 84 dae die tydelik regerings- en administratiewe setel van die ZAR geword.

Veldmaarskalk lord Frederick Sleigh Roberts, die opperbevelhebber van die Britse magte in suider-Afrika, het op 27 Mei 1900 die Vaalrivier oorgesteek en op 28 Mei die Oranje-Vrystaat as Britse gebied geannekseer.[76] Op 30 Mei 1900 het die Britse troepe Johannesburg omsingel en die volgende dag het Roberts die stad beset.[77] Pretoria was binne bereik van die Britse magte. Op 4 Junie het die Britse opmars tot by Sesmylspruit gevorder en op 5 Junie 1900 het Roberts Pretoria beset.[78]

Op die laaste gesamentlike sitting van die ZAR-volksraad in Pretoria, van 7 tot 9 Mei 1900,[79] is besluit dat Pretoria nie verdedig sou word nie, aangesien dit net tot onnodige lewensverlies sou lei. Daar is besluit dat die president en die Transvaalse regering Pretoria moes verlaat. Hierdie besluite is formeel op 29 Mei 1900, tydens die sitting van die Uitvoerende Raad, bekragtig.[80] Toe die Britse aanslag op Johannesburg en Pretoria begin het, het enkele lede van die Uitvoerende Raad aanbeveel dat president S.J.P. Kruger die hoofstad moes verlaat en Machadodorp toe moes gaan.[81] 'n Groep, bestaande uit 50 burgers en 100 tot 150 swartes, is deur die Departement Publieke Werke vooruitgestuur om voorbereidings vir die verskuiwing van die regeringsetel na Machadodorp te tref. Die proviandkommissie is versoek om die proviandkommissaris op Lydenburg opdrag te gee om lewensmiddele aan te stuur. Proviand soos geblikte vleis, blikkieskos, meel, suiker en koffie is ook vooruit na die proviandmagasyn op Machadodorp versend. Die

---

76 T. Pakenham, *The Boer War*, p. 435.

77 Amery, *The Times History*, pp. 148 en 160.

78 TAB, L A 726 (E), Krygsnotule 5 Junie 1900; Amery, *The Times History*, p. 160; W.K. Hancock, *Smuts. the Sanguine Years 1870-1919*, p. 116.

79 B. Theron, *Pretoria at war 1899-1900*, p. 234.

80 Ferreira, "Paul Kruger in Mosambiek," p. 86.

81 TAB, LA 988, *Gedenkboek van den Oorlog in Zuid-Afrika. Met afbeeldingen en portretten, benevens kaart van Zuid Afrika*, pp. 312 en 313.

Lydenburgse proviandkommissaris het ook 150 sinkplate na Machadodorp gestuur.[82]

Teen die aand van 29 Mei 1900 het president Kruger, vergesel van getroue vriende, per rytuig van sy woning in Kerkstraat na die stasie Eerste Fabrieken vertrek. Hiervandaan het hy en die senior lede van die ZAR-regering, insluitende die staatsekretaris F.W. Reitz, per trein oor Middelburg, waar hulle oornag het, na Machadodorp gereis.[83] Die president is deur sy Belgiese lyfarts, dokter Guillaume Marie Albert Heymans, sy kleinseun Frederik Christoffel Eloff jnr, sy lyfwag Hermanus Christiaan Bredell en sy Nederlandse lyfbediende, A.H.J Happé vergesel. Hy het op 30 Mei 1900 op Machadodorp aangekom. [84]

Assistent-generaal S.W. Burger en die staatsprokureur, J.C. Smuts, het as die nie-amptelike regeringsverteenwoordigers in die hoofstad agtergebly.[85] Die militêre toestand in Pretoria het vinnig versleg en die Boere-kommando's het voor die aankomende Britse troepe uitgewyk. Toe dit blyk dat alle georganiseerde weerstand teen 'n Britse inval in die stad in duie gestort het, het die ZAR-krygsraad op I Junie 1900 vir die laaste keer, onder leiding van kommandant-generaal L. Botha en assistent-generaals, K. de la Rey, Tobias Smuts, H.R. Lemmer en B. Viljoen in Pretoria vergader.[86] Na oorlegpleging is daar finaal bevestig dat die hoofstad nie verdedig sou word nie en dat slegs afbrekende operasies uitgevoer sou word. Kruger het soos volg daarop gereageer:

> *Ben zeer verblijd over besluit krijgsraad en over houding deur u ingenomen. Wees aan elkander getrou tot den dood en de Heere zal uiteindelijk uitkomst geven, daar de vyand met zijn overmacht niets anders als een Bende beschoud kan worden. Al sijn hij met sijn groote macht Pretoria intrekken zal hij daarmee niet geheele land kunnen doortrekking en wanneer hy afdeelingen sijner troepen*

---

82 TAB, Argief van die Hoofd-comité van het Commissariaat (hierna HCC) 3, HC3365/00, Hoof van publieke werke - Hoof proviand kommissie, 26 Mei 1900.

83 Rompel, *Gedenkschriften van Paul Kruger,* pp. 194 en 195; C. de W. van Vreden, "Pretoria en die Tweede Vryheidsoorlog 11 Oktober 1899 - 5 Junie," ongepubliseerde M.A.-verhandeling Universiteit van Pretoria , 1955 p.99.

84 Ferreira, "Paul Kruger in Mosambiek," p. 87.

85 Kruger, *Die Krugermiljoene*, p. 26; Theron, *Pretoria at war*, p. 236.

86 Theron, *Pretoria at war*, p. 243.

> *uitzendt kunnen wij de aanvallen en afsnyden zoals thans in den Vrystaat geschiedt.*[87]

Die moontlikheid dat die oorlog beëindig moes word, is geopper. Op hierdie nuus het die ou president nie positief gereageer nie. Hy was geskok, maar het nietemin onderneem om aan president Steyn van die Vrystaat die voorstel oor te dra. Die volgende dag, tydens ’n algemene krygsraadvergadering, is die generaals van die ZAR ingelig dat Steyn nie vir die voorstel te vinde was nie. Hierna het die vergadering eenparig besluit om met die oorlog voort te gaan.[88]

Op 7 Junie 1900 is die proklamasie waarvolgens Machadodorp vanaf 5 Junie 1900 amptelik die tydelike regeringsetel van die ZAR geword het, gepublisser:

> *Nademaal de omstandigheden des lands het noodig maken, dat de Regeeringszetel tijdelik verplaatst worde, zoo is het, dat ik, Stephanus Johannes Paulus Kruger, Staatspresident der Zuid-Afrikaansche Republiek, met advies en consent van de Uitvoerende Raad, blijkens Art. 89 zijner notulen, dd. 6 Juni 1900 en uit kragt van de machtiging aan de regering verleend bij Eerste Volksraadbesluit, Art. 1416a, 28 September 1899, hiermede proclameer en vaststel,dat de regeeringzetel van den 5den Juni 1900 tot nader order gevestigd is geweest en zal zijn te Machadodorp, in de Zuid-Afrikaansche Republik.*
>
> *Aldus gegeven onder mijne hand en het Grootzegel van de Zuid-Afrikaansche Republiek, op heden den sezden Juni 1900, te Machadodorp, Zuid-Afrikaansche Republiek.*
>
> *God behoede Land en Volk.*[89]

President Kruger het vir ’n maand in ’n treinwa op Machadodorp vertoef. Die egpaar Snoeck het die president versoek om by hulle aan huis te kom bly, maar hy het die uitnodiging nie aanvaar nie. Hy wou in die treinwa bly, gereed om te vertrek indien.[90] Die salonwa was met ’n telegraaftoestel toegerus, wat die president in staatgestel het om voortdurend met offisiere in die veld in verbinding te wees. Hy

87 TAB, LA 744, Staatspresident, Machadodorp - Kommandant-generaal, Pretoria, 1 Junie 1900.

88 Kruger, *Die Krugermiljoene*, pp. 26 en 27.

89 TAB, ZAR 83(B), *Buitengewone Staatscourant der Zuid-Afrikaansche Republiek*, Deel XX, No 1121, Proclamatie, p. 5.

90 Anoniem *Machadodorp Poskoetsfees*, p. 10.

het talle telegramme, waarin hy die burgers in die veld bemoedig het, gestuur.[91] Sy etes, wat deur ‘n burger op ’n oop vuur voorberei is, het hy in die salonwa genuttig.[92]

Dit was nie net die kantoor van die president wat in ’n treinwa op Machadodorp gehuisves is nie. Al die regeringskantore is daarheen verskuif en in treinwaens en trokke op die stasie gehuisves (vgl. foto ).




FOTO 4: Regeringsetel gehuisves in treinwaens en trokke op Machadodorp
BRON: L. Creswicke, *South Africa and the Transvaal War*, p. 94.

Nadat die Britse troepe Johannesburg beset het, het dit noodsaaklik geword om toe te sien dat die geld, goudvoorraad en reserwe ammunisie wat nog in Pretoria was, nie in Britse hande moes val nie. Hierdie kommoditeite moes so gou moontlik na die tydelike regeringsetel verskuif word, want sonder die nodige geld, goudvoorraad en ammunisie, sou dit vir die Boeremagte onmoontlik gewees het om die stryd voort te sit. Soos reeds aangedui, het die nie-amptelike regerings-verteenwoordigers, Burger en Smuts, in Pretoria agtergebly. Kort nadat die amptelike ZAR-regering die stad verlaat het, het Burger vertrek om na die veiligheid

91 Rompel, *Gedenkschriften van Paul Kruger*, p. 203; Van Vreden, “Pretoria en die Tweede Vryheidsoorlog,” p. 100.

92 Kruger, *Die Krugermiljoene*, p. 33.

van sy familie om te sien.[93] Smuts moes dus alleen toesien dat die goud- en geldvoorraad na Machadodorp verskuif word. Dít was nie ’n maklike taak nie. Hy kon slegs in sy hoedanigheid as staatsprokureur optree en hy het nie ’n polisiemag tot sy beskikking gehad nie.[94] Hy het egter daarin geslaag om die goud- en geldvoorraad ter elfder ure uit die beleërde hoofstad te verwyder.

Na etlike dae se onderhandeling met die amptenare van die Nasionale Bank (die staatsbank van die ZAR) het Smuts daarin geslaag om die bankamptenare te oorreed om die ZAR se voorraad goud en muntgeld, waarvan die waarde tussen £400 000 en £500 000 sterling was, aan hom te oorhandig. Hy moes hulle egter eers met ’n lasbrief vir inhegtenisname dreig voordat hulle, die oggend van 4 Junie 1900, ingestem het om die geld aan hom te oorhandig. Hy het ook ’n verdere bedrag van £25 000, wat in ’n afsonderlike fonds was, in die hande gekry. ’n Spesiale polisiemag van vyftig lede is op die been gebring om die goud- en geldvoorraad in ontvangs te neem en uit die staatsmunt op Kerkplein te verwyder. Dié voorraad het uit staafgoud van wisselende gehalte, standaard muntgoud en verfynde goud in verskillende stadia van “aanmunting” bestaan. Daar was ongeveer 100 000 Krugerponde wat die 1900 datumstempel op gehad het, asook die sogenaamde “kaalponde” met of sonder riffels. Volgens die historikus D.W. Kruger, was die totale waarde van die goud £750 000.[95]

Vroegmiddag 4 Junie 1900 is die goud en geld op ’n trein wat uit ’n lokomotief, een passasierswa en 'n kondukteurswa bestaan het, gelaai. Iemand moes die verantwoordelikheid neem om dié kosbare vrag na Machadodorp te vergesel. Eduard Meyer, ’n jong rekenmeester van die munt, het sy dienste aangebied. Hy moes die inventaris onderteken en ’n afskrif vir die tesourier-generaal, wat reeds op Machadodorp was, saamneem. Smuts het ’n briewetas, wat Meyer persoonlik aan die president moes besorg, aan hom oorhandig. ’n Gewapende geleide het Meyer

93 Theron, *Pretoria at war*, p. 236.

94 Kruger, *Die Krugermiljoene*, p. 26; Theron, *Pretoria at war*, p. 237.

95 Kruger, *Die Krugermiljoene*, pp. 27-31; Theron, *Pretoria at war*, p. 235.

vergesel. Aan nuuskieriges op die stasies is gesê dat die kondukteurswa met ammunisie vir die regering op Machadodorp gelaai was.[96]

Om 02:00 die oggend van 5 Junie 1900 het die trein Machadodorp bereik. Die "goudtrein" is langs ander treinwaens wat die verskillende afdelings van die regering gehuisves het en treintrokke met proviand en ammunisie op 'n syspoor op die stasie getrek. Meyer het dadelik die polisie-sekretaris, H.C. Bredell, wat die goud in ontvangs moes neem, wakker gemaak. Bredell het oënskynlik niks geweet nie en Meyer moes tot later die oggend wag voordat hy die goud en geld kon oorhandig. Die goud- en geldvoorraad in die kondukteurswa is slegs met 'n gewone sleutel gesluit, tog was daar geen roofpoging nie.[97]

Kort na sonop het Meyer hom na die presidentswa gehaas, waar Bredell by hulle aangesluit het. Uit Kruger se vrae het geblyk dat hy die goud eerder verwag het en ook onder die indruk verkeer het dat die munt na Machadodorp verskuif sou word. Nadat Meyer verslag gedoen het, het Kruger instruksies gegee dat die goud en geld aan N.S. Malherbe, die tesourier-generaal, oorhandig moes word. Nadat die oorhandiging afgehandel is, is kantore vir Malherbe en J.S. Marais, die ouditeur-generaal, in twee groot trokke met wye skuifdeure ingerig. Hulle is deur Paul en Authur van der Lingen de Villiers bygestaan. Meyer het lid van die span geword wat die verantwoordelikheid van die beheer oor die goud- en geldvoorraad op Machadodorp moes aanvaar. Hy het Machadodorp op 17 Julie verlaat en weer by 'n kommando aangesluit. Volgens die historikus, D.W. Kruger, moet Meyer se bydrae in die uitvoering van die taak om die goud- en geldvoorraad veilig na Machadodorp te bring, nie gering geskat word nie.[98]

Die finansiële administrasie van die ZAR (geld- en goudsake) is feitlik in die openbaar op Machadodorp-stasie bedryf. Op 'n daaglikse basis het skuldeisers voor die deure van die trokke saamgedrom om eise vir goedere en dienste wat

96 Kruger, *Die Krugermiljoene*, p. 25.
97 Ibid., pp. 28-33.
98 Ibid., p. 35.

hulle aan die regering gelewer het, in te dien.[99] Die hantering van finansies het nie net die befondsing van die oorlog behels nie, maar daar is ook omgesien na die geldelike behoeftes van gewone burgers. Die staatsekretaris het byvoorbeeld in Julie 1900 aan die tesourier-generaal opdrag gegee om, volgens ’n Uitvoerende Raadsbesuit, veertig pond in gemunte geld beskibaar te stel sodat twee studente, Van Zijl en Haumann, hulle mediese studies (heel waarskynlik in die buiteland) kon voortsit.[100]

Die feit dat die geld- en goudvoorraad na Machadodorp verskuif is, het tot gevolg gehad dat gerugte onstaan dat daar volop goud in die omgewing was en dat dit in kiste verpak is en iewers in die Oos-Transvaalse bosveld begrawe is.[101] Hierdie gerugte het aanleiding gegee tot verskeie weergawes soos dié van die vroeë Afrikanerhistorikus, Gustav Preller, oor die vervoer en berging van die goud en die gerugte dat "Krugermiljoene" bestaan.[102] Tot vandag toe word daar nog bespiegel oor die bestaan van die sogenaamde “Krugermiljoene”. Daar word veral in fiksie[103] hierna verwys en fortuinsoekers probeer steeds om dié skat te vind.[104] Histories is daar egter geen bewys dat hierdie skat ooit bestaan het, of êrens begrawe lê nie.

Kort na Kruger se aankoms op Machadodorp het die Amerikaanse konsul in Lourenço Marques op aanvraag van die president hom op Machadodorp besoek. Die president  het hom gevra of hy (Kruger) die beskerming van die Amerikaanse konsulaat in Lourenço Marques sou kon geniet indien dit nodig sou word. Die Amerikaners het egter nie hulle weg oopgesien om aan Kruger asiel te verleen nie.[105]

---

99 Kruger, *Die Krugermiljoene*, p. 35.

100 TAB, LA 729(B), Telegram, Staatsekretaris - Tesourier-generaal, 22 Julie 1900.

101 Kruger, *Die Krugermiljoene*, pp. 33-36.

102 D.W. Kruger verduidelik breedvoerig die ontstaan, omvang en onjuistheid van gerugte oor die sogenaamde Krugermiljoene. Kruger, *Die Krugermiljoene,* pp. 36-38.

103 J. C. Steyn, "Die wek van belangstelling in die Anglo-Boereoorlog deur die *Huisgenoot* onder J.H.M. Viljoen," http://academic.sun.ac.za/afrndl/tna/steyn99.html, 14 November 2006.

104 Persoonlike waarneming. Tydens my verblyf op die plaas Uitkomst in die Machadodorp-omgewing (1963 - 1979) het fortuinsoekers gereeld die plaas besoek en navraag gedoen of hulle op die plaas na die Krugermiljoene mag soek. Hulle het dit ook sonder toestemming gedoen. Op dié plaas is nooit 'n skat opgegrawe nie.

105 Ferreira, “Paul Kruger in Mosambiek,” pp. 88 en 89.

Vir president Kruger was die eerste dae van Junie 1900 van die donkerste in sy lewe. Ten spyte van ondersteunende en bemoedigende boodskappe wat hy van burgers soos ds. Louw, wat saam met burgers in die Heidelberg-omgewing was, ontvang het, was sy gemoedstoestand swaar.[106] Nie net was dit die begin van sy uiteindelike ballingskap nie, maar hy moes ook gereeld verneem dat van die burgers die stryd gewonne wou gee en die wapens wou neerlê. Die president moes steeds ten spyte van sy eie swaarmoedigheid sy burgers maan om nie die eed van neutraliteit af te lê nie. Dit het hy gedoen deur verskeie telegramme en *circulaire*-telegramme aan die krygsoffisiere te stuur.[107] Hy het hulle ook gemaan om nie sonder rede in die dorpe wat deur die Britse troepe beset is, agter te bly nie, maar om by hulle kommando's te gaan aansluit.[108] Gedurende hierdie somber tyd in die president se lewe het ds. A.P. Burger hom besoek en kerkdienste op Machadodorp waargeneem.[109] In die Van Riebeeckfees-gedenkskrif is mev. Snoeck se herinnering opgeteken van hoe die president geklee in 'n swart pak Sondagoggende na die sinkgeboutjie gestap het, om die erediens by te woon.[110]

Die Hoëveld se winterkoue het vir hom egter te erg geword om langer in die salonwa op Machadodorp-stasie te bly. Op 30 Junie 1900 het Kruger na Waterval-Onder vertrek en daar in 'n huis gaan bly. Die regeringskantoor, die staatsekretaris en die ander lede van die Uitvoerende Raad, het egter op Machadodorp agtergebly. Hulle het elke oggend per trein na Waterval-Onder gereis om die Uitvoerende Raadsitting by te woon.[111]

---

106 TAB, LA 727(C), Telegram, Ds. Louw, Heidelberg - Staatspresident, Machadodorp, 17 Junie 1900.

107 TAB, ZAR 83 (B), *Buitengewone Staatscourant der Zuid-Afrikaansche Republiek*, (Machadodorp 7 - Nelspruit 5 September 1900) (Deel XX, No. 1121-1147) Benevens de ambtelijke oorlogsberichten, telegrammen, circulaire-telegrammen, gouvernements-kennisgeving, proclamatiën uitgevaardigd tusschen 9 Juni 1900 en 10 September 1900; Telegram, 5, pp. 12 en 14, ('n Lang en bemoedigende telegram met 'n aantal verwysings uit die Bybel), pp. 13, 16 en 17; Circulaire-telegram, 24 Julie 1900, pp. 41 en 42.

108 Ibid., 20 Junie 1900, p. 23.

109 A.J.V. Burger, *Worsteljare van ds A P Burger Veldprediker by die Republikeinse Magte tydens die Tweede Vryheidsoorlog*, p. 53.

110 Anoniem, *Machadodorp Poskoetsfees*, p. 11.

111 Ibid., p. 12.

Buiten die administratiewe en finansiële sake was ’n doeltreffende posdiens van groot belang vir die twee Boererepublieke. Gedurende die eerste agt maande van die oorlog het die posdiens van die ZAR normaal voortgegaan en is pos per trein, poskar, te perd en te voet by die verskillende poskantore en posagente afgelewer en afgehaal. Direk na die begin van die oorlog is die Natalse en Kaapse posroetes vir die skeepsposdiens na die buiteland egter opgeskort. Dit het tot gevolg gehad dat die belangrikheid van die buitelandse posdiens via Delagoabaai toegeneem het. Toe die Britse troepe uit Natal deur die Vrystaat en uit die Noord-Kaap gedurende Mei en Junie die grense van die ZAR bereik en oorgesteek het en Johannesburg en Pretoria beset is, moes die posroetes, posagentskappe en poskantore, soos die opmars gevorder het, gesluit word. Na die inname van die hoofstad in Junie 1900 kon Pretoria nie langer as die ZAR se hoofpossetel funksioneer nie. Die posmeester-generaal, Isaac van Alphen, en senior posbeamptes is ook na Machadodorp oorgeplaas. Machadodorp het die nuwe possorteersentrum van die ZAR geword.[112]

’n Gereelde posdiens is langs verskeie posroetes ingestel. Die halfweeklikse posdiens tussen Machadodorp en Volksrust se roete is, nadat laasgenoemde dorp in Junie 1900 in die hande van die Britte geval het, tot by Amersfoort verkort. Hierdie posroete het oor Bonnefoi, Carolina, Chrissiesmeer, Ermelo en Beginderlijn en Amersfoort geloop. Soos Buller se opmars in suidoos-Transvaal gevorder het, is hierdie posroete aangepas. Vanaf Machadodorp was daar ook ’n posroete via Lydenburg na Leydsdorp en Pelgrimsrus tot by Pietersburg. Die oostelike Hoëveldse posroete het Machadodorp met Martinus Wesselstroom verbind.[113] Die belangrike Machdodorp-Lourenço Marques-posdiens het onverpoos voortgegaan totdat die regeringsetel na die Slag van Bergendal ontruim is. Die inname van Machadodorp op 28 Augustus 1900 het die ZAR se posdiens in ’n groot mate ontwrig.

112 G.H. Jonkers en J. Groenewald, *Machadodorp-briefkaarte van die Anglo-Boereoorlog*, p. 23.

113 Ibid., p. 23.

Die beskikbaarheid van ’n drukpers was vir die voortbestaan van die “ZAR-regering te velde” van die grootste belang omdat daar op 'n gereelde basis kommunikasie tussen die regering en die kommando’s moes wees. Toe dit duidelik word dat Pretoria deur die Britse troepe beset gaan word, is ’n klein eenheid van die staatsdrukkery van die ZAR bestaande uit ’n drukpers, drukkersmateriaal en papier, in 'n kaboes (’n kort treinwa) gelaai en agter een van die treine, wat na Machadodorp vertrek het, gehaak. Vier lede van die Staatsdrukkery het hierdie “staatsdrukkery te veld” of “rollende drukkery,” soos een van die personeellede daarna verwys het, beman.[114]

Kort na die drukpers op Machadodorp-stasie aangekom het, is die *Buitengewone Staatscourant* met die datum 7 Junie 1900 gedruk. Hierdie spesifieke publikasie het slegs een item, die proklamasie dat Machadodorp die nuwe regeringsetel is, bevat. Dit is op een vel papier ongeveer 200 mm wyd en 355 mm diep gedruk.[115]

Die drukpers op Machadodorp is gebruik om amptelike publikasies te druk om sodoende ’n aaneenlopende kommunikasiekanaal tussen die president, die ZAR-regering, krygsoffisiere, burgers op kommando, landdroste en die breë publiek te bewerkstellig. Die *Buitengewone Staatscourant* is op 'n daaglikse basis vanaf 7 Junie tot 27 Augustus 1900 op Machadodorp gedruk. Regeringsbesluite en oorlogberigte is tot voor die Slag van Bergendal op Machadodorp ontvang en gedruk.[116]

Proklamasies, soos byvoorbeeld dat die burgers in die veld nie gehoor moes gee aan Roberts se oproep om die wapen neer te lê nie[117] en die eed van neutraliteit wat die burgers kon aflê tesame met die waarskuwing om dit nie te doen nie, is gepubliseer.[118] Teen die middel Julie 1900 is ’n proklamasie uitgevaardig waarin die ZAR-regering onderneem het om kompensasie aan die burgers wat tot die

114 Ibid., p. 10.

115 Ibid., p. 14.

116 AB, ZAR 83 B, *Buitengewone Staatscourant der Zuid-Afrikaansche Republiek*, Oorlogsbericht, 26 Augustus 1900, p. 64.

117 Ibid., Proclamatie, 9 Junie 1900, p. 6.

118 Ibid., Gouvernements-kennisgewing, pp. 17 en 18.

einde getrou aan die ZAR bly, te betaal.[119] Verder is amptelike (*Gouvernements*) kennisgewings en proklamasies uitgevaardig om winkeliers en handelaars aan te sê om die *Gouvernementsnoten* as wettige betaling te aanvaar.[120] Daar is ook opdrag gegee dat alle perde, vee, proviand en voer so ver moontlik buite die bereik van die vyand gehou moes word en tot beskikking van die Boeremagte gestel moes word.[121] Pryse waarteen perde, slagvee, proviand en muile vir die staat aangekoop moes word, is bepaal en aan die aankopers deurgegee.[122] Soos reeds gemeld, was mielies teen die middel Julie 1900 skaars en F.W. Reitz, die staatsekretaris, het die besluit laat publiseer dat mielies as betaling van swartes, wat hutbelasting moes betaal, ontvang kon word.[123]




FOTO 5: Die drukpers op Machadodorp

BRON: TAB Fotoversameling. Foto nommer 31365

119 Ibid., Proclamatie, 14 Julie 1900, pp. 32 en 33.

120 Ibid., Gouvernements-kennisgeving, 14 Junie 1900, pp. 10 en 11; 28 Junie 1900, pp. 20 en 21.

121 Ibid., Gouverments-kennisgeving, volgens Uitvoerende Raadsbesluit, Artikel 94, 15 Junie 1900, p. 21; Gouvernements-kennisgeving, 20 Julie 1900, p. 39.

122 Ibid., Gouvernements-kennisgeving, 11 Julie 1900, p. 28; Gouvernements-kennisgeving, 13 Augustus 1900, p. 51.

123 Ibid., Circulaire aan naturellen-commissarissen, veldcornetten, assistent-veldcornetten en alle personen, die volgens wet gerechtigd zijn om belasting van naturellen te innen, 20 Julie 1900, p. 40.

Deur middel van die staatskoerant is reëlings vir die algemene landsbestuur getref. Proklamasies vir die reëling van hofsittings is in verskillende dorpe in die ZAR uitgevaardig.[124] Die aanstelling van spesifieke amptenare is bekend gemaak, so byvoorbeeld is in Augustus 1900 kennis gegee dat die residentvrederegter van Waterval-Boven se regte uitgebrei is om gelykstaande aan dié van ’n landdros te wees.[125] Uitvoerende Raadsbesluite is bekend gemaak[126] en al die wette wat op Machadodorp gemaak en uitgevaardig is, is hier gepubliseer.[127]

Gedurende die tyd wat die “staatsdrukkery te velde” op Machadodorp was, is daar ook items gedruk wat nie direk met die sentrale regering te doen gehad het nie. Gedurende Julie 1900 het die residentvrederegter van Belfast die drukkery gevra om verskillende kantoorvorms te druk. 'n Item wat van posgeskiedkundige belang is, is die sensorplakkers wat op Machadodorp gedruk is. Hierdie plakkers is gebruik om oopgemaakte briewe te herseël. Volgens die Suid-Afrikaanse filatelis, Joh Groenewald, is hierdie die seldsaamste van alle sensorplakkers wat tydens die oorlog gebruik is.[128]

Gewone briefkaarte en die “briefkaart te velde” is op Machadodorp gedruk omdat met die ontruiming van Pretoria is geen poskaarte na Machadodorp oorgeplaas nie. Daar het toe, op Machadodorp, ’n behoefte aan die “1 pennie-poskaarte” vir buitelandse gebruik ontstaan. Die seëluitdeler op Barberton, H. Henning, het voorgestel dat “*enkele duisend* (*sê 5 000*)” briefkaarte gedruk moes word.[129]

124 Ibid., Spesiale hof te Barberton, Proclamatie, 14 Junie, 1900, p. 11; Spesiale hofsitting te Ermelo, Proclamatie, 19 Junie 1900, p. 22; Proclamatie, spesiale hofsitting te Pietersburg; Proclamatie, 7 Julie 1900, p. 26; Spesiale hofsitting te Middelburg, Proclamatie, 11 Julie 1900, p. 29; Proclamatie, spesiale hofsittings te Utrecht en Vryheid, 16 Julie 1900, p. 34; Spesiale hofsitting Waterval-Boven, 20 Julie 1900, pp. 38 en 39; Spesiale hofsitting te Barberton, Proclamatie, 9 Augustus 1900, p. 48; Spesiale hofsitting Waterval-Boven, Proclamatie, 16 Augustus 1900, p. 53; Spesiale hofsitting Machadodorp, Proclamatie, 20 Augustus 1900, p. 56.

125 Ibid., Proclamatie, 13 Augustus 1900, p. 51.

126 Ibid., 12 Julie, Uitvoerende Raadsbesluit Art. 113, dd 11 Juli 1900, pp. 30 en 31; Uitvoerende Raadsbesluit Art. 98, dd 22 Juli 1900, pp. 31 en 32; 16 Julie 1900, Uitvoerende Raadsbesluit Art. 117, dd 16 Juli 1900, pp. 36 en 37.

127 Ibid., Wet No 2, 1900, 25 Junie 1900, pp. 48 en 49; Wet No 3, 1900, 26 Julie 1900, p. 43; Wet No 4, 1900, 27 Augustus 1900, pp. 65 en 66.

128 Jonkers en Groenewald, *Die Machadodorp-briefkaarte van die Anglo-Boereoorlog,* p. 15.

129 Aangehaal deur Jonkers en Groenewald, Brief, H Henning Barberton - Posmeester-generaal (Isaac Alphen) Nelspruit, 18 Julie 1900, Groenewald, *Die Machadodorp-briefkaarte van die Anglo-Boereoorlog*, p. 27.

Volgens A. Leys, een van die drukkers van die “staatsdrukkery te velde,” is die karton vir hierdie briefkaarte waarskynlik van die *Barberton Goldfields News* in Barberton gekonfiskeer. [130] Die dikte van die karton wat gebruik is, het gewissel van 0.31 mm tot 0.54 mm. Verskillende kleure papier is gebruik en enkele kaarte met ’n tint van bleekbruin is ook gedruk, maar die algemene kleur was ’n gebroke roomwit. Die letterwerk op hierdie briefkaarte was in Garamond Romein, een van die standaard boekletters van die staatsdrukkery. Naas die Nederlandse teks, is Frans vir die buitelandse briefkaarte gebruik.[131]


Daar is verskillende briefkaarte op Machadodorp gedruk. Leyds het van die staatsekretaris, F.W. Reitz, toestemming gekry om op die keersy van die briefkaart ’n miniatuur van die eerste staatskoerant af te druk. Hierdie briefkaart is deur die “rollende drukkery” op Machadodorp geproduseer. Verskillende "modelle” van hierdie briefkaarte is gedruk. (Daar gaan slegs op twee gelet word.) Die een proklamasiebriefkaart is gedruk met ’n 1d-frankering vir buitelandse gebruik en ’n ander een met ’n ½ d-frankering vir binnelandse gebruik. In Groenewald se dokument verwys hy na ’n aantal “waarskynlik eg” gebruikte plaaslike proklamasiekaarte en “bewese eg” gebruikte proklamasieposkaarte in die buiteland.”[132] (Vergelyk afdrukke).

---

130 Jonkers en Groenewald, *Die Machadodorp-briefkaarte van die Anglo-Boereoorlog*, p. 17.

131 Ibid., pp. 26 en 27.

132 ’n Voorbeeld van ’n eg gebruikte plaaslike proklamasiekaart is die Kloppers-kaart wat gerig is aan *Den Heer A. Kloppers, Wat. Boven Transvaal.* ’n Voorbeeld van ‘n bewese eg gebruikte proklamasieposkaart is die Plowright-kaart, wat gerig is aan *Dr Plowright, Kings Lynnengland*. proklamasieposkaart. Jonker en Groenewald, *Die Machadodorp-briefkaarte van die Anglo-Boereoorlog*, pp. 20 en 21.



STAATS-COURANT
ZUID-AFRIKAANSCHE REPUBLIEK.

DEEL XX. MACHADODORP, Z.A.R., 7 JUNI 1900. No. 1121.

PROCLAMATIE.

NADEMAAL de omstandigheden des Lands het noodig maken, dat de Regeeringszetel tijdelijk verplaatst worde, zoo is het, dat ik, STEPHANUS JOHANNES PAULUS KRUGER, Staatspresident der Zuid-Afrikaansche Republiek, met advies en consent van den Uitvoerenden Raad, blijkens art. 89 zijner notulen, dd. 6 Juni 1900 en uit kracht van de machtiging aan de Regeering verleend bij Eerste Volksraadsbesluit, art. 1416a, dd. 28 September 1899, hiermede proclameer en vaststel,

dat de Regeeringszetel van af den 5den Juni 1900 tot nader order gevestigd is geweest en zal zijn te Machadodorp, in de Zuid-Afrikaansche Republiek.

Aldus gegeven onder mijne hand en het Grootzegel van de Zuid-Afrikaansche Republiek, op heden den zesden Juni 1900, te Machadodorp, Zuid-Afrikaansche Republiek.

GOD BEHOEDE LAND EN VOLK.

S. J. P. KRUGER,
Staatspresident.
F. W. REITZ,
Staatssecretaris.

Staatsdrukkerij te velde, Machadodorp, Z.A.R.

54




AFDRUKKE: Voorbeelde van briefkaarte wat op Machadodorp gedruk is

BRON: Joh Groenewald

**Machadodorp en omgewing as gevegsterrein**

Machadodorp het eers tydens die laaste helfte van 1900 ’n gevegsterrein geword. Na die inname van Pretoria het van die Boeremagte ooswaarts langs die *Oosterlijn* teruggeval. Die bewaking en beveiliging van die spoorlyn was vir die Boere van groot belang aangesien dit hulle enigste kommunikasiekanaal met die buitewêreld was. Die Britse magte het die suidelike spoorlyne beset. Vanuit Pretoria het die Britte stelselmatig die Boere se ooswaartse bewegings langs die spoorlyn gevolg. Buller met sy Natalse veldleër het vanaf Volksrust na Machadodorp beweeg. Die laaste stellinggeveg van die oorlog sou vanaf 21 tot 27 Augustus op die plaas Bergendal, tussen Machadodorp en Belfast, plaasvind.[133]

Nadat die Boeremagte Pretoria ontruim het, het hulle ooswaarts langs die *Oosterlijn* teruggeval en teen die begin Augustus het 'n groot Boeremag bestaande uit 5 000 burgers oor ’n afstand van ongeveer 80 kilometer op die rante van die Hoëveld saamgetrek.[134] Hierdie verdedigingslinie het vanaf Bothasberg, noordwes van Belfast, in ’n wye kring suidoos oor die plase Swartkoppies en Steynsplaas, oor Monumentheuwel en die Oosterslijn en verder suid oor die plase Bergendal, Waaikraal, Leeuwkloof en Frischgewaagd tot in die Komatiriviervallei geloop.[135] Volgens ’n krygsraadsbesluit wat vroeg in Augustus op ’n sitting te Machadodorp geneem is, “*moeste alle kragten worden ingespannen om den spoorweg uit vyands handen te houden.*”[136] Die hoofdoel van die verdedigingslinie was om die *Oosterlijn* en Machadodorp as regeringsetel ten alle koste te verdedig en die twee terugvalsroetes na Lydenburg en Barberton te beveilig.[137]

Die verskillende kommando’s waaruit die verdedigingslinie bestaan het, het elk ’n spesifieke taak gehad. Die kommando’s noord van die *Oosterlijn* moes die

---

133 Schultz, “Die Slag van Bergendal,” p. iv.

134 Amery, *The Times History*, Vol. III, p. 441.

135 Schultz, “Die Slag van Bergendal” pp. 23 en 25.

136 TAB, LA 765 Deel 11, Krygsraadbesluit, geen datum word gegee nie. In sy publikasie wat oor sy ervarings en herinneringe handel verwys F. Seiner ook na hierdie besluit. Hy vermeld egter nie wanneer hierdie besluit geneem is nie. Die notule van hierdie krygsraadvergadering kon nie opgespoor word nie. F. Seiner, *Ernste und heitere Erinnerungen eines deutschen Burenkämpfers*, p. 267.

137 Schultz, “Die Slag van Bergendal,” p. 21.

toegangsroete na Lydenburg bewaak en enige moontlike Britse aanslag op dié dorp afweer. Die kommando's nader aan die spoorlyn se taak was om die spoorlyn te verdedig, terwyl dié verder suid die toegangsroete na Machadodorp sowel as die ontsnappingsroete na Barberton moes beveilig. Die Boksburg-kommando het by Bothasberg stelling ingeneem en moes die Middelburg-Lydenburg toegangsroete bewaak. Die Lydenburg-kommando het die voetheuwels van die Steenkampsberg beset met die opdrag om die pad oor Dullstroom na Lydenburg te beskerm. Noordoos van Belfast het die Middelburg- en Johannesburg-kommando's stelling ingeneem om enige aanval vanuit die ooste langs die Belfast-Lydenburgpad af te weer. Net noord van die spoorlyn en links van die Johannesburg-kommando was die Krugersdorp-kommando. 'n Afdeling Duitsers onder aanvoering van veldkornet J. Schultz is naby Belfast-stasie geplaas om 'n Britse opmars langs die spoorlyn te stuit. Net noord van die spoorlyn het 'n afdeling Oostenrykers stelling ingeneem. Suid van die spoorlyn op 'n klipkoppie het die sewentig Johannesburgse *Zuid-Afrikaansche Rijdende Politi* (ZARPS) onder aanvoering van kommandante P.R. Oosthuizen en S. van Lier en luitenant W.P. Pohlman hulself ingegrawe. Net oos van die ZARPS het nog 'n Duitse afdeling onder kommandant Kriege stelling ingeneem. Die verdediging van die spoorlyn sou uiteindelik die uitsluitlike taak van die ZARPS word. Die Germiston-kommando het verder suid stelling ingeneem. Die Heidelberg-, Carolina- en Bethal-kommando's, ongeveer 800 burgers onder aanvoering van generaal Tobias Smuts, moes die Carolina-Machadodorppad en die ontsnappingsroete na Barberton verdedig.[138] Die opstelling van die verdedigingslinie het tot gevolg gehad dat Botha se hoofmag, soos deur die Britse opperbevel veronderstel, naby en noord van die *Oosterlijn* saamgetrek was. Buller sou sy aanslag op die verdedigingslinie net suid van die spoorlyn toespits.

Reeds voor die sametrekking van troepe op die rante bokant Machadodorp het president M.T. Steyn van die Oranje Vrystaat aan generaal C.R. de Wet te kenne gegee dat hy 'n besoek aan president Kruger en die ZAR-regering op Machadodorp wou bring. Op 24 Augustus 1900 het Steyn de Wet se laer aan die

138 Ibid., pp. 23-26.

Krokodilrvier verlaat[139] en op 25 Augustus het hy en sy lyfwag, bestaande uit vyf-en-sewentig perderuiters, op Machadodorp aangekom. Kruger was toe reeds op Waterval-Boven en Steyn en sy gevolg het per trein daarheen gereis om met die ZAR-regering te beraadslaag.[140]

Toe dit blyk dat die Boere-republieke na die besetting van Pretoria in Junie 1900 nie gaan vrede sluit soos daar deur Brittanje gehoop is nie, het Roberts ’n poging aangewend om die Boeremagte, onder kommandant-generaal Botha, in ’n finale militêre offensief te verslaan. In sy verslag aan die imperiale regering in Londen, gedateer 10 Oktober 1900, verduidelik hy:

> “*As soon as the troops engaged in the pursuit of de Wet became available for operations elsewhere, I redistributed the field army with the object, first of advancing along the Delgoa Bay Railway...*”[141]

Hierdie besluit het tot gevolg gehad dat daar gedurende die laaste helfte van Augustus 1900 ongeveer 20 000 Britse troepe by Wonderfontein, op die rand van die oostelike Hoëveld saamgetrek was. Teen 18 Augustus 1900 het generaal French se ruitery Wonderfontein bereik; op 21 Augustus het luitenant-generaal sir R. Pole-Carew se 11de Divisie op Wonderfontein aangekom en op 24 Augustus het Roberts vanuit Pretoria na Wonderfontein vertrek.[142]

Na die besetting van Johannesburg en Pretoria was daar in Pretoria ’n aantal Boer-vroue wie se mans steeds aan die oorlog deelgeneem het. Op 4 Augustus 1900 het president Kruger van die kommandant-generaal berig gekry dat Roberts beweer dat die Britse owerheid nie bereid was om verder in die lewensbehoeftes van hierdie vroue en kinders te voorsien nie. Volgens Roberts was daar tussen 2 000 en 3 000 mense. Roberts het hulle per trein in die rigting van die Boeremagte gestuur. In ’n wedersydse ooreenkoms tussen die Britse- en Boerebevelvoerders is besluit dat die spoorlyn tot op Belfast, tydens die uitsending van die vroue en kinders, staties sou bly. Op 11 Augustus het die eerste groep op Belfast aangekom.

139 *The Times,* 24 Augustus 1900; C.R. de Wet, “Der Kampf zwischen Bur und Brite (Der dreijährige Krieg) Mit Illustrationen, Kartens und dem Bildnis des Verfassers,” http:/www.jaduland.de/afrika/south-africa/burenkrieg/kampf/text/19.html, 14 Oktober 2004.

140 Anoniem *Machadodorp Poskoetsfees*, p. 13.

141 TAB, Roberts Papers, 12 A, 1643, Field Marshal Roberts - Secretary of State of War, 10 Oktober 1900, p. 12.

142 Ibid.

Hierdie proses het tot 15 Augustus voortgeduur. Die volgende dag, 16 Augustus om 16:00 het die wapenstilstand verstryk.[143] Die vroue en kinders is per spoor na Machadodorp vervoer. Die wat familie in die Roossenekal, Lydenburg en nabygeleë plase gehad het, is toegelaat om daarheen te gaan, mits hulle so verkies het. Die res is Barberton toe geneem.[144]

Die Natalse veldleër onder aanvoering van Buller het die Natal-Transvaalgrens by Volksrust oorgesteek en noordwaarts na Machadodorp opgeruk. Op 2 Junie 1900 is Standerton verower en daarna is die een na die ander Oos-Transvaalse dorpe beset. Op 7 Augustus 1900 is Amersfoort beset. Majoor-generaal graaf Dundonald het Ermelo op 11 Augustus 1900 beset en die volgende dag het Buller se veldleër die dorp binne gemasjeer en volgens Engelse koerantberigte het van generaal French se ruitery dieselfde dag Carolina bereik.[145] Op 14 Augustus 1900 het ’n berede afdeling Carolina verower, terwyl ’n ander afdeling van Buller se mag met die voorhoede van generaal French se mag kontak gemaak het.[146] Op 15 Augustus bevind die Natalse veldleër van 11 000 man[147] hulle op die plaas Twyfelaar naby Carolina en ongeveer 36 kilometer suid van die Wonderfonteinstasie.[148] Buller is toe aangesê om sy opmars na Machadodorp te staak, sodat die ander Britse magte en Roberts die gevegsfront kon bereik.[149] Buller was egter geheel en al ongeneë met hierdie vertraging en in 'n brief aan sy vrou lug hy sy mening oor die verbroude kans om die ZAR-regering gevange te neem:

143 Schultz, “Die Slag van Bergendal,” pp. 31 en 32.

144 TAB, LA 730(E), Telegram, Kommandant-generaal Belfast - Staatspresident Waterval-Onder, 11 Augustus 1900.

145 TAB, British Blue Books (hierna BB) 7, General Officer Commanding Natal Field Army to the Secretary of State of War (Through the Field-Marshal Commanding-in-Chief South Africa.) Standerton, Transvaal, 27 July 1900. *The Times*, 13 August 1900; *The Times*, 14 August 1900.

146 E.B. Knox, *Buller’s campaign with the Natal Field Force*, p. 283.

147 Breytenbach, *Die Geskiedenis van die Tweede Vryheids oorlog*, Deel VI, p. 317.

148 TAB, BB 7, General Commanding the Natal Field Army to Field-Marshal Commanding-in-Chief of Forces in South Africa, Pretoria. Head-quarters, Natal Army, Twyfelaar Camp, Transvaal, 20 August 1900; TAB, Roberts Papers, 12 A, 1643, Field Marshal Roberts - Secretary of State of War, 10 Oktober 1900, p. 12; *The Times*, 17 August 1900.

149 Knox, *Buller’s campaign*, pp. 282-283. Volgens ’n berig wat op 18 Augustus 1900 in *The Times* verskyn het, het Buller ’n paar dae op Twyfwlaar vertoef ..”*in order to replenish his supplies*.” *The Times*, 18 August 1900.

> *...a pity as during this week Kruger with us so near will certainly move back from Machadodorp, while if I had forced right forward from Carolina for Machadodorp I should have caught some of his staff, and I was strong enough to do so... It is an unfortunate delay, at an unfortunate moment.*[150]

Toe Buller se veldleër op die plaas Twyfelaar aangekom het, was generaal French reeds sedert 27 Julie 1900 in beheer van Middelburg[151] en sy ruitery het tussen Wonderfontein en Twyfelaar geopereer. Buller se Natalse veldleër kon egter eers op 21 Augustus sy opmars hervat en het na Van Wyksvlei verskuif.[152] Op 23 Augustus bevind albei aanvoerders hulle op die plaas Geluk. Op 24 Augustus het Pole-Carew se 11de divisie Belfast beset.[153] Die omsingeling deur die Britse magte is soos volg in *Gedenkboek van den oorlog in Zuid-Afrika* beskryf:

> *Aldus werd de ijzeren ring, die de republikeinsche machten in den omtrek van Machadodorp, waar President Kruger met de regeering toefde, omgorde, aan de westelijke en suidelijke sijde volkomen dichtgesmeed, terwijl in den noorden het Boschveld en het Oosten de Portugeesche grens een onoverkomelijken scheidsmuur vormden.*[154]

Baie vroeg, die oggend van 25 Augustus 1900, het Roberts op Belfast aangekom en beheer van al die Britse magte oorgeneem. Hy het onmiddellik 'n krygsraad tussen hom, Buller, French en Pole-Carew belê om strategie vir die komende slag te beplan.[155] Aanvanklik wou Roberts gehad het dat Buller ooswaarts in die rigting van die Machadodorp-Carolinapad moes opruk. Buller was egter nie hiervoor te vinde nie en in 'n telegram aan Roberts verduidelik hy waarom hierdie offensief nie uitgevoer kon word nie:

> *I shall first get into boggy country which will delay my advance much, and shall then have to cross Leeuwspruit by a single drift. By keeping northward to Waaikraal I turn to Leeuwspruit and get a passable route.*[156]

---

150 TAB, BB 7, Buller - Wife 18 August 1900, Buller (Crediton) S J 14 -25 August 1900.

151 TAB, BB 8, No 8 C D 457, Field Marshal Lord Roberts - Secretary of State of War 10 October 1900.

152 *The Times*, 23 August 1900.

153 TAB, Roberts Papers, 12 A, 1643, Field Marshal Roberts - Secretary of State of War, 10 Oktober 1900, p. 12.

154 L.A. 988, Publikasies. *Gedenkboek van den Oorlog in Zuid-Afrika*, p. 323.

155 *The Times*, 28 Augustus 1900; Amery, *The Times History*, Vol. III, p. 393.

156 Aanhaling, Schultz, "Slag van Bergendal," p. 85.

Die aanvanklike plan is laat vaar en Buller sou direk na Machadodorp opruk terwyl French en Pole-Carew hulle op die regter flank van die Boeremagte, noord van die *Oosterlijn* sou toespits. Die gekombineerde Britse troepe se aanvalslinie het oor ’n gebied van ongeveer 20 kilometer gestrek.[157]

Buller se opmars sou direk oor die klipkoppie, net suidwes van Dalmanuthastasie, waar die ZARPS geposisioneer was, uitgevoer word. Alhoewel die ZARPS omtrent 1 000 burgers aan weerskante van hulle gehad het, was hulle nie met enige ander kommando deur middel van loopgrawe verbind nie.[158] Hierdie isolasie en die feit dat daar 'n algemene tekort aan ammunisie was, sou hulle op die dag van die hoofgeveg duur te staan kom. Die tekort aan ammunisie is vererger toe ’n ZASM-amptenaar op Dalmanutha-stasie 'n trok ammunisie wat vir die ZARPS bestem was na Machadodorp laat terugkeer het.[159]

Op 26 Augustus het French se ruitery die plaas Geluk verlaat en teen die aand die plaas Lakenvlei bereik. Pole-Carew se 11de divisie het die Lydenburgpad beset. Dieselfde dag het Buller die plase Vogelstruispoort en Waaikraal beset en wou ’n aanval oor die plaas Waaikraal loods. Kaptein F. W. Chetwode van die 19th Hussards het egter inligting ingewin wat Buller van plan laat verander het en die aanval is toe in ’n noordelike rigting oor die plaas Bergendal gestuur. In sy verslag aan Roberts verduidelik Buller:

> *During the day, I became convinced that Bergendal Farm, a very strong position at the junction of the ridge, we were on, that which runs from West to East from Belfast to Dalmanutha was, the key of the Boer position, and that if we could gain that ridge we would pierce the centre of the enemy’s defence and probably get in rear of the defence on both his flanks with but little difficulty. I therefore concentrated the whole force at Vogelstruispoort with a view of attacking Bergendal the following day.*[160]

157 Amery, *The Times History*, Vol. III, p. 441.

158 B Farwell, *The Great Boer War*, p. 308.

159 P.G. Cloete, *The Anglo-Boer War: a chronology*, p. 183.

160 TAB, BB 6, Field Marshal - War office, 28 August 1900, pp. 184 en 85.

Op 26 Augustus 1900 bevind presidente Kruger en Steyn en ander lede van die Boereregerings hulle op Waterval-Onder.[161] Kommandant-generaal Botha het hulle deur middel van telegramme vanaf die gevegsfront op hoogte van sake gehou.[162] Hoewel daar op 26 Augustus 1900 verskeie skermutselings plaasgevind het, was daar geen formele oorlogsvoering nie. Die skermutselings het egter bygedra dat die tekort aan ammunisie by die Boeremagte vererger het. Burgers het ook teen die einde van die dag begin om hulle posisies in die verdedigingslinie te ontruim.[163]

Die hoofgeveg het op 27 Augustus 1900 plaasgevind toe die sewentig ZARPS die volle aanslag van generaal Buller se Natalse veldleër moes trotseer. Dit was een van die felste veldslae van die hele oorlog. L.S. Amery, die redakteur van *The Times History of the War in South Africa 1899-1902*, was van mening dat geen ander slag sedert Vaalkrans en Peter's Hill so fel was nie en het die slag soos volg beskryf:

> *..[it was] swept by hail of shrapnel, while the rocks were torn and rent by the explosion of the lyddite shells. Smoke and sulphurous gases and rocks shooting up into the air made the place look like a Vesuvius eruption*.[164]

Die oggend van 27 Augustus het Buller se Natalse veldleër stelling ingeneem. Teen 11:00 het die drie uur lange bombardement van die klipkoppie begin. Dit is opgevolg deur 'n infanterie-aanval wat deur die Rifle Brigade en die Inneskilling Fusiliers gelood is. Roberts en Buller het deur hulle verkykers die slag van 'n afstand dopgehou. In die amptelike verslag beskryf Buller die finale fase van die geveg soos volg:

> *The enemy stood their ground with great gallantry, and only left their positions when the Rifles were among them and the Inniskilling Fusilliers on their flank, between 20 and 30 of them keeping up the fire until actually made prisoners.*[165]

---

161 J Picard, *Op kommando met Steyn en De Wet: oorlogsherinneringe van lt. kol. F.F. Pienaar*, p. 133.

162 TAB, L.A. 731(D) Telegram no 67, Adj. Roos - Sersant Koen, Telegram no 31, Wachtmeester - Magasynmeester Machadodorp, Telegram no 12, Militêre Kommissaris - Wagmeester van der Merwe, 26 Augustus 1900.

163 TAB, LA 731(D), Telegram no 72, Kommandant-generaal - Staatspresident, 26 Augustus 1900.

164 Amery, *The Times History*, Vol. IV. p. 452.

165 TAB, BB 7, From the General Commanding the Natal Army - the Field-Marshal Commanding-in-Chief the Forces in South Africa, Machadodorp. Headquarters, Natal Army, Spitzkop, Transvaal, 13 September 1900.

Luitenant Pohlman en negentien ZARPS het gesneuwel. Kommandant Oosthuizen is swaar gewond en is saam met agtien burgers gevange geneem. Die res van die ZARPS het ontsnap en hulle by die terugvallende kommando’s aangesluit. Nadat die klipkoppie verower is, het die infanterie, bygestaan deur majoor-generaal J.F. Brocklehurst se berede afdeling, ’n najag in die rigting van Dalmanuthastasie uitgevoer.[166]

Botha se verdedigingslinie is deurbreek. Op 28 Augustus 1900 het Buller Machadodorp beset. Die Boeremagte het die dorp vroeër ontruim en in 'n noordelike rigting getrek. Die regeringsamptenare van die ZAR het op 28 Augustus 1900 Machadodorp verlaat.[167] Kruger en die amptenare wat by hom was, het vanaf Waterval-Onder vertrek, eers tot by Alkmaar gereis en daarna die regeringsetel na Nelspruit verskuif. Kort hierna het president Kruger toestemming van die “regering ter velde” gekry om die land te verlaat en hy is Europa toe. Hy het nooit weer na sy vaderland terug gekeer nie. Hy het as banneling in Clarens Switserland gesterf.[168]

Onder leiding van Dundonald het ’n berede brigade ’n najag tot by Helvetia uitgevoer. Generaal French het Elandsfontein beset. Hiervandaan was Machadodorp sigbaar en daar was goeie seinkommunikasie tussen hom en Buller.[169] ’n Gedeelte van Buller se mag het op 30 Augustus tot naby Nooitgedacht, waar Britse troepe krygsgevange gehou is, gevorder. Generaal Ben Viljoen het hulle vrygelaat en hulle het by Buller se mag aangesluit.[170] Twintig van hierdie krygsgevangenes wat te siek was om te loop en is per trein na Lourenço Marques gestuur.[171] Op 31 Augustus het French en sy ruitery hulle weer op Machadodorp

166 Schultz, “Die Slag van Bergendal,” p. 182

167. TAB, LA 731(E), Telegram, *Geloof niet het zal morgen veilig wezen wagen naar Mac Dorp te laten komen. Wy vertrekken morgen van hier er werd vandag hard gevochten*, magasynmeester Machadodorp - Magasyn kaptein Lydenburg, 27 Augustus 1900.

168 A.M. Louw, *Die Groot Gryse*, p. 4.

169 *The Times,* 30 August 1900; Creswicke, *South Africa and the Transvaal War*, p. 96.

170 *The Times,* 4 September 1900.

171 *The Times,* 5 September 1900.

bevind waarna hulle, in opdrag van Roberts, via Carolina na Barberton opgeruk het.[172]

Die Britse hoëkommissaris in Suid-Afrika, sir A. Milner, het reeds op 6 Julie 1900 aan Roberts toestemming gegee om die ZAR as Britse gebied te annekseer. Roberts het hom egter laat weet dat hy dit sou doen wanneer Machadodorp beset is. Hy was seker dat dít vroeg in Augustus sou wees. Dit het egter 'n maand later, op 1 September 1900, gebeur. Die proklamasie is uitgevaardig.[173] Dit het bepaal dat die Transvaal deel van die Britse Ryk (*her Majesty's dominion*) sou wees.[174]

Die volgende dag, 2 September, het Roberts kommandant-generaal Botha ingelig dat vegtende burgers se families na kommando's gestuur sou word, ongeag of die burgers in staat sou wees om hulle te onderhou of nie.[175] Op 3 September 1900 het kennisgewings waarin Roberts die Transvaal burgers amptelik in kennis gestel het dat die Transvaal geannekseer is en voortaan as die Transvaal Colony sou bekendstaan sou staan, in Pretoria verskyn.[176]

Die Slag van Bergendal het nie 'n einde aan die oorlog gebring soos daar gehoop is nie.[177] Die Boeremagte het formeel tot guerilla-oorlogvoering oorgegaan. Die Britte het die "verskroeide aarde beleid" meedoënloos toegepas. Dié tweede fase van die oorlog sou nog byna twee jaar voortduur voordat die Vrede van Vereeniging teen die einde Mei 1902 gesluit is.[178]

---

172 TAB, Roberts Papers, 12 A, 1643, Field Marshal Roberts - Secretary of State of War, 10 Oktober 1900, p. 13; *The Times*, 31 August 1900; Amery, *The Times History*, Vol. III, p. 404.

173 S.B. Spies, *Methods of barbarism? Roberts and Kitchener and civilians in the Boer republics, January 1900 - May 1902*, pp. 61 en 135.


174 TAB, Roberts Papers, 12 A, 1643, Field Marshal Roberts - Secretary of State of War, 10 Oktober 1900.; Field Marshal Roberts Despatch 4 June - 10 October 1900; Creswicke, *South Africa and the Transvaal War*, p 97; Amery, *The Times history of the war in South Africa 1899-1902*, Vol. IV, p. 458.

175 Spies, *Methods of barbarism?*, p. 135.

176 *The Times*, 8 September 1900.

177 In 'n berig wat op 1 September 1900 in *The Times* verskyn het, berig die koerant se oorlogsverslaggewer in Lorenzo Marques; *"A prominent burger here informed me today that he considered the end of the war probable in a week or ten days*." Daar is egter ook verwag dat, al sou vrede volg, daar wel bittereinders soos de Wet sou wees wat die gewapende stryd sou wou voortsit.

178 A.C. Doyle, *The Great Boer War*, p. 545.




KAART 6: Slag van Bergendal 21 - 27 Augustus 1900

BRON: W.A. Pott, *The Bergendal Battle August 1900 and the history of 'Oak Alley farm Frischgewaagd*, p. 38.

**Britse besetting van Machadodorp tot die einde van die oorlog**

Nadat Machadodorp amptelik deur die Britse troepe beset en ingeneem is, het dit op 1 September 1900 die hoofkwartier van die Britse magte in die omgewing geword.[179] Die dorp het weereens ’n bergingsdepot vir voorrade geword. Hierdie depot het tot lank na vredesluiting in 1902 gefunksioneer.[180] Die troepe wat die dorp beset het, is in tente gehuisves.[181]

Roberts was tot 17 September 1900 op Machadodorp en het op 18 September sy hoofkwartier na Nelspruit verskuif.[182] Die laaste telegrafiese verslag wat vanaf Machadodorp na *The Times* gestuur is, was 15 September 1900 en die volgende berig is op 18 September 1900 vanaf Nelspruit gestuur.[183]

Nadat die Britse troepe Machadodorp beset het, het verskeie troepemagte in die onmiddellike en groter gebied opgetree. Deur middel van ’n knyptangmaneuver sou die Britte daarin slaag om die grense van die ZAR onder Britse beheer te bring en die ZAR se gebruik van die neutrale kommunikasiekanaal na die buiteland, Delagoabaai, te beëindig.[184] Op 2 September 1900 was Dundonald se berede mag by Nooitgedacht, generaal French se ruitery by Waterval-Onder en ’n gedeelte van Buller se veldleër het verkenningstogte in die Lydenburg-omgewing geloods om na Boerestellings te soek. Generaal Ian Hamilton was bedrywig tussen Belfast en Dullstroom en het op 5 September via Dullstroom in die rigting van Lydenburg beweeg om by Buller aan te sluit.[185] Majoor-generaal H.L. Smith-Dorrien was by Zwartkopjes waar ’n skermutseling met Boeremagte plaasgevind het. Lydenburg is op 6 September deur Dundonald en Brockelhurst beset en op 7 September het Buller en Hamilton by hulle aangesluit en die dorp is onder Britse gesag gebring.[186]

---

179 *The Times,* 13 September 1900.

180 Anoniem *Machadodorp Poskoetsfees,* p. 13.

181 J.D. Harris, “The other Vlakfontein. An action in the Anglo-Boer War, 3 July 1901," *Military History Journal*, Vol 9 No 6, http://rapidttp.com/milhist/vol1096jh.html, 18 Oktober 2004.

182 Amery, *The Times history of the war in South Africa*, Vol. IV, p. 481.

183 Verslag gedateer 15 September 1900, *The Times,* 18 September 1900; Verslag gedateer 19 September, Nelspruit, *The Times,* 21 September 1900.

184 Jonkers en Groenewald, *Die Machadodorp-briefkaarte van die Anglo-Boereoorlog*, p. 13.

185 *The Times*, 8 September 1900; *The Times*, 10 September 1900.

186 *The Times*, 10 September 1900.

Suid van die *Oosterlijn* is Kaapsche Hoop en Barberton op 13 September deur die Britte beset, Nelspruit op 15 September en op 24 September 1900 het die Britse magte Komatipoort ingeneem.[187] Buller het die laaste keer op 8 Oktober 1900 vanaf Lydenburg op Machadodorp aangekom. Hiervandaan het hy per trein na Pretoria vertrek. Hy is van sy bevel oor die Natalse veldleër onthef en het kort hierna na Brittanje teruggekeer.[188]

Machadodorp het tydens die oorlog ongeskonde gebly. Die twee buurdorpe, Carolina en Dullstroom en ander dorpe in die groter streek, soos Roossenekal, Ermelo en Amersfoort, is deur die Britte afgebrand.[189] Van die inwoners in die dorp en die groter streek het nogtans tydens die Britse besetting swaargekry. Op plase is huise gedurende die laaste fase van die oorlog verniel en van die boeregesinne is na konsentrasiekampe geneem.

Net voordat die Britse troepe Machadodorp beset het, het W. Snoeck , die winkeleienaar op Machadodorp, se vrou vir hom perd laat opsaal en vir hom padkos in sy saalsak gepak. Hy het na Lourenço Marques gery waarvandaan hy per boot na Nederland vertrek het. Sy het hom later daarheen gevolg. Hulle het na die oorlog na Machadodorp teruggekeer.[190] Hierdie optrede van Snoeck het heel waarskynlik verband gehou met die optrede van die Britse regering teenoor Hollanders in Pretoria na die besetting van die stad. Baie van hulle is gedeporteer en dié wat in die stad agtergebly het, het hulle bevoorregte posisie wat hulle tydens die Kruger-bewind gehad het, verloor.[191]

Vroeg in Oktober 1900 is opdrag aan generaal French gegee om Barberton aan brigadier-generaal T.E. Stephenson te oorhandig. Hy en sy ruitery het op 3 Oktober Barberton verlaat en op 8 Oktober bevind hy hom weer op Machadodorp.

---

187 Berig gedateer 26 September 1900, *The Times,* 27 September 1900; Creswicke, *South Africa and the Transvaal War*, Vol. VI, pp. 97 - 102; Jonkers en Groenewald, *Die Machadodorp-briefkaarte van die Anglo-Boereoorlog*, p. 13.

188 Berig gedateer 8 Oktober 1900, *The Times,* 15 October 1900; Berig gedateer 11 Oktober 1900, *The Times*, 16 October 1900.

189 Spies, *Methods of barbarism?*, p. 176.

190 Privaat korrespondensie, Eileen Snoeck (skoondogter) - Cecile Jooste, 24 Augustus 1987.

191 Theron, *Pretoria at war*, p. 139.

Hierna is hy opdrag gegee om met ’n leërafdeling bestaande uit 3 000 berede en 300 infanterie soldate, sestien kanonne en vier pom-poms na Heidelberg (Transvaal) te vertrek. Hulle het op 12 Oktober vanaf Machadodorp vertrek en op 23 Oktober in Heidelberg aangekom.[192]

Dit was vir die Britse magte baie belangrik om toe te sien dat die *Oosterlijn* nie weer in die hande van die Boeremagte val nie. Die Boeremagte, wat na die Slag van Bergendal in kleiner groepe verdeel het, het steeds in die omgewing van die spoorlyn opgetree en elke kans benut om die spoorlyn aan te val en dit te beskadig. Dit het tot gevolg gehad dat ’n redelik groot Britse mag die spoorlyn moes beveilig.

Nadat French Machadodorp verlaat het, het die plaaslike Boerekommando’s die gebied weer beset. Die Britse opperbevel het toe besluit dat daar teen die Boere-guerillas op die Hoëveld opgetree moes word. Majoor-generaal W. Kitchener, broer van H.H. Kitchener, moes die gebied tussen Machadodorp en Lydenburg beveilig en hy het daarin geslaag om tussen 25 Oktober en 8 November 1900 die Boere-kommando’s uit die Lydenburg-omgewing te verdryf.[193] Teen die aand van 1 November 1900 het generaal Smith-Dorrien en kolonel Spenser ’n aanval op Boerestelling by Van Wyksvlei (tussen Machadodorp en Belfast) geloods. Op 2 November het hulle met die kommando’s slaags geraak, maar moes terugval.[194]

Teen November 1900 was daar ’n aantal Britse garnisoene wat om Machadodorp bedrywig was en ’n lang verdedigingslinie is tussen Machadodorp en Lydenburg opgestel. Majoor Cotton[195] het bevel gevoer oor ’n garnisoen van 350 manskappe, wat uit lede van die Liverpool-kannoniers en infanteriesoldate onder aanvoering van majoor Wilkens gestaan het. Onder Cotton se bevel is Helvetia, ’n verdedigingstelling ongeveer 10km noord van Machadodorp beset. Hierdie stelling het oor die vier koppies, Kings Kopje, South Hill, Middle Hill en Gun Hill, gestrek. In

192 Amery, *The Times history of the war in South Africa*, Vol. V, pp. 47-49; Amery, *The Times history*, Vol. IV, p. 420.

193 Amery, *The Times history of the war in South Africa*, Vol. V, pp. 49 en 50.

194 Ibid., pp. 50 en 51.

195 Bron wat geraadpleeg is (Amery, L.S.) verstrek nie voorletters nie.

die verskansing op Gun Hill was reserwe proviand en ammunisie sowel as ’n 4.7 kanon.[196]

Generaal Ben Viljoen wat sedert die begin van November 1900, met die behulp van kommandant Chris Muller, verskeie kere die *Oosterlijn* sonder sukses aangeval het, het hom teen die einde van die maand in die Lydenburg-omgewing bevind.[197] Gedurende Desember 1900 beweeg hy en ’n aantal Boere-kommando’s ongestoord in die groter Machadodorp-omgewing. Hy het beplan om een van die Britse garnisoene aan te val. Gedurende die nag van 28 en 29 Desember 1900 het hy met ongeveer 580 burgers, gesteun deur die Boksburg-kommando en die Johannesburg-polisie onder aanvoering van Muller, ’n verrassingsaanval op die Britse stelling by Helvetia geloods.[198] Muller het opdrag gehad om die stelling vanuit ’n suidelike en oostelike rigting aan te val. Die Johannesburg-kommando, onder aanvoering van kommandant W. Viljoen en veldkornette Andries en Jack Pienaar, het in die rigting van Dullstroom beweeg en vandaar Helvetia uit ‘n westelike rigting aangeval. Myburgh sou Zwartkoppies aanval terwyl veldkornet Taute stelling tussen Helvetia en Machadodorp ingeneem het.[199]

Om 3:30 die oggend van 29 Desember, toe dit nog stikdonker was, is die aanval geloods en die kamp is aangeval terwyl die Britse soldate nog geslaap het. Een van die redes waarom die Boere-offensief geslaagd was, was omdat daar geen wag by Gun Hill was nie. In die geharwar wat ontstaan het, het elf Britse soldate gesneuwel en 29, insluitende majoor Cotton, is gewond en hulle het oorgegee. Aan Boerekant het drie burgers gesneuwel en vyf is gewond. Die Boere moes egter gou weer die stelling verlaat toe hulle berig ontvang het dat Britse versterkings op pad was. Die kamp is aan die brand gesteek, maar hulle moes die meeste van die buit, sowel as die ammunisiewa van die skeepskanon die *Lady Roberts* wat hulle gebuit het toe dít in ’n donga vasgeval het, agterlaat. Britse

196 Ibid., pp. 61 en 63.

197 Ibid.

198 Pakenham, *Die Boere-oorlog*, p. 414.

199 J.E.H. Grobler, *The war reporter the Anglo-Boer War through the eyes of the burghers*, p. 102.

troepe van Machadodorp het daarna weer Helvetia beset. W. Kitchener het sonder sukses die Boerekommando's agternagesit.[200]

Aangespoor deur Vijoen se sukses het kommandant-generaal Botha 'n aanval op die *Oosterlijn* beplan en daar is besluit dat verskeie Boerekommando's aanvalle op stasies tussen Pan en Machadodorp moes loods. Hierdie offensief sou oor 'n gebied van 70 kilometer strek. Die hoofaanval sou op Belfast-stasie toegespits word, waar die grootste Britse mag onder Smith-Dorrien was. Om middernag 7 Januarie 1901, het die Boeremagte onder Botha en Viljoen Pan-, Wonderfontein-, Belfast- Nooitgedacht-, Dalmanutha- en Machadodorpstasie, sowel die steengroef naby Belfast en Monumentkoppie, aangeval. Toe die offensief geloods is, was die hele gebied in dik mis gehul, 'n weerstoestand wat die kommando's tot hulle voordeel gebruik het. Dieselfde weerstoestand het teen dagbreek verhoed dat die aanslag met sukses afgehandel kon word en die Britte het beheer oor die spoorlyn behou.[201]

Die spoorlyn tussen Machadodorp en Pretoria was teen Maart 1901 steeds kwesbaar en is sowat twaalf keer sedert Januarie 1901 deur Boeremagte beskadig. Die Boere het onder andere daarin geslaag om op 12 April 1901 die spoorlyn naby Machadodorp op te blaas.[202] Gedurende hierdie tydperk het Viljoen steeds in die groter Lydenburg-omgewing opgetree. Sy hoofkwartier was op die plaas Windhoek in die Steenkampsbergwyk (die wyk waarbinne Machadodorp geval het.) Die ZAR-regering het hulle ook in die omgewing bevind en het 'n takkantoor op Roossenekal gehad. Die ZAR-regering het, tot frustrasie van die Britse magte, steeds daarin geslaag om uitvoerend te funksioneer deur papiergeld uit te gee en landdroste aan te stel.[203]

Op 29 November 1900 het generaal lord H.H. Kitchener die opperbevel van die Britse magte in suider-Afrika by Roberts oorgeneem. Hy het 'n strategie in die Oos-

---

200 Amery, *Times history of the war in South Africa*, Vol. V, p. 121.

201 Ibid., pp. 122-125.

202 Ibid., pp. 199, 200 en 208.

203 Ibid., p. 198.

Transvaal van stapel gestuur om die spoorlyn te beveilig en om Viljoen te laat vang. Later het hy die blokhuisstelsel ingestel[204] en gefortifiseerde stellings is tussen Machadodorp en Lydenburg langs die wapad opgerig.[205] Die hoofdoel van hierdie verdedigingslinies was om die Britse kommunikasielyne te beskerm en om die beweging van die kommando's te bemoeilik.[206]

Gedurende Mei 1901 was daar hernude militêre bedrywighede in die Machadodorp-omgewing. Britse troepe onder bevel van generaals Bullock en W. Kitchener het tussen Carolina, Ermelo en Chrissiesmeer opgetree. Op 17 Mei 1901 het luitenant-generaal sir Bindon Blood Carolina beset, luitenant-kolonel G.E. Benson het suidwaards vanaf Belfast na die Komativallei beweeg, terwyl kolonel C.W.H. Douglas vanuit Machadodorp via Uitkomst tussen die spoorlyn en die Komatirivier opgetree het. Die hoofdoel van hierdie optredes was om te verhoed dat die Boereguerillas noordwaarts of na die suide kon uitwyk. Op 10 Junie 1901 is die bergagtige omgewing om Machadodorp deur generaal Spenser, kolonelle C.W. Park, Benson en W. Douglas, vir Boerekommando's gefynkam. Tydens hierdie gekombineerde optrede het 17 burgers gesneuwel en is 48 krygsgevange geneem. Die Britte het op 107 gewere, 38 700 rondtes ammunisie, 266 vervoermiddels en 'n groot hoeveelheid proviand beslag gelê.[207]

Aan die begin van Julie 1901 bevind kolonel Benson hom op Machadodorp. Hy het oor die 18th and 19th Mounted Infantry, die Scottish Rifles onder majoor T.T. Macan, die Royal Scotts onder majoor F.D. Murray en die 1st Battalion, Argyll and Sutherland Highlanders onder luitenant-kolonel E.M. Urmston, bevel gevoer. Hy het ses swaargeskut kanonne en twee "pom-poms" tot sy beskikking gehad en die bystand van drie-en-twintig ingenieurs, mediese- en ondersteuningspersoneel. In daardie stadium was die Boeremagte onder aanvoering van generaal Ben Viljoen op die plaas Vlakfontein op Maréskop, in die Machadodorp-omgewing, ingegrawe.

---

204 Ibid., p. 396.

205 Ibid., p. 400 en kaart p. 412.

206 S.B. Spies, "Kitchener, Horatio Herbert," in W.J. de Kock en D.W. Kruger (red.), *Dictionary of South African biography*, Vol. II, p. 366.

207 Creswicke, *South Africa and the Transvaal War*, Vol. VI, pp. 71 en 72.

Om hierdie Boerestelling te ontset, het Benson ’n nagmars beplan. Vroegoggend op 3 Julie 1901 het sy opmars uit Machadodorp in die rigting van Vlakfontein en Elandskloof begin. Teen agtuur die oggend het hulle Witrand bereik. Dit was egter nie meer ’n verrassingsaanval nie en die skermutseling het eers teen die middag plaasgevind.[208]

Toe die kommando’s die Britse magte gewaar, het hulle in die rigting van Roodekranz oor Elandskloof na Dullstroom beweeg. Die Lydenburg- en Middelburg-kommando’s het die agterhoede gevorm. In die skermutseling wat gevolg het, het drie Britse soldate gesneuwel en ’n aantal is gewond, Die Britse magte het na Machadodorp teruggeval. Hoewel daar geen amptelike kaart oor hierdie veldslag bestaan nie verduidelik J.D. Harris, skrywer van 'n artikel, dat die slagveld nog geïdentifiseer kan word aan sigbare tekens wat op die grond nagelaat is en die grafte van onder-korporaal Wilkinson, manskappe Clay en Whiting. Hulle is later op Machadodorp herbegrawe.[209]

Volgens die Britse rekords is plase tussen Belfast en Machadodorp gedurende November 1900 afgebrand. Die redes vir dié Britse optrede is ook verstrek. A.J. en Jan van Wyk se plaas, Van Wijksvlei, is vernietig omdat die Britte vermoed het dat die geboue as barakke gebruik is. Vogelstruispoort se eienaar, J. Blouw, en ’n mede-burger is gevange geneem en die plaas is daarna afgebrand omdat daar vermoed is dat die plaas as ’n Boerevesting gebruik is. Op 16 November 1900 is die eienaar van Elandslaagte en 'n medeburger gevange geneem. Die plaas is uiteindelik aangeval en die twee woonhuise afgebrand omdat dit as hoofkwartier gebruik is. Agt eiendomme op Dullstroom is vernietig, omdat die dorp deur die Boeremagte as 'n vesting gebruik is.[210] Volgens die Suid-Afrikaanse historikus, S.B. Spies, het Smith-Dorrien twaalf plase in die Belfast-omgewing laat afbrand.[211]

208 Harris, “The other Vlakfontein An action in the Anglo-Boer War, 3 July 1901," *Military History Journal*, Vol 9, No 6, http://rapidttp.com/milhist/vol1096jh.html, 18 Oktober 2004.

209 Harris, “The other Vlakfontein An action in the Anglo-Boer War, 3 July 1901,"*Military History Journal*, Vol. 9, No 6, http://rapidttp.com/milhist/vol1096jh.html, 18 Oktober 2004; Creswicke, *South Africa and the Transvaal War*, Vol. VI, p. 73.

210 TAB, BB 7, CD 524, Buildings burnt, pp. 15 en 16.

211 Spies, *Methods of barbarism?*, p. 119.

Die Venter-familie van die plaas Elandshoek[212] was een van die families wat tydens die oorlog gevange geneem is en konsentrasiekamp toe gestuur is. Voordat hulle die plaas verlaat het, het Nelie Venter daarin geslaag om haar beste linne, breekgoed en ander kosbaarhede in ’n wakis te pak en in ’n bos te begrawe. Die familie het ook daarin geslaag om ’n geweer en ’n wa te versteek. Die gesin is per wa tot op Machadodorp geneem. Langs die pad is ander families opgelaai. Op Machadodorp-stasie is hulle saam met ander gesinne uit die omgewing, soos die Marés, in ’n treintrok gelaai en na die konsentrasiekamp op Middelburg geneem. Hier het hulle in tente gebly. Drie maande later is hulle per trein na die Wentworthkamp in Durban geneem, waar hulle tot aan die einde van die oorlog gebly het.[213]

**Slot**

Uit die voorgaande bespreking is dit duidelik dat die Anglo-Boereoorlog die ingrypendste gebeurtenis was wat gedurende die tydperk voor 1904 in die geskiedenis van Machadodorp en omgewing plaasgevind het.

As gevolg van die vasstelling van die landdrosdistrikgrense tussen Lydenburg en Carolina het die Machadodorp-burgers as lede van die Lydenburg- en Carolina-kommando aan die oorlog deelgeneem. Aan die begin van die oorlog het albei kommando’s die Swazilandse grens bewaak. Daarna is hulle na Natal waar hulle onder andere aan die beleg van Ladysmith deelgeneem het. Die twee kommando’s het in Natal agtergebly nadat ander kommando’s na die Vrystaat vertrek het. Nadat Buller se Natalse veldleër Ladysmith ontset het en met die opmars deur die Oos-Transvaal begin het, het die twee kommando’s voortdurend voor die Britse aanslag teruggeval. Hulle het gedurende Augustus 1900 deel uitgemaak van kommendant-generaal Botha se verdedigingslinie. Na die Slag van Bergendal op 27 Augustus 1900 het hulle soos ander kommando’s aan die guerillaoorlog deelgeneem.

212 Familie waarna in hoofstuk 2 verwys is.

213 Van Zyl, Venter, “S.A. Venter, *C.M.M. du Toit en hulle nageslag*, pp.17-19.

Met die uitbreek van die oorlog was Machadodorp 'n belangrike ammunisie- en proviandmagasyn. Hierdie belangrikheid het toegeneem nadat die Britte die hoofstad, Pretoria, beset het. Ammunisie en proviand is vanaf Machadodorp na verskeie kommando's gestuur tot kort voordat dit deur die Britte beset is.

Nadat die Uitvoerende Raad van die ZAR besluit het dat Pretoria nie verdedig gaan word nie, is die regeringstelsel tydelik na Machadodorp verskuif. Die verskillende afdelings van die regering is in treintrokke en treinwaens op die stasie gehuisves. President Kruger het aan die einde van Mei 1900 na Machadodorp vertrek en in 'n salonwa gebly. Dit het hom in staat gestel om voortdurend met die Boeremagte in verbinding te bly. Toe die winter egter te koud geword het, het hy die einde Junie na Waterval-Onder vertrek. Die regering het egter op Machadodorp gebly en die lede van die Uitvoerende Raad het daagliks per trein na Waterval-Onder gereis.

Na die Slag van Bergendal het die Boere Machadodorp ontruim. Generaal Buller het Machadodorp op 28 Augustus beset en op 1 September 1900 het lord Roberts 'n proklamasie in Machadodorp uitgevaardig waarvolgens die Transvaal tot Britse gebied geproklameer is. Na die Britse besetting van die dorp is verskeie militêre optredes vanuit Machadodorp in die groter gebied uitgevoer. Die Britte het Machadodorp ook as voorsieningsdepot gebruik. Die Britse troepe was in Machadodorp tot na die vredesluiting in 1902.

Hoewel die dorp ongeskonde gebly het, is plase in die groter omgewing tydens die verskroeide-aarde fase van die oorlog verwoes en die oorlog het 'n direkte invloed op die wel en wee van families soos die Venters en die Snoecks gehad.

# HOOFSTUK 7

## MACHADODORP WORD TOT DORP GEPROKLAMEER, 1904

Die proses om Machadodorp tot dorp te proklameer, is deur die Anglo-Boereoorlog onderbreek. Dit het tot gevolg gehad dat die proses in twee fases verdeel kan word. Kort nadat die *Oosterlijn* voltooi is, het die inwoners van die plaas Geluk 29 reeds aansoek gedoen dat 'n dorp op die plaas aangelê moes word. Toe die moontlikheid ontstaan dat Machadodorp die aansluitingspunt van die Ermelotakspoorlyn via Carolina sou word, het dorpsproklamasie dringender geword. Die aanlê van hierdie spoorlyn is ook as hoofrede aangevoer vir die oorplasing van die residentvrederegter van Waterval-Boven na Machadodorp.[1]

Toe die oorplasing gedoen moes word, het die ZAR-regering besef dat Machadodorp nog nie tot dorp geproklameer is nie. Dorpsproklamasie was 'n voorvereiste vir die oorplasing van die residentvrederegter aangesien dit sy jurisdiksie sou bepaal.[2] In die proses om die proklamasie deur te voer, het die vraag of Machadodorp onder Carolina-landdrosdistrik kon val weer ter sprake gekom. Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog het die ZAR-regering nog nie uitsluitsel oor Machadodorp se administratiewe status gegee nie. Die proses is onderbreek en Machadodorp is eers in 1904 tot dorp geproklameer en het eers in 1907 dorpsraad status gekry.

### Pogings tot en met 1899 om Machadodorp tot dorp te proklameer

Reeds met die aanlê van die *Oosterlijn* en met sprake dat die Ermelo-takspoorlyn oor Machadodorp sou loop, is daar in regeringskringe sowel as plaaslik, die mening uitgespreek dat Machadodorp tot dorp geproklameer moes word. Die vraag, of die standplaas van die resident-vrederegter vanaf Waterval-Boven[3] na Machadodorp verskuif moes word, het opgeduik. Die Uitvoerende

1 TAB, SS 6796, R14846/97, Minute, 17 Maart 1899.

2 TAB, SS 6796, R14846/97, Staatsekretaris - Landmeter-generaal, Minute, 30 Maart 1899.

3 Die landdros van Carolina het in 1898 gemeen dat dit noodsaaklik is dat 'n Residentvrederegter op Waterval-Boven aangestel moes word. TAB, SS 6796 deel 1, R8325/98 by R14846/94, Minute, landdros Carolina - Staatsekretaris, 27 Julie 1898, H.J. Otto, wat in daardie stadium residentvrederegter in Mapogsgronde was, is as Residentvrederegter in Waterval-Boven aangestel. SS 6796 deel 1, RBB 718/98 byR14846/94.

Raad van die ZAR het besluit om 'n kommissie, bestaande uit die kommandant en die landdros van Middelburg en J. de Clerq, aan te stel om te bepaal watter een van die twee plekke die geskikste sou wees vir die kantoor van die permanente residentvrederegter. Hulle moes ook die moontlikheid ondersoek of Machadodorp as *“geheel”* binne die Carolina-landdrosdistrik geplaas kon word. 'n Belangrike aspek wat hulle in gedagte moes hou, was dat die Ermelo-takspoorlyn uiteindelik op Machadodorp by die *Oosterlijn* sou aansluit. Laastens moes die kommissie, die landdroste en kommandante van die twee distrikte opdrag gee (*aanschrijven*) om met die ondersoek teenwoordig te wees.[4]

Soos reeds gemeld, was H.J. Otto, die residentvrederegter op Waterval-Boven,[5] oortuig dat Machadodorp en nié Waterval-Boven nie die permanente standplaas van die residentvrederegter moes wees. In sy aanbeveling aan die president het hy 'n vergelyking tussen Machadodorp en Waterval-Boven getref. Ter aanvang het hy na die geografiese ligging van die twee plekke verwys. Machadodorp wat in die gesonde Hoëveld geleë was se ligging was volgens hom baie beter as dié van Waterval-Boven, wat op 'n "afgrond" geleë was. Volgens hom het dit in Machadodorp se guns getel dat die Ermelo-takspoorlyn dáár by die hooflyn sou aansluit. Hy het ook 'n onderskeid tussen die inwoners van die twee plekke getref: Machadodorp se inwoners het hy as “*’n boeren bevolking*,” beskryf terwyl hy die inwoners van Waterval-Boven as “*behoren meeste allen aan de Spoortrein”* beskou het. Laastens het hy aangevoer dat daar nie veel van Waterval-Boven sou kom nie, daarteenoor sou Machadodorp *“...in verloop van tyd een voorname dorp sal worden.*”[6] Toe dit bekend geword het dat die ZAR-regering besluit het om die standplaas van die residentvrederegter na Machadodorp oor te plaas, het hy onmiddelik versoek dat sy kantoor daarheen verskuif moes word. Hy het die regering daarop gewys dat daar reeds met die aanlê van die Ermelo-takspoorlyn begin is en sy teenwoordigheid aldaar noodsaaklik was.[7]

---

4 TAB, SS 6796, BB918/99 en UVR. 326/98 by R14846/97, Griffier van die sekretaris van die Volksraad - Staatsekretaris, 22 Junie 1899.

5 TAB, SS 7758, Proklamasie, H.J. Otto is as vrederegter op Waterval-Boven aangestel, 5 April 1898.

6 TAB, SS 6796, R439498 by R14846/97, Brief H.J. Otto – Staatspresident, 31 Maart 1898.

7 TAB, SS 6796 deel 1, R584/99 by R14846/97, Brief H.J. Otto – Staatsekretaris, 20 April 1899.

Otto was nie die enigste persoon wat vir die pos, residentvrederegter op Machadodorp, aansoek gedoen het nie. Daar was ook twee ander aansoeke, naamlik dié van J.P.J. Potgieter, 'n nasaat van Cornelis Potgieter,[8] en W.P. Diepraam.[9] Toe Potgieter van die ander aansoeke bewus geword het, het hy dadelik beswaar gemaak teen hulle aansoeke en die regering daaraan herinner dat hy reeds vantevore, in 1894, vir dié spesifieke pos aansoek gedoen het. Hy het hom op N. Steenkamp, J.W. van Niekerk en assistent-generaal S.W. Burger, almal vooraanstaande burgers van die groter gebied wat hom persoonlik geken het, beroep.[10] Nie een van die drie kandidate is egter as residentvrederegter aangestel nie. Die Anglo-Boereoorlog het uitgebreek en die proklamasie sou eers na vredesluiting gedurende die Britse koloniale tydperk plaasvind.

Soos reeds in hoofstuk 4 vermeld, het die regering dit oorweeg om Machadodorp tot dorp te verklaar toe die *Oosterlijn* die Hoëveld bereik het.[11] Die inwoners van die Steenkampsberg-wyk het 'n memorie aan die ZAR-regering gestuur waarin hulle versoek het dat 'n dorp op die plaas Geluk 29 aangelê moes word. As motivering het hulle dit beklemtoon dat die stasie (Machadodorp) 'n goedere- sowel as 'n passasierstasie sou wees.[12] In 1894 het die Machadodorpers onder leiding van J. Janson jnr. en C. Potgieter aansoek gedoen dat Machadodorp tot dorp verklaar moes word.[13]

Die eienaars van die plaas Geluk en eienaars van standplase op Machadodorp het aan die staatslandmeter, H.W. von Quitzow, opdrag gegee om die dorpsgebied vir die uitlê van 'n dorp op te meet.[14] Von Quitzow het die opdrag uitgevoer en 'n dorpsplan is in 1899 opgetrek.[15] Hierna het die *Maatschappij voor Exploitatie van Grond en Grondrechten in Zuid Afrika* (hierna *Maatschappij voor Exploitatie van Grond en Grondrechten*) die meeste van die erwe gekoop.

---

8 TAB, SS 6796, R4037/98 by R14846/97, Brief, J.P.J. Potgieter - Staatspresident, 31 Maart 1898.

9 Die inwoners van Waterval-Boven was ten gunste van Diepraam toe daar besluit is om 'n residentvrederegter op Waterval-Boven aan te stel. Die regering het egter vir H.J. Otto aangestel.

10 TAB, SS 6796 deel I, R5592/98 by R14846/97, Brief, J.P.J. Potgieter - Staatspresident, 3 Mei 1898.

11 TAB, SS 3803, Aantekening Registrateur van akte - Regeringskommissaris van Spoorweë, 3 Oktober 1893; Sien Hoofstuk 4.

12 Sien Hoofstuk 4.

13 TAB, SS 6796 deel I, R10024/99 en BB1215/99 by R14846/97, Griffier van die sekretaris van die Uitvoerende Raad - Staatsekretaris 31 Junie 1899.

14 TAB, SS 6796 deel I, R10024/99, verklaring Cardinaal, 'n wetsagent van Carolina, 4 Mei 1895.

15 C.P. Jooste privaatversameling, Faksimilee, Kaart Geluk 1899.

Dit het tot gevolg gehad het dat dié maatskappy in 'n groot mate in beheer van die bestuur van die dorp geplaas is. Word hierdie kaart met die kaart wat die plaaslike en nie-plaaslike grondeienaars, volgens die waardasielys van 1986 wat deur die Machadodorp-dorpsraad opgestel is vergelyk, blyk dit dat daar gedurende die tydperk 1899-1986 geringe veranderinge aan die kern van die dorpsplan aangebring is.[16]

Slegs die Uitvoerende Raad van die ZAR kon ’n besluit neem oor waar ’n standplaas van ’n permanente residentvrederegter moes wees.[17] 'n Vergadering waar president Kruger, generaals S.W. Burger en P.A. Cronje teenwoordig was, is op 21 Maart 1899 gehou. Die hoofdoel van hierdie vergadering was om te besluit of die permanente standplaas van die residentvrederegter Machadodorp of Waterval-Boven moes wees. Faktore wat deurslaggewend sou wees in die samespreking was 'n verslag wat deur die landdros van Carolina ter tafel gelê is en die moontlikheid dat daar binnekort met die bou van die takspoorlyn na Ermelo begin sou word. Die vergadering het besluit om die residentvrederegter van Waterval-Boven na Machadodorp te verplaas.[18]

Ten spyte dat daar reeds vantevore uitspraak gegee is dat Machadodorp in die Lydenburg-landdrosdistrik moes bly, het die Lydenburg-Carolina-grenskwessie weer opgeduik. Daar was steeds individue wat die standpunt gehuldig het dat Machadodorp binne die Carolina-landdrosdistrik as dorp geproklameer moes word. Somige regeringslede het hierdie standpunt gesteun. Die rede vir hierdie siening was dat, indien Machadodorp binne die Carolina-distrik sou val, sou Belfast en Dullstroom steeds binne die Lydenburg-landdrosdistrik val. Hierdie siening is heelwaarskynlik op die moontlikheid dat die Lydenburgtakspoorlyn by Belfast by die hoofspoorlyn kan aansluit, gebasseer.

Die grondeienaars op die gedeelte waar die dorp aangelê sou word, moes egter tot dié verandering instem. Die landdros van Lydenburg is weereens opdrag

16 Nieuwoudt en Van Zyl Machadodorp struktuurplan*,* Figuur 3.12, geen bladsy verwysing (tussen pp. 62 en 63); C.P. Jooste, privaatversameling, Faksimilee, Kaart Geluk, 1899.

17 TAB, SS 7758, R14846/97, Minuut 18 Maart 1899.

18 TAB, SS 6796, deel I, BB493/99 en UVR. 343/99 by R14846/79, *“Ware copie”* van Artikel 294, 21 Maart 1899, 24 Maart 1899.

gegee om 'n meningsopname onder inwoners van Machadodorp te doen.[19] Die landdros van Lydenburg het die ZAR-regering na die opname meegedeel dat nóg die grondeienaars, nóg die inwoners van Machadodorp onder die jurisdiksie van die landdros van Carolina wou val. Die Machadodorpers was ten gunste van dorpsproklamasie, maar wou deel van Lydenburg-landdrosdistrik bly. Hy het die ZAR-regering verder daarop gewys dat Machadodorp spesifieke voordele vir Lydenburg ingehou het. Die nedersetting was vir die Lydenburgers 'n "poort" waardeur hulle ammunisie en lewensartikels verkry het. Daarteenoor kon Carolina goedere ook vanaf Natal bekom. Hy kom tot die slotsom dat Machadodorp vir Lydenburg "*van veel meer commerciele waarde dan voor Carolina*" was.[20]

Daar was ook persone wat geheel en al teen die dorpsproklamasie gekant was en nie wou hê dat die residentvrederegter daarheen oorgeplaas moes word nie. J.G. Grobler, die volksraadslid van Carolina vir die Tweede Volksraad, het beswaar gemaak. Hy het die regering gemaan om noukeurig ondersoek in te stel voordat die finale besluit oor die proklamasie geneem word. Hy het gemeen dat Waterval-Boven 'n beter keuse sou wees, aangesien dié nedersetting 'n groter oppervlakte beslaan en die dorp se inwonertal groter as dié van Machadodorp was.[21]

Toe die aangeleentheid na die landmeter-generaal van die ZAR verwys is, het hy die regering ingelig dat daar, ten spyte van versoeke wat in die vroeë negentigerjare aan die regering gerig is, nog geen ooreenkoms tussen die ZAR-regering en die eienaars van Machadodorp was om dit tot 'n dorp te verklaar nie.[22] Aan die begin van Augustus 1899 het die staatsekretaris C. Potgieter en J. Janson versoek om 'n besprekingsvergadering van die ZAR-regering by te woon. Die voorwaardes en bepalings waaronder die nedersetting tot dorp verklaar moes word, moes bespreek word.[23]

---

19 TAB, SS 6796 deel I, CR 446/97 by R1846/97, Staatsekretaris - Landdros Lydenburg, 8 Mei 1898.

20 TAB, SS 6796 deel I, by R14846/97, Minute, 10 Mei 1899. Die landdros van Lydenburg het reeds in April 1899 'n memorie aan die ZAR-regering gestuur met 'n versoek van die inwoners dat hulle ten gunste van die proklamasie was, maar dat die dorp in die Lydenburg-landdros-distrik moes bly. SS 6796 deel, R5447/99, brief Landdros, Lydenburg - Staatspresident, 11 April 1899.

21 TAB, SS 6796 deel I, R6914/99 by R14846/97, Brief, J.P. Grobler - Staatsekretaris, 12 Mei 1899.

22 TAB, SS 6796 deel I, R10344/94 by R14846/97 Opmerking by Minute, 24 April 1899.

23 TAB, SS 6796 deel I, R14846, brief, Staatsekretaris - J.H. Janson en C. Potgieter, 4 Augustus 1899.

Op 25 Augustus 1899 is Machadodorp se erkenning as dorp in 'n volle sitting van die Uitvoerende Raad van die ZAR bespreek. Janson en Potgieter het 'n konsepkontrak wat die proklamasie sou kon moontlik maak aan die vergadering voorgelê. Gedurende die middagsitting is die kontrak bespreek en nadat sekere wysigings aangebring is, is dit amptelik goedgekeur. Die dorp sou volgens die dorpsplan wat in 1899 deur Quitzow opgetrek is, uitgelê word.[24]

Die aanbevelings is aan die landmeter-generaal, die registrateur van akte en die staatsprokureur vir goedkeuring voorgelê.[25] Na oorlegpleging, het die drie amptenare bevind dat nadat daar vir staatsgrond voorsiening gemaak is, 325 morg vir dorpsweiveld[26] oorbly. Dit was volgens hulle nie genoeg om in die gemeenskap se weibehoeftes te voorsien nie.[27]

Intussen het oorlogswolke oor die Transvaal begin saampak. Toe die Anglo-Boereoorlog in Oktober 1899 uitbreek, het die ZAR-regering nog nie die proklamasieproses afgehandel nie. Die residentvrederegter se kantoor het op Waterval-Boven gebly en Machadodorp se inwoners sou eers na die oorlog hulle vertoë, om Machadodorp tot dorp geproklameer te kry, kon voortsit.

## Proklamasie 1902 - 1904

Nadat die Britte Machadodorp aan die begin van September 1900 beset het, is plaaslike dienste weer ingestel.[28] 'n Gereelde posdiens na Lydenburg was belangrik en in 1902 is pos drie keer per week van en na Lydenburg afgevoer. As gevolg van die dorp se strategiese ligging was Machadodorp weereens 'n belangrike kommunikasiepunt.

---

24 TAB, SS 6796 deel I, BB1376/99 en UVR 326/98 by R14846/97, Griffier van die sekretaris van die Uitvoerende Raad - Staatsekretaris, 26 Augustus 1899.

25 TAB, SS6796, Deel 1, BB1477/99 by UVR 326, by R14846/97. Griffier van die sekretaris van die Uitvoerende Raad - Staatsekretaris, 7 September 1899.

26 Volgens artikel 1 van die regulasies vir dorpe van die ZAR moes daar voorsiening vir 'n algemene weiland vir die inwoners van 'n dorp gemaak word. TAB, ZAR 174, *Regulatie voor de dorpen in de Zuid-Afrikaansche Republiek,* Volksraadbesluit, 14 - 23 September 1858, Gouvernements Courant, No 46, 8 Oktober 1858, p. 18.

27 TAB, SS 6796 deel I, RK1461 by R14846/97, Registrateur van aktes, landmeter-generaal en staatsprokureur - Staatsekretaris, 10 September 1899.

28 TAB, Argief van die Colonial Secretary of the Transvaal Colony (hierna CS) 148, 1208 Reg No 8389/02, Secretary of the treasury - Assistant Colonial secretary, 26 September 1902.

Die oorlog is in 1902 beëindig. Die inwoners het so gou as wat die geleentheid dit voorgedoen het, vertoë tot die koloniale-regering gerig om Machadodorp tot dorp te laat proklameer.

In 1902 het die ZAR sy onafhanklikheid verloor en het soos die Oranje Vrystaat 'n kolonie van die Britse imperiale ryk geword. Aanvanklik was die Transvaal-kolonie 'n kroonkolonie. In 1906 is selfregering aan die twee voormalige Boererepublieke gegee en op 6 Desember 1907 is verantwoordelike bestuur aan die Transvaal gegee.[29] Net soos in die ZAR-tydperk het die plaas Geluk 29 en die nedersetting Machadodorp deel uitgemaak van die Steenkampsberg-wyk in die Lydenburg-distrik.[30] Vertoë moes dus via die residentmagistraat op Lydenburg aan die regering in Pretoria gerig word. Net soos in die geval van die ZAR-regering is die proses deur onderlinge onderhandelings van die koloniale departemente vertraag.

In Maart 1903 het die residentmagistraat van Lydenburg vertoë tot die kolonialesekretaris in Pretoria gerig om oorweging te skenk aan die moontlikheid om Machadodorp en Pelgrimsrus tot dorpe (*townships*) te verklaar. In albei nedersettings is handelslisensies aan individue uitgereik. Die proses moes, verkieslik, voor die volgende sitting van die lisensiehof (*Licensing Court*), in Julie 1903 afgehandel wees, anders kon handelslisensies wat reeds aan individue uitgereik is, gekanselleer word en dit sou ongerief vir die lisensiehouers tot gevolg hê.

Die residentmagistraat het spesifieke redes aangevoer waarom Machadodorp as dorp verklaar moes word. Net soos sy voorganger, die landdros van Lydenburg, het hy die belangrikheid van Machadodorp as spoorwegsentrum beklemtoon. 'n Ander belangrike rede was, dat die dorp se wit manlike inwonertal honderd-en-vyftig was.[31] Hy het geen probleme met die grondeienaars voorsien nie, aangesien daar reeds in die voorafgaande bedeling

29 Van Loggerenberg, “Die rol van Schalk Willem Burger in die geskiedenis van die Transvaal en die Unie van Suid-Afrika, 1899,” p. 171.

30 TAB, Transvaal Government Gazette and Official Gazette of the High Commisioner of South Africa, 1900 - 1910 (hierna TPK) III, Vol. XI, No 302, Notice No 100, 1904, Proclamation, p. 50l.

31 Slegs wit manlike onderdane het stemreg gehad. Vroue sou eers in die twintigste eeu stemreg kry.

met die ZAR-regering onderhandel is.[32] Die kantoor van die kolonialesekretaris het die aangeleentheid na die sekretaris van die departement van grondsake (*Land Department*) verwys.[33]

Teen die begin van Mei 1903 het die koloniale-regering die inwoners ingelig dat die saak aandag geniet. In 'n petisie is versoek dat die koloniale-regering die dorpsbestuur, wat toe in die hande van die *Maatschappij voor Exploitatie van Grond en Grondrechten in Zuid Afrika* was, moes oorneem. Dit kon tot gevolg hê dat die algemene lewensomstandighede op Machadodorp sou verbeter; skoon water en 'n sanitêresisteem sou voorsien kon word. Die warmwaterbron net buite die dorp, sou as 'n besoekersaantreklikheid vir mense vanaf Lourenço Marques en die Laeveld, ontwikkel kon word.[34]

Toe daar in Julie 1903 nog geen bevredigende antwoord van die koloniale-regering ontvang is nie, is J.H.L. Findlay, 'n prokureur van Pretoria, se hulp ingeroep. Hy het 'n brief aan die koloniale-regering geskryf waarin opnuut aanbeveel is dat Machadodorp tot dorpsgebied geproklameer moes word.[35] Weer is die Machadodorpers ingelig dat die saak aandag geniet.[36] Hierdie keer het die kolonialesekretaris egter ook 'n navraag, met verwysing na Findlay se brief, aan die departement grondsake gerig.[37]

Vanaf die begin Januarie 1904 tot 22 Desember 1904 is verskeie vergaderings in Machadodorp gehou. Die proklamasieproses is bespreek en planne is beraam om die proses te bespoedig. Reeds vroeg in die jaar is daar besluit dat twee lede van die Machadodorp distriksbestuur afgevaardig moes word om met die koloniale-regering oor die aangeleentheid te onderhandel.[38]

Op die vergadering wat op 18 Februarie 1904 gehou is, is 'n brief komende van die hoof van die *Maatschappij voor Exploitatie van Grond en Grondrechten*

32 TAB, CS 263, 2665, D.A.116/03, Resident Magistrate Lydenburg - Colonial Secretary Pretoria, 9 Maart 1903.
33 TAB, CS 263, 2665, Assistant Colonial Secretary - Secretary Land Department, 1 April 1903.
34 TAB, CS 263, 2665, H. de Graeff en ander - High Commissioner and Executive Council, 8 Mei 1903.
35 TAB, CS 263, 2665, J.H.L. Findlay - Colonial Secretary, 13 Julie 1903.
36 TAB, CS 263, 2665, Under secretary - J.H.L. Findlay Esq., 23 Julie 1903.
37 TAB, CS 263, 2665, Under secretary - Lands Department, 23 Julie 1903.
38 TAB, Argief van Machadodorp, Machadodorp Urban District Board (hierna MUDB), Notule, Algemene vergadering, 26 Januarie 1904 en 5 Februarie 1904.

voorgelê. Die maatskappy was bereid om, sodra Machadodorp tot dorp verklaar word, 25 morg vir die ontwikkeling van dorpsgronde tot die beskikking van die distriksraad te stel. Voorts sou die maatskappy ook drie "goeie" standplase (erwe) vir 'n kerkplein en vir die bou van munisipale of ander kantore skenk en 'n verdere 75 morg teen 'n nominale prys te koop aanbied. Hierdie nuwe verwikkelinge het volgens twee van die lede van die bestuursraad, J.S. Mazur en H. de Greaff, dorpsproklamasie gebiedend noodsaaklik gemaak.[39]

Op 'n algemene vergadering van 25 Februarie 1904 is daar besluit om die volgende inligting, wat deur die die koloniale-regering aangevra is, bekend te maak. Die gemiddelde waarde van elk van die ongeveer 240 onverkoopte erwe wat aan die *Maatschappij voor exploitatie van Grond en Grondrechten* behoort het, was nie meer as £50 elk nie. Die waarde van die grond, wat die maatskappy aan die raad wou skenk, was £20 per morg wat die totale waarde per standplaas op £150 gebring het. Die maatskappy was bereid om die addisionele 75 morg teen £3 per morg aan die raad te verkoop. Die vergadering het ook besluit om aan die koloniale-regering voor te stel dat die voorgenome dorpsgrense alle grond in 'n radius van 'n myl vanaf Machadodorp-plein moes insluit.[40]

Machadodorp se distriksraad het dit moeilik gevind om behoorlike beheer en bestuur oor die voorgenome dorpsgebied uit te oefen omdat daar 'n gebrek aan fondse was. Uit 'n brief van die tesourie van die koloniale-regering blyk dit dat die distriksraad nie erfbelasting kon hef voordat Machadodorp tot dorp geproklameer is nie. Hierdie belastinggeld is aan die koloniale-regering betaal.[41]

Gedurende die eerste drie maande van 1904 het Machadodorp se distriksraad verskeie bywette aanvaar wat deur die koloniale-regering uitgevaardig is. Deur die bywette te aanvaar, het 'n invloed op die bevoegdhede van die distriksraad gehad. Die nuwe pasregulasies vir swartes het vanaf 8 Maart 1904 in die Machadodorp-omgewing van krag geword.[42] Gedurende dieselfde maand is die

39 TAB, Machadodorp Argief (hierna MMC), Notule, Algemene vergadering, 18 Februarie 1904.

40 TAB, MMC, Notule Algemene vergadering, 25 Februarie 1904.

41 TAB, MMC, Notule Algemene vergadering, 17 Maart 1904.

42 TAB, TPK 108, Government Gazette 26 Februarie 1904, Government Notice No. 241 of 1904, p. 421.

skutbywette,[43] die markregulasies,[44] regulasies vir die toekenning van handelslisensies[45] sowel as die hondelisensiebywette deur Machadodorp-distriksraad aanvaar.[46]

Teen Maart 1904 het die koloniale-regering te kenne gegee dat 'n inspeksie rakende die proklamasieproses ter plaatse uitgevoer moes word. Die distriksraad het dit nie teengestaan nie. Hulle het die koloniale-regering steeds daaraan herinner dat dit onmoontlik was om hulle werk as distriksraad behoorlik te verrig alvorens dorpsproklamasie 'n werklikheid was.[47]

Uiteindelik het die koloniale-regering die dorpsproklamasiekwessie as dringend beskou. Hulle het op die grensvoorstelle van die distriksraad gereageer en voorgestel dat die raad 'n moontlike verandering in die voorgestelde dorpsgrense moes oorweeg. In reaksie hierop het die raad besluit dat die dorpsgebied nie na aangrensende plase uitgebrei moes word nie, maar dat 'n aantal plase onder die jurisdiksie van die residentmagistraat van Belfast geplaas moes word.[48] Op die algemene vergadering van 30 Mei 1904 is besluit om die jurisdiksie ook na nog ander plase uit te brei.[49] Die finale vasstelling van die dorpsgrense en die uitbreiding van Belfast-magistraatsdistrik sou egter eers na die proklamasie van die dorp plaasvind.[50]

Teen die einde van Junie 1904 het die proses reeds sover gevorder dat kieserslyste vir die kies van 'n munisipaleraad opgestel kon word. Op 'n

---

43 TAB, TPK 108, Government Gazette 26 Februarie 1904, Government Notice No. 242 of 1904, p. 422.

44 TAB, TPK 108, Government Gazette 26 Februarie 1904, Government Notice No. 243 of 1904, p. 422.

45 TAB, TPK 108, Government Gazette 26 Februarie 1904, Government Notice No. 244 of 1904, p. 422.

46 TAB, TPK 108, Government Gazette 4 Maart 1904, Government Notice No. 288 of 1904, p. 486.

47 TAB, MMC, Notule, Spesiale raadsvergadering, 21 April 1904.

48 Die plase wat onder die magistraat Belfast se jurisdiksie gebring moes word; Driefontein 30, Goede Hoop 338, Waterval 1440, Winnaarspoort 1403, Schoongezight 38, Farrafontein 1437, Vlakfontein 1707, Blauwboschkraal 1028, Swartkopjes 461, Doornhoek 241, Rietfontein 232, Schoongezicht 7, Rietvlei 197, Dalmanutha 54, De Kroon 626 en Geluk 29, TAB, Argief van Machadodorp, MMC, Notule, Spesiale raadsvergadering, 6 Mei 1904.

49 Die volgende plase word ook ingesluit; Kaalbooi, Weltevreden, Doorhoek (Waterval-Boven), Kindergoed Uitkomst Cypherfontein en Wacteenbietjeshoek (Geen plaasnommers is verstrek nie) TAB, MMC, Notule, Algemene vergadering, 30 May 1904.

50 TAB, TPK 117, Government Gazette, Vol XVIII, 6 July 1906, Government Notice No 928 of 1906, p. 644 en Government Gazette, Vol X, 4 January 1907, Proclamation No 3, Admin. 1907, pp. 22 en 23.

algemene vergadering is daar besluit dat die residentmagistraat van Belfast versoek sou word om met die opstel van kieserslyste behulpsaam te wees.[51]

Die volgende belangrike ontwikkeling in die proklamasieproses was 'n spesiale raadsvergadering wat op 2 September 1904 op Machadodorp gehou is. Uit 'n brief van die assistent-kolonialesekretaris het dit geblyk dat die koloniale-regering gereed was om die grond, wat deur die *Maatschappij voor exploitatie van Grond en Grondrechten* aangebied is, te aanvaar. Hulle was egter nie bereid om die raad toe te laat om volgens eie diskresie erwe te laat waardeer vir die doel om erfbelasting te hef nie.[52] Die voorsittende beampte, J.S. Mazur, het die vergadering ingelig dat die raad dadelik op die brief gereageer het. W.C. Janson is na Pretoria gestuur om die saak met die regering te gaan uitklaar. Janson het die vergadering vervolgens ingelig dat die regering 'n probleem gehad het met die wyse waarop die raad grond kon bekom (skenking en aankoop teen 'n spesiale prys). Die regering was ook nie bereid om die distriksraad toestemming te gee om erfbelasting te hef nie. 'n Mosie is aanvaar dat die assistent-kolonialesekretaris ingelig moes word dat daar geen alternatief was om grond te bekom nie. Daar is ook besluit om die regering in te lig dat 'n dooie punt in die onderhandelingsproses ontstaan het. Die bestuursraad het nie verder hulle weg oopgesien om, onder sodanige omstandighede, met hulle werksaamhede voort te gaan nie. Indien daar nie tot 'n bevredigende vergelyk met die regering gekom kon word nie, sou die raad geen keuse gehad het as om te bedank nie. So 'n stap sou nie net die hele proses vertraag nie maar ook tot groot ontevredenheid onder die inwoners lei.[53] Die volgende mosie is ook eenparig deur die vergadering aanvaar:

> *The Machadodorp Urban District Board very much regrets that the Government expresses its unwillingness to accept the proposals which as a result, of the notations of the Board were presented to the Government as workable and acceptable and without proclamation the M.U.D. Board will not be able to carry out it's work and duties properly and the [present] position becomes more and more untenable, so that if no alteration is made very soon the Board will have no other option than to resign, the Board now calls upon the Government to provide means, by which proclamation of the township may be obtained without delay.*[54]

51 TAB, MMC, Notule, Algemene vergadering, 24 Junie 1904.

52 TAB, MMC, Brief no. A270; Notule, Spesiale vergadering, 2 September 1904.

53 Ibid.

54 Ibid.

Hierdie aggressiewe reaksie van die bestuursraad het begin vrug afwerp. Ten spyte van die feit dat die bepaling van die dorpsgrense nog steeds nie afgehandel was nie, het Machadodorp se administratiewe status verander. Machadodorp het in September 1904 munisipaliteit status verkry.[55]

Op 4 Oktober 1904 is 'n noodvergadering deur die munisipaliteitsraad van Machadodorp gehou. Die regering was uiteindelik bereid dat die proklamasieproses kon voortgaan. Die raad moes egter die voorstelle van die *Maatschappij voor Exploitatie van Grond en Grondrechten* aanvaar. Die voorwaardes wat deur die maatskappy gestel is, is deur die vergadering bespreek, goedgekeur en daar is verder aanbeveel dat die koloniale-regering dit ook aanvaar. 'n Mosie, dat die raad drie erwe wat so na as moontlik aan die sentrum van die voorgestelde dorpsgebied geleë is aan die regering beskikbaar stel, is goedgekeur. Die waarde van hierdie erwe was £750. Die regering was bereid om £123 aan die raad beskikbaar te stel om die proklamasieproses te finansier. Hierdie bedrag was heelwat minder as die geld wat aan ander rade en gesondheidsrade vir dieselfde doel geskenk is. Die regering is toe versoek om £750 aan Machadodorp beskikbaar te stel. Hierdie bedrag was volgens die teenwoordiges glad nie buitensporige nie, aangesien die erfbelasting steeds nie aan die munisipaleraad betaal is nie.[56]

Die proses is weer deur die koloniale-regering vertraag. Op die vergadering van 26 November 1904 is 'n komitee, bestaande uit J.S. Mazur, J. Button en W.C. Janson aangewys[57] Hulle moes navraag doen oor die vordering van die proklamasieproses. Hulle moes druk op die koloniale-regering uitoefen om die proses te bespoedig. Weereens is ’n skrywe aan die koloniale-regering gerig. Hierin het hulle die regering daaraan herinner dat daar reeds in Mei 1903 'n versoekskrif was dat Machadodorp tot dorp geproklameer moes word. Spesifieke probleemareas soos sanitasie, die begraafplaas en die swart lokasie is in die brief beklemtoon.[58] Hierdie brief is, soos die vorige, via die

55 TAB, MMC, Notule, Algemene vergadering 20 September 1904.

56 TAB, Argief van Machadodorp, Machadodorp Munisipaliteit, Notule, Noodvergadering, 4 Oktober 1904.

57 Dit is opvallend dat daar 'n groep nuwe dorpsleiers na vore getree het. Vir die eerste keer verskyn die name van J.S. Mazur en J. Button.

58 TAB, CS 263, 2665, brief, J.S. Mazur, J. Button en J. Janson - Colonial Secretary Pretoria through the resident magistrate Lydenburg, 27 November 1903.

residentmagistraat van Lydenburg aan die assistentkolonialesekretaris gestuur. In sy meegaande brief wou die residentmagistraat weet waarom daar steeds 'n vertraging met die dorpsproklamasie was.[59] Nadat die kantoor van die kolonialesekretaris die brief ontvang het, is daar onmiddellik 'n navraag aan die departement van grondsake gerig.[60] Hierdie departement het die kolonialesekretaris ingelig dat die dorp nie geproklameer kon word nie omdat die grondeienaars eers bereid moes wees om 'n *commonage* te lewer. So 'n ooreenkoms was 'n voorvereiste vir dorpsproklamasie.[61]

Nadat die koloniale-regering daaraan herinner is dat sodanige onderhandelings tussen die grondeienaars en die vorige regering (ZAR) reeds ver gevorder was, is die laaste probleme opgelos. Die munisipaleraad het op 22 Desember 1904 vergader. Die teenwoordiges was: W.C. Janson, wat as voorsitter opgetree het, J. Mazur, H de Greaff, J. Button, H. Behrens, C. Potgieter en C. Snoeck.[62] Hierdie groep sou vir 'n geruime tyd na die dorpstigting die leiersfigure op Machadodorp wees. Die vergadering is belê, "*to discuss, approve and sign the necessary agreements and papers in connection with the proclamation of Machadodorp as a government township.*"[63] Die voorgestelde ooreenkomste met die munisipaliteit en die *Maatschappij voor exploitatie van Grond en Grondrechten* is voorgelees en sonder enige verandering goedgekeur. Die twee voorgestelde ooreenkomste met die regering waarin daar onder andere vir grond vir regeringsgebruik voorsiening gemaak is, is aanvaar. Daar is ook besluit dat Findlay steeds as prokureur vir die munisipaliteit sal optree.[64]

---

59 TAB, CS 263, 2665, D.A. 813/03, Resident Magistrate Lydenburg - Assistant Colonial Secretary, 2 Desember 1904.

60 TAB, CS 263, 2665, Under Secretary office of the Colonial Secretary - Resident Magistrate Lydenburg, 8 Desember 1904 and Under Secretary office of the Colonial Secretary - Commissioner of lands, 8 December 1904.

61 TAB, CS 263, 2665, Secretary for Lands – Assistant Colonial Secretary, 17 December 1904; CS 263, 2665, Brief Assistant Colonial Secretary – Resident Magistrate Lydenburg, 30 December 1904.

62 TAB, Argief van Machadodorp, Machadodorp Munisipaliteit, Notule, Spesiale vergadering, 22 Desember 1904.

63 Ibid.

64 Ibid.

Op 30 Desember 1904 is Machadodorp as dorpsgebied geproklameer.

> *Whereas it is desirable to proclaim as a Town that portion of the farm "Geluk" No. 29 District of Lydenburg Ward Steenkampsberg in extent 167 morgen and 120 square roods surveyed by Surveyor H.V. von Quitzow in May 1899 into 374 erven and into street squares and railway reserves as will more fully appear from the General Plan S.G. No 1065/99 filed in the Office of the Surveyor-General Pretoria.*
>
> .
>
> *Now therefore under and by the virtue of the powers in me vested I do hereby declare proclaim and make known that from and after the date of the first publication of this Proclamation the aforementioned portion of land in the District of Lydenburg shall constitute a Town under the name "Machadodorp."*
>
> *GOD SAVE THE KING*
>
> *Given under my Hand and the Public Seal this twenty-ninth day of December One thousand Nine hundred and Four.*
>
> *RICHARD SOLOMON,*
> *Acting Lieutenant-Governor*
>
> *By Command of the Acting Lieutenant-Governor*
>
> *ADAM JAMESON*
> *Commissioner of Lands*[65]

**Slot**

Die proses waarvolgens Machadodorp tot dorpsgebied geproklameer is, is met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog onderbreek. Dit het tot gevolg dat twee prosesse, een tydens die ZAR-tydperk en een tydens die Britse koloniale tydperk onderskei kan word. In beide prosesse was Machadodorp se sentrale geografiese ligging deurslaggewend.

Reeds tydens die aanlê van die *Oosterlijn* (1893-1894) is vertoë vanuit plaaslike- sowel as regeringskringe tot die ZAR-regering gerig dat Machadodorp tot dorpsgebied verklaar moes word. Toe daar besluit is dat 'n takspoorlyn na Ermelo aangelê moes word, het die saak meer aandag geniet. Machadodorp se dorpsgronde is reeds in 1893 deur die staatslandmeter, Von Quitzow, opgemeet en 'n dorpsplan is opgetrek. Toe die residentvrederegter na Machadodorp oorgeplaas moes word is daar besef dat dit nie as dorp geproklameer is nie. Die

65 TAB, TPK 111, Government Gazette, Vol XI, No. 302, No. 100 Admin 104, Proclamation, 30 December 1904, pp. 501 en 502.

Lydenburg-Carolina-grenskwessie het weer opgeduik. Machadodorp se inwoners wou steeds binne die Lydenburg-landdrosdistrik val.

Alvorens dorpsproklamsie kon geskied moes 'n oordragskontrak tussen die grondeienaars en die regering gesluit word. Die konsepkontrak wat deur Potgieter en Janson voorgelê is, is deur die landmeter-generaal, registrateur van akte en die staats-prokureur afgekeur. Daar is nie voldoende voorsiening gemaak vir 'n dorpsweiveld nie. Die oorlog het uitgebreek voordat hierdie onderhandelings gefinaliseer is.

Gedurende die koloniale tydperk was die plaas Geluk 29 en die nedersetting Machadodorp steeds deel van die Steenkampsberg-wyk en het onder die jurisdiksie van Lydenburg se residentmagistraat geval. Die hele proses om Machadodorp tot dorp geproklameer te kry, moes van vooraf begin.

Die jaar 1904 was 'n baie belangrike jaar in die administratiewe geskiedenis van Machadodorp. Dwarsdeur die jaar is vergaderings plaaslik en met die koloniale regering gehou om die proses af te handel. Die prokureur J.H.L. Findlay het as die dorpsleiers se verteenwoordiger in Pretoria opgetree. Die vernaamste struikelblokke in hierdie fase was die onwilligheid van die koloniale-regering om die eensydige waardering van eiendom deur die distriksraad en latere munisipaleraad te aanvaar en om hulle toe te laat om aanspraak te maak op die erfbelasting wat betaal is.

Toe dit blyk dat daar 'n dooie punt in die onderhandelingsproses ontstaan het, het die raad gedreig om te bedank. Hierdie dreigement het sake bespoedig. Op 31 Desember 1904 het die proklamasie, waarvolgens Machadodorp tot dorpsgebied verklaar is, in die staatskoerant verskyn. Die eerste fase van Machadodorp se ontwikkelingsgeskiedenis, vanaf die vroegste besetting tot dorpsproklamasie, het tot 'n einde gekom.

# BRONNE


## ARGIVALIA

## TRANSVAAL ARGIEFBEWAARPLEK (TAB)

## I ZAR-TYDPERK 1854 - 1902

### 1 Argiefgroepe

**Argief van die Hoofcommitee van het Commisariaat van den ZAR 1899-1900 (HCC)**

Bandnommer: 3.

**Argief van die Kommandant-generaal 1800-1899 (KG)**

Bandnommers:

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1; | 180; | 183; | 189; | 200; | 203; |
| 212; | 215; | 218; | 240; | 294; | 295; |
| 298; | 307; | 313; | 315; | 321; | 326; |
| 332 (7); | 333 (7); | 336; | 353; | 379; | 382; |
| 385; | 389; | 396; | 421. | | |

**Argief van die Nederlandsch Zuid Afrikaansche Spoorweg Maatschappij (NZM)**

Bandnommer 39 Personeelregister van die NZASM

Bandnommer 80 Dienstrelement Ploegbasen.

**Amptelike publikasies**

Verzlag Nederlandsch Suid-Afrikaansche Spoorweg Maatschappij (NZASM) over het jaar 1891, Amsterdam.

Verzlag NZASM over het jaar 1892, Amsterdam.

Verzlag NZASM over het jaar 1893, Amsterdam.

Verzlag NZASM over het jaar 1896, Amsterdam.

**Argief van die Proviand Kommissaris 1899-1900 (PC)**

Bandnommers:

3; 7.

**Argief van die Regeringskommissaris vir Spoorweg 1893-1899 (RCR)**

Bandnommers:

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1; | 2; | 14; | 24. |

**Argief van die Registrateur van Aktes (RAK)**

Bandnommer: 1704.

**Argief van die Staatsekretaris van die ZAR 1829-1899 (SS)**

Bandnommers:

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 326; | 661; | 662; | 737; | 834; | 899; |
| 900; | 2480; | 2776; | 3077; | 3614; | 3803; |
| 5731; | 6130; | 6668; | 6795; | 6796; | 7696; |
| 7696 (1) | 7758; | 7770. | | | |

**Argief van die Staatsprokureur 1866-1899 (SP)**

Bandnommers:

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 59; | 60; | 63; | 69; | 77; | 82; |
| 90; | 128; | 167. | | | |

**Argief van die Zuid Afrikaansche Republiek (ZAR)**

Landdros Lydenburg

Losse Stukke.

**Leyds Argief (LA)**

Bandnommers:

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 353; | 459; | 714; | 716; | 720 (1); | 726 (A); |
| 726 (E); | 727 (C); | 729; | 729 (1); | 729 (B); | 729 (G); |
| 730; | 730 (1) A; | 730 (D); | 730 (E); | 730 (F); | 730 (F) 6; |
| 731; | 732 (B); | 731 (C) 3; | 731 (D); | 731 (E); | 744; |
| 749 (II); | 749 (A); | 759; | 765 (II); | 988. | |

**Spoorweg Argief (ZAR)**

Bandnommers:

151; 152; 153; 179; 180; 181; 182; 183.

## 2 Versamelings

Blokland versameling WHA 82, *Gedenkboek uitgegeven ter gelegenheid der Feestelijke opening den Delagoabaai spoorweg*, Amsterdam, 1895.

## 3 Amptelike publikasies

**Besluite van die Uitvoerende Raad (URB)**

Artikel 509/96, 19 Junie 1896

Artikel 627/98, 5 Julie 1898

Artikel 332/99, 29 Maart 1899

Artikel 496/99, 24 Mei 1899.

**Eerste Volksraadbesluite (ERVB)**

Artikel 26/94, 25 Februarie 1898.

**Staatskoerant**

No 193.

**Volksraadsbesluite (VRB)**

Artikel 365/81, 8 November 1881

Artikel 76/84, 11 -12 Augustus 1884

Artikel 242/90, 3 Junie 1890

Artikel 216/90

Artikel 939/90.

**ZAR Staatsalmanak**

ZAR 180, Staatsalmanak 1895.

ZAR 181, Staatsalmanak 1896.

ZAR 182, Staatsalmanak 1897.

ZAR 183, Staatsalmanak 1898.

## 4 Literatuur

P 138, Bouten, P.H., *De aanleg van 't Oosterspoor*

Engelenburg, F.V., *De Delagoabaai spoorweg een terugblik. Met een almanak voor het jaar 1896.*

*The "Press" gedenk-boek uitgegeven ter gelegenheid der feestelijke opening van den Delagoa-baai-Pretoria spoorweg*, Juli 1895.

# II BRITSE KOLONIALE TYDPERK 1899 - 1904

## 1 Argiefgroepe

**Argief van die Colonial Secretary (CS)**

Bandnommers:

148; 263.

**Machadodorp Argief (MMC)**

Notule 1902 – 1904.

**Roberts Papers**

Bandnommer: 12 A.

## 2 Amptelike publikasies

**Transvaal Government Gazette and Official Gazette of the High Commissioner of South Africa 1900 - 1910 (TPK)**

Bandnommers:

108; 111; 117.

**Imperial British Blue Books (BB)**

Volumes:

7;                    8.

**PERIODIEKE PUBLIKASIES (Koerante)**

*The Transvaler***,** 7 and 14 April 1894.

*The Tansvaler,* 5, 19 and 26 May 1894.

*The Transvaler*, 2 June 1894.

*The Transvaler,* 29 March 1895.

*The Transvaler*, 29 September 1895.

*The Transvaler*, 18 October 1895.

*The Times*, 28 and 30 July 1900.

*The Times*, 1, 9, 13, 14, 18, 23, 24, 28, 29 and 30 August 1900.

*The Times*, 4, 5, 8, 10, 13, 18, 21, 26, and 27 September 1900.

*The Times*, 15 and 16 October 1900.

*The Times*, 16 October 1900.

*Die Transvaler* 12 Augustus 1966.

**KAARTE**

RNG (Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede)

Kaart 3452 122A, Machadodorp-stasie 1901.

South Africa Provincial series
Mpumalanga 1:600 000 Second edition, 2001.

UNISA-Argief

Archives Special Collection, 912.68274 TRAN.

**FOTO'S**

**TAB Fotoversameling**

Foto nommer 2092

Foto nommer 5220

Foto nommer 7350

Foto nommer 31362.

**Spoorweg Museum**

Ploegbaas Machadodorp.

## SEKONDÊRE BRONNE

**Literatuur**

ACOCKS, J.P.H., *Veld types of South Africa: with accompanying veld type map*. 2nd edition, Pretoria, 1975.

AGAR-HAMILTON, J.A.I., *The native policy of the Voortrekkers: an essay in the history of the interior of Southern Africa − 1836-1858*. Cape Town, 1928.

ALBERTS, W.J. en VAN DER STEUR, A.G., *Handleiding voor de beoefening van lokale en regionale geschiedenis*. Amsterdam, 1976.

AMERY, L.S. (ed.), *The Times history of the war in South Africa, 1899-1902*. 7 volumes, London, 1904 -1910.

ANONIEM, *In memoriam NZASM*. Amsterdam, 1910.

ANONIEM, *Machadodorp Poskoetsfees 9 Januarie 1952 i.v.m. die van Riebeeck-Fees.* s.i., 1952.

ANONYM, *The native tribes of the Transvaal: Prepared for the general staff, War Office, 1905*. Reprint series of the University of South Africa, Pretoria, 1962.

BARNARD, C.J., *Generaal Louis Botha op die Natalse Front, 1899-1900*. Kaapstad, 1970.

BEINART, W., DELIUS, P. and TRAPIDO, S., *Putting a plough to the ground: Accumulation and dispossession in rural South Africa, 1850-1930.* Johannesburg, 1986.

BERGH, J.S. and VISAGIE, J.C., *The Eastern Cape frontier zone 1660-1980: A cartographic guide for historical research*. Durban, 1985.

BERGH, J.S., *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika: Die vier noordelike provinsies*. Pretoria, 1999.

BICKFORD-SMITH, V., *Commerce, class and ethnicity in Cape Town, 1875 to 1902*, Cambridge, 1988.

BICKFORD-SMITH, V., *Ethnic pride and racial Prejudice in Victorian Cape Town: Group identity and social practice, 1875-1902*. Cambridge, 1995.

BIRD, J. C., *Annals of Natal 1495 to 1845*. reprint, Cape Town, 1965 .

BISSCHOFF, P.H., Die rol van die Middelburgse en Lydenburgse vrywilligers in die oorlog teen Sekukuni, ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1954.

BONNER, P., DELIUS P. and POSEL, D. (eds.), *Apartheid genesis, 1935-1962.* Johannesburg, 1993.

BONNER, P., *Kings, commoners and concessionaires: The evolution and dissolution of the nineteenth-century Swazi state.* Johannesburg, 1983.

BORMAN, H., *Carolina 1886 -1986*. Carolina, 1986.

BREYTENBACH, J.H., *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902*. Deel 1 – III en VI, Pretoria, 1969 – 1996.

BULPIN, V., *Lost trails of the Transvaal*. Cape Town, 1968.

BURGER, A.J.V., *Die worsteljare van ds. A.P. Burger, veldprediker by die republikeinse magte tydens die Tweede Vryheidsoorlog.* Kaapstad, 1936.

CAMERON, T. en SPIES, S.B. (red.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*. Kaapstad, 1986.

CHANGUION, L., *Pietersburg, die eerste eeu 1886-1986*. Pietersburg,1986.

CLOETE, P.G., *The Anglo-Boer War: A chronology.* Pretoria, 2000.

COBBING, J., The case against the *Mfecane*, unpublished paper, University of the Witwatersrand, 1984.

COBBING, J., The myth of the *Mfecane*, unpublished paper, University of Durban Westville, 1987.

COETZEE, D.J., *Spoorwegontwikkeling in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1872 - 1899: met spesiale verwysing na die botsing tussen die onafhanklikheidstrewe van die Boere en die Britse imperiale belange*. Kaapstad, 1940.

COLLET, D., The archaeology of the stoned walled settlements in the Eastern Transvaal, South Africa, unpublished of Master Science degree, University of the Witwatersrand, 1979.

CRESWICKE, L., *South Africa and the Transvaal War*. Vol. VI. Cape Town, 1900.

CUBBINS, T., *A history of Richards Bay 1897-1970's*. Empangeni, 1999.

CUTHBERTSON, G., GRUNDLINGH, A. and SUTTIE, M. (ed.), *Writing a wider war. Rethinking gender, race, and identity in the South African War 1899 - 1902*. Cape Town, 2002.

DE BEER, M., *Keimoes en omgewing: 'n Kultuurhistoriese verkenning*. Keimoes, 1992.

DE JONG, R.C., Die Nederlandse spoorwegpioniers in die ZAR, ongepubliseerde lesing, Orde van den Prince, Pretoria, 3 November 2005.

DE JONG, R.C., VAN DER WAAL, G.M., and HEYDENRYCH, D.H., *NZASM 100, 1887-1899: The buildings, steam engines and structures of the Netherlands South African Railway Company*. Pretoria, 1988.

DE KAMPER, G. C., Machadodorp cultural resource inventory and cultural significance assessment, unpublished B.A. Archaeology (hons.), University of Pretoria, 2000.

DE KLERK, M., (ed.), *A harvest of discontent: the land question in South Africa,* Cape Town, 1991.

DE KOCK, W.J. en KRUGER, D.W. (eds.), *Dictionary of South African biography.* Vol. II, Pretoria, 1976.

DE SCHRYVER, R., *Historiografie: Vijfentwintig eeuwen geschiedschrijving van West-Europa*. Leuven, 1997.

DELIUS, P., *The land belongs to us: The Pedi polity, the Boers and the British in the nineteenth-century Transvaal*. Johannesburg, 1983.

DOYLE, A.C., *The Great Boer War*. Faksimilee. Melville, 1987.

DU PLESSIS, T.A., Republiek Lydenburg 1856-1860, ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1931.

DU PREEZ, A.J.J., Die geskiedenis van Standerton, ongepubliseerde M.A.-verhandeling, P.U. vir C.H.O, 1978**.**

DUMINY, A. and GUEST, B. (eds.), *Natal and Zululand from the earliest times to 1910*. Pietermaritzburg, 1989.

DUMINY, A. and BALLARD, C. (eds.), *The Anglo-Zulu War: New perspectives*. Pietermaritzburg, 1981.

DUVENAGE, G.D.J., Die Republiek Lydenburg in Suid-Afrika - agtergrond, ontstaan en einde, ongepubliseerde D. Litt et Phil. proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika, 1966**.**

EDWARDS, P., Die Zuid-Afrikaansche Republiek en Delagoabaai: Beveiligingspogings met betrekking tot toegang tot die see 1889-1894, ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1983.

ELOFF, C.C., *Oos-Vrystaatse Grensgordel: 'n Streekhistoriese voorstudie en bronneverkenning*. Pretoria, 1980.

ELSE-MITCHELL, R., *Preserving local history: The importance of local history collections and Historical Societies*. A revision of an address given in the Penrith Public Library on 29 September 1978.

ETHERINGTON, N., *The great treks: Transformation of Southern Africa, 1815-1858*. New York, 2001.

FARWELL, B., *The Great Boer War.* London, 1977.

FRANSEN, H. and COOK, M.A., *The old buildings of the Cape: A survey and description of old buildings in the Western Province*. Cape Town, 1980.

FRANSEN, H. and COOK, M.A., *The old houses of the Cape: A survey of the existing buildings in the traditional style of architecture of the Dutch-settled regions of the Cape of Good Hope*. Cape Town, 1965.

GREEN, E.L., Die geskiedenis van Middelburg (TVL) tot 1902, ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Vista Universiteit, 1986**.**

GREEN, L.P., *History of local government in South Africa: an introduction*. Cape Town, 1957.

GROBLER, J.E.H., *The war reporter: The Anglo-Boer War through the eyes of the burghers*. Jeppestown, 2004.

GROBLER, F.J., Die Carolina-kommando in die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902, ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1960.

GRONUM, M.A., *Die ontplooiing van die Engelse Oorlog 1899-1902*. Kaapstad 1977.

GUEST, B. and SELLERS, J.M. (ed.), *Enterprise and exploration in a Victorian colony: Aspects of the economic and social history of colonial Natal*. Piertermaritzburg, 1985.

HAMILTON, C. (ed.), *The Mfecane aftermath: Reconstuctive debates in Southern African history*. Johannesburg, 2001.

HARLEY, A. and FOTHERINGHAM, R., *South Africa: 20 years in the land rights struggle*. Pietermaritzburg, 1999.

HIBBINS, G.M., FAHEY, C. and ASKEW, M.R., *Local history: A handbook for enthusiasts*. Melbourne, 1968.

HOLDEN, W., *History of the colony of Natal*. London, 1855.

HOSKINS, W.G., *Local history in England.* London, 1972.

HUYSER, J.D., Die naturelle-politiek van die Suid-Afrikaanse Republiek, ongepubliseerde D.Litt. proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1939.

JONKERS, G.H. en GROENEWALD, J., *Die Machadodorp-briefkaarte van die Anglo-Boereoorlog*. Pretoria, 2006.

KAMMEN, C., *On doing local history: Reflections on what local historians do, why and what it means*. Nashville, 1986.

KNOX, E.B., *Buller's campaign with the Natal Field Force*. London, 1902.

KRITZINGER, S.J., *Rustig vloei die Moreleta: Geskiedenis van Silverton, Meyerspark, Saliehoek, La Concorde, Wilgers, Murrayfield, Val de Grace, Lydiana, Brummeria, Georgeville. Nagevors, met herinneringe van inwoners*. Meyerspark, 1980.

KRUGER, D.W., *Die Krugermiljoene*. Johannesburg, 1979.

KRUGER, D.W., Die weg na die see of die ooskus in die Boerebeleid voor 1877 met besondere verwysing na die verhouding tot die Portugese, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaarse geskiedenis*. Jaargang 1, Vol.I. Pretoria, 1938.

LABAND, J., and HASWELL, R. (eds.), *Pietermaritzburg 1838-1988: A new portrait of an African city*. Pietermaritzburg, 1988.

LIPTON, M., ELLIS, F. and LIPTON, M., *Land labour and livelihoods in Southern Africa*. Durban, 1996.

LOMBARD, R.T.J., *Ermelo 1880-1980*. Ermelo, 1980.

LOMBARD, W.A. (samesteller), *Waterval-Boven 1894 tot/to 1952, Gedenkboek van die Vanriebeeckfeeskommissie* [sic]. Ermelo, 1952.

LOUW, W.M., Die rol van kolonel Joaquim José Machado as ingenieur in Suid-Afrika, ongepubliseerde seminaaraanbieding, Universiteit van Pretoria, 1965.

LYLE, W.F., The *Difaqane*: The Sotho wars in the interior of South Africa, 1822-1837, unpublished Ph. D. Thesis, University of California (Los Angeles), 1969.

MAGGS, T.M.O'C.*, Iron Age communities of the southern Highveld*. Pietermaritzburg, 1972.

MALINGA, S.S., The development of informal settlements in South Africa, with particular referce to informal settlements around Daveyton on the East Rand, *1970-1999*, unpublished Det. Phill. Thesis, Rand Afrikaans University, 1999.

MALINGA, S.S., The establishment of black townships in South Africa with particular reference to the establishment of Daveyton township on the East Rand, unpublished M.A. dissertation, Rand Afrikaans University, 1997.

MARWICK, A., *Basic problems of writing history*. Buckinghamshire, 1970.

MAYLAM, P., *A history of the African people of South Africa: From the Early Iron Age to the 1970's*. London and Cape Town, 1986.

MAYLAM, P., and EDWARDS, I. (eds.), *The people's city: African life in twentieth-century Durban*. Pietermaritzburg, 1996.

MEER, S., *Women, land and authority: Perspectives from South Africa*. Cape Town, 1997.

MINNAAR, A. de V., *Empangeni: A historical review to 1983*. Pretoria,1984

MINNAAR, A. de V., *Graaff-Reinet, 1786-1986*. Pretoria, 1987.

MINNAAR, A. de V., *uShukela: A history of the growth and development of the sugar industry in Zululand: 1905 to the present*. Pretoria,1992.

MOLLER, G.S.J., *Loeriesfontein 1860-1987*. Loeriesfontein, 1988.

MÖNNIG, H.O., *The Pedi*. Pretoria, 1967.

MULLER, C.F.J., (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*. 3de uitgawe, Pretoria, 1983.

MULLER, C.F.J., *Die oorsprong van die Groot Trek*. 2de heruitgawe, Pretoria, 1978.

MUNISIPALITEIT VAN LYDENBURG., *Lydenburgse eeufeesgedenkboek 1850-1950*. Pretoria, 1979.

MYBURGH, A.C., *Die stamme van die distrik Carolina*. Pretoria, 1956.

MYBURGH, A.C., *The tribes of Barberton district*. Pretoria, 1949.

NASSON, B., *The South African War, 1899-1902*. London and New York, 1999.

NAUDÉ, P., Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1858-1899, ongepubliseerde D.Litt et Phil. proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika. 1954.

NIEUWOUDT, A. en VAN ZYL, J.J., (samestellers), Machadodorp struktuurplan, ongepubliseerde verslag, PU vir CHO, 1987.

OMER-COOPER, J.D., *The Zulu aftermath: a nineteenth-century revolution in Bantu Africa*. London, 1966.

OPPERMAN, J.D.R., Die geskiedenis van Ermelo vanaf sy stigting (1860) tot 1902, ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1948.

PAKENHAM,T., *Die Boere-oorlog*. (Vertaal deur L. Rousseau), herdruk, Pretoria 1999.

PAKENHAM,T., *The Boer War*. London, 1982.

PEACOCK, R., Geskiedenis van die Lydenburgse Goudvelde tot 1881, ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1950.

PHYTHIAN-ADAMS, C. (ed.), *Societies, cultures and kinship 1580-1850.* New York, 1993.

PLOEGER, J., *Die lotgevalle van die burgerlike bevolking, 1899-1902*. Pretoria, 1999.

POTGIETER, E.F., *The disappearing Bushmen of Lake Chrissie: A preliminary survey*. Pretoria, 1955.

POTGIETER, F.J., Die vestiging van die blanke in Transvaal (1837-1886) met spesiale verwysing na die verhouding tussen die mens en die omgewing, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*. Jaargang 21, Vol. II, 1958.

POTT, W.A., *The Bergendal Battle and the History of 'Oak Alley Farm' Frischgewaagd*. 1999. s.i., s.a.

PRETORIUS, F., *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*. Kaapstad, 1998.

PRETORIUS, F., *Life on commando during the Anglo-Boer War 1899-1902.* Cape Town, 1997.

RAPER, P.R., *Dictionary of South African place names*. 2nd ed., Johannesburg, 2004.

RAPER, P.R., *New dictionary of South African place names*. Johannesburg, 1990.

ROSS, R., *A concise history of South Africa*. Cambridge and New York, 1999.

SAUNDERS, C., *Cobbing, the Mfecane and (some) historians, in The 'Mfecane' aftermath towards a new paradigm*, University of the Witwatersrand, 6-9 September 1991.

SCHIRMER, S., *Democracy, culture and removals: the history of black-spot' communities in Lydenburg, 1943-1961*. Braamfontein, 1994.

SCHOEMAN, K., (et al), *Boukunsskatte van die Vrystaat / Free State heritage*. Roodepoort, 1985.

SCHOEMAN, K., *Bibliography of the Orange Free State until 31 May 1910*. Cape Town, 1984.

SCHOEMAN, K., *Bloemfontein - die ontstaan van 'n stad 1846-1946*. Kaapstad, 1980.

SCHOLTZ, G.D., *The Anglo-Boer War 1899-1902*. Pretoria, 2000.

SCHULTZ, B.G., Die Slag van Bergendal (Dalmanutha), ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1974.

SEINER, F., *Ernste und heitere Erinnerungen eines deutschen Burenkämpfers.* München, 1902.

SHELL, R.C., Establishment and spread of Islam at the Cape from the beginning of the company to 1838, unpublished BA (Honours) degree, University of Cape Town, 1974.

SNYMAN, P.H.R., *Daniëlskuil: Van Griekwa-buitepos tot dienssentrum*. Pretoria, 1988.

SNYMAN, P.H.R., *Kuruman: Vervloë pad na Afrika*. Pretoria, 1993.

SNYMAN, P.H.R., *Olifantshoek: Oase van die Langberg*. Pretoria, 1986.

SNYMAN, P.H.R., Postmasburg: Die eerste honderd jaar, ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, 1983.

SNYMAN, P.H.R., *Postmasburg: 'n Eeu onder plaaslike bestuur 1893-1993*. Pretoria, 1993.

SNYMAN, P.H.R., *Postmasburg: 'n Geskiedkundige oorsig tot 1983*. Pretoria, 1983.

SPIES, S.B., 1978. *Methods of babarism? Roberts and Kitchener and civilians in the Boer Republics January 1900 - May 1902*. Cape Town, 1977.

STELLENBOSCH DORPSRAAD., *Stellenbosch 1679-1929.* Stellenbosch. 1929.

THERON, B., *Pretoria at war 1899-1900.* Pretoria, 2000.

THOMPSON, L. (ed.), *African societies in South Africa: Historical studies*. London, 1978.

TOMLINSON, L.L., *Gedenkboek Swellendam, 1743-1943*. Swellendam, 1943.

TOMLINSON, L.L., *Geskiedkundige Swellendam*. Kaapstad, 1943.

VAN ASWEGEN, H.J., *Geskiedenis van Suid-Afrika tot 1854*. Pretoria en Kaapstad, 1989.

VAN DER MERWE, A.P., Die voorgeskiedenis van die Republiek Lydenburg, ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1941.

VAN HEYNINGEN, E., Public health in Cape Town, 1880-1910, unpublished Ph.D. thesis, University of Cape Town, 1989.

VAN JAARSVELD, A., *Mtunzini: A history, from earliest times to 1995*. Mtunzini, 1998.

VAN JAARSVELD, A.Z., *Kroniek van eeu-ou Prieska*. Prieska, 1989.

VAN JAARSVELD, F.A., *Moderne geskiedskrywing: Opstelle oor 'n nuwe benadering tot geskiedenis*. Durban, 1982.

VAN JAARSVELD, F.A., *Van van Riebeek tot Vorster 1662-1974: 'n Inleiding tot die geskiedenis van die Republiek van Suid-Afrika*. Tweede uitgawe, Johannesburg, 1976.

VAN JAARSVELD, F.A., *Westerse historiografie en geskiedenisfilosofie*. Pretoria en Kaapstad, 1980.

VAN LOGGERENBERG, J.J.A., Die rol van Schalk Willem Burger in die geskiedenis van Transvaal en die Unie van Suid-Afrika, 1899-1918, ongepubliseerde D.Phil. proefskrif, Universiteit van Pretoria 1990**.**

VAN ONSELEN. C., *The seed is mine: The life of Kas Maine, a South African sharecropper, 1894-1985*. New York, 1996.

VAN ROOYEN, T.S., Die sendeling Alexander Merensky in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek (1859-1882), *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*. Jaargang 16, Vol. II, Pretoria, 1954.

VAN ROOYEN, T.S., Die verhouding tussen die Boere, Engelse en naturelle in die geskiedenis van die Oos-Transvaal tot 1882, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*. Jaargang 14, Vol 1, Pretoria, 1951.

VAN ZYL, R., *S.A. Venter, C.M.M. du Toit en hulle nageslag*. s.i., s.a.

VERHOEF, G. (samesteler), *Die Anglo-Boereoorlog Herdenkingslesings*. Randse Afrikaanse Universiteit, 1998.

VISSER, J.A., Die geskiedenis van die distrik Wakkerstroom tot 1877, ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1944.

WALKER, M., *Simon's Town a post card history 1900-1913*. Cape Town, 1998.

WILSON, M. and THOMPSON, L., *A history of South Africa to 1870*. Cape Town, 1982.

WORDEN, N., VAN HEYNINGEN, E. and BICKFORD-SMITH, V., *Cape Town the making of a city.* Cape Town, 1998.

WORDEN, N., VAN HEYNINGEN, E. and BICKFORD-SMITH, V., *Cape Town the making of a city: An illustrated social history.* Claremont, 1999.

WRIGHT, J.B., Factors inhibiting a shift to a stock-keeping economy by Southern African hunter-gatherer societies, unpublished paper, Conference on the history of the Transkei and Ciskei, s.i., s.a.

**LETTERKUNDIGE BRONNE**

LOUW, A.M., *Die groot gryse*. Kaapstad, 1968.

PICARD, J., *Op kommando met Steyn en De Wet oorlogsherinnering van lt. kol. F.F. Pienaar*. (Ingelei en vertaal deur Jan Picard), Pretoria, 2000.

ROMPEL, F., *Gedenkschriften van Paul Kruger gedicteerd aan H C Bredell en Piet Grobler*. Amsterdam, 1902.

**TYDSKRIFARTIKELS**

BUNDY, C., Review article. Comparatively speaking: Kas Maine and South African Agrarian History, *Journal of Southern African Studies*, 23 (2), June 1997.

COBBING, J., The *Mfecane* as alibi: Thoughts on Dithakong and Mbolompo, *Journal of African History*, 29 (3), 1988.

DAVENPORT, T.R.H., The *Mfecane* debate: A case for deconstruction?, *South African Historical Journal*, 35, November 1996.

DE JONG, C., Dullstroom 1884-1984, *Contree,* 17, Januarie 1985.

DEECKER, M.E., The Delagoa Bay Railway. Opening thirty years ago, *South African Railway and Harbours Magazine*, 9 July 1925.

EDGECOMBE, R. and GUEST, B., The coal miners way of death: Safety in the Natal colliers, 1910-1953, *Journal of Natal and Zulu History*, VIII, 1985.

ELOFF, C.C., Agrariese geskiedenis en streekhistoriese navorsing, *Contree*, 14, Julie 1983.

ELOFF, C.C., Aspekte van plaaslike en streek-geskiedenis: Teorie en praktyk, *Contree*, 35, Junie 1994.

ELOFF, C.C., Historiese perspektief op dinamiek in die gemeenskap, *Contree*, 23, Maart 1988.

FERREIRA, O.J.O., Generaal Joaquim Jose Machado, die man na wie Machadodorp vernoem is, *Militaria,* 18 (3),1988.

FERREIRA, O.J.O., Paul Kruger in Mosambiek, September-Oktober 1900, *Historia*, 50 (2), November 2005.

GRUNDLINGH, L., Streeksgeskiedenis: ’n Ideale navorsingsgebied vir die amateur en professionele historikus, *Mousaion,* 11 (2), 1993.

HALL, M., Early farming communities of Southern Africa: A population discovered, *South African Historical Journal*, 15, 1983.

HALL, M. and VOGEL, J.C., Some recent radiocarbon dates from Southern Africa, *Journal of African History*, 21 (4), 1980.

HEYDENRYCH, H., Die weg na die see 100 jaar van die Delagobaaispoorweg, *Lantern*, 3, 1995.

HUMMEL, C., Some reflections on the history of Port Elizabeth in the aftermath of World War II, *Contree*, 35*,* Junie 1994.

INSKEEP R.R. and MAGGS, T.M. O’C., Unique art objects in the iron age of the Transvaal, South Africa, *South African Archaeological Bulletin*, 30, 1975.

LAIDLER, P.W. (et al), The Bantu potting industry and its impacts on the other native potting industries in South Africa,” *South African Journal of Science*, Vol. 29, 1932.

LOMBARD, B.V., Die Longtomkanonne van die slag van Dalmanutha, *Militaria* 14 (4), 1984.

MAKOBE, D.H., Confrontation with the police: The Israelites of Enoch Mgijima and the Bulhoek massacre of 14 May 1921, *Militaria*, 26 (1), 1996.

MAKOBE, D.H., Religious fanatics that became political heroes: The historical distortions of the Bulhoek massacre, *Militaria*, 26 (2), 1996.

MAKOBE, D.H., The Bulhoek massacre: Origins, casualties, reactions and historial distortions, *Militaria*, 26 (1), 1996.

MAKOBE, D.H., The price of fanaticm: The casualties of the Buklhoek massacre, *Militaria*, 26 (1),1996.

MAKOBE, D.H., Understanding the Bulhoek massacre: Voices after the massacre and down the years, *Militaria*, 26 (2), 1996.

MALINGA, S.S. and VERHOEF, G., Housing in Daveyton and surrounding areas: history, theory and people's lives, 1970-1999, *New Contree*, 48, November 2000.

MARKS, S., The myth of the empty land, *History Today*, January 1980.

MINNAAR, A. de V., Plaaslike geskiedenis: 'n Veelkantige en uiteenlopende vakgebied, *Contree*, 25, 1989.

MITCHEL, P.J., The early microlithic assemblages of Southern Africa, *BAR International Series*, 388, 1988.

OBERHOLSTER, A.G., Die taak van die plaaslike historikus, *Contree*, 28, Oktober 1990.

OBERHOLSTER, A.G., Streekgeskiedenis en die historikus, *Contree,* 6, Julie 1979.

PLOEGER, J., Die pad na Delagoabaai 1895-1975, *Lantern*, 24 (3), Maart 1975.

PUGH, R.B., The Victoria history of the counties of England, *Contree*, 2, Julie 1977.

SAPIRE, H., Politics and protest in shack settlements of the Pretoria-Witwatersrand-Vereniging region, South Africa, 1980-1990, *Journal of South African Studies*, 18 (3), September 1992.

SAUNDERS, C., Conference report: *Mfecane* afterthought, *Social Dynamics*, 17 (2), 1991.

SAUNDERS, C., Racial segregation, ethnicity and exectionalism: The case of Cape Town, *South African Historical Journal,* 32, May 1995.

SAUNDERS, C., What of regional history? Towards a history of the Western Cape, *South African Historical Journal*, 22, 1990.

SNYMAN, P.H.R., Die stand van stedelike en streekgeskiedenis in die RSA, *Contree*, 16, Julie 1984.

SPRAGUE, S. S., The many faces of local history, *The Historian: A Journal of History*, 55, 1993.

STAVE, B.M., In pursuit of urban history, conversations with myself and others: A view from the United States, *South African Historical Journal*, 15, 1983.

STEPHAN, H.B., Civil engeneering improvements prior to the electrification of the Eastern Transvaal main line from Witbank to Komatipoort, *Die Siviele Ingenieur in Suid-Afrika*, Junie 1976.

TEMPELHOFF, J.W.N., Resensies-artikel. Zululand in modes historical, *Historia*, 44 (I), May 1999.

VAN ASWEGEN, H.J., Die *Mfecane.* Werklikheid of mite?, *Historia*, 39 (1), Mei 1994.

VAN DER MERWE, J.J., Iets omtrent die bou van die eerste spoorweë in die Transvaal, *South African Railways and Harbours Magazine*, Oktober, 1928.

VAN ONSELEN, C., Race and class in the South African countryside: Cultural osmosis and social relations in the sharecropping economy of the South Western Transvaal, 1900-1950, *American Historical Review*, 95 (1), 1990.

VAN ONSELEN, C., The reconstruction of rural life from oral testimony: Critical notes on the methodology in the study of a black South African sharecropper, *Journal of Peasant Studies*, 20 (3), 1993.

VAN ONSELEN, C., The social and economic underpinnings of paternalism and violence on the maize farms of the South-Western Transvaal, 1900-1950, *Journal of Historical Sociology*, 5 (2), 1992.

VAN RENSBURG, A.P.J., De Ijzeren baan naar de zee- (Die verhaal van die Transvaalse Republiek se eie spooraanleg), *SASSAR*, November 1989.

VAN WYK, D.J.C., Die stigting van Dullstroom in 1884, *Die Hervormer,* Oktober 1983.

VAN WYK, D.J.C., Dullstroom - heropbou 1903-1924, *Die Hervormer*, Julie 1984.

WRIGHT, J.B., Hunters, herders and early farmers in Southern Africa, *Theoria*, 49, 1977.

**BOEKBESPREKINGS**

BERGH, J.S., Snyman, P.H.R., *Olifantshoek: oase van die Langberg*, *Contree*, 20, Julie 1986

COETZEE, E.R., Snyman, P.H.R., *Kuruman: vervloë pad na Afrika*, *Contree*, 33, Mei 1993.

CUBBINS, T., Minnaar, A. de V., *uShukela: A history of the growth and development of the sugar industry in Zululand: 1905 to the present*, *Contree*, 35, June 1994.

ELOFF, C.C., Lombard, R.T.J., *Ermelo 1880-1980*, *Contree*, 7, Januarie 1980.

ELOFF, C.C., Miller, M.M., *How to collect and write local history*, *Contree,* 3, January 1978.

ELOFF, C.C., Raper, P.E., *Dictionary of Southern African place names*, *Contree,* 28, October 1990.

ELOFF, C.C., Schoeman, K., *Bloemfontein - die ontstaan van 'n stad 1846-1946*, *Contree,* 9, Januarie 1981.

ELOFF. C.C., Schoeman, K. (samesteller), *Bibliografie van die Oranje Vrystaat, Contree,* 18, Julie 1985.

GRUNDLINGH, L., Snyman, P.H.R., *Daniëlskuil: van Griekwa-buitepos tot dienssentrum*, *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, 22, 1990.

HATTINGH, J.L., Saunders, C.C. (et al)*, Studies in the history of Cape Town, Vol 6*, *Contree*, 27, January 1990.

HENNING, C.G., Minnaar, A. de V., *Graaff-Reinet 1786-1986*, *Contree,* 23, Maart 1988.

LE ROUX, C.P.J., Snyman, P.H.R., *Postmasburg: 'n Eeu onder plaaslike bestuur 1893-1993*, *Contree*, 35, Junie 1994

MALAN, F.S., Eloff, C.C., *Oos-Vrystaatse Grensgordel: 'n Streekhistoriese studie en bronneverkenning*, *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, 16, 1984.

MINNAAR, A. de V., Laband, J. and Haswell R. (eds.), *Pietermaritzburg: 1888 - 1988, a new portrait of an African city*, *Contree*, 26, October 1989.

MINNAAR, A. de V., Saunders, C. *et al*, *Studies in the history of Cape Town, Vol. 5, Contree*, 16, July 1984.

OBERHOLSTER, A.G., Bergh J.S. and Visagie, J.C., *The Eastern Cape frontier zone 1660 -1980: A cartographic guide for historical research*, *Contree,* 20, July 1986.

OBERHOLSTER, A.G., Fransen, H. and Cook, M.A., *The old buildings of the Cape: A survey and description of old buildings in the Western Province*, *Contree*, 12, July 1982.

OBERHOLSTER, A.G., Kritzinger, S.J., *Rustig vloei die Moreleta: Geskiedenis van Silverton, Meyerspark, Saliehoek, La Concorde, Wilgers, Murrayfield, Val de Grace, Lydiana, Brummeria, Georgeville, Nagevors, met herinneringe van inwoners*, *Contree,* 9, Januarie 1981.

SAMBURENI, N.T., Maylam, P. and Edwards, I. (eds.), *The people's city: African life in twentieth-century Durban*, *Kleio*, XXIX,1997.

SAUNDERS, C., Laband, J. and Haswell, R. (eds.), *Pietermaritzburg: 1888-1988, a new portriat of an African city*, *South African Historical Journal*, 21, 1989.

SMITH, K. W., Minnaar, A. de V., *Empangeni, historical review to 1983*, *Contree*, 17, January 1985.

SMITH, K.W., Snyman, P.H.R., *Daniëlskuil: van Griekwa-buitepos tot dienssentrum*, *Contree*, 26, Oktober 1989.

TEMPELHOFF, J.W.N., Changuinon, L., *Pietersburg: die eerste eeu 1886-1986*, *Contree*, 21, Januarie 1987.

VAN DEN BERG, D.J., Schoeman, K. (red.), *Boukunsskatte van die Vrystaat / Free State heritage*, *Contree,* 23, Maart 1988.

VAN RENSBURG, A.P.J., Eloff, C.C., *Oos-Vrystaatse Grensgordel: 'n Streekhistoriese voorstudie en bronneverkenning*, *Contree,* 9, Januarie 1981.

**ELEKTRONIESE BRONNE**

Coombes, Dorking (1977). http://www.cs.ncl.ac.uk/genuki/DEV/History.html, 29 Maart 2003.

http:www.demarcation.org.za/demarcprocess/wards/ver3e/maplistpercatb. ASP, 12 Junie 2002.

Guide to VCH Counties http://www.Englandpast.net/counties.html, 6 Februarie 2003.

http://academic.sun.ac.za/afrndl/tna/steyn99.html, 14 November 2006

http://hagen.let.rug.nl/˜groniek/wat.htm, 31 Maart 2003.

Harris,J.D., "The other Vlakfontein An action in the Anglo-Boer War, 3 July 1901," *Military History Journal*, Vol 9, No 6,

http://rapidttp.com/milhist/vol1096jh.html, 18 Oktober 2004.

John, D., Peasants of Languedoc, Foreword, pp. ix en xii.

http://mamaynooth.freeservers.com/peasantsforeword.htm 29 Maart 2003.

Polwhele, Richard., The history of Devonshire, 1797, reproduced by Kohler and

http://www.portugal-info.net/algarve/lagos.htm, 7 November 2005

Steyn, J.C. "Die wek van belangstelling in die Anglo-Boereoorlog deur die Huisgenoot onder J.H.M. Viljoen," www.le.ac.uk/elh/info/elhist1. 10 Augustus 2006.

www.pilgrimsrest.org.za/history.htm. 23 Augustus 2006.

E-pos, Dr Sally Horrocks Centre for Urban History, Leicester University - CP Jooste 10 Augustus 2006.

E-pos, Erik Eklund, Universiteit van Newcastle, Australië - C.P. Jooste, 19 Januarie 2000.

E-pos, Ian Morris, National Library of Australia - C.P. Jooste, 20 Januarie 2000.

E-pos, J. Eccles Webmaster and ICT Oficer, Victoria County History - C Jooste, 28 Maart 2003.

E-pos, Mast, Faculteit der Letteren Rijksuniversiteit, Groningen - C. P. Jooste, 31 Maart 2003.

**PERSOONLIKE BRIEFWISSELING GESPREKKE TELEFOONGESPREKKE**

Persoonlike korrespondensie, E. Snoeck (oudinwoner) - C. Jooste, 24 Augustus 1987.

Persoonlike gesprek met prof. J.P. Brits, Departement Geskiedenis UNISA, 6 Julie 2004.

Persoonlike gesprek, R. van Zyl, (oudinwoner) Ben Viljoenstraat, Pretoria Noord, 5 Augustus 2003 en 25 Februarie 2006.

Telefoongesprek, A.E. Ahrens, The Municipal Board, Pretoria, 12 Junie 2002.

Telefoongesprek, W.S Potgieter, (oudinwoner) 18 Augustus 2003.